

T.N&A

TYDSKRIF VIR NEDERLANDS EN AFRIKAANS

29STE JAARGANG (2022) 2DE UITGAWE

Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans is 'n geakkrediteerde tydskrif en word uitgegee deur die Suider-Afrikaanse Vereniging vir Neerlandistiek. T.N&A wil die studie van die Nederlandse taal-, letterkunde en kultuur bevorder, ook in sy verhouding tot die Afrikaanse taal- en letterkunde. Daarbenewens wil die tydskrif die Afrikaanse taal- en letterkunde in Nederlandstalige gebiede bevorder. Die tydskrif verskyn twee keer per jaar.

Alhoewel die redaksie kopieregkewessies kontroleer, lê die verantwoordelikheid en aanspreeklikheid in hierdie verband by die outeur(s).

Redakteur: Dr. M. Bonthuys

Mede-redakteur: Mnr. M. Swart

Uitleg: Christa van Zyl

Redigering: Annie Klopper

Gedruk en gebind deur: V&R Drukkery, Pretoria, Tel: +27 (0)12 333 2462

Redaksie-sekretariaat: Departement Afrikaans/Nederlands, Universiteit van Wes-Kaapland, Privaatsak X17, Bellville, 7535. Tel.: 0219592213. E-pos: mbonthuys@uwc.ac.za.

Inskrywings en betalings:

Die ledegeld bedra:

- R150 per jaar vir binnelandse lede; en R200 per jaar vir buitelandse lede

Betaal u ledegeld **elektronies** in die bank of oor die internet in,

- naamlik op die volgende rekening:

Banknaam: ABSA

Bankrekeningnommer: 1190 154 676

Taknaam: Ben Swartstraat, Wonderboom-Suid

Takkode: 632005 (nie nodig vir elektroniese betalings nie)

Verwysingsnommer: U van en voorletters (baie belangrik)

- E-pos die bewys van u betaling saam met die vorm van lidmaatskap aan die SAVN se penningmeester, Gonneke Groenen by Gonneke.Groenen@nwu.ac.za of kobie.dekamper@gmail.com.

Redaksieraad:

W.A.M. Carstens (Noordwes-Universiteit)

J. Dewulf (University of California)

M.E. Meijer Drees (Rijksuniversiteit Groningen)

H.J.G. du Plooy (Noordwes-Universiteit)

H. Ester (Radboud Universiteit Nijmegen)

E. Jansen (Universiteit van Johannesburg,
Universiteit van Amsterdam)

R.S. Kirsner (University of California)

Y. T'Sjoen (Universiteit Gent)

H.P. van Coller (Universiteit van die Oranje-Vrystaat,
Noordwes-Universiteit)

W. van Zyl (Universiteit van Wes-Kaapland)

R. Gouws (Universiteit Stellenbosch)

T. Coleman (Universiteit Gent)

D. van Olmen (Lancaster University)

J. Koch (Adam Mickiewicz Universiteit)

Redaksioneel

Marius Swart en Lenelle Foster

Hierdie uitgawe van *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans* vier die honderdste bestaansjaar van die Universiteit Stellenbosch se Departement Afrikaans en Nederlands. Die uitgawe bevat artikels, essays en resensies deur oudkollegas, oudstudente en navorsingsgenote verbonde aan die Departement. Dit belig nie net die veelsydigheid van die mense wat aan die Departement gestudeer het nie, maar ook die rykheid van die breë vakgebied.

Louise Viljoen, wat in 2023 met die Jan H. Marais-prys vereer word vir haar bydrae tot die uitbou van Afrikaans as wetenskapstaal, ondersoek die representasie van woede in bundels deur Afrikaanse digters Ronelda Kamfer en Jolyn Phillips en die Nederlandstalige digters Simone Atangana Bekono en Radna Fabias. Sy bring hierdie uitbeeldings van woede (sowel as vrees, verdriet en skaamte) in verband met die sosiopolitieke kontekste waarin hierdie bundels verskyn het en belig, enersyds, die impak van diskriminasie op grond van ras, geslag en klas en, andersyds, weerstand teen diskriminasie deur die representasie en mobilisering van affek en emosie.

Die Departement Afrikaans en Nederlands se rol in die ontwikkeling van Afrikaanse leksikografie kom onder die loep in **Gerda Odendaal** se bespreking van die Nederlands-Afrikaans-stryd – ’n verhaal wat ’n beginpunt in Nicolaas Mansvelt se *Proeve van een Kaapsch-Hollandsch Idioticon met Toelichtingen en Opmerkingen betreffende Land, Volk en Taal* (1884) het. Sy karteer die geleidelike verafrikaansing van spelreëls asook die blywende invloed van Nederlands op die Afrikaanse ortografie. Hierdie artikel het aanvanklik in *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* (Jaargang 56 No. 1: Maart 2016) verskyn en word met die toestemming van die redakteur en skrywer herdruk.

Sonja Loots beskryf literêre uitbeeldings van Hendrik Witbooi (1830-1905) tydens apartheid, met spesifieke klem op die historiese en ideologiese konteks. Sy dekodeer werk deur PJ. Philander, W.A. de Klerk, Doc Immelman, A. Cilliers en Gustav Preller om die dialogiese verhouding tussen teks en kontemporêre (sosio-politieke) konteks te ondersoek en belig die enorme impak wat koloniale geskiedskrywing, veral Preller se verwronge optekening, op latere skrywers en digters gehad het.

In die vierde artikel van hierdie uitgawe bespreek **Danie Stander** Nerina Ferreira se vertalerstem, spesifiek in haar 1982-vertaling van *Die lustige weiber von Windsor*. Hy beklemtoon veral Ferreira se diskursiewe teenwoordigheid in die vertaling van die vroulike protagonis en manlike antagonis se dialoog en wys

op die subtiële sielkundige transformasies wat deur middel van die vertaling bewerkstellig word.

In 'n essay wat as voorgeskrewe leeswerk vir voorgraadse studente voorgelê kan word, gee **Wannie Carstens** akademiese en praktykgerigte advies oor hoe mens 'n loopbaan in die taalkunde kan bou. Hy bied dit nie as 'n resep vir 'n suksesvolle loopbaan aan nie, maar as 'n uitnodiging om voordeel te trek uit bykans 50 jaar se waarnemings en gewaarwordinge.

Met haar essay bied **Joan Hambidge** ook 'n perspektief op mentorskap. Sy het dit oor D.J. Opperman, wat nooit een van haar gedigte gelees het nie, maar nietemin 'n beduidende invloed op haar vorming as digter en kritikus gehad het. Sy wys op die waarde van literêre invloede en toevallige gesprekke en hoe dit denke kan verruim.

Die uitgawe het ook twee resensies. **Christo de Kock** bespreek Wium van Zyl se vertaling van Saskia de Coster se *Nagouers* en **Marni Bonthuys** kyk krities na die negende volume van *Literary Prizes and Cultural Transfer. Studies on Cultural Transfer and Transmission* (onder redakteurskap van Petra Broomans, Matjies Sanders, Jeanette den Toonder en Elise Bijl).

Ons spreek graag ons dank uit vir die vergunning dat die Departement Afrikaans en Nederlands hierdie uitgawe van *TN&A* as spesiale eeufesuitgawe kon gebruik. Ons bedank ook die resensente en artikelskrywers, keurders, die redigeerder, Annie Klopper, en die uitlegkunstenaar, Christa van Zyl.

Universiteit Stellenbosch

'n Vergelykende ondersoek na die representasie van woede in digbundels deur Ronelda Kamfer, Jolyn Phillips, Simone Atangana Bekono en Radna Fabias

Louise Viljoen

A comparative reading of the representation of anger in poetry written by Ronelda Kamfer, Jolyn Phillips, Simone Atangana Bekono and Radna Fabias

This article investigates the representation of affect and emotion, in four volumes of poetry by black women: the South African authors Ronelda Kamfer's Chinatown (2019) and Jolyn Phillips's biantang (2020) as well as the Dutch poets Simone Atangana Bekono's hoe de eerste vonken zichtbaar waren (2017) and Radna Fabias's Habitus (2018). The article makes use of the insights and terminology provided by affect theory as well as research on emotion, also the work by Sianne Ngai (Ugly feelings, 2005) and Sara Ahmed (The cultural politics of emotion, 2014). The discussion of the four volumes of poetry highlights and compares the four poets' representation of anger (in combination with fear and shame), relating these representations to the impact of discrimination on the basis of race, gender and class in the sociopolitical contexts in which these volumes were produced.

1. Inleiding: die gronde vir vergelyking

Die tweede dekade van die twintigste eeu is 'n periode waarin daar met hernude aandag gefokus is op die wêreldwye probleem van diskriminasie op grond van ras en geslag, 'n probleem wat onder andere die aandag getrek het deur die prominensie van bewegings soos #BlackLivesMatter en #MeToo, asook die debatte rondom die langdurige impak van kolonisering. Terselfdertyd was daar 'n opstuwung van rassistiese, vrou-onvriendelike en fascistiese uitsprake, gewortel in ouer wêreldopvattinge (vergelyk Garman, 2020: 240).

Die vier digters wat ek in hierdie vergelykende ondersoek wil betrek, se werk sluit ten nouste aan by hierdie kwessies. Sowel die twee Nederlandse digters Simone Atangana Bekono en Radna Fabias as die twee (Suid-)Afrikaanse digters Ronelda Kamfer en Jolyn Phillips kan beskryf word as swart vrouedigters (ek gebruik die term 'swart' hier in die politieke sin as 'n verwysing na iemand wat nie wit is nie en die effek van marginalisering op grond van ras ervaar).¹ Die vier vroue is van ongeveer dieselfde leeftyd, gebore tussen 1982 en 1991; verder verskyn die vier digbundels wat ek hier aan bod stel binne die bestek van vier jaar: Bekono se *Hoe de eerste vonken zichtbaar waren* in 2017, Fabias se *Habitus* in

2018, Kamfer se *Chinatown* in 2019 en Phillips se *bientang* in 2020. 'n Belangriker ooreenkoms is dat daar in elk van die vier bundels sprake is van die bewuste representasie van sekere affekte en emosies (veral woede, vrees en skaamte) ontlok deur diskriminasie op grond van ras, geslag en klas.

Die idee van 'n vergelykende ondersoek na die werk van hierdie vier digters word verder ondersteun deur die transnasionale skakeling tussen die Nederlandse en Suid-Afrikaanse literêre ruimtes, onder andere gefasiliteer deur die linguistiese ooreenkomste tussen Nederlands en Afrikaans. Beide Kamfer en Phillips het al besoek afgelê aan Nederland om by literêre geleenthede op te tree en Kamfer se werk word deurlopend in Nederlands vertaal. Daarnaas het die twee Nederlandse digters ook al Suid-Afrika besoek: Fabias het in Maart 2019 opgetree by die Woordfees op Stellenbosch en ook universiteite in die omgewing besoek, terwyl beide Fabias en Bekono in September 2019 deelgeneem het aan die Open Book Festival in Kaapstad (vergelyk Van Heerden, 2019).

Die historiese bande tussen Nederland en Suid-Afrika is eweneens veelseggend vir hierdie vergelykende ondersoek. Die Nederlandse vestiging aan die Kaap in die sewentiende eeu het immers (tesame met die daaropvolgende Brits-koloniale bewind en die apartheidsbestel) die grondslag gelê vir die sosio-politieke agtergrond waarteen Kamfer en Phillips se affektief-gelade poësie oor rasse- en geslagsdiskriminasie gelees kan word. Ook Bekono en Fabias se werk kan nie losgemaak word van die historiese konteks van verkenning, koloniserings en slawerny waarby Nederland betrokke was nie. Bekono is die dogter van 'n Kameroense vader en Nederlandse moeder en verwys byvoorbeeld na Nederland se betrokkenheid by die trans-Atlantiese slawehandel vanaf Wes-Afrika na die Karibiese gebied (vergelyk Bekono, 2017b: 62), terwyl Fabias 'n boorling is van Curaçao, 'n eiland in die Karibiese see wat in 1634 deur Nederland beset is en steeds deel is van die Nederlandse Koninkryk.

Afgesien van die tematiese ooreenkomste en historiese bande word 'n vergelykende ondersoek ook aangespoor deur die feit dat literatuur steeds meer oor nasionale, geografiese, kulturele en talige grense heen beweeg, veral in 'n wêreld waarin daar toenemend sprake is van migrasie en verplasing. Hierdie transnasionalisering nooi as 't ware vergelykings tussen werke geproduseer in verskillende, maar ook vergelykbare, omstandighede uit.

2. Die rol van affek en emosie in die letterkunde

My ondersoek na die rol wat die representasie van affek en emosie, veral woede, speel in die genoemde vier bundels sluit aan by die eeue oue bestudering van die emosies (vergelyk Fisher, 2002: 12-27) asook by die verskuiwing gebring deur

die “affective turn” van die 1990’s. Laasgenoemde was ’n reaksie op die “anti-biologisme” (Sedgwick en Frank, 1995: 518) van die histories-materialistiese, semiotiese en poststrukuralistiese analises wat literatuurstudie in die vooafgaande dekades gekenmerk het (Ngai, 2005: 24-25). Binne die vroeë affek-teorie is daar veel gemaak van die onderskeid tussen affek en emosie; Massumi (2002: 27-28) meen byvoorbeeld dat affek en emosie verskillende logikas volg en tot verskillende ordes behoort. Patricia Clough (2010: 208-209) skryf dat Massumi affek definieer in terme van liggaamlike of outonome response buite-om bewuste waarneming en dat hy wys in die rigting van ’n soort visserale waarneming wat kognitiewe waarneming voorafgaan sodat hy affek kan plaas in die domein van die potensiele en die onbepaalde. Volgens hom beskik emosies oor ’n subjek en affek nie, het emosie ’n subjektiewe inhoud terwyl affek ’n outonome aard het, behels emosie die sosiolinguistiese fiksering van gevoel binne ’n raamwerk van betekenis, funksie en narratiewe progressie, terwyl affek ’n opskorting van betekenisvolle volgorde en lineêre temporaliteit impliseer (Massumi, 2002: 27-28).

My eie hantering van die begrippe ‘affek’ en ‘emosie’ steun – soos tevore² – op die werk van Sianne Ngai in *Ugly feelings* (2005) en Sara Ahmed se *The cultural politics of emotion* (2014). Alhoewel Ngai (2005: 27-28) toegee dat die onderskeid tussen affek en emosie verhelderend kan wees in bepaalde kontekste, verkies sy om in haar boek die verskil tussen affek en emosies te sien as ’n modale verskil van intensiteit of graad, eerder as ’n formele verskil van kwaliteit of soort sodat sy die twee terme hanteer as uitruilbaar. Ahmed (2014: 207) redeneer dat heelwat van die werk gedoen deur affek-teoretici voorafgegaan is deur feministiese denke oor die onhoudbaarheid van die dualiteit tussen liggaam en gees. Haar eie hantering van die begrip emosie sluit liggaamlike affek in eerder as wat sy affek en emosie van mekaar onderskei:

I would suggest that my own attempt to re-theorise emotions includes analysis of those processes that some have used the term ‘affect’ to describe. Emotions, in other words, involve bodily processes of affecting and being affected, or to use my own terms, emotions are a matter of how we come into contact with objects and others (Ahmed, 2014: 208).

Ek hanteer eweneens die term ‘emosie’ op so ’n manier dat dit liggaamlike affek insluit, maar gebruik wel in sommige gevalle die term affek wanneer ek die idee van ’n liggaamlike respons wil beklemtoon en emosie wanneer dit gaan om ’n gevoel wat reeds verwoord is.

Ek steun verder op Ngai en Ahmed se werk omdat hulle die sosiale en politieke kontekste van affek en emosie beklemtoon. Ahmed (2014: 8-10) skryf in *The cultural politics of emotion* oor die sosialiteit van emosie, maar posisioneer haarself

duidelik *teenoor* beide die psigologiese teorie dat emosies van binne kom en na buite beweeg én die sosiologiese teorie dat emosies sosiaal en kultureel gevorm word en van buite na binne beweeg. Wat haar betref, is dit emosies wat die indruk van 'n binne en 'n buite skep en argumenteer sy verder: “[...] emotions are crucial to the very constitution of the psychic and the social as objects, a process which suggests that the ‘objectivity’ of the psychic and the social is an effect rather than a cause.” Sy sluit aan by die werk van feministiese en queer teoretici wat beklemtoon dat emosies belangrik is vir die politiek, omdat dit juis emosies is wat toon hoedat mag liggame en wêrelde vorm; sy benader emosies dus as 'n vorm van kulturele politiek of wêreldskepping (Ahmed, 2014: 12).

Ngai (2005: 1) beklemtoon eweneens die politieke werk wat die representasie van emosies kan doen in haar eie studie oor “ugly feelings” of kleinlike emosies. Wat haar betref, is emosies in sigself buitengewoon verknoopte en gekondenseerde interpretasies van problemsituasies (“unusually knotted or condensed ‘interpretations of predicaments’”) wat verskillende registers van formele, ideologiese en sosiohistoriese probleme sigbaar maak en met mekaar verbind (Ngai, 2005: 3). Sy fokus uitsluitlik op “ugly feelings” of negatiewe affekte wat volgens haar 'n aanduiding gee van die soort verknorsing veroorsaak deur 'n belemmerde agentskap ten opsigte van ander mense of die sosiale domein as sodanig. Sy verwys ook daarna dat die kleinlike emosies waarop sy fokus meestal voorkom in die nie-gekanoniseerde genres, terwyl die sogenaamd grootse emosies meestal hulle plek vind in die gekanoniseerde genres, waaronder die liriese poësie (Ngai, 2005: 10). Fisher (2002: 13, 16) wys in sy studie getitel *The vehement passions* daarop dat woede en vrees die twee emosies of “vehement passions” is wat die eeue-lange ondersoek na emosies oorheers; daarnaas is droefheid (“grief”) en skaamte die twee emosies wat die meeste aandag kry. Dit is dus nie vreemd dat representasies van die emosies woede, vrees en skaamte in die geval van Kamfer, Bekono, Phillips en Fabias se werk 'n tuiste gevind het in die genre van die liriese poësie nie.

My vergelykende ondersoek van die vier bundels onder bespreking moet gelees word teen die agtergrond van reeds bestaande navorsing oor die werk van sommige van hierdie digters binne die konteks van swart feminisme deur Vermeulen (2018), Bonthuys (2020), Kidelo (2021) en Petrosillo (2021). My ondersoek fokus op die representasies van affek en emosie as komplekse interpretasies van bepaalde sosiokulturele en politieke omstandighede. Ek fokus op die representasie van emosies in die tekste, nie op dié van die onderskeie digters of op my eie emosies as leser nie. Die volgorde van bespreking word verder bepaal deur tematiese vloei eerder as die chronologie van publikasie.

3. Die vier digters en hulle bundels

3.1 *Ronelda Kamfer se Chinatown (2019)*

Chinatown is Ronelda Kamfer se vierde digbundel en verskyn in 2019. Die bundeltitle is 'n kriptiese aanduiding van die sentrale, samebindende gegewe in die bundel. Die gelyknamige gedig (9)³ waarmee die bundel begin, verwys na die spreker se verblyf in 'n psigiatriese kliniek waar sy op Sondagnmiddae deur haar ouers en suster besoek word. Die spreker verwys daarna dat hulle na 'n winkelsentrum genaamd Chinatown gaan om die tyd te verwyf en lys ook die medisyne wat sy tydens die uitstappie met haar saamdra in 'n plastiekhoutertjie: "*Valium Lithium Atarax Zopimed en Epilim*". Die bundel word afgesluit met die gedig "nuwe meds" (58) waarin die spreker verwys na "'n safe vorm van self-medicating" wat byderhand gehou moet word "vir die dae wanneer / die edge te naby is". Die raam wat hierdie begin- en slotgedig om die bundel plaas, is dié van 'n spreker wat ernstige trauma deurgemaak het en nooit heeltemal seker kan wees dat dit finaal besweer is nie. Tussen hierdie twee prekêre pole word die narratiewe draad van die bundel gespan.

Waarskynlik die mees prominente emosie in die bundel is dié van woede. Feitlik al die resensies verwys na die rol wat woede in die bundel speel (vergelyk Linde, 2020; Kidelo, 2020; Müller, 2020;), met die sterkste uitspraak wat kom van Hambidge (2019): "Die gewone Kamfer-aanslag is hier: woede, woede en nog meer woede". In verband hiermee sou 'n mens kon verwys na die lang tradisie van denke waarin daar verskillende opvattings uitgespreek is oor die wenslikheid, effektiwiteit en gepastheid van woede, veral in die nastreef van sosiale geregtigheid. Die werk van Kamfer en ook die ander drie digters kan gelees word teen die agtergrond van swart feministe soos Audre Lorde en bell hooks se opvattinge oor woede as reaksie op rassisme en seksisme. Lorde (1997: 280-281) skryf byvoorbeeld in 'n bekende essay dat woede 'n kragtige bron van energie kan wees om verandering en vooruitgang te bewerkstellig indien dit met presisie gefokus word op dit wat verkeerd is, terwyl hooks (1995: 20) skryf dat woede een van die instrumente was waarmee sy haar kritiese bewussyn en identiteit kon ontwikkel. Ahmed (2014: 175) skryf dat Lorde se reaksie woede op 'n bepaalde manier konstrueer, naamlik "as a response to the injustice of racism; as a vision of the future; as a translation of pain into knowledge; and as being loaded with information and energy." Sy vervolg: "Anger is creative; it works to create a language with which to respond to that which one is against, whereby 'the what' is renamed, and brought into the feminist world" (Ahmed, 2014: 176). In plaas daarvan om te fokus op die nut of gebruike van woede in die openbare domein fokus Srinivasan (2018: 129, 141) op die gepastheid van woede en argumenteer sy dat dit 'n manier is waarop die

oortredende party gedwing kan word tot (h)erkenning van die feit dat iemand pyn aangedoen is en dikwels ook een van die enigste middele is waardeur benadeelde groepe hulle verset kan registreer.

Die representasie van woede stel onvermydelik vir Kamfer, en die ander digters wat hier bespreek word, bloot aan die stigmatisering vervat in die stereotipe van die “angry black woman”, waarvan die impak al in ’n wye verskeidenheid studies in verskillende dissiplines ondersoek is.⁴ Patricia Hill Collins (2000: 69-96) wys in haar studie *Black feminist thought* van 1990 reeds op die bestaan van ’n wye verskeidenheid stereotipes in verband met swart vroue in die VSA (onder andere die “mammy”, “matriarch”, “welfare mother” of “welfare queen”, “Black lady”, “jezebel” of “hoochie”), die ongelykheid waaruit dit gegroei het, die institusies en (kulturele) praktyke wat dit in stand hou, en hoe dit ondermyn kan word. Sy argumenteer dat die manier waarop die ongeregtheid geïmpliseer deur hierdie stereotipes beveg kan word, is om dit uit te wys: “This is the moment when silence becomes speech, when stillness becomes action” (Collins, 2000: 96). In die geval van die digters hier onder bespreking, wat hulle in Suid-Afrika en Nederland bevind en nie in die V.S.A. nie, gaan die uitwys van ongeregtheid en diskriminasie gepaard met emosie, veral dié van *gepaste* woede wat ’n uitdaging is van die alte maklike toekenning van die stereotipe van die “angry black woman” en die gevolglike afwysing (‘dismissal’) daarvan. Hiermee wil ek aansluit by Garman (2020: 252) se verwysing na Susan Bickford se opmerking dat emosie (en dus ook woede) wél ’n legitieme deel uitmaak van diskoerse in die openbare domein (soos byvoorbeeld die studenteprotes in Suid-Afrika in 2015). Bickford wys daarop dat die Westerse diskoerse oor emosie aanneem dat daar ’n stryd is tussen emosie en rede en dat rede uiteindelik emosie moet oorheers, maar dat daar gaandeweg meer erkenning kom van die feit dat “emotion signifies a fully alive and committed way of being in the world, and [that] emotional experience is the fundamental element of genuine human selfhood” (Bickford aangehaal in Garman, 2020: 252).

Die slotstrofe van Kamfer se gedig “Beckenbauer” (45) gee op indirekte, maar hoogs evokatiewe wyse ’n aanduiding waar die spreker in *Chinatown* se woede vandaan kom:

ek is passive aggressive tot
 ’n wit mens my vra
 waar my woede vandaan kom
 dan word ek geniepsig
 soos ’n wit vrou op ’n plantation
 wie jaloers raak as haar man
 die slavin verkrag

As agtergrond vir die spreker se woede roep hierdie strofe die geskiedenis van slawerny op, die rassisme vervat daarin, die patriargale en gewelddadige toe-eiening van vroueliggame deur mans in verskillende kontekste, die aandadigheid van wit vroue in die wanpraktyke van die wit patriargie en ook wit vroue se aggressie teenoor swart vroue wat sogenaamd hulle domein binnedring, al is laasgenoemde die driedubbele slagoffers van rasse-, klasse- en seksuele geweld. Met die vergelyking “soos ’n wit vrou op ’n plantation” draai die spreker ook die rol van wit en swart vroue om sodat sy vir haarself die “geniepsigheid” van so ’n wit vrou kan toe-eien (dit is veelseggend dat Kamfer hier ’n metafoor gebruik wat verwys na die Amerikaanse suide). Dié gedig gee dus ’n aanduiding van die interseksies van rassisme, seksisme en klassisme wat die spreker se woede voed. Die woede is onder andere gerig op die kruising van rassisme en seksisme in gedigte oor die spreker se seksuele misbruik deur haar pa, wie se gedrag in meerdere gedigte voorgelou word as deel van ’n toksiese manlikheid gevoed deur die wit patriargie. In “Chinatown daddy” (11) word hy beskryf as “die mistress van wit manlikheid / die always-a-bridesmaid vir die bride van wit patriarchy”, terwyl daar in “grapjas-dêddie” (41) verwys word na sy voorliefde vir films oor “afknouerige wit mans”.

Die woede word ook ontlok deur die rassisme onderliggend aan die witgesentreerde feministiese tradisies wat die spreker teëkom. In “ek soek nie ’n plek langs die tafel nie” (28) sê sy dat sy nie ’n plek soek langs die tafel van vroue-stemreg wat in Suid-Afrika in 1930 slegs vir wit vroue gedek is nie. Die woede hieroor blyk uit die reël: “hou julle tafel / ons maak vuur buitekant”, waarin wit feminisme op aggressiewe wyse afgewys word en daar sprake is van die vuur van verset en opstand. In “straatmeid” (29) word swart vroue aangemoedig om hulle nie te laat definieer (byvoorbeeld deur iets soos die raspejoratief in die titel) of hulle te laat beïnvloed deur die werk van wit Afrikaanse vroueskrywers nie:

ketting hulle vas daar waar hulle hoort
 Eybers in haar Vondelpark
 Jonker aan die boom waarteen sy swastikas kerf
 Cussons in haar swart kombuis
 begrawe vir Dalene Matthee in haar Knysna-bos

Die verwysing na wit Afrikaanse vroueskrywers in hierdie reëls toon die spreker se verwerping van die Afrikaanse literêre tradisie waarvan skrywers soos sy vantevore uitgesluit was. Ook in die gedig “my poems is nie confessions nie” (50) distansieer sy haar op byna aggressiewe wyse van wit vrouedigters soos Sylvia Plath en die Afrikaanse vrouedigters wat die Hertzogprys verower het (“en ek voel nog minder vir een wat / gedurende apartheid mooi gedigte geskryf het / my literêre heroes wen

nie Generaal Hertzog-pryse nie”). Sy vervolg deur te sê dat sy nie skryf vir ’n (wit) literêre gehoor nie, maar vir “die anties in die kombuis” en vir “swart en bruin lalties / in ’n klas vol wit kinders”. Alhoewel ’n skeptiese leser sou kon redeneer dat dit veral wit lesers is wat Kamfer se bundels koop en lees, posisioneer die digter haar met hierdie gedig eksplisiet ten opsigte van daardie gehoor. Garman (2020: 24) verwys, met verwysing na Thando Mgqolozana se kritiek op die wit literêre establishment by Franschhoek se literêre fees in 2015, daarna dat gesprekke oor die letterkunde deel uitmaak van die openbare diskoers in Suid-Afrika. Sy verwys na hom as ’n voorbeeld van die nuwe, jong stemme in die land wat duidelik maak wat hulle nié gaan doen nie: “They will *not* reassure those who find the new style of engagement abrasive or overly angry or unsubstantiated or unreasonable” (Garman, 2020: 240). Hierdie uitgangspunt word bevestig deur die militansie van slotreëls van die genoemde gedig deur Kamfer:

ek exchange my ma se as vir gunpowder
vir die next generation
dat hulle armed kan wees
julle gaan ons nie weer in ons rugte skiet
terwyl ons in vrees weghardloop nie

Laasgenoemde reëls toon dat woede ook verknoop is met vrees en soms daaruit spruit. Die minagtinge afwys van ’n globale én plaaslike witgesentreerde literêre tradisie hou – volgens die slotreëls van die gedig – verband met ’n poging om weerbaar te wees teen die vrees gewek deur die rassisme wat lei tot onderdrukking, vernedering en polisiebrutaliteit, hier opgeroep deur die beeld van mense wat in die rug geskiet word terwyl hulle weghardloop uit vrees (waarskynlik ’n verwysing na die Sharpeville-slagting in 1961).⁵ Dit is dus ’n emosie wat verband hou met die groter sosiohistoriese konteks waarbinne die spreker haar bevind en die verse ontstaan. Fisher (2002: 117-118) skryf in sy studie *The vehement passions* dat vrees ’n emosie is wat vereis dat iets gedoen moet word:

[...] in fear something must be done. I must act. There is a plot to fear, and there are choices within the plot, flight being the first of those choices. With choice there is self-revelation: cowardice or everyday bravery, heroic, almost superhuman calm, or disastrous collapse.

’n Hele aantal gedigte in *Chinatown* toon dat die vrees vir ’n herhaling van seksuele misbruik en rassediskriminasie lei tot bepaalde keuses en die aankweek van ’n vreeslose benadering. Dit blyk ten beste uit die gedig “brujas” (21) waarvan die titel verwys na die Spaanse woord vir hekse:

brujas

my kind is into dark shit
 soos haar ma
 ons idolise die evil queens en
 ek leer haar dat die
 good witch maar net 'n bad
 witch is wat in 'n security complex bly
 ek en sy lê op die kooi
 en sy séance my dooie ma
 sy vra my wat fear is
 ek smile en sê
 babygirl
 Mammie is fearless

Vrees word hier teengewerk deur die aanneem van 'n kragdadige persoonlikheid, dié van die “evil queen”, “witch” of “bruja” wat haarself kan verweer; boonop word die instelling doelbewus oorgedra van moeder na dogter. Ahmed skryf in *The cultural politics of emotion* oor die wyse waarop vrees inspeel op die liggame van vroue en verwys daarna dat vroue se toegang tot openbare ruimtes beperk word deur die sirkulasie van narratiewe in verband met vroulike kwesbaarheid: “Vulnerability is not an inherent characteristic of women’s bodies; rather it is an effect that works to secure femininity as a delimitation of movement in the public, and over-inhabitation in the private” (Ahmed, 2014: 70). In die geval van Kamfer se bundel het die verwysings na vrees te doen met die herinnering aan en dreiging van gevaar, beide in die persoonlike ruimte van die familiehuis en in die publieke ruimte van 'n wit-gesentreerde en klasgebaseerde openbare bestel. Dit is teen hierdie vrees in dat daar 'n plot ontwerp word om die vrees te oorkom: deur byvoorbeeld die self te konstrueer as vreeslose “bruja” of heks (21), deur die “streetfigther”-vroue in die familie as voorbeelde te neem (“senretsukyaku”, 30), deur die neiging tot militantheid (“Miss Militancy”, 35), die koestering van aggressie (“Prince Myshkin”, 36) en die uitdink van maniere om te veg teen misbruik (“Babes”, 39).

Chinatown toon dus hoedat die spreker die emosies van woede en vrees mobiliseer in die ontwikkeling van 'n weerbare identiteit ten einde te oorleef ('survive'). Die leser moet egter daarop let dat die kwessie van oorlewing of 'survival' op aggressiewe wyse geïroniseer word in “try dié” (52-4), waarvan ek slegs die volgende gedeeltes aanhaal:

[...]
 try die exact moment
 onthou toe jy besef het
 jy het survive
 en dan vat jy daai moment
 en trek 'n streep onder dit
 gooi dit in die eerste wit gesig wat jy sien
 want jou survival is nog 'n supremacist
 invention jy het fokkal survive nie
 [...]

Dit is opmerklik dat Kamfer se gedigte oor woede en vrees enersyds die vorm aanneem van kriptiese narratiewe oor diskriminasie, maar andersins ook van vermanings of aanmoedigings tot bepaalde soorte optredes of gedrag aan die kant van dié wat hulle in soortgelyke omstandighede bevind. Dit gaan dus hier oor die gefokusde en toekomsgerigte woede waarvan Audre Lorde indertyd geskryf het.

'n Mens moet in hierdie verband kennis neem van Kamfer se uitsprake dat sy dit verontrustend vind dat die woede in haar werk te simplisties gelees word. Sy verwys in 'n onderhoud daarna dat sy die blote vraag waarom sy woedend is as rassisties ervaar en sê verder: “My anger kom nie van 'n spesifieke incident af nie, dit kom van my hele existence en my mense se hele existence, die feit dat ons vir ewig oppressed is en vir ewig oppressed gaan wees” (vergelyk Coetzee, 2020). Dit sluit aan by haar uitspraak in 'n later onderhoud dat die grondtoon van haar woede eintlik hartseer is: “My core feeling is eerder profound sadness oor my lived-in experience en loss, maar omdat 'n mens so limited is in die manier hoe jy sadness kan express, sien die mense dalk eerste die anger in die sadness raak.” (vergelyk Van Zyl, 2023). Myns insiens ontkom Kamfer aan die stereotipe van die “angry black woman” vanweë dit wat Srinivasan die ‘gepastheid’ (of ‘geregverdigtheid’) van die woede noem en deur die verwikkelde wyse waarop sy inhoud gee aan die emosie van woede in haar gedigte.

3.2 *Simone Atangana Bekono se hoe de eerste vonken zichtbaar waren (2017)*

Simone Atangana Bekono se debuutbundel *hoe de eerste vonken zichtbaar waren* het drie afdelings, naamlik “wrijving”, “ontsteken” en “vonken”, wat alreeds 'n bepaalde narratiewe progressie suggereer. Bik (2018) skryf dat dit gaan oor die drie fases in die maak van vuur wat beeld word van die ontwikkelings- en

bewuswordingsproses van die spreker wat 'n swart vrou is en 'n "affectiewe belevingswereld vol woede, zelfhaat en vermoedheid" laat sien.

Dit wil voorkom asof die eerste afdeling die kwessie van ras en rassisme aan die orde stel as dit wat die wrywing veroorsaak wat kan lei tot ontbranding en vuur. Die spreker sê byvoorbeeld in die derde gedig (12-13)⁶ dat sy voel asof sy "alleen besta in het verlengde van het brein van een blanke, westers man" en slegs 'n "gedachte-experiment van de blanke, westerse man" is. Die vierde gedig (14-16) verwys na algemeen-herhaalde opvattinge oor swart mense in 'n wit-gesentreerde samelewing wat dreig om ook haar denke oor haarself te bepaal: "Alle zwarte mensen identificeren zich met gebroken mensen / alle zwarte mensen identificeren zich met verlaten mensen / alle zwarte mensen zijn crimineel" (14). Hierteenoor poneer sy dat die veralgemening "alle zwarte mensen" nie geldig is nie, omdat individue verskil: "Want elke vorm van zelfhaat is complex en individueel / alle zwarte mensen bestaan niet" (15). Die sesde gedig (19) beklemtoon egter ook die belangrikheid van ras vir die spreker wanneer sy sê: "ik denk duizend keer per dag aan zwart en probeer het woord / uit mij trekken".

Die tweede afdeling "ontsteking" bestaan uit twee briewe van "Siem" (Simone?) aan Kipje. Die briefvorm (tradisioneel geassosieer met vroulike skrywing) bied die spreker die geleentheid om op rasioneel-redenerende wyse om te gaan met die emosie van woede. Die eerste brief (23-27) vertel van verskillende insidente wat trapsgewys opbou en aanleiding gee tot die ontbranding waarvan die titel melding maak. Die briefskrywer vertel hoedat sy op 'n insident van vermeende rassediskriminasie reageer: "Ik merkte dat ik er kwaad van werd, maar terwijl ik woede registreerde werd ik er ook meteen weer moe van en vond mezelf een aanstelster" (23). Die spreker bevestigte dus onmiddellik haar eie reaksie en die geldigheid van haar woede. Daarna vertel sy dat sy na aanleiding van 'n gesprek met haar moeder begin wonder het of sy hoegenaamd die vermoë het om emosie te ervaar en of dinge haar werklik kan raak: "Dan voel ik een paniek om mijn kilheid of een vreugde om mijn koelheid" (27). Sy bring haar twyfel oor die vermoë om iets te voel in verband met 'n insident toe 'n jong man uit 'n verbygaande motor "Hé neger!" (27) geroep het, terwyl sy en 'n vriendin voor 'n kafee gestaan het. Sy besef eers later dat sy haar woede oor die rasse-insident onderdruk het:

Pas toen ik thuishkwam merkte ik hoe uitgeput ik was van het onderdrukken van mijn woede en schaamte. Ik heb de hele nacht wakker gelegen en me voorgesteld hoe ik een enorme steen naar de Peugeot had kunnen gooiën, dat die chauffeur dan de macht over het stuur zou verliezen, dat hij tegen een lantaarnpaal aan zou knallen en dan halfdood zou zijn. Ik zou de schreeuwer uit de auto hebben gesleurd, zijn tong uit zijn muil hebben getrokken en gehurkt boven zijn bebloede kop, met mijn nette COS-rok omhoog getrokken, in zijn bek hebben gepist (27).

Dit is asof sy in dié fantasie alle selfbeheersing laat vaar en haar wraak in die mees ekstreme graad laat uitspeel. Die fantasie bring egter nie verligting nie, soos wat sy in die slotsinne van die brief rapporteer: “Het was geen bevredigend scenario. Ik werd vanochtend verdrietig wakker” (27). Die brief is eintlik ’n opsomming van die emosies opgewek deur die ervaring van rassediskriminasie: eers die twyfel of sy haar nie “aanstel” as sy kwaad word oor wat diskriminasie sou kon wees nie; dan paniek omdat sy voel sy is apaties wanneer sy nié reageer nie; daarna die beheersing van woede wanneer sy die raspejoratief aanhoor; vervolgens die vermoënis vanweë die voortdurende poging om woede en skaamte te onderdruk; daarna die uitvier van die wraak-fantasie; en ten slotte verdriet. Dit is ’n scenario wat op uitnemende wyse uitdrukking gee aan die kompleksiteit van die spreker se omgang met woede.

Die mees uitgebreide en liriese voorstelling van woede kom voor in die derde afdeling “vonken” en wel in die bundel se negende en slotgedig (42-46) waarin die verwysings na swartheid (as aanduiding van ras, emosionele donkerte en selfs die bose) ’n hoogtepunt bereik in die uitgebreide beeld van swart water. Belangrik vir die interpretasie van hierdie beeld is die verwysing na die Afro-Amerikaanse skrywer James Baldwin in die derde strofe (43):

In *Giovanni's Room* zegt James Baldwin in die beslissende scène
 dat woede de moordenaar lichter maakte
 angst het slachtoffer verzwaarde
 woede is zwart water waarop ik drijf en waarin ik kan verdrinken
 een verraderlijke zee

Ná hierdie gebruik van die swart water waarop die spreker dryf en waarin sy kan verdrink as metafoor vir woede, neem die beeld as ’t ware ’n lewe van sy eie aan. Al word die woord woede nie weer genoem nie, is dit duidelik dat die beeld van swart water verskillende fasette van die saamleef met woede probeer beskryf. Daar word onder andere verwys na ’n marathon wat gehardloop word rondom swart water: die suggestie is dus dat dit ’n lang en uitputtende proses is om langs die swart water van woede te beweeg (43). Daar word gesê dat sommige mense per ongeluk daarin val, ander willens en wetens daarin spring en party met groot teue daarvan drink (43). Daar word ook beskryf hoedat mense probeer om nie in die water te val nie, maar tog meegesleur word wanneer ander in die swart water val omdat hulle by die enkels vasgeketting is aan mekaar (44). Sommige stoot ook ander in die swart water van woede in hulle paniek om self daaruit te bly (44). Wanneer die spreker “pootjebaad” in die swart water, voel sy hoedat haar skadu sigself in paniek (’n verdere variasie van die emosie vrees) van haar probeer losmaak (45). Daar word vertel hoedat die groep waarvan sy deel is rondtes rondom die

water hardloop, daarop waterski, hoedat hulle liggame “klapperen als vissers op het droge” wanneer hulle daarmee in aanraking gekom het, hoedat hulle liggame oorverhit, kortsluitings en ‘blackouts’ ervaar, uitvalle van die sintuie en sintaksis, inflammasie; ook hoedat hulle klippe, bomme en wapens van massavernietiging in die water gooi in die hoop dat al die verdwene mense daaruit omhoog sal vlieg (45). Die spreker vertel ook dat hulle die swart water haat sodat hulle die vel van hulle lywe wil skeur en verbrand waar die water aan hulle geraak het (45), ook dat mense mekaar soms met groot moeite uit hierdie swart water red (46).

In die gedig se slotstrofe (46) word die ervaring van die swart water van woede gekombineer met die emosies van vrees en skuld:

boven alles vrees ik de bodem van het zwarte water
 en boezemt het water mij angst in omdat ik mezelf
 in de weerspiegeling van het water makkelijk herken
 en ik voel me schuldig
 omdat ik me onbegrijpelijk aangetrokken voel tot het zwarte water
 zoals wanneer we op de rand van een klif staan
 en honderden meters na beneden kijken

Dié gedig bied dus ’n beeldende en liriese representasie van die spreker se verhouding met die emosie van woede wat sy ervaar (die vorige afdelings suggereer dat dit is as gevolg van rassediskriminasie). Dit is duidelik dat woede deur hierdie beeld van swart water gerepresenteer word as iets wat die potensiaal het om die individu én die groep volledig mee te sleur, in te trek, te pynig en te dwing tot selfkonfrontasie, naamlik die insig dat dit iets is wat jou kan bring tot die rand van selfvernietiging. Die ervaring van woede word nie gerepresenteer as ’n flitsende opwelling nie, maar eerder as ’n voortdurende proses waarmee die spreker te kampe het. Verder word dit voorgestel in terme van beide affek (vergelyk die oorverhitting van die liggaam, die uitval van die sintuie, die inflammasie) én verwante emosies (soos ang en skuld). Bekono se representasie van woede teken dit dus as ’n besonder komplekse, langdurige en potensieel (self-)destruktiwe emosie wat lei tot voortdurende selfondervraging by die spreker.

3.3 *Jolyn Phillips se biantang (2020)*

Jolyn Phillips se epiese gedig *biantang* is ’n rekonstruksie van die verhaal van ’n inheemse vrou wat êrens in die negentiende eeu geleef en gewoon het aan die Suid-Kaapse kus in Suid-Afrika in die omgewing van die huidige dorpe Gansbaai en Hermanus. Die restaurant *Biantang se grot* op Hermanus is geleë in die

seegrot waarin die laaste ‘strandloper,’ ’n vrou met die naam Bientang, volgens oorlewering gewoon het. Phillips neem hierdie naam en die idee van iemand wat die “laaste” van ’n groep sou wees (60)⁷ en konstrueer met behulp van sowel historiese en linguïstiese navorsing as poëtiese verbeelding daaruit die verhaal van ’n inheemse vrou wat in die negentiende eeu in die grot sou kon gewoon het. Die epiese gedig vertel nie net die verhaal van Bientang nie, maar ook van die digtersfiguur wat besig is om die verhaal van Bientang te reconstrueer in poësie.

Phillips noem haar teks “’n !nau-gedig”; “!nau” is ’n woord wat verwys na die inlywing of inisiasieproses waardeur Bientang as jong vrou van ’n Khoi-stam moet gaan, maar sinspeel hier ook op ander aanpassings wat Bientang moet maak. Dié bundel val uiteen in drie dele. Die eerste deel begin met ’n beskrywing van die !nau waarin Bientang verkeer en daar word in sterk sintuiglike en affektiewe taal, ingebed in die landskap, vertel van haar groei tot seksuele volwassenheid en kwesbaarheid: “ek ruik na seemecumis ruik vis tussen my bene / groei daar uintjies onder my arms word ek bokkoms / vrougoed maak my aasgoed ek berg liefs my strandloopgeit” (8). Die gedig gaan voort om te beskryf hoedat sy seksueel misbruik en swanger gemaak word deur haar broer (9). Daar word ook vertel dat Bientang se ouers en die medisyne-man haar nie glo wanneer sy haar broer by hulle verkla nie. Dat Bientang se woede oor hierdie onreg gepleeg deur haar broer en ouers gaan uitspeel deur die see op te roep, word voorberei deur verskillende aanduidings in die verse vooraf. In die heel eerste deel van die epiese gedig projekteer Bientang reeds haar eie emosie op die see: “die water is skoon en koud soos my bloed ek staan voor my / en kyk hoe die gety kwaad word” (5).

Haar woede oor die onreg teenoor haar as jong vrou wie se woord minder tel as dié van haar broer mond uit in die gedigdeel waarin Bientang ’n storm oproep om haar broer weg te spoel en verdrink:

die eerste storm roep my ek kan nie meer my luister inhou nie
ek sit op die plaat sit sonne en mane om ek bid vir die see
ek maak ’n storm aan ek por die see aan daar staan hy
vat hom na sy hel toe hy wat my broer is kyk hy staan
met ’n visstok hy is aas vang hom voor jou sluk hom in
een van die dae is galjoentyd verby haak hom see (17)

Bientang roep dus ’n storm op om haar broer te vernietig omdat hy haar gelos het met die swangerskap waarna sy verwys as “’n pot storms in my pens” (9). Sy vergeld dus ’n storm met ’n storm.

Die daaropvolgende deel (18) toon egter dat die gevolg hiervan verwerping deur die familie en stam is: haar pa en ma keer hulle rug op haar, en die stam se

medisyneman wys haar weg. Al is dit duidelik dat die verwerping haar pynig (sy beskryf dit as 'n liggaamlike affek: "dit gordelroos in my"), neem sy die verwerping op as 'n vrywording ("ek breek julle tak vir tak van my af daar wag vryheid / annerkant loperbaai") en maak vir haar 'n lewe in 'n grot langs die see. Wanneer sy 'n tweede maal terugkeer na die blyplek van haar ouers, vind sy dat hulle nie meer daar woon nie en ervaar sy weer woede, soos wat blyk uit die reël: "die kwaadbye maak rolwolke in my bors" (25). Daar is dus sprake van 'n diepgaande woede teen die onreg gedaan in die patriargale familie-opset.

Die tweede deel van die narratief fokus op Bientang se woede teenoor die koloniale reisiger Lord Montagu (gebaseer op die Frans-Surinaamse reisiger Francois le Vaillant wat in die 1780's in Suid-Afrika gereis het en in Europa verslae van sy reis gepubliseer het, vergelyk Le Vaillant, 1790). Hy daag saam met sy Khoi-gids Klaas by haar grot op wanneer sy nie daar is nie en maak homself daar tuis. Haar reaksie word gerapporteer deur Klaas: "ek sal nie sê ons het ontmoet nie sy het ons betrap / uitgetrap en ons gevloek in haar taal" (33). By 'n volgende geleentheid brei hy uit op hierdie beskrywing om te vertel hoe sy gereageer het op Lord Montagu se woorde dat sy die mooiste "barbaar" is wat hy nog ooit gesien het:

daar was storms in haar oë
haar skel het soos blits in my getref
sy het gepraat die ou praat
wat al uit my gesweep is
op my reise met Lord Montagu verkwansel is (37)

Opvallend hier is dat Klaas "soos blits" getref word deur die feit dat Bientang dit regkry om haar woede te uiter en dit in die inheemse taal ("die ou praat") wat hy al moes prysgee om Lord Montagu se gids te wees.

Dié tweede deel van die narratief verwys ook na 'n insident waarin Bientang in woede 'n storm oproep oor ander wanneer sy sien dat die mense van die vissersdorp naby haar grot besig is om 'n walvis (noorkapper) af te slag wat hulle gejaag het:

ek kom in die dorp
die noorkapper hang aan haar stert 'n omgedopte selfdood
my mense bid vir die noorkapper my mense kom van die noorkapper
ek is 'n noorkapper die woede hang vlak trane ek moet die storms roep (48)

In hierdie geval is Bientang se woede gebaseer op haar intense identifikasie met die see en die noorkapper-walvis wat deur haar mense vereer word (vergelyk die

uitgebreide gedeelte oor die “walvisdroom” in haar kop, 22) en haar misnoë met die appropriasie, winsbejag en omgewingsuitbuiting gebring deur die Europese koloniseerders waarvan Lord Montagu as verteenwoordiger in die teks optree. Sonder dat daar eksplisiete kousale verbande gelê word, volg daar enkele gedigdele later ’n villanelle, getitel “die storm” (51), waarin die vissersdorp getref word deur ’n vernietigende storm.

Die derde gedeelte van die narratief in hierdie epiese gedig fokus op die digtersfiguur, die een wat die geskiedenis van Bientang rekonstrueer in haar verse. Hierdie figuur bevraagteken in die slotgedeeltes haar motiewe vir die rekonstruksie van Bientang. Sy erken dat sy dit doen omdat sy steeds in die land van haar voormense “niks meer as ’n kettingganger in ’n skip op pad na oorlog” is nie (58). Die behoefte om Bientang as ’n voorouer te rekonstrueer het dus iets te doen met die woede wat sy voel oor die feit dat sy as afstammeling van die Khoi steeds die slagoffer van rassevooroordeel en -diskriminasie is. Die mees eksplisiete identifikasie met Bientang kom wanneer die digtersfiguur haar skepping as volg aanspreek:

[...] daar roer
 ’n storm in jou bientang daar roer ’n maalgat in jou bors ek wens ek kon
 die laaste gedagte van jou lees want dit moes eintlik ek gewees het
 wat die mense op die dorp waarsku
 die swerm vroue by die hawe en die mense wat op die ruggraat van die
 walvis staan staan opgeskryf hier in my gewete ek staan op die Plaat
 Klipgatgrot en die Sandberge agter my my voete skulpgruis wanneer die
 see terugtrek is die ghoera stil die water is skoon en koud soos my woed
 ek staan voor my en kyk hoe die gety kwaad word
 bientang verwelk in silt van die bladsy af (59)

Hier gee die digtersfiguur dus eksplisiet blyke daarvan dat Bientang se woede eintlik háár maagsel is en dat die dood van die mense in die storm wat Bientang oproep op haar gewete rus. Die kwaadheid van die see waarmee die bundel geopen het, is ook hare: “die water is skoon en koud soos my woed” (59). In die slotgedig erken sy dat haar pogings om van Bientang ’n voormoeder te maak, nie werklik kan slaag nie omdat die kwessies van herkoms veel ingewikkelder is as die vind van ’n bepaalde voorouer en laat sy haar digterlike skepping gaan.

Dié epiese gedig toon hoedat die emosie van woede vanaf die werklike digter via ’n tekstuele digtersfiguur na ’n gerekonstrueerde historiese figuur kan vloei om die politieke werk te doen van protes teen voortgesette diskriminasie op grond van geslag en ras.

3.4 *Radna Fabias se Habitus (2018)*

Radna Fabias se debuutbundel *Habitus* gee duidelik blyke van die kontras tussen haar land van oorsprong, Curaçao, en Nederland waarheen sy op 17-jarige ouderdom verhuis het.⁸ Dié kontras vind neerslag in die struktuur van die bundel wat uit drie dele plus ’n epiloog bestaan, met die eerste deel geplaas in Curaçao en die derde in Nederland, met daartussen ’n afdeling wat fokus op die posisie van vroue.

Vir die doel van hierdie bespreking verwys ek slegs na enkele gedigte uit die eerste en derde afdelings, en wel dié waarin die emosies van skaamte en woede ter sprake kom. Die eerste afdeling, getitel “uitzicht met kokosnoot”, begin met “wat ik verstopte” (11-16),⁹ ’n lang gedig wat bestaan uit ’n enumerasie van sinuïglike beelde van ’n tropiese eiland wat waarskynlik Curaçao is. Ek noem slegs enkele van hierdie beelde ter illustrasie: die motors met oorgroot bande, verdonkerde ruite en luidrugtige musiek; die reuk van die olieraffinadery; die mans met wapens en whiskey onder die bome; vroue met kinders op die arm, goue tande en die geur van chemiese haarmiddels om hulle; die huise en kerke in helder kleure; die tamarindebome, likkewane, loslopende bokke, vasgekettingde honde en swerfhonde; die dorstige aarde en die apokaliptiese reënbuie; die toeriste, die blou van die lug en see.

Die titel “wat ik verstopte” suggereer dat iets vroeër weggesteek was, maar nou nie meer nie. Schaffer (2018b: 3) skryf hiervan dat dit klink asof “die spreker nou eers durf erken wat haar identiteit gevorm het”. Dit wil dus voorkom asof die spreker deur die oorvloed van sinuïglike beelde ’n wêreld wil blootlê wat sy vantevore weggesteek het (“verstopte”) omdat sy skaam was daarvoor, moontlik vanweë die oorvloedigheid, intensiteit en ekstremititeit daarvan. Die Jamaikaansgebore digter Kei Miller se kommentaar op sy verhouding met die estetiese konteks van Brittanje waar hy tans woon, werp myns insiens lig op die spreker in “wat ik verstopte” se situasie. Miller skryf oor die Guyaansgebore Britse digter Grace Nichols se digbundel *The Fat Black Woman’s Poems* wat in 1984 verskyn het. Hy verwys na die gedig “Tropical Death” (vergelyk Miller, 2018: 2) waarin die spreker verlang na die uitspattige begrafnisrituele van die Karibiese gebied. Ek siter slegs die eerste strofes (soos aangehaal deur Miller, 2018: 2-3):

The fat black woman want
A brilliant tropical death
Not a cold sojourn
In some North Europe far / forlorn

The fat black woman want
 some heat / hibiscus at her feet
 blue sea dress
 to wrap her neat

The fat black woman want
 some bawl
 no quiet jerk tear wiping
 a polite hearse withdrawal

The fat black woman want
 All her dead rights
 First night
 Third night
 Nine night
 All the sleepless droning
 Red eyed wake nights

Miller (2018: 2) se punt is dat Grace Nichols se “fat black woman”-gedigte nie net ’n viering is van die swart vrou se “disobedient and unruly political body” nie, maar ook van ’n bepaalde estetika:

The Fat Black Woman, already triply othered, is in fact a site of multiple alterities. It is not just her weight, her race and her gender that sets her apart from everyman but also her sense of what is beautiful – her desire for volume – and her ability to read complexity, sophistication and perfectly pitched tastefulness within that volume. The Fat Black Woman would like to hear a good old-fashioned bawl – a screaming out – and then to be lulled by those sleepless droning red-eyed wake nights. But all of this is unavailable to her in the politeness of Britain.

Miller verwys daarna dat estetiese waardes soos beheersing en subtiliteit in Brittanje beskou word as merkers van poëtiese uitnemendheid. Met verwysing na Simon Gikandi se studie *Slavery and the Culture of Taste* van 2011, wat aantoon hoedat daardie estetiese norme ontwikkel het teen die agtergrond van Britse imperialisme en praktyke soos slawerny, skryf hy dat die Britse estetiese van beheersing, subtiliteit en stilte (“restraint and subtlety and quiet”) ontwikkel het in reaksie op persepsies van die onbeheersde swart slaweliggaam. Volgens hom is Nichols se poëtiese uitbeelding van die vet swart vrou die merker van ’n “counter-aesthetic, a necessary rejection of the ways we have tended to valorise restraint and subtlety as markers of poetic excellence” (Miller, 2018: 2). Hierdie

insig laat hom sy eie posisie as pryswennende digter in Brittanje bevraagteken: “to some extent I am being praised for the extent to which I am black, but not too black – the ways in which I have pitched blackness at an appropriate volume” (Miller, 2018: 3).

Soos Miller en Nichols, is Radna Fabias gebore in die Karibiese omgewing en het sy vandaar na die noordelike halfgrond gemigreer. Net soos wat Miller luidheid en omvang (“volume”) tipeer as eienskappe van Nichols se kontraestetika, het resesente van Fabias se bundel gewys op die veelheid en oordad van die bundel. Schaffer (2018a) noem dit ’n “barstensvolle en overdonderende dichtbundel” en verwys daarna as “gulzige poëzie”; Van der Beek (2018) verwys daarna as “overdonderend, soms schreeuwend, soms ratelend”; De Witte-Vroman (2019) verwys na die bundel se “vormelike en inhoudelike oervloed”. Daar is ook raakpunte tussen Nichols se gedig waarin die “fat black woman” smag na ’n tropiese begrafnis en Fabias se tekening van die Karibiese begrafnis met “de stoet rouwende mensen / de mensen die zich op de doodskist van een geliefde laten vallen en schreeuwen” (15).

Op grond hiervan identifiseer ek in die gedigtitel “wat ik verstopte” ’n soort skaamte oor haar Karibiese herkoms by die spreker in *Habitus*. Sy bied egter weerstand teen hierdie skaamte met haar digterlike praktyk en estetika: sy enumereer en karteer op uitgebreide wyse die Karibiese omgewing en doen dit op ’n wyse wat oorvloed eerder as inperking of beheersing registreer. Dat sy nie ontkom aan die interne konflik veroorsaak deur die verskil tussen haar Karibiese agtergrond en haar nuwe omgewing nie, blyk uit die slotgedig van die eerste afdeling, “slotscène” (39) wat die spreker teken wanneer sy op die lughawe is op die punt om te vertrek vanaf die eiland. Sy beskryf hoedat sy haarself skoon skrop, die grond onder haar naels uitgrawe en sê: “ik ben een halve ton zwaarder / ik houd van mijn omvang”, ’n woord wat herinner aan Kei Miller se gebruik van die woord “volume” in verband met Grace Nichols se poësie. Nadat die lughawe se sekuriteitspersoneel verklaar het dat sy mag vertrek, konstateer sy:

niemand zag het, maar ik stapte uit mijn huid en ik was naakt en ik was pezen spieren
aders

ik was rood

Dit klink na ’n aanduiding dat sy haar bruin huidskleur (vergelyk die verwysing daarna op p. 27) agterlaat wanneer sy die eiland verlaat en rooi word soos die wit toeriste wat die eiland besoek en rooi gebrand word deur die son (vergelyk die gedig “reisgids v”, 28). Dit is interessant dat Ahmed (2014: 106-107) die emosie van skaamte sien as iets wat juis in ’n bepaalde sosiale konteks ontstaan:

Shame can work as a deterrent; in order to avoid shame, subjects must enter the ‘contract’ of the social bond, by seeking to approximate a social ideal. Shame can also be experienced as *the affective cost of not following the script of normative existence*.

Wanneer die spreker die Karibiese eiland verlaat, besef sy dus dat sy haar moet skik na die norme van die Europese land waarheen sy op pad is (vandaar die verwysing na die feit dat sy uit haar huid klim en “rood” word).

Die bundel se derde afdeling “aantoonbaar geleverde inspanning” funksioneer as teenhanger vir die eerste afdeling. Die gedig met dieselfde titel (103-107) is byna net so omvangryk as “wat ik verstopte”. Dit is veelseggend dat die *Meanderresensent*, Eric van Loo (2018), sommige van die gedigte in die bundel te lank vind en meen: “Beperking is niet de sterkste kant van deze debutant.” Die frase wat as titel gebruik word, is ontleen aan die Nederlandse handleiding in verband met die inburgering van immigrante¹⁰ en verwys daarna dat voornemende burgers vrygestel kan word van sekere eksamens indien daar bewys is van “aantoonbaar geleverd inspanningen”. Fabias se gedig vergelyk die migrant wat aansoek doen om burgerskap in Nederland met ’n “ballotant”, ’n term wat verwys na iemand wat aansoek doen om lidmaatskap van ’n vereniging of organisasie, en beskryf dan alles wat die ballotant al gedoen het om te kwalifiseer vir toelating of inburgering. Ek lig slegs twee van die voorbeelde uit. Die gedig begin met ’n verwysing na die moeitevolle aanleer van ’n nuwe taal waartydens die ballotant voortdurend geëvalueer word. Dit gaan gepaard met die afleer van die moedertaal en ’n internalisering van die taal gepraat in die land waarheen sy gemigreer het: “[de ballotant] is de moedertaal vergeten / droomt in de taal van de voormalige eigenaar”. Laasgenoemde is waarskynlik ’n verwysing na Nederland se geskiedenis van besetting en betrokkenheid by slawehandel in die Karibiese omgewing.

Daar word ook verwys na die ballotant se stryd om haar emosies onder beheer te kry. In die eerste strofe staan daar:

[de ballotant] beheerst, voor zover dat mogelijk is, de eigen gedachten
 beheerst, voor een aanvaardbaar percentage, de eigen emoties
 gooit niet langer gietijzeren objecten naar getroebleerde mannen (103)

Die leser lei af dat dit hier oor ’n intense emosie gaan wat gaandeweg onder beheer gebring (moet) word. Dit word bevestig deur ’n indirekte verwysing na die metafoor van vuur wat deurlopend in die bundel voorkom,¹¹ hier in die veelseggende uitspraak dat die ballotant geleer het om haar “brandmerken” (daar is suggesties van die songebruinde vel, haar hartstogtelike assosiasie met vuur wat herhaaldelik in die bundel genoem word en ’n vorm van selfidentifikasie

behels, die brandmerke waarmee slawe gemerk is as die besitting van 'n bepaalde eienaar) te verberg (vergelyk p.103). Die inrigting van die ballotant se woning spreek op dieselfde manier van 'n poging tot aanpassing by die sosiale norm wat die beheersing van uitspattigheid en oordaad voorstaan: “uit de eclecticische doch coherente inrichting van het eigen huis spreekte beheersing, / wellicht selfs synthese”. Die daaropvolgende beskrywing van die woning se interieur moet saamgelees word met die tekening van die tropiese eiland in “wat ik verstopte” om te besef presies hoeveel “inspanning” dit verg om die Karibiese identiteit en invloede onder te bring in 'n beheerste interieur.

Dit is ook veelseggend dat daar vertel word hoe die ballotant die norme van die nuwe land begin internaliseer. Sy skenk gereeld geld vir die verligting van “het schrijnende leed van mensen in verre landen” en toon ook “een empatische, ietwat misplaast filosofische blik” op die leed van gemarginaliseerde groepe (104). Dit klink dus of haar emosionele inlewing by die lot van mense in haar geboorteland en ander gemarginaliseerde besig is om af te neem in ooreenstemming met dié van die inwoners van haar nuwe tuiste. Die veelseggendste van alles is dat daar van die ballotant gesê word: “[zij] heeft haar toon gematigd / beheerst de woede” (104). Die verwysing na woede word nie verduidelik nie, maar die verwysing na die nuwe land se oënskynlik grootmoedige houding teenoor die leed van mense in “verre landen” en “gemarginaliseerde groepen” suggereer wel dat die woede gerig is teen die eertyds koloniserende land wat nou ook besig is om haar in te palm en haar te dwing om haar emosies in te toom, om haar estetika van oordaad te vervang met beheersing en subtiliteit, wat dus haar ‘volume’ (in die sin van 'n kontra-estetika) wil afdraai. Ironies genoeg, is dit 'n woede wat juis op sy sterkste spreek deur die gespanne manier waarop dit onder beheer gehou moet word.

4. Gevolgtrekking

My lesing van die vier swart vrouedigters se bundels toon dat dit veral dié emosies ten tonele voer wat al vir meer as tweeduisend jaar die templaatsvorm van die filosofiese en estetiese ondersoek na emosies (vergelyk Fisher, 2002: 22). Die emosie van woede is prominent in al vier bundels, terwyl dit in sommige bundels in kombinasie met vrees, verdriet en skaamte funksioneer. Daarbenewens is dit duidelik dat die representasie van hierdie emosies direk verband hou met 'n sosio-politieke en historiese konteks wat wyer span as slegs Suid-Afrika en Nederland, naamlik die voortgesette verskynsel van diskriminasie op grond van ras en geslag.

Wanneer 'n mens die bundels vormlik en stilisties vergelyk, is dit opmerklik dat al vier die bundels gebruik maak van 'n narratiewe struktuur, hoe losweg dan ook al aangewend. Stilisties gesproke sou 'n mens kon sê dat die ‘volume’ (in

die sin van omvang, oordaad en intensiteit) wat ek aangestip het in die geval van Fabias se *Habitus* ook in 'n sekere sin terug te vind is in Phillips se dramatiese narratief oor Bientang (veral as 'n mens dink aan die storms, die doodmaak van die broer en die vernietiging van die dorp wat deelneem aan die walvisjag), ook in Simone Atangana Bekono se representasie van haar woede-fantasie en die uitgebreide gebruik van die metafoor van swart water vir woede. Ronelda Kamfer is die uitsondering in hierdie verband deur haar kriptiese, nie-dramatiese en onversierde styl. Dit is verder veelseggend dat beide Phillips en Bekono die metafoor van water gebruik in hulle heel uiteenlopende representasies van woede.¹² Alhoewel ek nie die ruimte het om in te gaan op voorbeelde hiervan nie, is dit opvallend dat die metafoor van vuur ook 'n rol speel in die uitbeelding van emosie in die bundels van Simone Atangana Bekono (dit figureer in die titel van die bundel en bepaal ook die narratiewe progressie in die bundel) en Radna Fabias (dit is 'n deurlopende metafoor wat 'n belangrike rol speel in die spreker se selfidentifikasie).

In welke mate hierdie digbundels, wat die emosionele uitwerking van geslags- en rassediskriminasie registreer, 'n impak sal hê op die werklikheid is moeilik om te bereken. Soos reeds genoem, wys Srinivasan (2018: 129, 141) in haar artikel oor die gepastheid van woede daarop dat die uiting van hierdie emosie 'n manier is waarop die oortredende party gedwing kan word tot (h)erkenning van die feit dat iemand pyn aangedoen is. Myns insiens sou 'n mens kon argumenteer dat die wyse waarop hierdie vier vrouedigters hulle akute ontsteltenis en pyn oor rasse- en geslagsdiskriminasie registreer wel 'n bewusmaking onder hulle lesers tot gevolg sal hê. In die geval van al vier digters 'betree' hulle digbundels ook literêre velde (die Nederlandse en die Afrikaanse) waarin hulle vanweë verskillende faktore buite hulle beheer randfigure is in die sin dat hulle in die minderheid is. Veral Kamfer is striemend in haar afwysing van hierdie ruimte as een waarin sy eksplisiet nié wil wees nie. Ook Bekono (2017b: 62) sê in 'n essay van die Nederlandse letterkunde: "Onze literatuur voelt soms als een soort geconcentreerde, hypermasculiene, spierwitte massa. Op mijn vurigste momenten vind ik haar zelfs uiters ongezond." Interessant genoeg is al vier hierdie digters wel 'omarm' deur lowende resensies en die toekenning van literêre pryse; dit is egter nie iets wat noodwendig die gevoelens van marginalisering oplos nie. Myns insiens is dit gepas vir ondersoekers (soos ekself), wat gevestig is in daardie ruimtes of sisteme, om noukeurig te luister na wat in hierdie bundels gesê word. Dit is eweneens gepas vir hierdie ondersoekers om attent te wees op die posisie van waaruit hulle luister, soos wat Garman aanstip wanneer sy skryf oor die rol van woede en pyn in die publieke diskoerse rondom die studente-opstande van 2015 in Suid-Afrika – sy verwys na "an attentiveness to the positionality of one's

hearing” (Garman, 2020: 251). Sy verwys verder na ’n spesifieke manier van luister wat nodig is om dit wat gesê word te registreer, naamlik ’n “[e]xplicit listening which takes account of differential power and puts the burden to listen on those who have most access to voice” (Garman, 2020: 254). Hierdie bundels dwing as ’t ware die luisteraar (oftewel leser) om kennis te neem van hoe en van waar jy lees of luister.

Die werk van hierdie vier vrouedigters is ten slotte ’n kragtige bevestiging van die geldigheid en belangrikheid (stereotipes ten spyte) van weerstand teen alle vorme van diskriminasie, ook deur die representasie en mobilisering van affek en emosie.

Universiteit Stellenbosch

Bronnelys

- Ahmed, Sara.** 2014. *The cultural politics of emotion*. Second edition. Edinburgh: Edinburgh University Press.
- Ashley, Wendy.** 2014. The Angry Black Woman: The impact of pejorative stereotypes on psychotherapy with Black women. *Social Work in Public Health* 29(1): 27-34.
- Bekono, Simone Atangana.** 2017a. *Hoe de eerste vonken zichtbaar waren*. Nijmegen: Wintertuin/Amsterdam: Lebowski Publishers.
- Bekono, Simone Atangana.** 2017b. Het literair lichaam. *nY. Tijdschrift voor Literatuur en Amusement* 33: 59-63.
- Bik, Dewi de Nijs.** 2018. Hoe de eerste vonken zichtbaar waren – Simone Atangana Bekono. *De Reactor. Vlaams-Nederlands platform voor literatuurkritiek* 27 November. <https://www.dereactor.org/teksten/hoe-de-eerste-vonken-zichtbaar-waren-simone-atangana-bekono>. (Datum van gebruik: 23 Julie 2022).
- Bonthuys, Marni.** 2020. Postkoloniale feminisme in die Afrikaanse poësie: Die debute van Ronelda S. Kamfer, Shirmoney Rhode en Jolyn Phillips. *LitNet Akademies* 17(1): 241-261.
- Burger, Bibi.** 2020. ‘Our respect for water is what you termed fear’: The ocean in the poetry of Ronelda Kamfer en Koleka Putuma. *Journal of Southern African Studies* 46(1): 23-38.
- Clough, Patricia.** 2010. The Affective Turn: Political Economy, Biomedicine, and Bodies. In: Gregg, Melissa en Seigworth, Gregory J. *The Affect Theory Reader*. Durham en London: Duke University Press.
- Coetzee, Azille.** 2020. Luister: Azille Coetzee praat met Ronelda Kamfer en Nathan Trantraal. *Netwerk24*. 17 November. <https://www.netwerk24.com/netwerk24/kyk-en-luister/podsendings/my-vel-ons-taal/luister-azille-coetzee->

- praat-met-ronelda-kamfer-en-nathan-trantaal-20201117. (Datum van gebruik: 2 April 2023).
- Collins, Patricia Hill.** 2000 (1990). *Black feminist thought. Knowledge, consciousness, and the politics of empowerment*. Tweede uitgawe. Londen: Routledge.
- De Witte-Vroman, Lorenz.** 2019. De zoektocht naar Radna Fabias. *deBuren*. 4 Julie. <https://deburen.eu/magazine/2538/de-zoektocht-naar-radna-fabias>. (Datum van gebruik: 22 Julie 2022).
- Doharty, Nadena.** 2020. The 'angry Black woman' as intellectual bondage: being strategically emotional on the academic plantation. *Race, Ethnicity and Education* 23(4): 548-562.
- Fabias, Radna.** 2018. *Habitus*. Amsterdam en Antwerpen: Uitgeverij De Arbeiderspers.
- Fisher, Philip.** 2002. *The vehement passions*. Princeton: Princeton University Press.
- hooks, bell.** 1995. *Killing rage. Ending racism*. New York: Henry Holt and Company.
- Garman, Anthea.** 2020. Anger, pain and the body in the public sphere. In: Cowling, Lesley en Hamilton, Carolyn (reds.). *Babel unbound. Rage, reason and rethinking public life*. Johannesburg: Wits University Press.
- Hambidge, Joan.** 2019. Hardegat verse vol dinamiet en onrus. *Rapport*. 1 Desember. <https://www.netwerk24.com/netwerk24/kunste/boeke/hardegat-verse-vol-dinamiet-en-onrus-20191130>. (Datum van gebruik: 20 Julie 2022).
- Jones, Trina en Norwood, Kimberley Jade.** 2017. Aggressive encounters & white fragility: Deconstructing the trope of the Angry Black Woman. *Iowa Law Review* 102(5): 2017-2069.
- Kamfer, Ronelda.** 2017. *Chinatown*. Kaapstad: Kwela Uitgewers.
- Kidelo, Tenita Zinzi.** 2020. Resensie: *Chinatown* – Ronelda Kamfer. *Tydskrif vir Letterkunde* 57(1): 147-149.
- Kdeolo, Tenita Zinzi.** 2021. Swart feminisme in Afrikaanse en Nederlandse poësie met betrekking tot die werk van Ronelda Kamfer en Simone Atangana Bekono: 'n Vergelykende studie. Ongepubliseerde M.A.-tesis. Kaapstad: Universiteit van Wes-Kaapland.
- Le Vaillant, Francois.** 1790. *Travels into the interior of Africa, by the way of the Cape of Good Hope; in the years 1780, 81, 82, 83, 84 and 85*. Dublin: Chamberlain & Rice and others.
- Linde, Janien.** 2020. Resensie: *Chinatown* deur Ronelda Kamfer. *Versindaba*. 15 Januarie. <https://versindaba.co.za/2020/01/15/resensie-chinatown-ronelda-s-kamfer>. (Datum van gebruik: 18 Julie 2022).
- Lorde, Audre.** 1997. The uses of anger. *Women's Studies Quarterly* 25(1/2): 278-285.
- Massumi, Brian.** 2002. *Parables for the virtual. Movement, affect, sensation*. Durham: Duke University Press.

- Miller, Kei.** 2018. In praise of the fat black woman & volume. *PN Review* 44(5): 1-5. https://www.pnreview.co.uk/cgi-bin/scribe?item_id=10209. (Datum van gebruik: 1 Augustus 2022).
- Müller, Andrea.** 2020. Ronelda Kamfer se *Chinatown* tref jou met 'n vuilkyk. *Ons Klyntji*, 8 November. <https://klyntji.com/joernaal/2020/11/8/ronelda-kamfer-chinatown>. (Datum van gebruik: 19 Julie 2022).
- Ngai, Sianne.** 2005. *Ugly feelings*. Cambridge, Massachusetts en Londen, Engeland: Harvard University Press.
- Petrosillo, Céline.** 2021. “De vrouwen op straat maar niet als het donker is”: Feminisme in *Habitus* van Radna Fabias. Ongepubliseerde M.A.tesis. Liège: Universiteit van Liège.
- Phillips, Jolyn.** 2020. *bientang. 'n Inau-gedig*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Schaffer, Alfred.** 2018a. De ruimte van het volledig leven. *De Groene Amsterdammer*. 14 Maart. <https://www.groene.nl/artikel/de-ruimte-van-het-volledige-leven>. (Datum van gebruik: 22 Julie 2022).
- Schaffer, Alfred.** 2018b. *Muchu gusto*: Die eiland en die honde. *Voertaal*. 28 Maart. <https://voertaal.nu/muchu-gustu-die-eiland-en-die-honde>. (Datum van gebruik: 22 Julie 2022).
- Sedgwick, Eve Kosofsky en Frank, Adam.** 1995. Shame in the Cybernetic Fold: Reading Silvan Tomkins. *Critical Inquiry* 21(2) Winter: 496-522.
- Srinivasan, Amia.** 2018. The aptness of anger. *The Journal of Political Philosophy* 26(2): 123-144.
- Van der Beek, Menno.** 2018. Recensie: Radna Fabias – *Habitus*. *Liter. Literair Tijdschrift* 29 Augustus.
- Van Heerden, Menán.** 2019. Nederlandse digkuns gevier by Open Book Festival 2019 (Kaapstad). *Voertaal*. 9 September. <https://voertaal.nu/nederlandse-digkuns-gevier-by-open-book-festival-2019-kaapstad/>. (Datum van gebruik: 13 Julie 2022).
- Van Loo, Eric.** 2018. Poëtische dijkdoorbraak. *Meander*. 29 Maart. <https://meander-magazine.nl/2018/03/een-poetische-dijkdoorbraak/>. (Datum van gebruik: 22 Julie 2022).
- Van Zyl, Johan.** 2023. Ronelda Kamfer: ‘Mense sien anger in my sadness’. *Rapport*. 5 Februarie. <https://www.netwerk24.com/netwerk24/stemme/profiele/ronelda-kamfer-mense-sien-anger-in-my-sadness-20230205>. (Datum van gebruik: 30 Maart 2023).
- Van Zyl, Marchelle.** 2017. ‘My werk is nie 'n stuk vel nie.’ Onderhoud met Jolyn Phillips. *Netwerk24*. 15 September. <https://www.netwerk24.com/Netwerk24/my-werk-is-nie-n-stuk-vel-nie-20170914>. (Datum van gebruik: 22 Julie 2022).
- Vermeulen, D.** 2018. 'n Ondersoek na Ronelda Kamfer se poësie aan die hand

van bell hooks se filosofie oor ras en taal. Ongepubliseerde MA-tesis. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch.

Viljoen, Louise. 2022. Affek, emosie en kognisie in die rekonstruksie van 'n vergete geskiedenis: Jolyn Phillips se *bientang*. *Stilet*, 34(1): 141-162.

Note

1. Ek is bewus van die feit dat veral Kamfer en Phillips (vergelyk Van Zyl 2017) krities is oor ras-identifikasie, maar gebruik die term 'swart' hier omdat ek skryf oor die impak wat ras, geslag en klas het op die representasie van affek en emosie in hierdie vroue se werk. Ek is eweneens bewus van my eie gesitueerdheid en aandagigheid as wit ondersoeker van hierdie vroue se werk.
2. Hierdie artikel steun en bou voort op die werk gedoen in 'n vorige artikel oor Jolyn Phillips se *bientang* (vergelyk Viljoen, 2022).
3. Bladsynommers in afdeling 3.1 verwys na Kamfer (2019).
4. Ek siteer slegs enkele voorbeelde uit die opvoedkunde (Doharty, 2020), die regte (Jones & Norwood, 2017) en psigoterapie/maatskaplike werk (Ashley, 2014). Daar is ook talle ander.
5. Die Sharpeville-slagting het plaasgevind op 21 Maart 1960 toe Suid-Afrikaanse polisie op 'n skare van swart protesteerders geskiet het en 69 mense dood is.
6. Bladsyverwysings in afdeling 3.2 verwys na Bekono (2017).
7. Bladsynommers in afdeling 3.3 verwys na Phillips (2020).
8. Vergelyk <https://www.versopolis.com/poet/219/radna-fabias>.
9. Bladsyverwysings in afdeling 3.4 verwys na Fabias (2018).
10. Die titel is ontleen aan die handleiding vir die inburgering van immigrante wat beskikbaar gestel word deur die Dienst Uitvoering Onderwijs van die Nederlandse Ministerie van Onderwijs, Cultuur en Wetenschap, beskikbaar by die web-adres www.inburgeren.nl.
11. Ek haal slegs enkele voorbeelde uit die bundel aan om te toon hoe belangrik vuur is in die self-identifikasie van die spreker in die bundel: vergelyk "maar ik ben al gedoopt / te land ter zee en in de lucht met vuur en vuur en as en water" (38); "ik had andermans tranen in mijn oren / ik verstond het niet, dus ik zocht altijd vuur / als ik thuis wilde komen" (47); en "nu ben ik weg / nu ben ik vuur / nu ben ik hier / volg de brandlucht de rook en de as / als je me zoekt" (62). Dit is 'n gegewe wat met vrug verder ondersoek sou kon word.
12. Vergelyk in hierdie verband Burger (2020) se vergelykende ondersoek na die rol van die oseaan in die werk van Kamfer en Koleka Putuma.

Die rol van die US se Departement Afrikaans en Nederlands in die ontwikkeling van die Afrikaanse leksikografie: Die Nederlands-Afrikaans-stryd gedurende die aanvangsjare

Gerda Odendaal

The role of Stellenbosch University's Department of Afrikaans and Dutch in the development of Afrikaans lexicography: The Dutch-Afrikaans battle during the formative years

This article investigates the role of Stellenbosch University's Department of Afrikaans and Dutch in the development of Afrikaans lexicography amidst an intense Dutch-Afrikaans battle during the formative years of Afrikaans lexicography. It shows how Afrikaans orthography gained independence as it was gradually freed from Dutch influence. It is, however, suggested that, although great strides have been made in the development of an independent Afrikaans orthography, the Dutch-Afrikaans battle has had a lasting influence on Afrikaans lexicography.

1. Inleiding¹

Die Universiteit van Stellenbosch kan in baie opsigte as die bakermat van die Afrikaanse leksikografie beskou word. Dit is naamlik hier waar een van die omvangrykste en langdurigste leksikografiese projekte in Afrikaans, die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal*, 'n tuiste gevind het. As een van die eerste universiteitsdepartemente in Suid-Afrika wat reeds in 1920 'n leerstoel vir Afrikaans ingestel het, het veral die Departement Afrikaans en Nederlands 'n besondere aandeel gehad aan die uitbou van die Afrikaanse leksikografie tot internasionale standaard.

Almal in die Departement Afrikaans en Nederlands was egter nie uit die staanspoor daarvan oortuig dat Afrikaans sigself op leksikografiese gebied kon of selfs moes laat geld nie. Dit was naamlik 'n dosent in Nederlands wat met een van die eerste leksikografiese werke in Afrikaans op die eiensortigheid van Afrikaans gedui het. Die onsekerheid oor Afrikaans se vermoë om op eie leksikografiese bene te staan het gelei tot 'n stryd tussen Afrikaans en Nederlands wat hom, veral binne die Universiteit Stellenbosch se Departement Afrikaans en Nederlands, telkens in die wordingsjare van die Afrikaanse leksikografie sou afspeel. Een van die gevolge hiervan was dat daar in die leksikografiese vergestaltung van Afrikaans telkens op Nederlands gesteun is.

In hierdie inleidende studie oor die rol van die Universiteit Stellenbosch, maar in die besonder sy Departement Afrikaans en Nederlands, in die ontwikkeling

van die Afrikaanse leksikografie, word daar veral gefokus op die Nederlands-Afrikaans-stryd gedurende die aanvangsjare van die Afrikaanse leksikografie. Eerstens word gefokus op die Nederlandse dosent, Nicolaas Mansvelt, se rol as leksikografiese baanbreker deur die publikasie van sy *Proeve van een Kaapsch-Hollandsch Idioticon*. Vervolgens word 'n oorsig gegee oor die stryd tussen die voorstanders van Nederlands, wat onder leiding van die Stellenbosse dosent, W.J. Viljoen, gepoog het om 'n vereenvoudigde Nederlandse spelling deur die publikasie van verskeie woordeboeke in te voer, en die voorstanders van Afrikaans, wat hulle onder die leierskap van nóg 'n Stellenbosser, J.J. Smith, beywer het om Afrikaans as onderrigmedium aan die Universiteit Stellenbosch erken te kry.

Daar word laastens gefokus op die voortgesette Nederlands-Afrikaans-stryd met die publikasie van die *Afrikaanse woordelys en spelreëls*, nou met Smith in die pro-Nederlandse kamp, en die gevolglike invloed wat Nederlands in die daaropvolgende jare op hierdie bron sou uitoefen. Die *Afrikaanse woordelys en spelreëls* kan as 'n woordeboek vir spesiale doeleindes beskou word, aangesien die bron 'n beperkte leksikale aanbod het, asook beperkte datakategorieë (Gouws en Prinsloo, 2005: 47). Bewerking in dié bron is naamlik beperk tot “hedendaagse skriftelike, formele Standaardafrikaans” en dit “bereël slegs die ortografiese konvensies van Standaardafrikaans” (Taalkommissie, 2009: xxiv). As woordeboek vir spesiale doeleindes wat die amptelike en gestandaardiseerde spelling vir Afrikaans bevorder het, het die *Afrikaanse woordelys en spelreëls* 'n belangrike invloed uitgeoefen op die tweetalige en verklarende woordeboeke wat in latere jare sou volg (Gouws en Ponelis, 1992: 30). Enige oorsig oor die leksikografiese geskiedenis van Afrikaans sou dus onvolledig wees sonder die inagneming van hierdie bron.

2. Aanvang van die Afrikaanse leksikografie: Mansvelt se *Idioticon*

In 1822 vaardig Lord Charles Somerset 'n proklamasie uit waarvolgens die Kaapkolonie op amptelike vlak verengels is (Kapp, 2013: 11). Teen die middel van die negentiende eeu het die onderwys ook grotendeels verengels deurdat skole nie toegelaat is om in Nederlands onderrig te gee nie (Van Keymeulen, 2010: 139; Kapp, 2013: 12). In 1864 neem Nederlandse ouers op Stellenbosch egter leiding met die stigting van Het Stellenbosse Gymnasium² wat amptelik geopen is op 1 Maart 1866 (Du Toit en Venter, 1966a: 21-22; Kapp, 2013: 12). Alhoewel onderrig in die skool in Engels plaasgevind het, is die gebruik van Nederlands as omgangstaal wel toegelaat. Na die toevoeging van 'n Arts Department tot die Gymnasium in 1874-1875, is daar, na aandrang op die onderrig van Nederlands, Frans en Duits, 'n Nederlander met name Nicolaas Mansvelt vir dié doel in September 1874 aangestel (Snijman, 1964: 3; Du Toit en Venter, 1966a: 27; Kapp,

2013: 13). Mansvelt was later ook verantwoordelik vir letterkunde en algemene geskiedenis (Du Toit en Venter, 1966b: 38-39).

As Nederlander wat nie vertrou was met die Kaaps-Hollands (oftewel Afrikaans) wat teen die einde van die negentiende eeu algemeen in die Kaapkolonie gebruik is nie, was Mansvelt, soos baie van sy tydgenote, geïnteresseerd in die verskille tussen Afrikaans en Standaardnederlands en die ooreenkomste tussen Afrikaans en die Nederlandse omgangstaal (Gouws en Ponelis, 1992: 11). Hy het kort na sy aankoms in die Kaap op aanbeveling van 'n vriend begin om noukeurig aantekeninge te maak van alles wat hom vreemd opgeval het in die uitspraak of woordgebruik in Kaaps-Hollands (Mansvelt, 1884: iii-iv). Dit is egter veral in die omgang met sy leerlinge aan die Stellenbosch College³ dat Mansvelt onder die indruk gekom het van die belangrikheid om die “eigenaardigheden” van Kaaps-Hollands te omskryf ten einde wedersydse begrip tussen hom en sy leerlinge te bevorder (Mansvelt, 1884: iv). So verskyn in 1884 met die hulp en aanmoediging van sy leerlinge sy *Proeve van een Kaapsch-Hollandsch Idioticon met Toelichtingen en Opmerkingen betreffende Land, Volk en Taal* (voortaan *Idioticon*; Mansvelt, 1884: iv-v).

In dié woordeboek word woorde en uitdrukkings wat eie is aan Suid-Afrika (met ander woorde Kaaps-Hollandse/Afrikaanse woorde en uitdrukkings) in sowat 2 000 lemmas oor 188 bladsye behandel (Mansvelt, 1884: iii-v; Snijman, 1964: 3; Van der Merwe, 1971: xiii). Alhoewel die taal van die makrostruktuur Afrikaans is, is die metaatal van die leksikografiese bewerking Nederlands, sodat *Idioticon* volgens Gouws (1995: 46) in werklikheid 'n tweetalige woordeboek is. Lemmas sluit in unieke Suid-Afrikaanse woorde en uitdrukkings, Nederlandse woorde wat 'n betekenisverandering ondergaan het, woorde en uitdrukkings uit sewentiende-eeuse Hollands wat in Suid-Afrika bly voortleef het maar in Nederland in onbruik geraak het, en woorde wat aan vreemde tale, in die besonder Maleis, ontleen is (Mansvelt, 1884: v). Die artikelstruktuur bevat meestal semantiese kommentaar in die vorm van betekenisverklarings, maar soms ook vertaalekwivalente, koteksinligting en idiomatiese gebruik, asook vormkommentaar soos grammatiese inligting en uitspraakleiding. Ander inligting sluit lemmavergelyking, betekenisverandering en etimologiese inligting in. Baie van die inligting word by “eenigszins duistere of belangwekkende woorden” as *opmerkings* aangebied. Aangesien daar nog nie baie naslaanbronne oor Afrikaans was nie, het Mansvelt buiten taalkundige inligting ook inligting verskaf wat betrekking het “op ’t eigenaardig karakter der Afrikaners of op hunne levenswijze en gebruiken, die mede hun eigen stempel op de volkstaal van dit zuidelijk werelddeel hebben afgedrukt” (Mansvelt, 1884: v-vi; Gouws, 1995: 56; Schoonheim, 1998: 7). Alhoewel Mansvelt se *Idioticon* voorafgegaan is deur A.N.E. Changuion se *Proeve van Kaapsch Taaleigen* wat agterin sy spraakkuns *De*

Nederduitse Taal in Zuid-Afrika Hersteld gepubliseer is en allerweë as die aanvang van die Afrikaanse leksikografie beskou word (Bosman, 1931: 29), is Mansvelt se woordeboek vir Boshoff (1926: 311) van groter belang as dié van Changuion. Ploeger en Nienaber (in Van der Merwe, 1971: xiii) beskou *Idioticon* as “die volledigste, noukeurigste en mees wetenskaplike” leksikografiese poging wat tot op daardie tydstep ten opsigte van Afrikaans onderneem is, wat dit volgens Gouws (1995: 44) “die belangrikste leksikografiese bydrae uit die negentiende eeu” maak.

Die waarde van *Idioticon* is enersyds geleë in die wetenskaplike versorging en beredeneerde verklarings en etimologieë, maar andersyds in die metaleksikografiese baanbrekerswerk (Van der Merwe, 1971: xiii; Gouws, 1995: 45). Hoewel Mansvelt vanuit ’n Nederlandse perspektief na Afrikaans gekyk het en daardeur meer by die Nederlandse leksikografie aangesluit het, verteenwoordig *Idioticon* die eerste selfstandige Afrikaanse woordeboek wat primêr gerig is op Afrikaanssprekendes wat in die studie van Afrikaans belang stel (Gouws, 1995: 48; Schoonheim, 1998: 43). Só wou Mansvelt met sy *Idioticon*, in teenstelling met sy tydgenote, dui op die eiesoortigheid van Afrikaans as onafhanklike taal naas Nederlands (Gouws, 2003: 79). Hy doen dit reeds in die “Voorbericht” deur na Nederlands en Kaaps-Hollands as verskillende tale te verwys en ook te dui op die variëteitsverskille in Afrikaans (Mansvelt, 1884: iii, vi; Gouws, 1995: 50). Sodoende het Mansvelt weggebreek van die tradisie van sy tyd en het hy ’n waardevolle bydrae tot die ontwikkeling van die Afrikaanse leksikografie gelewer⁴ (Gouws, 1995: 44).

Dat *Idioticon* wel “een van die hoekstene van ons Afrikaanse leksikografie” is en “’n belangrike basis geskep het vir die voortsetting van die verklarende Afrikaanse leksikografie”, soos wat Boshoff (1926: 312) en Gouws (1995: 44) te kenne gee, blyk uit die invloed wat dit op leksikografiese bronne na dié van Mansvelt gehad het. Boshoff (1926: 312-313) dui daarop dat byna alle Afrikaanse woordeboeke en woordelyste wat in die eerste dekades na die verskyning van *Idioticon* die lig gesien het direk of indirek daaruit geput het. Dit sluit die voorvegters vir Afrikaans, die Genootskap van Regte Afrikaners, se *Patriotwoordeboek/Patriot Dictionary* (1902/1904) in, wat in die “Foorberig” beken: “Oek het ons heel wat geput uit di *Idioticon*’ fan Mnr. N. Mansvelt” (Du Toit, 1902, in Van der Merwe, 1968). Mansvelt se werk sou volgens Boshoff (1926: 312) selfs neerslag vind in die leksikografiese bydraes van een van die prominentste voorstanders van die behoud van Nederlands aan die Kaap, W.J. Viljoen (sien 3.1). Dit het ook daartoe aanleiding gegee dat Afrikaans die aandag aangegryp het van Europese taalkundiges soos H. Schuchardt, J. te Winkel en D.C. Hesseling wat hulle hoofsaaklik begin besig hou het met teoretiese beskouinge oor die oorsprong van Afrikaans en *Idioticon* as belangrike bron beskou het om kennis oor die Afrikaanse woordeskat op te doen (Boshoff, 1920: 108; 1926: 312; Van der Merwe, 1968:

Inleiding). *Idioticon* sou later die hoofbron ten opsigte van Afrikaans vir die *Woordenboek der Nederlandsche Taal* word, deurdat Mansvelt tot na sy terugkeer na Nederland as Suid-Afrikaanse skakel met dié woordeboek opgetree het (Boshoff, 1926: 312; Snijman, 1964: 3).

3. Die Nederlands-Afrikaans-stryd

3.1 Die pro-Nederlandse stryd: Viljoen en die VNS

Alhoewel Mansvelt ’n positiewe grondslag vir die ontwikkeling van die Afrikaanse leksikografie in Stellenbosch gelê het, het ’n Afrikaanse bewussyn rondom die draai van die eeu nog op Stellenbosch ontbreek (Kapp, 2013: 14). In 1897 verskyn daar byvoorbeeld uit die pen van W.S. Logeman, Mansvelt se opvolger as dosent in moderne tale en geskiedenis aan die Victoria Kollege,⁵ ’n *Leesboek en grammatika, met oefeningen en woordenlijst, Hollandsch-Engelsch* en ’n jaar later *Essentials of Dutch grammar*. In die “Voorrede” tot die *Leesboek en grammatika* met sy Nederlands-Engelse woordelys, word daar na Nederlands as “onze moedertaal” verwys (Logeman, 1897: v). Dat die bron in ’n bepaalde behoefte voorsien het, blyk daaruit dat dit tot 1907⁶ verskeie uitgawes beleef het.

Die pro-Afrikaanse gees wat met die stigting van die Genootskap van Regte Afrikaners (GRA) in 1875 in die Paarl posgevat het, het dus skynbaar nie tot in Stellenbosch oorgevloei nie (Kapp, 2013: 14). Intendeel, daar het aan die einde van die negentiende eeu ’n pro-Nederlandse beweging op Stellenbosch posgevat waarvan die navolgers hulle vir die behoud en bevordering van Nederlands beywer het (Malan, 1963: 174). Volgens Kapp (2009: 12) was die voorstanders van Nederlands teen Afrikaans gekant omdat hulle dit nie as ’n taal van hoë ontwikkeling beskou het nie, aangesien Afrikaans nog oor geen grammatika of noemenswaardige letterkunde beskik het nie. Dit is ook as “platvloers” beskou omdat dit nie vir hoër funksies in die openbaar gebruik is nie (Kapp, 2009: 12).

Een van die vurigste voorstanders van Nederlands was W.J. Viljoen wat Logeman in 1895 opgevolg het (Nienaber, 1968: 1). Sy aanstelling het volgens Kapp (2013: 17) sterk leierskap vir die Nederlandse strewe beteken. Alhoewel hy reeds as student ’n artikel gepubliseer het oor “De Taal in Zuid-Afrika” en in 1894 gepromoveer het met die proefskrif “Allgemeine Einleitung zur Geschichte der Cap-Hollandischen Sprache”,⁷ lewer hy in 1895 ’n lesing voor die studente waarin hy ’n beroep op hulle doen om “beskaafde Nederlands” te praat. In 1895 stig hy die Nederlandse letterkundevereniging Ons Spreekuur en as bestuurslid van die Zuid-Afrikaansche Taalbond spreek hy hom sedert 1897 ten gunste van tradisionele Nederlands en Nederlandse waardes in Suid-Afrika uit (Bosman, 1959: 75; Kapp, 2013: 19).

Vanweë die toenemende teenstand wat Nederlands ondervind het as gevolg van die taal se ingewikkeldheid, het die Taalbond hulle sedert 1895 vir die vereenvoudiging van Nederlands beywer (Nienaber, 1968: 1; Claassen, 1977: 46-47). Hiermee word bedoel die “vereenvoudiging van spelling en van ondergeskikte grammatikale reëls, en die erkenning van tipies Afrikaanse woorde en uitdrukkinge”, aldus Bosman (1959: 75). By Het Eerste Congres ter Vereenvoudiging der Nederlandsche Taal wat op 4 en 5 Januarie 1897 in Kaapstad gehou is, is daar op ’n aantal voorstelle vir die vereenvoudiging van Nederlands ooreengekom wat aangesluit het by die poging wat in 1891 deur R.A. Kolléwijn, F. Buitenrust Hetteema en J.J. Salverda de Grave in Nederland aangewend is om die Nederlandse spelling te vereenvoudig. Die Taalbond kon egter nie die vereenvoudigingsvoorstelle deur die Nederlandse taaloutoriteite goedgekeur kry nie en met die uitbreek van die Suid-Afrikaanse Oorlog (1899-1902) is die planne eers op die lange baan geskuif (Bosman, 1959: 75; Malan, 1963: 174-175, 177, 249; Malan, 1974: 290; Claassen, 1977: 45, 53, 57-58).

Toe die Taalbond na die oorlog die stryd om Nederlands te vereenvoudig in alle erns hervat het, het W.J. Viljoen, nou dosent in Nederlands, op 7 Februarie 1903 opdrag van die hoofbestuur ontvang om voorstelle vir die vereenvoudiging van Nederlands aan die hand te doen. Sy voorstelle, waarin hy hom tot ’n groot mate aan die Kolléwijnse spelling hou, maar wat ook algemeen erkende woorde en uitdrukkings uit die Afrikaanse spreektaal bevat, is op 14 Maart 1903 deur die Taalbond aanvaar. Hierna is Viljoen die taak opgelê om die voorstelle deur die Nederlandse taalverenigings bekragtig te kry sodat dit onmiddellik in Suid-Afrika toegepas kon word. Na samesprekings en vergaderings met verskeie Nederlandse organisasies en taalgeleerdes het Viljoen op 5 Oktober 1903 ’n verklaring van De Maatschappij der Nederlandsche Letterkunde te Leiden ontvang waarin sy voorstelle goedgekeur is. Nadat die voorstelle op 28 Desember 1904 met ’n oorweldigende meerderheid op ’n taalkonferensie in Kaapstad goedgekeur is, is dit in Suid-Afrika geïmplementeer (Malan, 1963: 177-178; Snijman, 1964: 7; Malan, 1974: 290; Claassen, 1977: 59-60, 63, 70, 73). Hierdie ortografiese sisteem sou voortaan as die Vereenvoudigde Nederlandse Spelling (VNS) bekend staan (Malan, 1963: 249).

In reaksie op ’n besluit wat tydens die vergadering van 1904 geneem is dat voorsiening gemaak moes word vir woordeboeke in die VNS, publiseer Viljoen saam met Hubertus Elffers in 1908 ’n *Beknopt Nederlands Woordeboek voor Zuid-Afrika* in die VNS (Snijman, 1963, in Gericke, 1991a: 109; Snijman, 1964: 7). Die doel van die lywige woordeboek van 1 349 bladsye, wat ook heelwat Afrikaanse lemmas ingesluit het, was enersyds om Nederlands as spreektaal op Suid-Afrikaanse bodem te bevorder, maar andersyds “de zuivering van het Hollands

hier te lande” (Elffers en Viljoen, 1908: Voorbericht; Snijman, 1963, in Gericke, 1991a: 109; Snijman, 1964: 7). Dat die woordeboek uiteindelik nie in sy doel geslaag het nie, blyk daaruit dat dit geen herdrukke beleef het nie. Buitetekste sluit onder andere “Hoofdpunten van de vereenvoudigde schrijftaal” in, asook ’n lys van gebruiklike afkortings (Elffers en Viljoen, 1908).

Van dieselfde skrywers verskyn ’n paar maande later ook ’n tweetalige *English-Dutch and Dutch-English Dictionary* in die VNS (Gericke, 1991a: 109). Die woordeboek, waarvan die inhoud op die *Beknopt Nederlands Woordeboek* berus, geskied ook “in nakoming van een belofte, door ons aan het Taalkongres van 1904 gegeven, dat er voor de nodige woordeboeken in de vereenvoudigde spelling zou worden gezorgd” (Elffers en Viljoen, 1914: Voorbericht). Buiten ’n Engels-Nederlandse deel van 578 bladsye en ’n Nederlands-Engelse deel wat 631 bladsye beslaan, bevat die woordeboek ook lyste met eie-, geografiese en historiese name in Engels en Nederlands, landbou- en botaniese name en terme in Latyn, Engels en Nederlands, asook sterk werkwoorde in Engels en sterk, onreëlmatige en gemengde werkwoorde in Nederlands. Die woordeboek was baie suksesvoller as sy voorganger deurdat dit tot en met 1920 nege heruitgawes beleef het. Die sukses is nie noodwendig te danke aan die sukses van die VNS nie, maar waarskynlik eerder aan ’n gebrek aan vertalende Afrikaans-Engelse woordeboeke – ’n behoefte waaraan eers in 1921 voldoen is met die verskyning van verskeie vertalende sakwoordeboeke (Snijman, 1964: 9).

3.2 Die pro-Afrikaanse stryd: Smith en die ATV

Die aanvaarding van die VNS het hewige reaksie onder die publiek ontlok (Claassen, 1977: 75). Maar anders as vóór die oorlog, was die kern van die pro-Afrikaanse beweging nou in Stellenbosch waar veral die studente die stryd aangesê het (Nienaber, 1959: 37). Onder hulle was Lydia van Niekerk wat vanaf 1919 tot 1930 dosent in Nederlands op Stellenbosch was. Die pro-Afrikaanse stryd is gelei deur ’n aantal oudstudente van die Victoria Kollege wat pas teruggekeer het uit Europa waar hulle hul doktorsgrade verwerf het. Hulle stig op 3 November 1906 die Afrikaanse Taalvereniging (ATV) in Kaapstad en op 24 Oktober 1907 word ’n tak van die ATV ook op Stellenbosch gestig. Die stigting van die Stellenbosse ATV-tak het egter aanleiding gegee tot ’n heftige taalstryd tussen die dosente en studente van die Victoria Kollege. W.J. Viljoen het byvoorbeeld na die ATV verwys as die “Arme Taal-verknoeiers” en hulle “een slang in z’n boesem [sic]” genoem (Kapp, 2013: 21-22).

Die stryd is op die spits gedryf met D.F. Malan se toespraak “Het is ons ernst” wat hy tydens die ATV se kongres op 13 Augustus 1908 op Stellenbosch gelewer

het (Bosman, 1959: 77; Kapp, 2009: 16). Hierin het hy die volgende oproep ten opsigte van Afrikaans gedoen (in Nienaber en Heyl, s.a.: 99):

Verhef de Afrikaanse taal tot schrijftaal, maak haar de draagster van onze kultuur, van onze geschiedenis, onze nationale idealen, en gij verheft daarmee ook het volk, dat haar spreekt.

Op dieselfde kongres het Malan samewerking tussen die Taalbond en ATV in gemeenskaplike belang van Nederlands en Afrikaans bepleit (Bosman, 1959: 79; Nienaber, 1968: 2). Uiteindelik het die idee van een of ander oorkoepelende liggaam waarin die pro-Afrikaanse en pro-Nederlandse taalstryders kon verenig – die behoefte aan ’n “vereniging van verenigings”, aldus Nienaber (1959: 37) – wyd inslag begin vind. Daar is toenemend tot die besef gekom dat die Nederlands-Afrikaans-taalsaak ’n saak was waar verdraagsaamheid, saamsnoering van kragte en eendragtige optrede nodig was, aldus Bosman (1959: 79). En hiervoor was “’n sentrale, gesaghebbende, erkende liggaam nodig”; “’n liggaam wat verder die nodige leiding kon gee” (Bosman, 1959: 79). In reaksie op hierdie behoefte is die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns dan uiteindelik op 2 Julie 1909 gestig om die pro-Nederlandse en pro-Afrikaanse kragte te verenig in hulle stryd om die behoud van die Hollandse taal (dit is Nederlands én Afrikaans) in Suid-Afrika (Malan, 1963: 193).

In navolging van die versoening wat deur die stigting van die Akademie bewerkstellig is, nader die ATV se bestuur Viljoen se Ons Spreekuur in 1910 om ’n gesamentlike Studentetaalkonferensie op 6 en 7 April 1911 aan te bied (Kapp, 2013: 26). Die konferensie het hulle sterk ten gunste van die behoud van Nederlands uitgespreek, maar het beklemtoon dat Afrikaans dieselfde gebruik as Nederlands moes geniet en dat ’n universiteit gestig moes word waar Nederlands/Afrikaans as eksaminerende taal sou dien vir die bereiking van hierdie ideaal (Kapp, 2013: 28). ’n Jaar later verskyn die jaarboek van die Victoria Kollege vir die eerste keer as ’n tweetalige Engelse/Nederlandse blad en in 1913 stel die Waaksaamheidskommissie van die Kollege in die gees van die Taalkonferensie ’n manifes op waarin hulle stel dat Stellenbosch “sinds jaren innig verbonden [is] met het geestelike, zedelik en national leven van het Hollandssprekende gedeelte van het volk” (Kapp, 2013: 39).

In 1914 word J.J. Smith, een van die leidende studente van die Stellenbosse ATV en sedert 1915 nasionale voorsitter van die ATV, as professor in Frans en Duits aan die Victoria Kollege aangestel (Snijman, 1964: 11; Kapp, 2013: 27, 36). Die toetrede van Smith en ander jong professore tot die dosentekorps het volgens Kapp (2013: 37) ’n dinamiese karakter aan die Afrikaanse strewing gegee. Die Raad van die Victoria Kollege spreek in Februarie 1915 vir die eerste keer uitdruklik die wens uit dat “deze inrigting hare natuurlike bestemming kan bereiken as een

echte Hollandsch- Afrikaansche universiteit” (Kapp, 2013: 40). Nadat J.S. Marais £100 000 vir die stigting van só ’n universiteit op Stellenbosch bewillig het, is die privaat wet op die Universiteit van Stellenbosch in 1916 deur die Parlement aanvaar en kom die Universiteit van Stellenbosch (voortaan US) amptelik op 1 April 1918 tot stand (Kapp, 2013: 41, 47). J.J. Smith, wat die Senaat reeds in 1916 oortuig het dat Afrikaans ook as onderrigtaal kan geld, is as die eerste voorsitter van die Senaat aangewys (Kapp, 2013: 41, 46). Hy spreek die studente in Junie 1920 toe en doen ’n beroep op hulle om “u ouers, u vriende, u omgewing [te] oortuig dat ’n selfbewuste, selfstandige Afrikaanse volk sonder Stellenbosch nie moontlik is nie” (Kapp, 2013: 49).

Die studente was eger nie tevrede met net ’n Afrikaanse universiteit nie. Op 16 Augustus 1918 word die volgende mosie eenparig op ’n monstervergadering van die studente aangeneem:

Ons, die studente van die Universiteit van Stellenbosch, vra die Raad beleefdlik om ons wens tegemoet te kom en ons so spoedig moontlik aan ’n stoel in Afrikaans te help.

Hulle dui vervolgens op die belangrikheid van só ’n leerstoel in die stryd om die erkenning van Afrikaans en die uitbreiding van hulle taalregte in die hoër onderwys (Du Toit, 1966: 72-73). Nog in dieselfde jaar besluit die Universiteit om met ingang 1919 ’n professoraat in Afrikaans in die lewe te roep. Die besluit is eger eers in 1920 uitgevoer toe die kampvegter vir Afrikaans, J.J. Smith, as eerste professor in Afrikaans aan die US benoem is. Die leerstoel in Afrikaans is uit die Jan Marais-fonds bekostig (Du Toit, 1966: 72, 75; Kotzé, 1966: 465). Na die instelling van die Jan Marais-leerstoel het die Raad van die Universiteit ’n spesiale komitee benoem om die verhouding tussen die leerstoel in Nederlands en Afrikaans, wat afsonderlik onder die afdeling Lettere in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte ressorteer het, te omskryf. Daar is uiteindelik besluit dat die twee leerstoel nie onafhanklik van mekaar sou staan nie, maar onderdele van dieselfde departement sou vorm. So is die Departement Nederlands en Afrikaans⁸ in 1922 in die lewe geroep (Du Toit, 1966: 72, 74-75).

4. Die ontwikkeling van die *Afrikaanse woordelys en spelreëls* onder die invloed van Nederlands

4.1 *Voortgesette stryd*

In 1914 roep die nuut gestigte Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns (sien 3.2) ’n Spellingkommissie in die lewe aan wie die taak opgelê is om

spelreëls vir Afrikaans daar te stel. J.F.E. Celliers, wat later 'n dosent aan die US se Departement Afrikaans en Nederlands sou word, was 'n lid van die kommissie (Nienaber, 1968: 8; Eksteen, 1985: 170). Na die goedkeuring van die reëls op 18 September 1915 is daar besluit om ook 'n woordelys saam te stel. Hiervoor is 'n "Woordelys-Kommissie"⁹ benoem waarin onder andere J.J. Smith gedien het (Le Roux, Malherbe en Smith, 1917: iv-v, vii). In 1917 laat die kommissie die woordelys saam met die spelreëls van 1915, asook negentien aanvullende reëls, die lig sien as die eerste *Afrikaanse woordelys en spelreëls* (voortaan *AWS*) (Le Roux et al., 1917: v, xvii). Sedertdien het daar nog nege uitgawes van die *AWS* verskyn: in 1918, 1921, 1931, 1937, 1953, 1964, 1991, 2002 en 2009 onderskeidelik.

Die *AWS* is 'n standaardwerk vir Afrikaans wat deur baie Afrikaanssprekendes soos onderwysers, dosente en taalpraktisyns as 'n gesaghebbende en preskriptiewe naslaanwerk oor die spelling en skryfwyse van Afrikaans beskou word. Die woordeboek vir spesiale doeleindes, wat gereeld herbewerk word, se hoofdoel is leiding op die gebied van spelling en skryfwyse, standaardisering, normering en die beskrywing van die leksikon van Standaardafrikaans. Dié publikasie bestaan tradisioneel uit twee primêre afdelings, naamlik 'n spelreëlgedeelte wat fokus op die bereëling van die ortografiese konvensies van Standaardafrikaans, en 'n woordelysgedeelte wat meestal fokus op kontemporêre skriftelike, formele Standaardafrikaans (Kroes, 1985: 328; Morkel, 2009: 6; Swart, 2009: 6).

Die liggaam verantwoordelik vir die saamstel van die *AWS* is die Taalkommissie van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. Sedert die eerste uitgawe in 1917 verskyn het, het daar tot en met die agste uitgawe van die *AWS* wat in 1991 verskyn het deurlopend dosente verbonde aan die US se Departement Afrikaans en Nederlands op die Taalkommissie gedien.¹⁰ Dit is egter veral D.B. Bosman, J.J. Smith en E.C. Pienaar, almal voorheen verbonde aan die Departement, wat 'n prominente rol in die voortgesette Nederlands-Afrikaans-stryd gespeel het.¹¹

Met die Nederlands-Afrikaans-stryd wat aanleiding gegee het tot die stigting van die Akademie nog vars in hulle geheue (sien 3.2), het die eerste Spellingkommissie van 1914 besluit om die nuwe spellingsisteem enersyds op 'n fonetiese grondslag te laat berus, maar andersyds die band met Nederlands te handhaaf deur nie onnodig van die VNS af te wyk nie (Le Roux, 1926: 272; Malan 1963: 200). Dat die band tussen Nederlands en Afrikaans ook vir die opstellers van die 1917-*AWS*, waarvan J.J. Smith deel uitgemaak het, van besondere belang was, blyk reeds uit die voorwoord waarin daar gemeld word dat "Hollands [...] die onmisbare bron [is] waaruit Afrikaans moet put, oral waar voorlopig nie deur eie taalmiddels in die behoeftes kan voorsien word nie" (Le Roux et al., 1917: iv). Daarom is dit as een van die vyf grondbeginsels van die Afrikaanse spelling gestel

dat daar so min as moontlik van die VNS afgewyk word (Le Roux et al., 1917: ix). Die grondbeginsel is vir die volgende ses uitgawes (tot en met die 1953-uitgawe) grootliks onveranderd gelaat (Le Roux, Malherbe en Smith, 1918: ix; Bosman et al., 1921: vii; Boshoff et al., 1931: viii; 1937: vii; 1953: 6). In die 1964-uitgawe word die VNS egter nie meer as uitgangspunt geneem nie, maar word daar rekening gehou “met die spelling wat vandag amptelik in Nederland erken word” (Taalkommissie, 1964: 1). Die herformulering doen egter vreemd aan, aangesien die Afrikaanse ortografie in 1964 weinig of niks te make gehad het met die spelling wat op daardie stadium in Nederland gebruik is nie. Wat die grondbeginsels betref, is daar eers met die 1991-uitgawe enigermate met Nederlands gebreek deurdat daar nou bloot verwys is na die “*tradisie* waarvolgens Standaardafrikaans gespel en geskryf word”¹² (Taalkommissie, 1991: 11). McLachlan (2012: 25) dui daarop dat die grondbeginsels in wese onveranderd gebly het oor die tien uitgawes heen. Dit beteken dat (historiese) Nederlands steeds tot ’n groot mate as rigsnoer vir die Afrikaanse spelling dien. Dit kan gesien word uit verskeie Nederlandse vorme wat oor die afgelope dekades in die Afrikaanse ortografie bestendig is, soos die behoud van die *v* naas die *f* en die *ei* naas die *y* (Eksteen, 1985: 185-186).

Die Afrikaanse spelling se besondere band met Nederlands blyk verder uit die deurlopende verwysing na en vergelyking met Nederlands wat in die spelreëls in die 1917-uitgawe van die *Afrikaanse woordelys en spelreëls* voorkom. Daar word in die spelreëls sewe keer die woorde “net soos in die V.H.S.”¹³ aangetref.¹⁴ Om een taal se spelreëls op te stel met die prinsipiële inagneming van die spelling van ’n ander taal, is volgens Combrink (1991a: 13) egter taalkundig onverdedigbaar en dit was dus hoogstens ’n propagandistiese invalshoek. Die Nederlandse invloed op die Taalkommissiespelling van 1917 kan ook duidelik gesien word in die handhawing van die Nederlandse *ij* (byvoorbeeld *pijn*, *lij* en *belangrijk*), *y* en *au* en *c* in vreemde woorde (byvoorbeeld *hypothese*, *automaties* en *café*), die stom *-w* (byvoorbeeld *vrouw*), *mijn*, *sijn*, *jouw* en *uw* as besitlike voornaamwoorde, en *s’n* as genitiefvorm, *ik* as swakbeklemtoonde vorm naas die beklemtoonde vorm van die persoonlike voornaamwoord *ek*, en *ai* in woorde van vreemde oorsprong om die [æ:]-klank voor te stel (byvoorbeeld *populair*) (Van der Merwe, 1968: 101; Le Roux et al., 1917: ix-xx).

Die omvattende invloed van Nederlands op Afrikaans blyk verder uit die grootskaalse adleksifisering¹⁵ van Afrikaans uit Nederlands soos waargeneem in die woordelys van die 1917-*AWS*. Die volgende is slegs enkele voorbeelde hiervan: *auto*, *bigot*, *different*, *door-* in woorde soos *doorgaans*, *editeur*, *edukasie*, *felisiteer*, *goewernement*, *humaan*, *indigestie*, *introduseer*, *kapabel*, *leeuwin*, *pardon*, *rekommandeer*, *relaksasie*, *telefoneer*, *tutoeyer*, *vanille-ijs*, *vlees* of *vleis* (as sinonieme) en *vleuelpiano* (Le Roux et al., 1917). In enkele gevalle het die Taalkommissie egter ’n groter

mate van verafrikaansing nagestreef (vergelyk die Taalkommissie se *nuws* teenoor *nieuws* van VNS en ATV-spelling en verafrikaanste woorde soos *spiets*).

Aan die begin van 1920 het die Taalkommissie 'n aantal wysigings aan die Afrikaanse spelling goedgekeur wat tot 'n groot mate 'n breuk met die Nederlandse spelling verteenwoordig het (Smith, 1920a: 329; 1920b: 295). Dit sluit onder andere in die vervanging van *ij* met *y* en *uw* met *uu* (byvoorbeeld *my* in plaas van *mij* en *nuus* in plaas van *nuws*), die weglating van die stom *-w* (byvoorbeeld *vrou* in plaas van *vrouw*), die wegval van *ik* as persoonlike voornaamwoord en *myn* en *syn* as besitlike voornaamwoorde (met ander woorde slegs *ek*, *my* en *sy* word as voornaamwoorde gebruik), en die afskaffing van talle vreemde spelvorme ten gunste van die grootskaalse verafrikaansing van vreemde woorde, byvoorbeeld *ai* word *ê* (*populêr* in plaas van *populair*), *au* word *ou* (*outeur* in plaas van *auteur*), *c* word *k* of *s* waar dit onderskeidelik as [k] en [s] uitgespreek word (*konjak* in plaas van *conjak* en *sentrum* in plaas van *centrum*), *ch* word *g*, *k*, *s*, *sj* of *tj* waar dit onderskeidelik as [x], [k], [s], [ʃ] of [tʃ] uitgespreek word (*gemie*, *kolera*, *masien*, *sjokolade* en *tjek*), *eau* word *o* (*buro* in plaas van *bureau*), ensovoorts (Smith, 1920a: 329). Die wysigings het egter aanleiding gegee tot groot teenkating van verskeie Transvaalse koerante, onder leiding van Gustav S. Preller, asook 'n aantal Transvaalse onderwysers, wat 'n meer Nederlandse ortografie vir Afrikaans voorgestaan het (Smith, 1920b: 295; sien “Protes teen spelling-wysiging”, 1920: 3, vir 'n volledige uiteensetting van die besware). Aangesien die wysigings egter reeds deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns goedgekeur is, het die Taalkommissie nie verder daarop ingegaan nie (“Protes teen spelling-wysiging”, 1920: 3).

As gevolg van die besluit deur die Taalkommissie, waarby die dosent in Nederlands aan die US se Departement Afrikaans en Nederlands, D.B. Bosman, hom intussen aangesluit het, is heelwat van die nederlandistiese vorme wat nog in die eerste twee uitgawes van die *AWS* voorgekom het opmerklik afwesig in die 1921-uitgawe (Eksteen, 1985: 172). Die wegbeweging van die sterk Nederlandse invloed is ook in die woordelys te bespeur. 'n Aantal Nederlandse lemmas is uit die woordelys geskrap (byvoorbeeld *auto*, *bigot*, woorde met *door-*, *edukasie*, *eksepsie*, *relaksasie* en *tutoyeer*) en baie van die woorde wat 'n meer Nederlandse vorm gehad het, is in ooreenstemming met die veranderde spelreëls 'n meer verafrikaanste vorm in ooreenstemming met die Afrikaanse uitspraak gegee. In woorde soos *envelop*, *eventueel* en *privilegie* is die *v* byvoorbeeld deur 'n *w* vervang sodat dit nou *envelop*, *eventueel* en *pruwilegie* was. Ander spellingveranderinge in ooreenstemming met die Afrikaanse uitspraak sluit in *gevanklik* (was *gevankelik*), *goewerment* (was *goevernement*), *kampanjie* (was *kampanje*), *moestas* (was *moustache*) en *plousiebel* (was *plausibel*) (Bosman et al., 1921).

In 1926 steek die Nederlands-Afrikaans-stryd weer kop uit toe die Suid-Afrikaanse Onderwysersunie (SAOU) 'n aantal spellingveranderinge aan die Taalkommissie voorlê waarin hulle hulle ten gunste van 'n meer fonetiese spelling vir Afrikaans uitspreek. Die SAOU se voorstelle het behels dat *ei* oral deur *y* vervang word (vergelyk *pyl* en *peil*, *vyl* en *opveil*, ensovoorts) en *v* oral deur *f* vervang word waar dit as [f] uitgespreek word, behalwe in eiename, en dat *d* en *b* as slotkonsonante deur *t* en *p* vervang word, sodat daar eerder *fan* en *ferfanging* geskryf word as *van* en *vervanging*, asook *hont*, *rip*, ensovoorts. Hulle het ook voorgestel dat die reël wat bepaal dat sommige woorde met die uitgang *-lik* gespel word en sommige *-elik*, verander word sodat óf slegs een uitgang in alle gevalle gebruik word, óf albei vorme deurgaans gebruik kan word (byvoorbeeld *duidelik* of *duidlik*). Ten slotte was die SAOU ook van mening dat die spelling aansienlik vergemaklik sou word indien die reël wat bepaal dat 'n konsonant wat op 'n kort, onbeklemtoonde vokaal volg nie verdubbel word nie (Bosman et al., 1921: xv, reël 37), konsekwent deurgevoer word sodat daar geskryf word *bobejaan*, *klasiék*, *kommissie*, *papegaai*, ensovoorts (Malherbe, 1926: 108-109; “Nuwe spellingvoorstelle”, 1926: 4). In reaksie hierop het die Taalkommissie 'n verslag met spellingvoorstelle vrygestel wat hulle vir wyer bespreking onder die aandag van die publiek wou bring (Malherbe, 1926: 108).

Uit die reaksies wat gevolg het, is dit duidelik dat daar steeds 'n taalstryd tussen die voorstanders van Nederlands en die voorstanders van Afrikaans bestaan het, aangesien die onderskeie artikels en briewe wat daarvoor in die pers verskyn het dit veral gehad het oor die insluiting van Nederlands, al dan nie, by die Afrikaanse spelling. Die pro-Nederlandse faksie is weer aangevoer deur Preller (1926: 4) wat die Taalkommissie daarvan beskuldig het dat hulle geen aandag gegee het aan die ontwikkeling van Afrikaans in 'n meer behoudende sin onder die invloed van Nederlands in Transvaal nie, maar dat almal nou meestal Afrikaans moes skryf soos dit in die Kaapprovinsie gepraat word, deurdadig die “platste” vorm van 'n woord dikwels as die “eg Afrikaanse” vorm gekies is terwyl enige ander vorm bloot as Nederlands afgemaak is. Hierdie beskuldiging eggo 'n kwessie wat reeds met die eerste uitgawe van die *AWS* geopper is, naamlik dat die Taalkommissie nie verteenwoordigend genoeg was van die totale Afrikaanse spraakgemeenskap nie (Grosskopf, 1917: 7). Die feit dat al die lede van die Taalkommissie uit die Kaapse wynlanddistrik afkomstig was, het volgens Grosskopf (1917: 7) veroorsaak dat baie woorde wat deur die Transvalers en Vrystaters gebruik is nie die *AWS* gehaal het nie. Ook L.W. Hiemstra (1918: 1-2) was van mening dat baie woorde in die eerste *AWS* opgeneem is wat vir die Transvalers ongewoon of selfs plat voorgekom het. Hy het ook hierdie tekortkoming voor die deur van 'n kommissie gelê wat oorspronklik afkomstig is “uit 'n hoekie van die Westelike Provinsie” (Hiemstra,

1918: 1-2). Hierdie kritiek dui daarop dat die wegbeweging van Nederlands in die rigting van die verafrikaansing van die spelling (ten minste deels) toegeskryf kan word aan die dosente van die US se Departement Afrikaans en Nederlands se betrokkenheid by die Taalkommissie.

In reaksie op die heftige teenstand teen die spellingwysigings wat deur die SAOU voorgestel is, het die Unie uiteindelik amptelik hulle voorstelle teruggetrek en die Taalkommissie het nie verder daarop ingegaan nie (Preller, 1926: 4; “Nuwe spellingvoorstelle” 1926: 4). Maar nog was dit nie die einde van Preller se Nederlandse veldtog nie. Saam met ander Transvaalse joernaliste en skrywers het hy hom in 1927 vir die hervorming van die Afrikaanse spelling in die rigting van Nederlands beywer ten einde teenstand teen die invloed van Engels te bied (Steyn, 1987: 209, 211). Preller, S.P. Engelbrecht en J. van Bruggen het na samesprekings met die Taalkommissie ’n afsonderlike verslag aan die Akademiesraad gestuur waarin hulle ’n hele aantal ingrypende aanbevelings ten opsigte van die Afrikaanse ortografie ten gunste van ’n meer Nederlandse karakter gemaak het. Dit sluit onder andere in die herinvoer van die imperfektum, refleksief (byvoorbeeld *sig*), intervokaliëse verbuiging van adjektiewe en vervoeging van die werkwoord, die uitskakeling van wisselvorme en anglisismes, en die gebruik van die woorde *na* en *naar* in verskillende semantiese kontekste (“Hersien spelling van Afrikaans”, 1928: 7; “Spellingveranderings in Afr.”, 1928: 7; Steyn, 1987: 209, 216-217).

Die Taalkommissie het op hulle beurt vir Bosman en nog ’n dosent in Nederlands aan die US se Departement Afrikaans en Nederlands, E.C. Pienaar, aangestel om die verslag na te gaan en hulle opmerkings daarvoor op te stel. Ten spyte van Bosman en Pienaar se hoedanigheid as dosente in Nederlands, was hulle gekant teen die oormatige vernederlandingsing van Afrikaans soos voorgestel in die Prellerverslag. In reaksie hierop het die Akademiesraad geweier om die Prellerverslag voor hulle algemene jaarvergadering van 1928 te laat dien en hiermee is Preller-hulle se hervormingsplanne die nekslag toegedien (“Spellingveranderings in Afr.”, 1928: 7; Steyn, 1987: 219-220). Sodoende het die Stellenbosse kollegas Bosman en Pienaar ’n belangrike rol gespeel in die Akademie se beslissende stap om die Afrikaanse spelling teen die oormatige invloed van Nederlands te verskans.

Juis daarom is dit verbasend dat Bosman en Pienaar se kollega wat Afrikaans doseer het, J.J. Smith, wat intussen met werk aan die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal* (voortaan *WAT*) begin het, die Nederlandse stryd verder sou voer. Gegewe Smith se betrokkenheid by die pro-Afrikaanse beweging, val dit vreemd op dat hy sedert die begin van sy samewerking met die Taalkommissie in 1917 altyd ’n voorstander van die meer konserwatiewe of Nederlandse vorm was waar daar ’n keuse tussen verskillende vorme van ’n woord bestaan het, aangesien

hy van mening was dat 'n suiwer fonetiese spelvorm nie prakties haalbaar was nie. 'n Noue verwantskap met Nederlands was vir hom van groot kulturele belang vir Afrikaanssprekendes, soos dat dit die lees en studeer van Nederlands vir Afrikaanssprekendes sou vergemaklik sodat hulle Nederlandse hand- en studieboeke moeiteloos kon gebruik ("Geen nuwe spelling beoog nie", 1930: 11; "Prof. J.J. Smith oor fonetiese spelling", 1930: 1).

Smith se voorkeur vir die Nederlandse spelvorm het in 1930 aanleiding gegee tot 'n heftige spellingstryd tussen hom en die Taalkommissie, waarvan hy nog kort tevore lid was (Bosman, 1959: 120). Die Taalkommissie, waarvan Bosman steeds lid was en wat intussen aandag geskenk het aan die spellingbereëling van vreemde woorde, het grootliks 'n verafrikaansingsbeleid gevolg waarin groter voorsiening gemaak is vir wisselvorme. Smith kon hom egter nie met die verafrikaansingsbeleid van die Taalkommissie vereenselwig nie en het besluit om vreemde woorde in die *WAT* op 'n meer konserwatiewe wyse, nader aan die VNS, te skryf. (Malan, 1974: 292; Sien "Geen nuwe spelling beoog nie", 1930: 11 vir 'n volledige uiteensetting van Smith se standpunt.)

Smith se voorstelle het aanleiding gegee "tot 'n opskudding in ons dagbladpers wat amper kan gelykgestel word met die opskudding veroorsaak by die uitbreek van 'n groot oorlog of by die uitslag van 'n algemene parlementaire [sic] verkiesing" ("Geen nuwe spelling beoog nie", 1930: 11). Só fel was die stryd dat minister D.F. Malan besluit het om in te gryp deur 'n konferensie byeen te roep om die twis tussen Smith en die Akademie se Taalkommissie oor die spelling van vreemde woorde te besleg (Bosman, 1959: 120; Malan, 1963: 206; 1974: 292). Die konferensie het op 27 en 28 Augustus 1930 in Pretoria plaasgevind (Malan, 1963: 206; 1974: 292). Die uiteinde van die konferensie was dat daar oor die algemeen teruggekeer is na 'n meer konserwatiewe, Nederlandse vorm wat betref die spelling van sogenaamde vreemde woorde en eiename, alhoewel daar in baie gevalle ook 'n verafrikaanste vorm naas die Nederlandse vorm aangegee sou word. Alhoewel toegewings deur beide Smith en die Taalkommissie gemaak is, het die konferensie geen bindende gesag gehad nie, sodat nóg Smith, nóg die Taalkommissie verplig was om hulle aan die besluite van die konferensie te hou. (Malan, 1974: 292; Sien "Spelling-vergelyk word bekend gemaak", 1930: 7, 9 vir die amptelike verklaring wat na afloop van die konferensie uitgereik is.) In werklikheid is daar dus geen "ooreenkoms" op die konferensie bereik nie, maar daar het bloot 'n verdere kloof tussen die spelling van die Taalkommissie en die *WAT* ontwikkel (Malan, 1974: 292). Dat die 1931-uitgawe van die *AWS* tot 'n mate 'n kniebuiging in die rigting van Smith se meer Nederlandse inslag ten opsigte van die Afrikaanse ortografie was, blyk uit die mate waartoe daar in die loop van die spelreëls nog na die VNS verwys word, asook die mate waartoe die

Afrikaanse reëls ten opsigte van die Nederlandse ortografie geformuleer is.¹⁶ Die volgende spelreëlveranderinge is aangebring wat aan die Afrikaanse ortografie weer 'n meer Nederlandse karakter gegee het (Boshoff et al., 1931: xx-xxi, xxvi, xxxi; Malherbe, 1931: 4):

- *i* is behou in oop lettergrepe en eindlettergrepe van ongebruiklike vreemde woorde en gebruiklike woorde van vreemde oorsprong wat uitgaan op *-a*, *-ci* (mv.), *-i*, *-ibel*, *-ide*, *-idies*, *-ine*, *-inies*, *-itis*, *-o*, *-on*, *-us*, *-um*, ensovoorts, soos *fisika*, *botanici*, *vermicelli*, *indisponibel*, *piramide*, *hibridies*, *marine*, *aktinies*, *appendicitis*, *merino*, *bison*, *spiritus* en *minimum*.
- Woorde wat vroeër net met *ou-* gespel is, kan nou ook met *au-* gespel word, byvoorbeeld *outeur* of *auteur*.
- Die gebruik van *v/w* word nie meer bepaal deur die aksent van 'n woord nie. In 'n hele aantal gevalle word beide *v* en *w* nou toegelaat, byvoorbeeld *revolusie* en *rewolusie*.
- In 'n sekere groep woorde word *x* naas *ks* toegelaat, byvoorbeeld *exodus* of *eksodus*.
- Waar *ch* meer as een uitspraak toelaat ([x] of [k]), word nou net *ch* erken, byvoorbeeld *chemie*.
- In 'n paar woorde wat as betreklik vreemd geld, word *c* naas *s* erken, byvoorbeeld *cellulose* of *sellulose*.
- Woorde waarvan die meervoud vroeër verafrikaans is, soos *historisie*, behou nou eerder hulle Latynse vorm (*historici*).

In 'n poging om aan die ooreenkoms van die spellingkonferensie te voldoen, het die Taalkommissie meer wisselspellings in die woordelys opgeneem ten einde erkenning te gee aan meer Nederlandse spelvorme, veral wat betref *au/ou*, *th/t*, *v/w*, en *x/ks* (Boshoff et al., 1931: vii). Verder is die woordelys weer uitgebrei met die insluiting van heelwat woorde van Nederlandse afkoms, soos *affidavit*, *autochthoon*, *demon*, *detachement*, *fok* (teel), *gesusters*, *interrogasie*, *kasueel*, *keuken*, *konfessie*, *konfirmasie*, *malisieus*, *mediateur* en *moedervlek*, om maar enkele voorbeelde te noem (Boshoff et al., 1931).

Die verskyning van die 1931-uitgawe van die *AWS* het egter nie 'n end gemaak aan die stryd oor die spelling van vreemde woorde nie. In 'n poging om 'n einde aan die spellingonenigheid te maak, word 'n tweede konferensie van 4 tot 6 Januarie 1932 op Stellenbosch gehou. Smith het in sekere gevalle ingewillig om die Taalkommissie se meer verafrikaanse spelvorme te aanvaar, terwyl die Taalkommissie toegewings in die rigting van groter vernederlandsing gemaak het deur byvoorbeeld *au*, *eau*, *sc-* (uitgespreek [s]), *-ice*, *g* (uitgespreek [ʒ], [ʃ] en [s]),

gn, th en *z* in sekere woorde te behou (byvoorbeeld *restaurant, trousseau, scenario, executrice, regiment, korrigeer, genre, magnifiek, anthrax* en *zymose*) en *ai, au, c, ch* en *x* as wisselvorme naas die verafrikaanste vorme *ê, ou, k* of *s, g* en *ks* te gee (byvoorbeeld *affaire* naas *affère, pause* naas *pouse, discipel* naas *dissipel, echo* naas *eggo*, en *axioma* naas *aksioma*). (Kapp, 2009: 122; Sien “Die spellingooreenkoms”, 1932: 35 vir ’n volledige verslag van die besluite wat in verband met die spelling van vreemde woorde geneem is.) Ten einde die verwarring oor die Afrikaanse ortografie wat nou geheers het uit die weg te probeer ruim, het die Nasionale Pers in oorleg met Bosman nog in dieselfde jaar ’n brosjure met ’n *Lys van wysiginge* gepubliseer (Malan, 1963: 209).

In werklikheid het ook dié spellingkonferensie tot groter skeiding tussen die ortografiese sisteme van die *AWS* en die *WAT* gelei (Malan, 1963: 208; 1974: 292). Smith se spelwyse het egter al hoe meer die wind van voor gekry en steun daarvoor het vinnig begin kwyn (Gericke, 1991b: 47; Kapp, 2009: 122). Die nuwe Minister van Binnelandse sake, J.H. Hofmeyr, wat Malan in 1933 opgevolg het, het hom ten gunste van die Taalkommissie se spelwyse en téén Smith s’n uitgespreek en opdrag gegee dat die staatsvertaler en universiteite voortaan die spelreëls soos uiteengesit in die 1931-uitgawe van die *AWS*, en gewysig ingevolge die besluite van die spellingkonferensie op Stellenbosch, moes volg en dat die verafrikaanste vorme in die geval van wisselvorme telkens gekies moes word. Selfs die US (die tuiste van Smith en die *WAT*) het besluit om die Taalkommissiespelling te volg (“Minister gryp in in spellingkwessie”, 1933: 1; Gericke, 1991b: 47).

4.2 Geleidelike losmaking van Nederlandse invloed

In die volgende uitgawes van die *AWS* het die Taalkommissie enigermate probeer om weer ’n groter mate van verafrikaansing na te streef. So is daar in die 1937-uitgawe van die *AWS* gemeld dat, waar ’n keuse tussen twee spelvorme gelaat word (’n vreemde en verafrikaanste spelvorm), die voorkeur gegee moes word aan die verafrikaanste vorm (Boshoff et al., 1937: iv, xv). In die 1953-uitgawe is die aantal wisselvorme met ’n vreemde naas ’n verafrikaanste vorm eweneens verminder, maar in ’n aantal gevalle is albei vorme behou, veral by meervoudsvorme van vreemde woorde waar die vreemde en verafrikaanste spelvorm aanvaar word (Boshoff et al., 1953: 8-9).

Wanneer die hoofstuk oor “Vreemde woorde” in oënskou geneem word, word dit duidelik dat die rede waarom die wisselvorme in die groep vreemde versus verafrikaanste spelvorm so drasties verminder kon word, daaraan toe te skryf is dat daar oor die algemeen ’n verskuiwing in die rigting van verafrikaansing

van vreemde woorde plaasgevind het sedert die vorige uitgawe van die *AWS*. Sedert die vierde uitgawe het dit geblyk dat, waar die skrywende publiek voor 'n keuse van die vreemde spelvorm teenoor die verafrikaanste spelvorm van 'n woord geplaas is, die meeste mense telkens die verafrikaanste vorm gekies het. In die 1953-*AWS* is talle van die wildvreemde woorde óf geskrap, óf geheel verafrikaans, en in die tussenklas het die publiek telkens voorkeur gegee aan die Afrikaanse spelvorm, wat beteken dat baie van die woorde wat eers deel was van laasgenoemde klasse in hierdie uitgawe deel uitmaak van die eerste klas, dit is woorde wat volgens die gewone Afrikaanse spelreëls geskryf word (Boshoff et al., 1953: 2, 10-11). 'n Spelreël wat egter volgens die redaksie van *Die Brandwag* nog baie probleme opgelewer het omdat dit op die historiese beginsel, met ander woorde Nederlands, geskoei is en daar nog nie 'n formule gevind is wat al die gevalle dek nie, is die gebruik van *-de* of *-te* by die attributiewe voltooide deelwoord, veral by werkwoorde wat op *-s* eindig ("Afrikaanse woordelys", 1953: 55). Die Taalkommissie het in die 1964-uitgawe nog verder as voorheen gegaan met die verafrikaansing van die spelling van woorde van vreemde herkoms. Dit sluit in verskeie skeikundige terme wat in Engels met *qu-* begin wat om etimologiese redes nou van *ch-* na *k-* verander is (byvoorbeeld *chinaldien* word *kinaldien*) (Taalkommissie, 1964: "Voorwoord", no. 6). Die reëls in verband met wisselvorme by die agtervoegsels *-(e)elik(s)*, *-(e)ling(s)*, *-(e)loos*, *-(e)nis*, en *-(e)rig* is nou ook met Afrikaans in plaas van Nederlands as uitgangspunt geformuleer (Taalkommissie, 1964: "Voorwoord", no. 9). Dieselfde geld die 2002-*AWS* waar daar voorkeurvorme gegee is by bepaalde natuurwetenskaplike terme met die agtervoegsels *-ied* naas *-ide* (byvoorbeeld *aldehyd* naas *aldehyde*) en *-ien* naas *-ine* (byvoorbeeld *aspirien* naas *aspirine*) (eersgenoemde vorm geniet telkens voorkeur; Taalkommissie, 2002: 197, Reël 17.20). Laasgenoemde reël dui eweneens op groter verafrikaansing.

Daar is voortgegaan om lemmas met 'n sterk Nederlandse vorm uit die woordelys te skrap, soos *autochthoon*, *edukasie*, *geloofbaar*, *keuken* en *moedervlek* in die 1953-uitgawe (Boshoff et al., 1953), en *envelop*, *fok* (teel), *gesusters*, *gevanklik*, *impressief*, *kado*, *leuterkous*, *onpassabel*, *nurks*, *uitentreure*, *urgent*, *verbrui*, *vermaagskap*, *vlied*, *vrydom*, *wied*, en *wig* (ww.), en uitdrukkings soos *aan die beterhand*, *na believe*, *deser dae*, *ten faveure van*, *vir waarde genote*, *na luid van* en *met referte tot* in die 1991-uitgawe (Combrink, 1991b: 13-19; 1991c: 7). Sedert die 1953-uitgawe word daar ook 'n onderskeid gemaak tussen *vlees* en *vleis* deurdat daar nou aangedui word dat *vlees* meestal figuurlik gebruik word (Boshoff et al., 1953: 278).

Sommige woorde wat aanvanklik via Nederlands die Afrikaanse woordeskat binnegekom het, het oor die jare onder die invloed van Engels 'n ander betekenis aangeneem as wat dit oorspronklik gehad het. In die 2002-uitgawe is daar dan

ook erkenning gegee aan nuwe homoniemvorme wat in Afrikaans ontwikkel het, byvoorbeeld *braaf* kan nou naas *goed* ook *dapper* beteken en *eventueel* kan nou naas *moontlik* ook *uiteindelik* beteken, terwyl 'n mens ook nou iets *in gemeen* kan *hê* met iemand anders (Taalkommissie, 2002: 237, 267, 278). In ooreenkoms met die spelreëls is slegs die voorkeurvorme by wisselvorme van natuurwetenskaplike terme met die agtervoegsels *-ied* naas *-ide* en *-ien* naas *-ine* opgeneem, met ander woorde net die vorme met *-ied* en *-ien* vir die enkelvoudsvorm en *-iede* en *-iene* vir die meervoudsvorm is in die 2002-woordelys opgeneem (Taalkommissie, 2002: 209).

4.3 Die nadraai

Die Taalkommissie van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns het deur die publikasie van die woordeboek vir spesiale doeleindes, die *Afrikaanse woordelys en spelreëls*, ongetwyfeld 'n taalgesag daargestel waardeur die standaardisering van die Afrikaanse ortografie en woordeskat bespoedig is en sodoende 'n belangrike rol gespeel in die ontwikkeling van Afrikaans (Odendal, 1984: 192-193; Gouws en Ponelis, 1992: 31, 34). Sedert sy verskyning in 1917 het die *AWS* 'n betekenisvolle rol in die spellingbereëling van Afrikaans gespeel en daardeur in die dringende behoefte aan reëlmaat en orde in die Afrikaanse ortografie voorsien ("Uit ons eie boekrak", 1954: 29, 31). Verskeie dosente verbonde aan die US se Departement Afrikaans en Nederlands, waaronder W. Kempen, M. de Villiers, F.A. Ponelis, J.G.H. Combrink en R.H. Gouws, het oor die jare, in hulle hoedanigheid as Taalkommissielede, hieraan meegewerk.

Die Nederlands-Afrikaans-stryd wat hom ook binne die US se Departement Afrikaans en Nederlands afgespeel het, het egter 'n merkbare invloed op die *AWS* uitgeoefen. Toe die Taalkommissie se ortografiese sisteem die lig gesien het in 1917, was dit duidelik dat die Afrikaanse ortografie 'n kompromis tussen die voorstanders van Nederlands en die voorstanders van Afrikaans was, aangesien daar nou by die Nederlandse ortografie aangesluit is. Veral J.J. Smith sou in die eerste paar dekades na die verskyning van die *AWS* hierin 'n prominente rol speel. Die band met Nederlands waarop hy met die samestelling van die *WAT* aangedring het, sou oor die volgende sowat nege dekades 'n blywende invloed op die Afrikaanse ortografie uitoefen. Ten spyte van ander Stellenbosse dosente soos Bosman en Pienaar se pogings om die Afrikaanse spelling van sy Nederlandse verlede te bevry, is die Nederlandse aspek oor die jare telkens na vore gestoot om die paar gevalle te verantwoord waarby daar nie uitgegaan is van die vorme wat konsekwent eenders gespel behoort te word nie (Eksteen, 1985: 185).

Alhoewel die hegte inskakeling by Nederlands aanvanklik nog opvallend

aanwesig was, was daar egter mettertyd 'n geleidelike losmaak van die Nederlands georiënteerde spelwyse in die rigting van verafrikaansing (Eksteen, 1985: 171, 180). Op sekere momente in die ortografiese geskiedenis van Afrikaans was dit juis die Taalkommissie se besliste leiding in die rigting van groter verafrikaansing wat daartoe bygedra het om die Afrikaanse spelling los te maak van Nederlandse invloed. Ofskoon 'n groot hoeveelheid van die Nederlandse ballas afgeskud is, is daar egter nog spellinggebruike wat die Nederlandse tradisie in Afrikaans bestendig (Eksteen, 1985: 182). Selfs vandag is die invloed van Nederlands op Afrikaans nog te sien in die Afrikaanse ortografie, byvoorbeeld in die handhawing van *v* en *f*, *ei* en *y* (Eksteen, 1985: 185-186), hoewel die onderskeid nie in Afrikaans so prominent is soos in Nederlands nie, asook in die woordeskat, byvoorbeeld *briewebesteller*, *felisitatie*, *felisiteer*, *gebroeders*, *gewente*, *pardon*, en *telefoneer* om maar enkele te noem (Taalkommissie, 2009). Nederlands het dus 'n blywende invloed op die ortografie van Afrikaans uitgeoefen.

5. Gevolgtrekking

In hierdie artikel is aangetoon dat, alhoewel die US se Departement Afrikaans en Nederlands deur die werk van Mansvelt 'n belangrike begin gemaak het tot die Afrikaanse leksikografie, almal nie uit die staanspoor oortuig was dat Afrikaans sigself op leksikografiese gebied moes laat geld nie. Te midde van 'n fel Nederlands-Afrikaans-stryd tussen dosente van die Departement Afrikaans en Nederlands aan die een kant en sy studente aan die ander kant, het die Departement Afrikaans en Nederlands deur die betrokkenheid van sy dosente by die woordeboek vir spesiale doeleindes, die *Afrikaanse woordelys en spelreëls*, oor die verloop van jare 'n belangrike bydrae gelewer tot die ontwikkeling van die Afrikaanse ortografie. Die Nederlands-Afrikaans-stryd het egter telkens kop uitgesteek en daar is dikwels op Nederlands gesteun. Ten spyte van 'n geleidelike wegbeweging van Nederlands in die rigting van die verafrikaansing van die spelreëls, het Nederlands 'n blywende invloed op die Afrikaanse ortografie uitgeoefen. Die vasgryp aan Nederlands in die leksikografiese vergestaltung van Afrikaans sou later ook oorspoel na ander leksikografiese bronne wat in 'n opvolgartikel ondersoek sal word.

Bronne

- Boshoff, S.P.E.** 1920. Taalstryjd. *Die Banier*, Oktober: 107-109.
- Boshoff, S.P.E.** 1926. 'n Standaardwoordeboek van Afrikaans. In: *Gedenkboek ter eere van die Genootskap van Regte Afrikaners (1875-1925)*. Potchefstroom: Afrikaanse Studentebond.
- Boshoff, S.P.E. et al.** 1931 (vierde, hersiene en vermeerderde druk). *Afrikaanse woordelys en spelreëls*. Bloemfontein: Nasionale Pers.
- Boshoff, S.P.E. et al.** 1937 (vyfde, hersiene en vermeerderde druk). *Afrikaanse woordelys en spelreëls*. Bloemfontein: Nasionale Pers.
- Boshoff, S.P.E. et al.** 1953 (sesde, hersiene druk). *Afrikaanse woordelys en spelreëls*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel.
- Bosman, F.C.L.** 1931. Die nuwe Afrikaanse woordelys en 'n nuwe Engels-Afrikaanse woordeboek. *De Kerkbode*, 3 Junie: 29-30.
- Bosman, D.B. et al.** 1921 (derde, hersiene druk). *Afrikaanse woordelys en spelreëls*. Bloemfontein: Die Nasionale Pers.
- Bosman, F.C.L.** 1959. Geskiedkundige oorsig van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. In: Schumann, T.E.W. et al. (reds.). *Feesalbum 1909-1959*. Pretoria: J.L. van Schaik.
- Claassen, L.H.** 1977. Die ontstaansgeskiedenis van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Taal, Lettere en Kuns. Ongepubliseerde MA-verhandeling. Johannesburg: Randse Afrikaanse Universiteit.
- Combrink, J.G.H.** 1991a. Nederlandse spelling geen reddingsgordel vir Afrikaans nie. *Die Burger*, 17 Julie: 13.
- Combrink, J.G.H.** 1991b. *Gids by die Afrikaanse woordelys en spelreëls*. Kaapstad: Tafelberg.
- Combrink, J.G.H.** 1991c. Standaardafrikaans: Een van die versameling geslypte edelstene. *Die Volksblad*, 9 Mei: 7.
- Du Toit, P.S.** 1966. Die Fakulteit van Lettere en Wysbegeerte. In: Thom, H.B. et al. (reds.). *Stellenbosch 1866-1966. Honderd Jaar Hoër Onderwys*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel.
- Du Toit, P.S. en Venter, G.S.** 1966a. Van Gimnasium tot Kollege, 1866-1887. In: Thom, H.B. et al. (reds.). *Stellenbosch 1866-1966. Honderd Jaar Hoër Onderwys*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel.
- Du Toit, P.S. en Venter, G.S.** 1966b. Die Victoria-Kollege, 1887-1918. In: Thom, H.B. et al. (reds.). *Stellenbosch 1866-1966. Honderd Jaar Hoër Onderwys*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel.
- Eksteen, L.C.** 1985. Die rol van die Akademie in die standaardisering van die Afrikaanse spelling. *Stellenbosch Papers in Linguistics Plus*, 10: 169-200.

- Elffers, H. en Viljoen, W.J.** 1908. *Beknopt Nederlands Woordeboek voor Zuid-Afrika*. Kaapstad: J.C. Juta & Co.
- Gericke, W.** 1991a. Vroeë woordelyste en woordeboeke in verband met Afrikaans. *Lexikos*, 1: 104-112.
- Gericke, W.** 1991b. *Die Woordeboek van die Afrikaanse Taal* – 'n kultuurhistoriese verkenning. Ongepubliseerde MA-verhandeling. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch.
- Gouws, R.** 1995. Ou wyn in nuwe sakke: 'n Metaleksikografiese herwaarderung van enkele komponente in Mansvelt se *Idioticon*. In: Bosman, N. (red.). *'n Man van Woorde*. Pretoria: J.L. van Schaik.
- Gouws, R.H.** 2003. Oor patriotte en ander leksikografiese vernuwers. In: Botha, W. (red.). *'n Man wat beur*. Stellenbosch: Buro van die WAT.
- Gouws, R.H. en Ponelis, F.A.** 1992. Issues in the development of Afrikaans lexicography. *South African Journal of Linguistics*, Supplement 12: 1-44.
- Gouws, R.H. en Prinsloo, D.J.** 2005. *Principles and Practice of South African Lexicography*. Stellenbosch: SUN PRESS.
- Grant, A.P.** 2015. Lexical borrowing. In: Taylor, J.R. (red.). *The Oxford Handbook of the Word*. Oxford: Oxford University Press.
- Grosskopf, J.F.W.** 1917. Boekbespreking. Afrikaanse woordelys en spelreëls. *Het Volksblad*, 19 Oktober: 7.
- Hiemstra, L.W.** 1918. Brief aan die redaksie van *Die Huisgenoot*, 1 Junie. [Oorspronklike kopie in die J.J. Smith-versameling (versameling 333) van die J.S. Gericke Biblioteek, Universiteit Stellenbosch.]
- Kapp, P.** 2009. *Draer van 'n droom*. Hermanus: Hemel & See Boeke.
- Kapp, P.** 2013. *Maties en Afrikaans: 'n Besondere verhouding, 1911-2011*. Pretoria: Protea Boekhuis.
- Kotzé, D.J.** 1966. Stellenbosch se Bydrae. In: Thom, H.B. et al. (reds.). *Stellenbosch 1866-1966. Honderd Jaar Hoër Onderwys*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel.
- Kroes, G.** 1985. Die doeltreffendheid van die *Afrikaanse woordelys en spelreëls* as handleiding en naslaanbron by die onderrig van Afrikaans op tersiêre vlak. *Stellenbosch Papers in Linguistics Plus*, 10: 328-344.
- Le Roux, T.H.** 1926. Die geskiedenis van die Afrikaanse spelling. In: *Gedenkboek ter eere van die Genootskap van Regte Afrikaners (1875-1925)*. Potchefstroom: Afrikaanse Studentebond.
- Le Roux, T.H., Malherbe, D.F en Smith, J.J.** 1917. *Afrikaanse woordelys en spelreëls*. Bloemfontein: Het Volksblad-drukkerij.
- Le Roux, T.H., Malherbe, D.F en Smith, J.J.** 1918 (tweede druk). *Afrikaanse woordelys en spelreëls*. Bloemfontein: Die Volksblad-drukkerij.
- Logeman, W.S.** 1897. *Leesboek en Grammatika met Oefeningen en Woordenlijst*

- Hollandsch-Engelsch*. Kaapstad: Jacques Dusseau & Co.
- Malan, S.I.** 1963. Die spelling van Afrikaans. Ongepubliseerde D.Litt.-proefskrif. Bloemfontein: Universiteit van die Oranje-Vrystaat.
- Malan, S.I.** 1974. Die groei van Afrikaans as skryftaal. In: Kok, B. (red.). *Afrikaans: Ons pèrel van groot waarde*. Johannesburg: Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniginge.
- Malherbe, D.F.** 1926. Verslag van 'n vergadering van die Spellingkommissie van die Suid-Afrikaanse Akademie gehou in Pretoria op 28 en 29 September 1926. *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns*, 5(2), Desember: 105-109.
- Malherbe, D.F.** 1931. Die Akademie-spelling. *Die Burger*, 4 Mei: 4
- Mansvelt, N.** 1884. *Proeve van een Kaapsch-Hollansch Idioticon met Toelichtingen en Opmerkingen betreffende Land, Volk en Taal*. Kaapstad: Cyrus J. Martin.
- McLachlan, T.** 2012. Bondige oorsig van die standaardiseringsgeskiedenis van Afrikaans. In K.K. Prah (red.). *Veelkantiger Afrikaans. Streeksvariëteite in die Standaardvorming*. Kaapstad: CASAS.
- Morkel, A.** 2009. Boekbespreking: *Afrikaanse woordelys en spelreëls. Die Afrikaner*, 2 Julie: 6.
- Nienaber, G.S.** 1959. Die Tweede Afrikaanse Beweging. In: Schumann, T.E.W. et al. (reds.). *Feesalbum 1909-1959*. Pretoria: J.L. van Schaik.
- Nienaber, P.J.** 1968. *Wat doen die Akademie?* Kaapstad: Nasionale Boekhandel.
- Nienaber, P.J. en Heyl, J.A.** (reds.). s.a. *Pleidooie in belang van Afrikaans. Deel II*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel.
- Odendal, F.F.** 1984. Die Afrikaanse taal 75 jaar. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 24(4), Desember: 190-206.
- Preller, G.S.** 1926. Laatstaan die spelling! *Ons Vaderland*, 31 Desember: 4.
- Schoonheim, F.** 1998. Een studie naar aspecten van de invloed van de Nederlandse lexicografie op Afrikaanse woordenboeken. Ongepubliseerde MA-verhandeling. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch.
- Smith, J.J.** 1920a. Wysiginge in die Afrikaanse spelling goedgekeur deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Taal, Lettere, en Kuns, in Januarie 1920. *Die Huisgenoot*, Maart: 329.
- Smith, J.J.** 1920b. Die spellingprotes van die Noorde. *Die Huisgenoot*, November: 295.
- Snijman, F.J.** (hoofred.). 1964. *U woorde, u woordeboek*. Stellenbosch: Raad van Beheer oor Die Afrikaanse Woordeboek.
- Steyn, J.C.** 1987. *Trouwe Afrikaners*. Kaapstad: Tafelberg.
- Stolberg, D.** 2015. *Changes Between the Lines: Diachronic contact phenomena in written Pennsylvania German*. Berlyn: Walter de Gruyter.
- Swart, C.** 2009. Nuwe AWS op rak. *Vólksblad*, 20 Julie: 6.

- Taalkommissie** (van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns). 1964 (sewende, verbeterde uitgawe). *Afrikaanse woordelys en spelreëls*. Kaapstad: Tafelberg.
- Taalkommissie** (van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns). 1991 (agste, hersiene uitgawe). *Afrikaanse woordelys en spelreëls*. Kaapstad: Tafelberg.
- Taalkommissie** (van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns). 2002 (negende, verbeterde en omvattend herbewerkte uitgawe). *Afrikaanse woordelys en spelreëls*. Kaapstad: Pharos.
- Taalkommissie** (van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns). 2009 (tiende, verbeterde en omvattend herbewerkte uitgawe). *Afrikaanse woordelys en spelreëls*. Kaapstad: Pharos.
- Van der Merwe, H.J.J.M.** 1968. *Patriot-woordeboek* (heruitgawe). Pretoria: J.L. van Schaik.
- Van der Merwe, H.J.J.M.** 1971. *Vroeë Afrikaanse Woordelyste*. Pretoria: J.L. van Schaik.
- Van Keymeulen, J.** 2010. Standaardisatie en destandaardisatie bij Vlamingen en Afrikaners. Parallellen en verskillen. In: Van der Wal, M en Francken, E. (reds.). *Standaardtalen in Beweging*. Amsterdam: Stichting Neerlandistiek VU.

Bronne sonder 'n identifiseerbare outeur

- Afrikaanse woordelys.** 1953. *Die Brandwag*, 4 September: 6, 55.
- Die spellingooreenkoms.** 1932. *Die Huisgenoot*, 23 September: 35.
- Geen nuwe spelling beoog nie.** 1930. *Die Burger*, 8 Augustus: 11.
- Hersien spelling van Afrikaans.** 1928. *Die Volksblad*, 11 April: 7.
- Minister gryp in in spellingkwessie.** 1933. *Die Burger*, 3 Junie: 1.
- Nuwe spellingvoorstelle.** 1926. *Ons Vaderland*, 31 Desember: 4.
- Prof. J.J. Smith oor fonetiese spelling.** 1930. *Die Volkstem*, 12 Augustus: 1.
- Protes teen spelling-wysiging.** 1920. *De Burger*, 8 September: 3.
- Spellingveranderings in Afr.** 1928. *Die Volksblad*, 26 September: 7.
- Spelling-vergelyk word bekend gemaak.** 1930. *Die Burger*, 27 September: 7, 9.
- Uit ons eie boekrak.** 1954. *Die Taalgenoot*, Januarie: 29, 31.

Note

1. Hierdie artikel het die eerste keer verskyn in *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* (Jaargang 56 No. 1: Maart 2016) en word herdruk met die toestemming van die redakteur en skrywer.
2. Ten einde amptelike erkenning van die Kaapse Departement van Onderwys te verkry,

moes die naam verander word na Het Stellenbosch Gymnasium/Stellenbosch First Class Denominational School (Kapp, 2013 :13).

3. Die Arts Department van Het Stellenbosch Gymnasium is in 1879 van die res van die skool afgeskei en in 1881 as 'n kollege van die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop erken. Die naam is later verander na die Stellenbosch College and College School (Du Toit en Venter, 1966: 29, 31, 38; Kapp, 2013: 13, 23).
4. Vir 'n meer gedetailleerde oorsig oor die leksikografiese bydrae van Mansvelt se *Idioticon*, sien Gouws (1995).
5. In 1887 is die Stellenbosch College and College School ter ere van koningin Victoria se goue jubileum na Victoria Kollege herdoop en in 1899 het die skool finaal 'n aparte afdeling geword (Du Toit en Venter, 1966b: 39; Kapp, 2013: 13, 23).
6. Die 1907-uitgawe van die *Leesboek en grammatika* is in die Vereenvoudigde Nederlands Spelling uitgegee.
7. Algemene inleiding tot die geskiedenis van die Kaap-Hollandse taal.
8. Dat Afrikaans oor die verloop van jare 'n meer prominente rol in die Departement begin speel het, blyk daaruit dat die Departement se naam in 1952 verander is na die Departement Afrikaans-Nederlands en in 1979 na die Departement Afrikaans en Nederlands. Die Departement dra vandag steeds laasgenoemde naam en daar sal voortaan dienooreenkomstig na die Departement verwys word.
9. Die kommissie het oor die jare verskillende benamings gehad. Met die 1921-uitgawe het dit as die Woordelys-Komitee en met die 1931-uitgawe as die Spelling-kommissie bekend gestaan. Sedert die vyfde uitgawe in 1937 is dit as die Taalkommissie bekend, soos wat dit vandag steeds bekend staan. Ten einde verwarring te voorkom, sal daar voortaan daarna verwys word as die Taalkommissie.
10. Tydens die politieke oorgang in Suid-Afrika aan die begin van die negentigerjare het drie Stellenbosse dosente wat op die Taalkommissie gedien het, naamlik Fritz Ponelis, Rufus Gouws en Leon de Stadler, in 1993/1994 as lede van óf die Taalkommissie óf die Akademie óf albei bedank omdat hulle gemeen het dat die Akademie geen verdere normeringsrol vir Afrikaans kon speel nie vanweë die feit dat dié liggaam geen geloofwaardigheid by bruin en swart Afrikaanssprekendes gehad het nie en dat die geantisipeerde Demokratiese Taalraad 'n groter kans op sukses gestaan het (Kapp, 2009: 142-143). Hierna het nog net een ander personeellid van die US se Departement Afrikaans en Nederlands op die Taalkommissie gedien, naamlik Ilse Feinauer. Sy het egter nog voor die verskyning van die negende uitgawe van die *AWS* uit die Taalkommissie bedank en sedertdien het daar nog nie weer 'n personeellid van hierdie departement op die Taalkommissie gedien nie. [In 2020 sluit 'n personeellid van die Departement, Marius Swart, hom by die Taalkommissie aan, en in 2022 word hy verkies as ondervoorsitter. – Red.]
11. Behalwe vir hierdie drie persone, word daar nie spesifiek na ander US-dosente se rol in die Nederlands-Afrikaans-stryd verwys nie, aangesien dit nie moontlik is om spesifieke

- Taalkommissiebesluite aan spesifieke Taalkommissielede te verbind nie. Ter wille van volledigheid en die feit dat die Nederlands- Afrikaans-stryd 'n blywende invloed op die *AWS* uitgeoefen het, word die Nederlandse invloed op al tien uitgawes van die *AWS* egter bespreek.
12. Tog word daar nog op dieselfde bladsy gemeld dat “die Afrikaanse spelling [...] by dié van Nederlands [aansluit]” (Taalkommissie, 1991: 11).
 13. Vereenvoudigde Hollandse Spelling, soos wat die Vereenvoudigde Nederlandse Spelling vroeër bekend gestaan het.
 14. Vergelyk Le Roux, Malherbe en Smith (1917) p. xi, reël 6 en 8, p. xii, reël 15, p. xiii, reël 18, p. xiv, reël 24, p. xvii, reël 3, en p. xviii, reël 8.
 15. Adleksifisering, ook bekend as kulturele ontleding (Grant, 2015: 435), is wanneer leksikale items aan die leksikon toegevoeg word om 'n toevallige of kulturele gaping in die leksikon te oorbrug (Stolberg, 2015: 63).
 16. Vergelyk Boshoff et al., (1931) p. xviii, reël 3(a) en reël 6(b), opm. 2, p. xxii, reël 11 en 12, p. xxv, reël 18(b), p. xxix, reël 34, p. xxx, reël 37(b), en p. xxxii, reël 41(b).

Hendrik Witbooi (1830-1905): Literêre uitbeeldings tydens apartheid in historiese en ideologiese konteks

Sonja Loots

Hendrik Witbooi (1830-1905): Literary memories in Afrikaans in historical context

In this article I discuss the literary treatment of Hendrik Witbooi in P.J. Philander's poetry collection Vuurklip (1960) alongside apartheid-era depictions of Witbooi by white writers in Die gésel van Namaland (W.A. de Klerk, 1969), Tweehonderd Gewere (Doc Immelman, 1965) and Duisend gewere (A. Cilliers, (196[-?])). These texts are decoded to examine the dialogic relationship between text and the contemporary socio-political context. The aim is to illustrate that there is a long tradition in Afrikaans of colonizing narratives about Hendrik Witbooi, and to highlight the impact of historian Gustav Preller's distorted version of Witbooi history on literary depictions of Witbooi in subsequent years.

1. Inleiding

Hierdie artikel is die eerste in 'n tweeluik waarin ek oorsigtelik fokus op literêre uitbeeldings van Hendrik Witbooi (1830-1905). Witbooi, ook bekend as !Nanseb Gâbemab (sy Nama-naam), word onthou as een van Afrika se grootste vryheidstryders vanweë sy gewapende weerstand teen koloniseerders in die Duitse kolonie Suidwes-Afrika (Van Rooyen, 2021: 61; Wannenburg, 1980: 182).

Witbooi is eweneens bekend vir sy dagboekinskrywings en die dosyne briewe wat hy in die 1880's, 1890's en vroeë 1900's in Nederlands geskryf het aan Duitse bevelvoerders, Engelse magistrats, Herero-kapteins en ander inheemse leiers. Groenewald (2010: 88, 95-96) verduidelik dat Nederlands in prekoloniale Namibië en selfs tydens vroeë koloniserings onderling gebruik is vir onderhandelings tussen inheemse groepe; asook wanneer inheemse leiers met Europeërs gekorrespondeer het.¹ Groenewald noem as voorbeelde Witbooi se Nederlandstalige briewe aan die Engelse magistraat in Walvisbaai, aan ander leiers van inheemse groepe, aan die Duitse magte; en ook die briewe wat Witbooi in Nederlands terug ontvang het.

Die leergebonde joernaal met Witbooi se dagboekinskrywings en briewe vanaf 1882 tot 1893 is in April 1893 deur kommandant Kurt von François as buit geneem tydens 'n Duitse aanval op Witbooi se vesting by Hoornkrans (Van Rooyen, 2021: 58). Dit is sedertdien teruggegee aan die Namibiese regering en word bewaar in die Namibiese Nasionale argief in Windhoek. 'n Gedrukte uitgawe in Nederlands is in 1929 in Kaapstad deur die Van Riebeeck-vereniging gepubliseer onder die titel *Die dagboek van Hendrik Witbooi*.

Hendrik is nie die eerste of enigste Witbooi waarvan dokumente in Nederlands bewaar gebly het nie. Ook sy vader, Klein Kido (Moses) Witbooi, was 'n ywerige briëfskrywer. Eugène Marais (1984: 1294) transkribeer in sy essay "The Yellow Streak" twee briewe van Klein Kido, waarvan die eerste soos volg lui:²

Gibeon, 9 Jan. 1876

'Lieve Boeren. Ik heb gehoord dat gij wilt inkomen met oorlog om dit land te nemen. Is dat waar of niet? Als dat niet waar is zeg ik ook niets. Maar als dat waar is zeg ik ulieden draait om. Haast U. Ik wil U in mij land niet hebbe. Ik wil geen gemeenschap met U houden. Ik wil mij land niet door U laat verdueren. Nog eenmaal zeg ik tot U draait om gij Boeren. Ik zal niet veele woorden tot U zeggen. Hopende dat tog alles wel gaat en daar vrede gemaakt word. Ik ben,

Klein Kido Witbooi, Kapteijn van Gibeon, Opvolger van mijn Ou Vader die overleden is.'

Hendrik Witbooi se dagboek en briewe getuig van dieselfde gees van weerstand teen koloniserende as bostaande brief deur sy vader. S6 waardevol is die Witbooi-argief dat Unesco dit in 2005 in die sogenaamde Memory of the World-register opgeneem het.

In hierdie artikel, die eerste van twee artikels oor Witbooi-herinnerings in Afrikaans en Nederlands, bespreek ek die getemperde wyse waarop Witbooi in P.J. Philander se poësiebundel *Vuurklip* (1960) belig word, asook negatiewe apartheidsera-uitbeeldings van Witbooi in *Die gësel van Namaland* (1969) deur W.A. de Klerk, *Tweehonderd gewere* (1965) deur Doc Immelman en *Duisend gewere*, 196[-?]) deur A. Cilliers.³ Al vier hierdie tekste sal ideologies gedekodeer word om die dialogiese verhouding tussen teks en die tydgenootlike sosiaal-politieke konteks te ondersoek. Die doel is om te illustreer dat daar in Afrikaans 'n lang tradisie bestaan van koloniserende narratiewe oor Hendrik Witbooi, en om uit te lig hoe die uitbeelding van Witbooi in prosa en poësie tydens apartheid beïnvloed is deur geskiedskrywing. Veral die invloed van die historikus Gustav Preller word belig. Hoewel heelwat reeds geskryf is oor hoe Preller se geskiedskrywing gedien het as bron van Afrikanernasionalisme in die aanloop tot apartheid (Liebenberg, 1975; Van Jaarsveld, 1990; Hofmeyr, 1991), is hierdie artikel na my wete die eerste wat fokus op die impak van Preller se skeefgetrekte weergawe van die Witbooi-geskiedenis op literêre uitbeeldings van Witbooi.

In die artikel wat op hierdie een volg word bespreek hoe negatiewe uitbeeldings van Witbooi sedert 2011 plek gemaak het vir 'n post-apartheid, post-koloniale herevaluering in Nederlandse en Afrikaanse letterkunde.

2. Historiese agtergrond

Hendrik Witbooi is omstreeks 1840 op die sendingstasie Pella net suid van die Oranjerivier gebore as lid van die Nama-stam bekend as die Khowesin. Die Khowesin het onder leiding gestaan van die Witbooi-dinastie en word dikwels die Witboois genoem. Sy oupa, Cupido (Kido), ook bekend as David Witbooi (c. 1780-1875), is later opgevolg deur Hendrik se pa, Moses of Klein Kido (c. 1810-1888). Witbooi het sy pa in 1888 opgevolg (Wannenburgh, 1980: 178; Nienaber, 1989: 635-636). Die Witboois het omstreeks 1850 die Oranjerivier oorgesteek en hulle gevestig by Gibeon in die teenswoordige Namibië (Van Rooyen, 2021: 58). In 1863 is 'n sendingstasie van die Rynse Sendinggenootskap ('Rheinische Missionsgesellschaft') op Gibeon gestig. Witbooi is deur sendelinge opgevoed, met veral Johannes Olpp wat 'n invloedryke rol gespeel het (Vedder, 1937: 687-693). In 1888 verlaat Witbooi en 'n aantal volgelingen Gibeon en vestig hy hom by Hoornkrans, 120 kilometer suidwes van Windhoek. Op dieselfde tyd begin Duitse koloniste hulle egter vestig in die gebied wat as Duitswes-Afrika bekend gestaan het. Sedert die Rykskanselier in 1884 amptelik Duitsland se beskerming oor Lüderitz uitgebrei het en daarvan 'n Duitse protektoraat gemaak het, wou die Ryksregering sogenaamde 'beskermingsooreenkomste' ('Schutzverträge') met inheemse leiers sluit (Vedder, 1937: 733). Dit het behels dat die inheemse volke in ruil vir Duitse beloftes van beskerming in hul onderlinge oorloë hul onafhanklikheid prysgee. Witbooi het geweier (Pool, 1979: 253). Nóg Herman Göring nóg Kurt von François, wat in 1889 in Walvisbaai aangeland het, kon hom daartoe oorhaal. Von François het Witbooi toe die stryd aangesê in 'n oorlog wat voortgeduur het totdat Leutwein, wat Von François opgevolg het, in 1894 vir Witbooi verslaan en gedwing het om 'n vredesooreenkoms te sluit (Pool, 1979: 8-10).⁴ Die Witboois mog hul wapens behou, maar moes aan Duitse kant saam met die Duitsers teen die Herero's en ander inheemse stamme veg. Hoewel talle bronne beweer dat Witbooi na sy nederlaag 'n lojale subjek van die Duitse ryk was, wys Neville Alexander (1983: 62) in sy kritiek op koloniale Witbooi-geskiedskrywing daarop dat Witbooi se samewerking met Duitse magte 'n kompromis was toe Witbooi geen ander keuse meer gehad het nie:

The Khowesin, therefore, saw themselves as retaining a certain measure of autonomy and decision-making power. And, in fact, their cooperation with the Germans against various insurgent groups of people until 1904 is to be understood as a quid pro quo for continued autonomy rather than as an acceptance of German aims.

Alexander (1983: 62) haal 'n brief aan waaruit dit duidelik blyk dat Witbooi homself verwyf het oor die feit dat hy gedwing is om saam met die Duitsers teen sy mede-Afrikane te veg. In hierdie brief maak Witbooi dit duidelik dat die slagoffers van Duitse koloniale geweld onskuldig was, dat die aanvalle op hulle sonder oorsaak was en boonop plaasgevind het in vredestryd:

Zoals u weet, hebt ik 10. Jaaren onder uwe wet en in de wet en achter de wet gevolg, en niet ik alleen maar ons alle Hoofden van Afrika. Zoo ik ben nu bang voor God de Vader. De Zielen wat in die 10. Jaaren uitgevallen in alle natië, in deze Afrika bij ons alle Hoofden zonder schuld en oorzaak en sonder zienlijke oorlog, in de vrede en in die Traaddat van vrede, die groote Rekenschap wat ik moet zal geef voor God de vader wat in de Hemel is, is zeer Groot.⁵

Witbooi het op 4 Oktober 1904 die vredesooreenkoms wat hy met Leutwein gesluit het, verbreek (Pool, 1979: 253). Sy oorlogsverklaring het gekom twee dae ná Von Trotha se berugte 'vernietigingsbevel' ('Vernichtungsbefehl') op 2 Oktober (Baer, 2017: 30; Pool, 1979: 250). Von Trotha het onder andere verklaar: "Binne die Duitse grens sal elke Herero met of sonder geweer, met of sonder vee, doodgeskiet word. Ek herberg nie meer vrouens en kinders nie. Hulle moet óf na hul volksgenote terugkeer óf daar word op hulle geskiet" (Pool, 1979: 251). In 'n brief het hy sy voorneme soos volg verwoord: "Ek sal die opstandige stamme vernietig deur riviere van bloed en geld te vergiet. Slegs só sal dit moontlik wees om die saad te saai van iets nuut wat sal voortduur (Baer, 2017: 30; Drechsler, 1980: 154).⁶ In sy proklamasie getiteld "Aan de oorlogvoerende Namastamme" het Von Trotha gewaarsku dat hy die Namas sal vernietig soos wat hy met die Herero's gedoen het (Boehme, 2020: 242; Hillebrecht, 2015: 51; Groenewald, 2010: 96).⁷

Witbooi is op 29 Oktober 1905 op die slagveld doodgeskiet. Ná Witbooi se dood is die Namas verslaan. 'n Aantal oorlewendes is as dwangarbeiders na ander Duitse kolonies geneem en sommige is na konsentrasiekampe gestuur (Wannenburgh, 1980: 181). Suidwes-Afrika het 'n Duitse kolonie gebly totdat die Unie van Suid-Afrika, as deel van die Geallieerde magte, dit tydens die Eerste Wêreldoorlog binnegeval het. Suid-Afrika het vir die duur van die oorlog die gebied beheer. Die Unie het in September 1919 volgens 'n Volkebondmandaat beheer van "Duits-Suidwes-Afrika" aanvaar (Wellington, 1967: 270). Toe die mandaat in 1966 beëindig is, het die apartheidsregering van die Republiek van Suid-Afrika die gebied onwettig bly beset. In 1960 is die Southwest African People's Organisation (Swapo) gestig om vir Namibiese onafhanklikheid te veg (Melber, 2005: 94). Die eerste veldslag tussen Swapo-lede en die Suid-Afrikaanse weermag het op 26 Augustus 1966 plaasgevind (Melber, 2005: 95). Die oorlog sou voortduur tot Namibiese onafhanklikheid in 1990.

3. P.J. Philander: Eggo's van koloniale denkbeelde in die Witbooi-beelding van 'n bruin intellektueel tydens apartheid

Die vroegste literêre bewerking van die Witbooi-geskiedenis in Afrikaans word aangetref in P.J. Philander se bundel *Vuurklip* (1960). Die gedig "Hendrik Witbooi" vorm deel van die bundel se gemoeidheid met verwaarloosde historiese figure uit die Namibiese en Khoisan-geskiedenis. Die bundel bevat drie verhalende monoloë waarin Jager Afrikaner, sy seun Jonker Afrikaner en Hendrik Witbooi aan die woord is en op hul lewe terugkyk. Philander gaan dus in *Vuurklip* vollediger in op 'n tema wat hy reeds in sy debuut, *Uurglas* (1955), aangeraak het. In laasgenoemde bundel handel twee gedigte, "Reliëf" en "Die slaaf", oor gegewens uit die Khoisan-geskiedenis.

Soos *Uurglas*, het *Vuurklip* tydens apartheid verskyn terwyl Philander een van slegs drie bruin gepubliseerde digters in Afrikaans was. Philander se vriend en tydgenoot, S.V. Petersen, het in 1944 met *Die enkeling* gedebuteer en het dit in 1949 opgevolg met die digbundel *Die stil kind* (1949). *Vuurklip*, Philander se tweede bundel, is gepubliseer in dieselfde jaar as Petersen se *Die kinders van Kain* (1960). Adam Small het in 1957 gedebuteer met *Verse van die liefde*, maar sou eers ná die publikasie van Philander se *Uurglas* en *Vuurklip* opslae begin maak met *Kitaar my kruis* (1961) en *Sê sjibbolet* (1963).⁸ Volgens Gerwel (1985: 11) het sosiale, kulturele en politieke faktore in hierdie jare veroorsaak dat "skryfwerk in Afrikaans deur skrywers anders as Blankes opsienbarend" geword het, terwyl dit "eintlik natuurlik" moes wees. Resensies uit die jare sestig staaf Gerwel se waarneming, aangesien dit blyk dat Philander se poësie selde los gesien is van sy identiteit as bruin intellektueel. Antonissen (1963: 278) bespreek *Uurglas* (1955) byvoorbeeld as "die poësie van die kleurling-digter P.J. Philander" en hoewel Antonissen (1963: 99) twyfel of dit geoorloof is om Philander se ras te opper, doen hy dit wel:

Ek weet nie of dit geoorloof is om in literêr-kritiese verband na 'n outeur se huidskleur te verwys nie. In P.J. Philander se geval kan ek allesins moeilik aan die versoeking weerstaan. Sy *Uurglas* verskyn elf jaar ná die debuut van die ander Afrikaanse kleurling-digter, S.V. Petersen [...]

Behalwe die wyse waarop Petersen en Philander, soos in bogenoemde aanhaling deur Antonissen, in dieselfde asem as "Afrikaanse kleurling-digter[s]" bespreek is, is hul werk ook saam gebundel in 'n bloemlesing wat deur die destydse Inspekteur van Onderwys, dr. W.H. de Vos saamgestel is (Petersen en Philander, 1967). Philander en Petersen sou later jare deur Gerwel (1985: 15) "die eerste twee lede van die eerste geslag" genoem word, met Small "die derde lid van hierdie

‘oorgangsgeslag’ [...] wat die swart ervaring [...] neerslag laat vind”. Hoewel Philander dus saam met Petersen en Small gelees is, en met hulle vergelyk is, blyk dit uit resensies uit die sestigs dat die poësie van Petersen en effens later Small as meer “radikaal” en Philander s’n as meer “gematigd” beleef is. Van Wyk (2022: 58) bespreek die “uiteenlopende menings en skeiding tussen radikales aan die een kant en gematigdes aan die ander kant” as tipies van die politieke denkklimaat onder bruin intelligentsia in die 1960’s; en van die historiese blik op die intellektuele geskiedenis van dié groep. Hoewel die woorde “radikaal” en “gematig” nie in Afrikaanse resensies oor Philander se werk gebruik is nie, skemer dit nietemin deur dat die politieke kritiek van Philander se poësie tot en met die publikasie van *Vuurklip* as “sag” en “indirek” beskou is vergeleke met dié van Petersen en Small. Terwyl Beukes en Lategan (1959: 138) die politieke toespelings in Philander se “Die Slaaf” lees as ’n “hartstogtelike”, maar ook “sagte [...] aanklag” (my kursivering), is Petersen se debuut beleef as “rou krete van opstand” (Dekker, 1964: 292). Petersen se poësie is later deur Gerwel (1985: 12) gekarakteriseer as “direkte stellings van protes en beklaging” en Antonissen (1965: 266) beskryf Petersen se *Die enkeling* en *Die stil kind* as bundels wat “in die teken staan van rasverhoudings” en karakteriseer die poësie as “’n kreet” wat getuig van die “leed” en “sielenuid van die nie-blanke persoonlikheid”. Nóg in *Kern en tooi* nóg in *Die Afrikaanse letterkunde van aanvang tot hede* bespreek Antonissen egter Philander se poësie as politieke protespoësie. In *Spitsberaad* (1966) bevind Antonissen trouens dat die tersaaklikheid van die historiese gedigte in *Vuurklip* vir die aktualiteit van Suid-Afrika tydens die apartheidjare slegs “enkele kere” en “terloops” deurskemer. Hy onderskei tussen die “terloops[e]” benadering van Philander enersyds en andersyds Small se poësie, wat volgens hom “geheel en allereers” oor politieke kwessies handel:

Philander se “geskiedenis” word maar enkele kere en terloops – sy dit nie onbelangrik nie! – op ons eie tyd geprojekteer (Antonissen 1966: 12). Adam Small se *Kitaar my kruis* staan geheel en allereers in die teken van die aktualiteit, die “kleur”-aktualiteit.

Ook latere en meer hedendaagse bestekopnames van Philander se poësie beweer dat dit getuig van gematigde politieke denke. Gerwel (1985: 16) skryf dat protespoësie eers met Small se *Kitaar my kruis* “in volle en egte woede die Afrikaanse letterkunde binnegetree [het]”. Willemse (2008: 142) bespreek politieke ambivalensie in Philander se epiese versbundel *Zimbabwe*. Van Wyk (2022: 61) reageer op Willemse se karakterisering van Philander as “’n politieke gematigde in ’n omgewing wat ondubbelsinnige politieke keuses vereis” en “’n weifelende intellektueel wat hom nie sover kan kry om die radikales se eis vir

magsoorname en sabotasie te ondersteun nie” met ’n voorstel dat die bestudering van liberale ondertone in Philander se werk nuwe perspektiewe op sy politieke denke kan ontsluit.

Teen die agtergrond van die voortslepende gesprek oor die aard van politieke kritiek in Philander se poësie, ontstaan daar in die raamwerk van hierdie artikel die vraag hoe die gedig “Hendrik Witbooi” in historiese konteks, in bundelkonteks en as onderdeel van Philander se oeuvre gelees moet word. Die taak word bemoeilik omdat die gedig myns insiens nie getuig van dieselfde kritiese ingesteldheid teenoor kolonialisme en die gevolge van kolonialisme as ander gedigte in *Vuurklip*, of as die historiese gedigte in die voorgangerbundel nie. Ek wil aan die hand doen dat dit deels verband hou met die noemenswaardige invloed van ongebalanseerde geskiedskrywing oor Witbooi wat Philander as bronstof gebruik het en waarvan bepaalde ideologiese oriënterings in die gedig neerslag gevind het, soos wat ek hieronder sal aantoon.

Vir Gerwel (1985: 14) getuig die bundel van ’n “onafhanklike mening van ’n stuk swart geskiedenis” en gee Philander “ ’n trotse weergawe van die wel en weë van swart historiese persoonlikhede”. Willemse (1982: 3) meen dat Philander ’n “voorloper van ’n nuwe geslag herdefinieerders” is en sien hom as ’n digter wat “die verwaarloosde geskiedenis word [opdiep] en positief beskou” (aangehaal in Gerwel, 1985: 15). Hoewel Gerwel (1985: 14) se inskating van Philander as ’n digter wat ’n swart etos verwoord, geldig is vir ’n gedig soos “Die klippe praat” (en ander gedigte in die bundel), sou mens egter ook kon argumenteer dat die uitbeelding van Witbooi in Philander se epiese gedig getuig van ’n aantal koloniale denkbeelde, en dat die uitbeelding van Witbooi nie bepaald positief is nie.

Die spreker in “Hendrik Witbooi” is ’n bejaarde en ten slotte sterwende Witbooi wat homself karakteriseer as lid van ’n “skriklike en vreemde ras” (Philander, 1960: 25). Philander se Witbooi vertel hoe hy as jong man “onraad stook” saam met sy “witdoekkornuite” (25, 27). Hy dink na oor sy “rowertogte”: ’n woordkeuse wat herinner aan die koloniale geskiedskrywer Gustav Preller se herhaaldelike verwysings na Witbooi se “rooftogte” in *Vóortrekkers van Suidwes* (1941: 203, 338). Die gedig eggo ook in ander opsigte koloniale sienings oor Witbooi en meer spesifieke die koloniale geskiedskrywing deur Preller. In “Hendrik Witbooi” se weergawe van die tien jaar wat Witbooi op Gibeon deurgebring het nadat Leutwein hom verslaan het, ry Witbooi ook in ’n koets rond en leer hy om hom te “gedra”: “[E]k moes in ’n koets van voor af leer/hoe ’n opperhoof hom gedra”. Dit kom ooreen met Preller (1941: 232, 290) se beskrywing van hoe “Hendrik hom gedurende enige jare rustig gedra het” op Gibeon terwyl hy rondry “in ’n blinkende landauer uit Kaapstad”. Die gedeelte in Philander se gedig oor die laaste rusplek waarheen Witbooi mik nadat hy

aan die einde van sy lewe noodlottig gewond is, stem byna woordeliks ooreen met Preller (1941: 338) se stelling dat Witbooi volgens oorlewering begrawe lê “agter die derde duin, regoor Groot-Nabas”. Vergelyk die volgende strofe in Philander:

Ek is gewond en iemand moet my nou
in die stiebeuel help, dan in die saal;
lank voor die môrester die dag vergrou
moet ek die derde duin by Groot-Nabas haal.

Genoemde ooreenkomste met Preller-bronmateriaal val op omdat Preller deesdae bekendstaan as “die belangrikste ideoloog en uitvinder van die twintigste-eeuse Afrikanertradisie” (Hofmeyer, 1991: 62; sien ook fel kritiek op Preller se onakkuraatheid en partydigheid in Van Jaarsveld, 1990; Liebenberg, 1975). Hoewel Van Jaarsveld (1990: 17) waarsku teen die “mode” om Preller te beoordeel as “rassis, ideoloog en mitoloog wat ’n wegbereider van Apartheid was”, stem hy saam dat Preller se geskiedskrywing as voedingsbron vir Afrikanernasionalisme gedien het: “Sy geskiedenisbewussyn het identies geword met die Afrikaners se nasionale bewussyn, trouens dit het as voedingsbodem daarvoor gedien” (Van Jaarsveld, 1990: 6). Van Jaarsveld (1990: 7) bestempel Preller se geskiedskrywing voorts as “regverdigingsliteratuur” vir die “voortbestaan van die Afrikaner as aparte entiteit” wat “’n filosofiese fundering aan Afrikanernasionalisme verskaf” het.

Voor die publikasie van Preller se *Vóortrekkers van Suidwes* in 1941 was die bekendste historiese bron oor Witbooi in Afrikaans Vedder se *Die voorgeskiedenis van Suidwes-Afrika*, wat in 1937 uit Duits in Afrikaans vertaal is. Hoewel die studie van Vedder, ’n Duitse sendeling, taalkundige en historikus, vandag as koloniale geskiedskrywing gesien word, is dit opmerklik dat Witbooi oorwegend baie positief beskryf word as een van die sogenaamde “uitsonderingsmense” wat “onder alle volke van die aarde nou en dan verrys” (Vedder, 1937: 685). Vedder verklaar sy voorneme om Witbooi “reg te verstaan en regverdig te beoordeel” (685). Hy beskryf Witbooi as uitermate vlytig, leergierig en skrand, met vermelding van sy “uitstekende handskrif”, selfs al het hy as jong man die duim van sy regterhand in ’n geveg met die Herero’s verloor. Hy noem dat Witbooi ’n getroue kerkganger, vroom en opreg gelowig was. Oor Witbooi se visioene en sy oortuiging dat hy deur God geroepe was om die Namas na ’n beloofde land noord van Gideon te lei, is Vedder filosofies: “Wat sy openbarings betref, daarvoor hou ons ons oordeel terug. Die sielelewe van die mens het dieptes was die soeker se blik nie kan deurgrond nie” (693). Heelwat aandag word bestee aan Hendrik se ekonomiese aktiwiteite. Volgens Vedder het dit in die Gibeon-jare gewentel om

veeboerdery, jag en tuinbou: “Hy het nie, soos baie andere, die geleentheid gehad om homself met onverskrokke rooftogte te verryk nie.” Witbooi het vee bekom deur ’n kontrak met Olpp en het met vee begin boer. Wanneer Witbooi se latere lewe en oorloë teen die Herero’s bespreek word, noem Vedder in neutrale taal dat Witbooi vee “gesteel” het.

Vedder se toon is dus heeltemal anders as dié van Preller, wat vir Witbooi bestempel as “’n gewone struikrower” wat hom skuldig gemaak het aan “roof- en moordpartye” en “barbaarse wreedheid” in die geselskap van “bandelose gespuis” (Preller, 1941: 201, 203, 218). Preller beskuldig Witbooi van “fanatisme” (194). Waar dit gaan om onderhandelings met Duitse staatslui bestempel hy Witbooi as “parmantig” (203), “’n onrustige Hotnot” (211) en “skelm” (228).⁹ Oor Witbooi se oorlogsverklaring sê Preller slegs Witbooi het “plotseling ál sy beloftes en ooreenkomste verbreek en vyandelikhede hervat teen die blankes wat hy op die mees verraderlike wyse om die lewe gebring het” (232).¹⁰ Wat tot Witbooi se besluit aanleiding gegee het, word nie vermeld nie. Pleks daarvan word genoem hoe “hy in koelen bloeden onskuldige mense doodskiet” (276).

Deur te let op Preller se growwe revisionisme en rassisme raak dit duidelik hoe Philander se vers deur koloniale sienings gevorm is. Die opvallendste aspek van die koloniale blik op Witbooi in Philander se gedig is dat die koloniale vergrype van die Duitse ryk nie aangeraak word nie. Witbooi se jare van onderwerping nadat Leutwein hom verslaan het, word gelykgestel aan ’n gebrek aan die wil om te lei en ’n afkoeling van Witbooi se vroeëre gedreweheid: “My wil tot heerskappy het weggekook” (29). Die Herero-opstand word beskryf as iets wat opvlam sonder dat die rede daarvoor vermeld word; en die soldate wat saam met Witbooi tot die stryd toetree, word “anargiste” genoem:

Maar toe die Herero’s aan brand raak
moes weer die heliografiste
van Chaumberg af gevaarseine maak
oor my Witbooi-anargiste.

Witbooi se opstand teen die Duitse ryk word, soos in Preller, as godsdienstige fanatisme en magshonger optrede verbeeld:

Weer gloei die ou geloof:
Hierdie land moet skoon
Dat ek as enigste opperhoof
met my volk hier vry kan woon.

Die “kommentaar oor die koloniserings van sy land en die verdraaiing van die geskiedenis” wat Gerwel (1985: 15) raaklees in “Die klippe praat”, ontbreek deurgaans in “Hendrik Witbooi”. Witbooi se einde word geteken as tragies en futiel, vergelykbaar met ’n plant wat op vreemde bodem uitsterf. Relevant hier is Van Wyk (2022: 64) se analise van die maniere waarop Philander aangesluit het by “kenmerke van die Suid-Afrikaanse liberale fiksie van die vyftigerjare, naamlik die tragiese element en die besef dat die individu weerloos is teen die raspolitiek wat op ’n daaglikse basis uitspeel”. Van Wyk (2022: 63) se kommentaar oor hoe die pastorale naturalisme in Philander se werk raakpunte vertoon met liberale fiksie, kan ook van toepassing gemaak word op die eerste strofes in “Hendrik Witbooi” oor die verbygegangene pastorale leefwyse onder die bewind van Hendrik se oupa, en die laaste strofes waarin Hendrik hom met die natuur vereenselwig. Soos “Aand op Genadendal” en “Veldblomtuin by Caledon” wat deur Van Wyk (2022) geanaliseer word, kan groot gedeeltes van “Hendrik Witbooi” beskryf word as “mooi landskaptekening geplaas [...] teen die onderliggende tema van verganklikheid en vervlietendheid”. Die volgende kritiek deur Willemsse (2008: 144) oor Philander se ambivalente hantering van die politiek van kolonialisme in *Zimbabwe*, sy onderbeligting van koloniale geweld, die feit dat hy gebruik maak van stereotipes uit setlaarsretoriek en die teenstellings waartoe dit aanleiding gee, is na my mening ewe geldig oor die gedig “Hendrik Witbooi”:

His [Philander’s] difficulty in formulating a coherent oppositional voice [...] points to this ambivalence. Just as his understatement of colonial violence or his difficulty at exploring the nature of colonial violence results in an unavoidable contradiction. He writes a text from the point of view of the colonists [...] while in contrast the colonized oppositional voice remains at best sketchy and stereotypical. [...] For Philander [...] the abiding difficulty is [...] imagining a postcolonial future.

Die uitbeelding van Witbooi in Philander se teks kan dus as koloniaal eerder as postkoloniaal beskryf word. In hierdie opsig beklee die gedig “Hendrik Witbooi” ’n ongemaklike posisie in die bundel waarvan dit deel uitmaak, en slaan dit ’n ander toon aan as die historiese gedigte in Philander se debuut, *Uurglas*. Etlike gedigte in *Uurglas*, byvoorbeeld “In sy naam”, “Die hand teen die muur” en “Reliëf” bevat implisiete, maar duidelike kritiek op ongelyke magsverhoudings in Suid-Afrika. Die gebruik van die uurglas-motief en gedigte oor sosiale onregte uit die verlede rig ’n waarskuwing aan die heersers van die apartheidstaat dat ook hulle tyd sal uitloop. In “Die Slaaf” gaan dit eksplisiet om die gevolge van koloniserings vir drie geslagte uit dieselfde familie. Die gedig eindig met ’n verwysing na die historiese figuur Abraham Esau en

die digter-spreker se gebed dat “onderdrukte” bevry word. In *Vuurklip* word die langer monoloog-gedigte afgewissel met korter gedigte oor die Khoisan waarin die gevolge van koloniserings onmiskenbaar krities belig word. Oor “Die klippe praat” oordeel Gerwel (1985: 15) byvoorbeeld soos volg: “Nie slegs lewer die San-spreker in die gedig kommentaar oor die koloniserings van sy land en die verdraaiing van die geskiedenis nie, maar hy open ook perspektiewe op die toekoms, nl. dat ’n dag van opstand sal kom [...] en die vergelding sal volg”. Dit wil voorkom asof die gedig “Hendrik Witbooi” die spore vertoon van historiese bronnemateriaal wat vandag beskou word as propaganda in diens van Afrikanerbelange en Afrikanernasionalisme in die aanloop tot apartheid.¹¹ Die gevolg is dat die gedig ’n teenstrydige posisie beklee in die konteks van die bundel en in ongelyke verhouding staan met die antiekoloniale kritiek wat elders in *Uurglas* en *Vuurklip* verwoord word.

4. Duitse kolonialisme en apartheid: Negatiewe Witbooi-uitbeeldings deur ander Afrikaanse skrywers tydens die apartheidsera

In die 1960’s was daar ’n opvallende oplewing in Afrikaanstalige, Suid-Afrikaanse romans oor Hendrik Witbooi en die Nama-opstand van 1904. Die verskyning van hierdie romans het saamgeval met die Verenigde Nasies se verhoor oor Suid-Afrika se teenwoordigheid in Suidwes-Afrika. Al drie romans wat ek hier bespreek – *Tweehonderd gewere* deur Doc Immelman (1965), *Duisend gewere* deur A. Cilliers (196-?) en *Die gësel van Namaland* deur W.A. de Klerk (1969) – speel in Suidwes-Afrika af tydens die Duitse koloniale bewind, maar verwys ook na Afrikanergeskiedenis en implisiet na die politieke konteks van Suid-Afrika tydens apartheid. Omdat al drie skrywers uit die Duitse koloniale geskiedenis put vir narratiewe waarin vestigingsmites van die Afrikaner, Afrikanernasionalistiese ideologie en apartheidse regverdigings ingebed word, wentel die verhaaldeure in elk van hierdie romans om dieselfde historiese bronnemateriaal: die lotgevalle van ’n groep Afrikaanssprekendes uit Suid-Afrika wat ’n boerderygemeenskap by Kub in die suide van Suidwes-Afrika gevestig en tydens die Nama-opstande van 1904 slaags geraak het met Hendrik Witbooi en sy soldate. Die Namas se opstand teen die Duitse koloniale bewind is nie die spil waarom die romans draai nie, aangesien die fokus verskuif na die skermutseling tussen Witbooi en die Afrikanerboere. Dit word as deel van nasionalistiese Afrikanergeskiedenis aangebied en Witbooi word nie as die teenstander van Duitse kolonialisme uitgebeeld nie, maar as vyand van alle “witmense” en in besonder ook die Afrikaners met wie die karakters hulle vereenselwig:

‘Hy [Witbooi] glo dat die witman ’n indringer in hierdie land is’ (Cilliers, 196-?: 19).

Hendrik Witbooi is ’n fanatikus wat glo dat hy deur ’n Hoër Hand geroep is om hierdie land skoon te maak van witmense (Cilliers, 196-?: 44).

Die Witkam praat stadig, ‘My kaptein Hendrik Witbooi sê hy het van Bo af die bevel gekry dat ons die witmense in die see moet jaag ... Die tien jaar vrede is verby ... Die tyd om ... dood te maak het gekom ...’ (Immelman, 1965: 19)

‘Witbooi [...] vertel dat hy van plan is om ons almal nog die see in te jaag’ (De Klerk, 1969: 3).

Berigte het sommer gou die laertjie by Kub bereik dat Hendrik Witbooi sy Witkams gelas het om sonder genade en sonder aansiens des persoons elke blanke man in die groot suide voor die voet dood te skiet (De Klerk, 1969: 39).

As deel van die Afrikanernasionalistiese diskoers wat in hierdie romans hoogty vier, word die botsing met die Witboois byvoorbeeld in die Cilliers-roman ’n voortsetting van die lot wat Afrikaners tydens die Anglo-Boereoorlog moes verduur. Dit blyk uit die reaksie van die karakter Johan Meiring, “die eertydse soldaat van die Republiek Vrystaat” (Cilliers, 196-?: 10), op die dood van die boer genaamd Piet Naudé:

‘Moord, ja,’ kom dit deur saamgeperste lippe. ‘Aanskou dit. Kyk goed. Daar in die stof lê ’n Boer. So baie van ons, so verskriklik baie van ons bloed het nog onlangs die aarde benat ... en nou is dit al weer so ...’ (Cilliers, 196-?: 33)

In soortgelyke trant beskryf De Klerk in *Die Gésel van Namaland* se inleiding, onder die hofie “’n Woordjie vooraf”, sy roman as “die vertelling van een van die mees verbete en aangrypende veldtogte in ons hele volksverhaal – die stryd teen die groot Hottentotleier, Hendrik Witbooi”. Die roman handel volgens De Klerk oor “heldemoed” van lede van “al die mense wat daardie bewoë dae daar in die laertjie te Kub deurgebring het”. Die verwysing na ’n laer is veelseggend aangesien die betekenis daarvan gelade is op die wyse wat Branford en Branford (1993: 171) verduidelik:

The Afrikaner pioneers, the so-called Voortrekkers, who left the Cape Colony and ventured into the interior of Southern Africa made use of ox-wagons. When they set up camp they lashed the wagons together to form a circle for the protection of the people and animals within, and as a barricade from which to fire on attackers. The initial meaning of laager was limited to

this regular form of defence of the Voortrekkers, but later it took on also a figurative meaning and came to refer to an ideologically impenetrable enclosure, most often with reference to the Afrikaner who was said to possess a laager mentality.

Die historiese bron vir al drie romans is waarskynlik Preller se *Voortrekkers van Suidwes*, wat aansienlike aandag aan die gebeure by Kub gee, hoewel dit nie genoem word in ander historiese studies oor dié tydperk nie (Blackler, 2017; Drechsler, 1980; Hillebrecht, 2015; Pool, 1979; Vedder, 1937; Wellington, 1967; Zimmerer, 2003). Preller beskryf Kub as “hierdie voorpos van die Afrikaanse beskawing en geloof teen die Hottentot-hordes” (1941: 269). Die Witboois word beskryf as “lafhartig” (261) ’n “moordenaarsbende” (262), “plunderaars” (267), “die duiwelse Hottentotte” (331) en nie as mense nie, maar as “goed” (287). Pakendorf (1998: 143) plaas De Klerk se stelling dat sy roman op “ware gebeure” gegrand sou wees, op relativerende wyse in perspektief as eerder ’n verhaal gegrand op ’n ander verhaal: “So the author’s claim that he has merely retold a story that really happened should be read to mean that he has retold a story that has been told before.”

Die invloed van Preller op die romans wat hier bespreek word, is onmiskenbaar. De Klerk ontleen sy titel aan Preller (1941: 195) se beskrywing van Witbooi as “die gésel van Suidwes en die skrik van die Kaapse trekkers”. Hy herhaal woordeliks Preller se vertelling dat die Herero’s na Witbooi sou verwys het as “otjikorta tji ri pi” of “die slegte kortetjie” (vergelyk De Klerk, 1969: 9 en Preller, 1941: 201). Preller se kritiese en neerbuigende toon teenoor Witbooi, en selfs spesifieke woorde en frases, weerklink in Immelman (1965) se verwysings na Witbooi as ’n “wreedaard” (31) en die Witbooi-soldate as “rowers” wat “taai, geslepe, wreed” (23) en “waansinnig” (29) sou wees. Cilliers (196-?) se beskrywings van Witbooi as “’n uitgeslape, sluwe kalant” (19) en “fanatikus” (44) wat saam met “moordenaars” (88) hom skuldig maak aan “verskriklike wreedhede” (96) en “moordery en plunder” (46) is soortgelyk.

Al drie romansiers voeg ’n liefdesverhouding by die verhaalgebeure wat op die Preller-bronmateriaal gegrand is. Dit is geen toeval dat *Duisend gewere* en *Tweehonderd gewere* oor die liefde van ’n jong Afrikaner vir ’n Duitse meisie handel nie. Die skeefgetrekte weergawes van historiese gebeure en die naakte rassisme in hierdie romans, met duidelike tekens van die invloed van koloniale denkbeelde, illustreer wat Melber (1985: 75-76) “die Duitse wortels van apartheid” noem. Dit vorm deel van sy argument oor raakpunte en historiese verbande tussen tussen Duitse kolonialisme en apartheid:

When South African troops occupied Namibia in 1914-15, German colonialism had prepared and created the structures of Apartheid, which afterwards were perfected by the South African regime and supplied with a specific ideology and doctrine of racial rule. The model, however, bore a German trade-mark (Melber, 1985: 75-76).

'n Sprekende voorbeeld van die invloed van Duitse kolonialisme is die volgende beskrywing van die karakter Tjaart Fouché se eerste ontmoeting met Witbooi in Immelman (1969: 13) se *Tweehonderd gewere*:

Tjaart Fouché onthou die oggend toe Hendrik Witbooi en veertig van sy ruiters op hulle werf kom besoek aflê het. [...] [S]y oë [...] was klein en donker en wreed en sy mond was styf, sy dik lippe dun gepers. Hy het nooit geglimlag of 'n vriendelike woord vir iemand gehad nie.

Dit herinner aan die Duitse kolonis Von Bülow, wat Witbooi in 1890 in die geselskap van Von François ontmoet het en wat hom soos volg beskryf:

Bij nadere waarneming, ontdekte men, in den energiek gesloten mond en de harde uitdrukking van den oogopslag, den trek van kracht en wreedheid, aan de dierlijke instinkten van ruwe volken eigen (aangehaal in Carelsen, 1905:68).

Soos reeds genoem, is Witbooi en die Namas se oorlog teen die Duitse koloniste op die agtergrond in hierdie romans omdat die Namibiese geskiedenis interpreteer word as deel van die gemitologiseerde pioniersgeskiedenis van die Afrikaner. Witbooi word telkens beskryf as iemand wat “in opstand teen die blanke gesag” gekom het sonder dat redes verstrekkend word vir sy optrede (De Klerk 1969: 4, 25). Herhaaldelik word genoem dat “onskuldige” mense as gevolg van Witbooi se “koelbloedige” optrede sou sterf (Cilliers, 196-?: 20, 32). Waar die oorlog tussen die Duiters en die inheemse bewoners wel ter sprake kom, word koloniale vergrype nie belig nie. Een van die noemenswaardigste voorbeelde is 'n karakter in *Duisend gewere* se beskrywing van die volksmoord op die Herero's deur Von Trotha as iets wat die Herero's op hulself haal: “[B]y Okhahandja is die Herero's besig om nasionale selfmoord te pleeg” (Cilliers, 196-?: 6). In *Die gésel van Namaland* word die uitwissing van die Herero's in die skadu gestel van verliese en swaarkry aan Duitse kant:

Groot getalle Herero's het inderdaad 'n verskriklike dood tegemoet gegaan. Maar ook die Duitsers moes geweldige verlies ly. Net waar 'n mens daarbo kom, lê die nuwe grafte – met altyd die woorde: *Gestorben* of *Gefallen bei* daarop. Dit was maar treurig om te sien (De Klerk, 1969: 137).

Dit is nie die Herero's se lot nie, maar dié van die jong, Duitse mans wat “treurig” is. Die simpatie is onbetwisbaar by die Duitsers:

So lewendig was hierdie beskrywing ook van [...] die harde lot wat die jong Duitse mans getref het, dat tant Mynie du Toit opnuut tot tranne toe beweeg is.

‘Foei tog,’ het sy hier cenkant heerlik gesnik. ‘Ag, hoe jammer kry ek hulle tog nie – die jongs mense, so ver van huis en haard’ (De Klerk, 1969: 137).

Witbooi se oortuiging dat Duitsers op sy grond oortree, word in twyfel getrek, byvoorbeeld wanneer ’n karakter in *Duisend gewere* opmerk: “Witbooi beweervat dat al hierdie grond waarop hulle nou staan, syne is” (13) [my kursivering]. Die karakter Tjaart Fouché betwis die legitimiteit van Witbooi se vryheidstryd deur te onderskei tussen die Boere se stryd teen Britse oorheersing en die Namas se stryd teen Duitse oorheersing:

Het hy dan nie ondervinding van so ’n stryd nie? Maar hierdie is nie so ’n stryd nie. Hierdie is ’n klomp bloeddorstige, half-beskaafde rowers wat weet dat hulle geen stryd het om te stry nie, maar verruk voel as hulle bloed sien vloei en kan plunder en afbreek (Cilliers, 196-?: 45).

Hierdie romans lees soos variasies op Gustav Frenssen se berugte roman *Peter Moors Fahrt nach Südwest* (in Engels beskikbaar as *Peter Moor's journey to Southwest*), waarin voorbrand gemaak word vir die reg om die land van Afrikane weg te neem sodat dit “getem” en “beskaafd” gemaak kan word. Die tipering van Witbooi-soldate as “halfbeskaafd” deur Cilliers in bogenoemde aanhaling sluit aan by etlike ander soortgelyke stellings elders in die roman. *Duisend gewere* handel immers oor transportryer wat in Suidwes-Afrika “[sien] hoe beskawings allengs meer en meer posvat” (10). Dieselfde retoriek word aangetref in *Die gésel van Namaland*. Reeds vroeg in die verhaal verduidelik ’n karakter Tante Mynie aan ander karakter hoe die gemeenskap van Kub na “’n kale wildernis” gelei is, maar vasbeslote gebly het “dat ons hier in die vreemde, woeste land ál die mooi dinge van ons volkie sou bewaar ... en dat ons ons kinders sou grootmaak in die vrese des Heerens” (14). Die beskawende invloed van die wit, Afrikaanse Christengemeenskap word ook beklemtoon in die volgende gesprek:

‘Ek hoor mos nou Witbooi sê ons het hier ingedring? Is dit so, Oom?’

‘Kyk, Boetie,’ kom die rustige en afdoende antwoord: ‘Welke grond ons hier in die suide besit, is ons van owerheidsweë geskenk – of anders het ons dit gekoop van die wettige eienaars en self die wettige eienaars geword. Dit was graaf Pheil wat gemaak het dat ons mense uit die

Kolonie hierheen getrek het. Hy [...] het geweet dat ons die wêreld hier sou kan tem, soos ons ook op baie ander plekke in ou Afrika al gemaak het' (De Klerk, 1969: 158).

In 'n poging om die binêre opposisies so kenmerkend van koloniale denke te handhaaf, word die feit dat Witbooi 'n belese en geletterde man was wat die moedertaal van die Afrikaner se voorouers magtig was, word soos volg ondergrawe:

'Oom Maans,' vra Koos Spies, 'is dit nou waar wat ons hoor dat hy 'n dagboek hou?'

'Boetie,' sê oom Maans met gewigtige erns, 'dit is nou evangelie. [...] [E]n dan moet julle weet dat hy dit alles *kamtig* in hoog-Hollands skrywe.'

Verskeie minder vleierende aanmerkings kom uit die geselskap (De Klerk, 1969: 40, my kursivering).

En elders:

'Hulle vertel hy skryf Hollands,' merk oom Dirk op.

Meeester lag: 'Witbooi-Hollands.'

Die mense lag ingetoë (De Klerk, 1969: 156).

Die kwessie van uitverkorenheid figureer ook prominent. Daar is groot ontsteltenis onder die karakters in *Die gésel van Namaland* oor Witbooi se geloof dat hy deur God geroepe was: "So 'n vermetelde Witbooi! Hy moet reken dat hy so kan praat. Hy moet op sy plek gesit word – dis nie altemit nie" (De Klerk, 1969: 10). Die boerevegters word gered wanneer 'n donderstorm bo die Namas uitbars. Die skrywer plaas dialoog in die mond van die Witbooi-soldaat Samuel Izak wat daarop dui dat God "kwaad is" vir die Namas en die Boere se kant gekies het:

Die hewige donderstorm wat skielik so verwoed losgebars het, is in 'n oogwenk saamgetrek op daardie enkele kol wat deur die belcêrers van Gibeon uitgekies is. Een hewige haelbui na die ander het op Samuel Izak en sy Witkamruiters uitgesak.

'Die Here is kwaad vir ons!' So, is daar vertel, het Samuel Izak verward uitgeroep toe hy die vreemde natuurverskynsel aanskou. 'Die Here is kwaad!' En daarmee het hy subiet die bevel aan sy manskappe gegee om die aftog te blaas (De Klerk, 1969: 117).

5. Gevolgtrekkings

Die tekste deur Afrikaanse digters en skrywers wat in hierdie artikel bespreek is, illustreer die enorme impak wat koloniale geskiedskrywing oor Hendrik Witbooi, veral dié van Preller, vir langer as 'n eeu op Afrikaanse skrywers en digters gehad

het. Philander se epiese gedig “Hendrik Witbooi” herhaal histories-onakkurate sienings van Witbooi as ’n magshonger kwaadstoker en betrek nie die geweld en wrede onderdrukking van die Duitse koloniale bewind nie. Hoewel Philander al bestempel is as ’n baanbreker van ’n nuwe manier van kyk na verwaarloosde geskiedenis en die verwoording van ’n swart etos in Afrikaans, maak “Hendrik Witbooi” helaas deel uit ’n langtradisie in Afrikaanse letterkunde van koloniserende uitbeeldings van Witbooi en sy geskiedenis. Die romans van Cilliers, De Klerk en Immelman ontplooi op eksplisiete wyse koloniale denke en apartheidsretoriek. Botha (2007: 46) beweer dat Namibiese Afrikaners, hoewel hulle wit, koloniale heersers gesteun het, nie ’n tradisie het van fiksie wat kolonialisme verdedig nie. Volgens hom is dit heeltemal anders as Duitse koloniale letterkunde wat wit oorheersing verdedig en geneig is om swart Afrikane op krenkende wyse voor te stel.¹² Hoewel dit waar mag wees dat die korpus van Duitse koloniale letterkunde groter is, is dit nie waar dat dié tradisie in Afrikaans ontbreek nie. Dit is ook onjuis om te beweer dat die werk van die skrywer Doc Immelman, die Afrikaanse seun van Duitse immigrante, “slegs op implisiete wyse dien ter regverdiging van Afrikanerkolonialisme” (soos beweer deur Botha, 2007: 46; sien ook Van Rooyen, 2002). Die besprekings van die romans van Immelman, De Klerk en Cilliers wys dat daar wél in Afrikaanse letterkunde uit Namibië én Suid-Afrika prominente voorbeelde bestaan van tekste wat koloniale oorheersing deur Duitsers en/of Afrikaners eksplisiet verdedig en swart Afrikane uitbeeld op maniere wat hulle van hul menswaardigheid stroop.

Universiteit van Kaapstad

Bronnelys

- Alexander, N.** 1983. The enigma of the Khowsesin 1885-1905. In: Saunders, C. (red.). *Perspectives on Namibia. Past and present*. Kaapstad: Centre for African Studies, Universiteit van Kaapstad.
- Antonissen, R.** 1963. *Kern en tooi. Kroniek van die Afrikaanse lettere*. Kaapstad: Nasou beperk.
- Antonissen, R.** 1965. *Die Afrikaanse letterkunde van die aanvang tot die hede*. Kaapstad: Nasou Beperk.
- Antonissen, R.** 1966. *Spitsberaad: kroniek van die Afrikaanse lettere, 1961-1965*. Kaapstad: Nasou Beperk.
- Baer, E.** 2017. *The genocidal gaze. From German Southwest Africa to Third Reich*. Detroit: Wayne State University Press.
- Beukes, G en F. Lategan.** 1959. *Skrywers en rigtings*. Pretoria: J.L. Van Schaik.

- Boehme, F.** 2020. Reactive remembrance: The political struggle over apologies and reparations between Germany and Namibia for the Herero genocide. *Journal of Human Rights* 19 (20): 238-255.
- Botha, C.** 2007. Internal colonisation and an oppressed minority? The dynamics of relations between Germans and Afrikaners against the background of constructing a colonial state in Namibia, 1884-1990. *Journal of Namibian Studies: History Politics Culture* 2: 7-50.
- Blackler, A.** 2017. From Boondoggle to settlement colony: Hendrik Witbooi and the evolution of Germany's imperial project in Southwest Africa, 1884-1894. *Central European History* 50 (5): 449-470.
- Branford, J. en Branford, W.** 1993. *A dictionary of South African English*. Kaapstad: Oxford University Press.
- Carelsen, G.** 1905. Witbooi-literatuur door Geertruide Carelsen. *Onze Eeuw* 5 (11): 65-82.
- Cilliers, A.** 196(-?). *Duisend gewere*. Bloemfontein: Treffer-uitgewers.
- Dekker, G.** 1964. *Afrikaanse literatuurgeskiedenis*. Kaapstad: Human en Rousseau.
- De Klerk, W.A.** 1969. *Die gésel van Namaland*. Johannesburg: Perskor-uitgewery.
- Drechsler, H.** 1980. *Let us die fighting. The struggle of the Herero and Nama against German imperialism (1888-1915)*. Londen: ZED Press.
- Erichsen, C.W.** 2005. "The angel of death has descended violently among them": Concentration camps and prisoners-of-war in Namibia, 1904-1908. Leiden: African Studies Centre.
- Frenssen, G.** 1908 [1905]. *Peter Moor's journey to South-West Africa: A narrative of the German campaign*. Londen: Houghton Mifflin.
- Gerwel, G. J.** 1985. Van Petersen tot die hede – 'n kritiese bestekopname. In: Smith, J., Van Gensen, A. en Willemse, H. (reds.). *Swart Afrikaanse skrywers. Verslag van 'n simposium gehou by die Universiteit van Wes-Kaapland, Bellville op 26-27 April 1985*. Bellville: UWK-drukkery.
- Gray, S.** 2013. Soul-brother Eugène N. Marais: Some notes towards a re-edit of his works. *Tydskrif vir Letterkunde* 50(2): 63-80.
- Groenewald, G.** 2010. Afrikaans as lingua franca in Namibië, ca. 1800-1920. *LitNet Akademies* 7(3): 65-102.
- Hillebrecht, W.** 2015. Hendrik Witbooi and Samuel Maharero: The ambiguity of heroes. In: Silvester, J. (red.). *Re-viewing resistance in Namibian history*. Windhoek: University of Namibia Press.
- Hofmeyr, I.** 1991. Popularising history: The case of Gustav Preller. In: Clingman, S. (red.). *Regions and repertoires: Topics in South African politics and culture*. Johannesburg: Ravan Press.
- Immelman, D.** 1965. *Tweehonderd gewere*. Kaapstad: Human & Rousseau.

- Liebenberg, B.J.** 1975. Gustav Preller as historikus. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 15(4): 243-249.
- Marais, E.** 1984. *Versamelde werke* (red. Leon Rousseau). Pretoria: J.L. van Schaik.
- Melber, H.** 1985. Namibia: the German roots of Apartheid. *Race & Class*, 27(1), 63-77.
- Melber, H.** 2005. Namibia's past in the present: colonial genocide and liberation struggle in commemorative narratives. *South African Historical Journal* 54(1): 91-111.
- Nienaber, G.S.** 1989. *Khoekhoense stamname. 'n Voorlopige verkenning*. Pretoria: Academica.
- Pakendorf, G.** 1998. "Ons hele volksverhaal": Writing Afrikaner nationalism on the periphery. *Journal of Literary Studies* 14(1-2): 136-165.
- Petersen, S.V.** 1944. *Die enkeling*. Port Elizabeth, Kaapstad: Unie-Volkspers..
- Petersen, S.V.** 1948. *Die stil kind (en ander verse)*. Kaapstad: Maskew Miller.
- Petersen, S.V.** 1960. *Die kinders van Kain*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel.
- Petersen, S.V. en P.J. Philander.** 1967. *Keurverse. 'n Bloemlesing uit die gedigte van S.V. Petersen en P.J. Philander. Saamgestel deur Dr. W.H. Vos*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel.
- Philander, P.J.** 1955. *Uurglas*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel.
- Philander, P.J.** 1960. *Vuurklip*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel.
- Pool, G.** 1979. *Die Herero-opstand. 1904-1907*. Kaapstad: HAUM.
- Preller, G.** 1941. *Vóortrekkers van Suidwes. Geskiedenis van die land en sy volke met hul oorloë; van die Dorslandtrek; die Smit-trek uit Piketberg en die Duitse en Britse verowering*. Kaapstad: Nasionale Pers Beperk.
- Small, A.** 1957. *Vêse van die liefde*. Kaapstad: Culemborg.
- Small, A.** 1961. *Kitaar my kruis*. Kaapstad: HAUM.
- Small, A.** 1963. *Sê sjibbolet*. Kaapstad: Afrikaanse Pers-Boekhandel.
- Unesco.** 2005. *Letter journals of Hendrik Witbooi*. Geargiveerde webblad. <https://webarchive.unesco.org/web/20151225200834/http://www.unesco.org/new/en/communication-and-information/flagship-project-activities/memory-of-the-world/register/full-list-of-registered-heritage/registered-heritage-page-5/letter-journals-of-hendrik-witbooi/> (Datum van gebruik: 30 Junie 2022)
- Van Jaarsveld, F. A.** 1990. Gustav Preller: Sy historiese bewussyn en geskied-beskouing. *Historia* 35(2): 3-19.
- Van Rooyen, P.** 2002. *Doc Immelman in Namibias-Afrikaanse literatuur. 'n Analise van rasse- en gender-stereotipering in sy werk*. Ongepubliseerde M.A.-tesis. Windhoek: Universiteit van Namibië.
- Van Rooyen, P.** 2021. The German attack on the Witboois at Hornkranz, Namibia, April 1893. *Scientia Militaria: South African Journal of Military Studies* 49(1): 57-73.

- Van Wyk, S.** 2022. Die intellektuele geskiedenis van bruin intelligentsia: 'n herbesoek aan P.J. Philander (1921–2006). *Tydskrif vir Letterkunde* 59(3): 57-72.
- Vedder, H.** 1937. *Die voorgeskiedenis van Suidwes-Afrika. Gebeurtenisse in Suidwes tot aan die dood van Maharero in 1890*. Windhoek: John Meinert.
- Wannenburgh, A.** 1980. *Forgotten frontiersmen*. Kaapstad: Howard Timmins.
- Wellington, J.H.** 1967. *South West Africa and its human issues*. Oxford: Clarendon.
- Willemse, H.** 1982. *Swart protesdigters in Suid-Afrika. 'n Voëlvlug*. Bellville: Universiteit van Wes-Kaapland.
- Willemse, H.** 2008. Insularity and ambivalence: The case of the South African poet P.J. Philander's epic poem, "Zimbabwe". *Research in African Literatures* 39(1): 125–148.
- Witbooi, H.** 1929. *Die dagboek van Hendrik Witbooi. 1884-1905. Bewerk na die oorspronklike dokumente in die regeringsargief, Windhoek*. Kaapstad: Van Riebeeck Vereniging.
- Zimmerer, J.** 2003. War, concentration camps, and genocide in South-West Africa: The first German genocide. In: Zimmerer en Zeller (reds.). *Genocide in German South-West Africa: The Colonial War of 1904-1908 and its Aftermath*. Pontypool: Merlin.

Note

1. Groenewald (2010: 67) gebruik die term "Hollands" vir die taal waarin briewe soos dié van Witbooi geskryf is omdat hy wil aandui dat dit 'n soort "intertaal" was tussen die gesproke taal, wat nader aan moderne Afrikaans was, en die hoër register-teikental Nederlands.
2. Marais (1984: 1294) se artikel, wat die eerste keer in 1910 gepubliseer is, bevat aanstootlike "antropologiese" sienings oor ras en inheemse tale, letterkundes en kulture waarop daar nie hier ingegaan word nie. Vir meer hieroor sien Gray (2013: 64).
3. Die eksemplaar in my besit bevat geen publikasiedatum nie. Ook op die Worldcat-katalogus word die datum aangegee as 'n onbekende jaartal in die 1960's.
4. Dr. Heinrich Göring (vader van die berugte Nazi Hermann Göring) was die eerste keiserlike gesant wat na Suidwes-Afrika gestuur is en was van 1884 tot 1889 aan die stuur van sake. Hy is opgevolg deur kommandant Curt von François vanaf 1889 tot 1894 en goewerneur Theodor von Leutwein vanaf 1894 tot 1904. Die volksmoord op die Namas en Herero's het geskied onder die bewind van luitenant-generaal Lothar van Trotha, wat Leutwein in 1904 opgevolg het.
5. Alexander haal die brief in Engels aan, maar die Nederlands wat hier aangehaal word is my transkripsie [van 'n foto van die brief in Hillebrecht (2015: 50)]. Ook Hillebrecht (2015) betwis sienings dat Witbooi "lojaal" sou wees aan die Duitsers op Gibeon. Hy stel voor dat Witbooi se Gibeon-dekade nie as "tien jaar van vrede" beskryf moet word soos in koloniale geskiedskrywing nie, maar as "tien jaar oorlog", omdat Leutwein in hierdie tydperk elke jaar met militêre optrede

- gewys het dat geen uitdaging van Duitse gesag geduld sal word nie.
6. My vertaling van die bronne se Engelse vertaling van die oorspronklike Duitse bewoording. Die Engelse vertaling in die aangehaalde bronne lui soos volg: "I shall destroy the rebellious tribes by shedding rivers of blood and money. Only thus will it be possible to sow the seeds of something new that will endure" (Baer, 2017: 30).
 7. Groenewald (2010: 96) wys daarop dat Von Trotha die proklamasie óf in Nederlands opgestel óf in Nederlands laat vertaal het. Hillebrecht (2015: 51) lys die proklamasie in Nederlands as een van die argiefstukke wat hy geraadpleeg het.
 8. Gerwel (1985: 17) maak in sy bespreking van die eerste bruin digters in Afrikaans ook melding van Lionel Sheldon se enkele bundel *Weeklaag van die wese* (1960), maar hoewel hy waardering uitspreek vir die unieke fokus op landelike armoede, bevind hy dat Sheldon 'n "onbeduidende digter" was.
 9. Die raspejoratief word hier na deeglike oorweging nie weggelaat nie, maar tóg aangehaal om die trant waarin Preller skryf, en die wyse waarop hy die reeds kwetsende woord 'Hottentot' met 'n self krenkender term vervang, te illustreer.
 10. Hier en daar lei die revisionisme tot vreemde spanninge. So gee Preller byvoorbeeld toe dat Witbooi in sy onderhandelings met Von François skerpsinnig was: "By al sy barbaarse wreedaardigheid moet Hendrik Witbooi iemand gewees het van heelwat gesonde verstand en deursig, soos trouens ook uit sy onderhandeling met Von François blyk" (218).
 11. Sien van Van Jaarsveld (1990: 7) vir 'n beskrywing van Preller se geskiedskrywing as "in 'n hoë mate propagandisties".
 12. "Namibian Afrikaners, though strongly supportive of South African and by extension, white rule in the colonial period, failed to develop a tradition of fictional writing premised on a defence of colonialism. This is in contrast to German colonial literature [...] which by and large engaged in a defence of white domination and a tendency to dehumanise black Africans" (Botha, 2007: 46).

“Vroue kan hul ook verweer en leer om sondaars mak te maak”: ’n Bespreking van Nerina Ferreira se vertalerstem in haar Afrikaanse vertaling van *Die lustige weiber von Windsor* as *Die vrolike vroue van Windsor*

Danie Stander

“Women can also defend themselves and learn how to tame sinners”: A discussion of Nerina Ferreira’s translator’s voice in her Afrikaans translation of *Die lustige weiber von Windsor* as *Die vrolike vroue van Windsor*

*This article analyses Nerina Ferreira’s 1982 Afrikaans translation of Hermann von Mosenthal’s German libretto for Otto Nicolai’s opera *Die lustigen weiber von Windsor* (1849) as *Die vrolike vroue van Windsor* in order to gauge aspects of her unique translator’s voice. Described by Theo Hermann’s as the translator’s discursive presence in the translated text, various translation theorists’ formulations of ‘translator’s voice’ are consulted to devise a term with which to name Ferreira’s translation approach and theorise how it produces feminist rhetorical effects. Special attention is paid to her translation of the female protagonist’s and male antagonist’s dialogue and how these characters undergo subtle psychological transformations in translation. This translation is then juxtaposed with Ferreira’s translation of William Shakespeare’s *The taming of the shrew* the following year (1983) as *Die vasvat van ’n feeks* in which her use of similar translation techniques supports the assumption that her translations can be read as feminist in nature. This paper publicises Ferreira’s under-researched translator’s voice in the history of Afrikaans and South African translation for the stage.*

1. Inleiding

In 1982 vertaal Nerina Ferreira (1921-2012) Hermann von Mosenthal se Duitse libretto van Otto Nicolai se opera *Die lustigen weiber von Windsor* (1849)¹ as *Die vrolike vroue van Windsor*² vir die Kaapse Raad vir die Uitvoerende Kunste (KRUIK) se operageselskap. *Weiber* is ’n verwerking van Shakespeare se *The merry wives of Windsor* (1602).³ Dit wil voorkom dat Ferreira met haar vertaling van *Weiber* elemente van *Wives* wat in *Weiber* ontbreek in *Vroue* herwin. Dit behels meestal Shakespeare se beklemtoning van manlike wildheid en waansin. Hierdie eienskappe wat in *Wives* daargestel word as kenmerkend van ’n bepaalde gender (die man) koppel *Wives* ook met *The taming of the shrew* (1590-2).⁴ Hierdie karaktertrekke word in *The shrew* se geval (minstens in die titel) egter aan vroue toegeskryf. Ferreira se vertaling van *The shrew* as *Die vasvat van ’n feeks*⁵ word ’n jaar ná haar vertaling van *Vroue* deur die Transvaalse Raad vir die Uitvoerende

Kunste (TRUK) op die planke gebring, 'n Vergelykende bestudering van *Vroue* en 'n *Feeks* toon aan dat sekere vertaalbesluite wat Ferreira in *Vroue* maak, 'n voorafskaduwing is van soortgelyke vertaalstrategieë wat sy in 'n *Feeks* aanwend – strategieë wat in hierdie artikel as feministies beskryf word.

In 'n vorige artikel (Stander, 2021b) interpreteer ek 'n *Feeks* as 'n feministiese hersiening van *The shrew*. My bewysvoering daarin steun op 'n noemenswaardige aantal verwysings na ekstra-diëgetiese faktore, (veral die regie daarvan) (Stander, 2021b: 46-49) en op biografiese inligting wat Ferreira se instelling as feministies beskryf (Stander, 2021b: 49-51). In daardie artikel skenk ek egter betreklik min aandag aan die teksinhoud, buiten 'n analise van Ferreira se vertaling van seksistiese skelwoorde (Stander, 2021b: 41-44). My bespreking van Ferreira se vertaling van *Weiber* bou aanvullend en uitbreidend voort op die aanname van haar feministiese vertaalaanslag in my vorige artikel oor *The shrew* as *Die feeks*. Die feministiese aard van Ferreira se vertaling van *Weiber* is myns insiens merkbaarder as in die geval van 'n *Feeks*. Uit 'n feministiese perspektief hou hierdie gegewe belangrike implikasies in vir die analise van 'n *Feeks* as vertaling, in die lig van Ferreira se herhaling en herwinning (in 'n *Feeks*) van sommige van haar vertaaltaktieke in *Weiber*. Hierdie taktieke behels karakterisering deur die vertaling van die hoofkarakters se dialoog.

Met die aandag wat hier aan Ferreira se metaforiese buiksprekery van Shakespeare se karakters (hetsy direk uit *Wives*, of soos verwerk in *Weiber*) geskenk word, kom 'n gedeeltelike beskrywing van Ferreira se eiesoortige 'vertalerstem' aan bod. Die konsep 'vertalerstem' word in hierdie artikel met behulp van 'n keur vertaalteoretici gedefinieer en ingespan om aspekte van Ferreira se persoonlikheid as vertaler te omskryf. Ek trag ook om hiermee 'n produktiewe en belangrike stem onder Afrikaanse vrouevertalers in die geskiedskrywing van (Suid-)Afrikaanse (drama-)literatuur en vertaalkunde te help kanoniseer.

2. Vertalerstem

Zhang Qun-xing bied in sy artikel “Translator’s voice in translated texts” (2016) 'n diskoersanalise van die term 'vertalerstem' se konseptuele geskiedenis. Qun-xing se hoofstelling is dat die term nog nie sedert dit die eerste keer deur Lawrence Venuti (1995) beskryf is, oor een gestandaardiseerde definisie beskik nie. Na gelang van die toepassing daarvan in narratologie, stilistiek, sosio-narratiewe teorie en spraakhandelingeorie, neem die term verskillende betekenis aan.⁶ Chengzhi Jiang (2012: 366) gaan so ver as om na die term 'vertalerstem' te verwys as 'n newelagtige begrip wat gekenmerk word aan konseptuele verwarring. Vervolgens

verklaar ek my eie verfyning van die term ‘vertalerstem’ met insigte ontleen uit die beskrywings daarvan deur Theo Hermans (1996), Mona Baker (2006) en Jeremy Munday (2008). My toepassing van die term is nie voorskriftelik nie, maar funksioneer slegs as ’n leksikale hulpmiddel vir my analise van die eiesoortigheid van Ferreira se vertaalaanslag.

In “The translator’s voice in translated narrative” die essay wat die begrip ‘vertalerstem’ op die voorgrond van literêre vertaalkunde gebring het, redeneer Hermans (1996: 27) dat vertaalde narratiewe diskoers altyd meerstemmig is – dit bevat minstens die stem van die skrywer en die vertaler. Hy beskryf die vertalerstem as die vertaler se diskursiewe teenwoordigheid (“discursive presence”) in die vertaalde teks (1996: 27). In sy uitleg van hierdie konsep beklemtoon Hermans die vertaler se paratekstuele voetspore, in en om die doelteks, as leidrade vir die leser om die vertaler se vertolkende ingrepe daarin te bemerk. *Vroue* is nie gepubliseer nie en die manuskrip bevat geen peritekstuele kommentaar wat die vertalersoogmerk toelig nie. Ek verwys wel na Ferreira se epitekstuele uitsprake ten einde insigte aangaande haar gender-ideologie en haar vertaalmetodologie te genereer en dit met (betreffende feminisme) die retoriese effekte van haar vertaling van *Vroue* te jukstaponeer. Sodoende tref ek ’n onderskeid tussen Ferreira se begrip van die term feminisme en myne sonder om haar of haar vertalings as onfeministies te brandmerk.

Munday (2008: 14) onderstreep die worsteling om die vertaler se stem van die skrywer s’n te onderskei, omdat die twee met mekaar só in die doelteks vermeng word dat ’n nuwe teks geskep word “with a subtly distinct voice”. Hy redeneer dat die vertaler se idiosinkratiese stem slegs van die skrywer s’n onderskeibaar is wanneer die bronteks en doelteks intensief met mekaar vergelyk word (Munday, 2008: 19) – ’n eksperiment wat met hierdie artikel onderneem word. Deur sodanige jukstaponeering kan fasette van die vertaler se ideolek bemerk word. Ek skram egter daarvan weg om die doelteks as ’n beslissende blik op Ferreira se persoonlike ideolek te hanteer. Baker (2006: 47) voer byvoorbeeld aan dat individuele vertalers “may deliberately re-mould the target text to fit a pre-existing personal and public ideological framework or narrative”. Ek trek Baker se stelling nie in twyfel nie, maar in my uitleg van *Vroue* laat ek dit aan die leser oor om Ferreira se politieke of ideologiese doelstellings daar in te lees. Ek argumenteer bloot dat haar vertaaltaktieke in *Wives* én in *Weiber* impulse toelig wat as profofeministies beskryf kan word.

3. Vertalerstem in vertalings vir die verhoog

Zhang Qun-xing se kartering van die studieveld waarin vertalerstem ter sprake kom is uitsluitlik prosa-gerig, en beslaan opsommings van debatte

aangaande die onderskeid tussen skrywer, geïmpliseerde skrywer, verteller, vertaalde verteller, vertaler, geïmpliseerde vertaler, leser, geïmpliseerde leser, ensovoorts. Wat vertellerperspektief betref, is *Weiber*, volgens Dan McIntyre se indeling van teatertekste, 'n 'prototipiese' teks, dit wil sê dit is ontdaan van 'n karakter-as-raamverteller (2006: 2). Die verwarring tussen skrywer, (raam- of alomteenwoordige) verteller en vertaler is dus nie só relevant tot die bespreking van *Weiber* as die vertaling van dialoog of, in hierdie geval, liriek nie.

Weiber en *Vroue* is operas, maar baie van die kwessies ter sprake by die vertaling van 'n drama is ook toepaslik by die vertaling van 'n opera. Ek gebruik daarom voorts Baines, Marinetti en Perteghella (2011: 1) se oorkoepelende term 'vertaling vir die verhoog' ['translation for the stage'].

In haar voorwoord tot *The languages of theatre*, wat Ortrun Zuber beskryf as "the first book focusing on translation problems unique to drama", verduidelik sy die bydraes daarin konsentreer op "non-verbal, verbal and cultural aspects as well as staging problems", want "a play is written for a performance and must be *actable* and *speakable*" (1980: xiii, my kursief).⁷ By die vertaling vir die verhoog word Zuber se klem op speel- en vertolkbaarheid deur onder andere David Johnston (2004: 25-38) herhaal. Met operavertaling het die vertaler verder te kampe met kwessies van singbaarheid (Jacobs, 1961: 25; Snell-Hornby, 2007: 107; Edo, 2017:642) en verstaanbaarheid (Dent, 1979:2).

Só 'n pragmatiese beskouing kan weersprek word deur vervreemdende ['foreignizing'] vertaalbenaderings – soos Kirsten Nigro voorstel (2000: 115-125). 'n Vertaling vir die verhoog kan doelbewus vervreemdend wees deur dialoog om politieke redes moeilik speel- of verstaanbaar te maak – 'n tendens wat Venuti (1995: 238) beskryf en inderdaad voorskryf.

In paratekstuele kommentaar propageer Ferreira wel 'n vertaalbenadering, in die trant van Zuber en Johnston, wat vlotheid van uitspraak en die akteur en/of sanger se vertolking daarvan aanhelp. Sy beklemtoon die "verstaanbaarheid en speelbaarheid van 'n woord" in die vertaler se woordkeuses (Anoniem, 1976: 1-2) en hou dít voor as die bakermat van suksesvolle dramavertaling. Op grond hiervan beslis sy dat die meeste vertalings nie met die "regte aanslag" vertaal word deur "mense wat nie toneel speel nie" (Anoniem, 1982: g.b.).

Johnston (2005: 25) gee tereg toe dat "[p]erformability is not a word that can be accepted at face value" en dit is natuurlik 'n konsep met 'n betreklike betekenis. Vir die doeleindes van hierdie ondersoek is dit egter nie noodsaaklik om Ferreira se standaard van opvoerbaarheid en speelbaarheid te peil nie. Die blote feit dat sy speelbaarheid as só 'n bepalende kriterium daargestel het, hou belangrike implikasies in vir die besinning oor haar woordkeuses en die retoriese effekte daarvan met betrekking tot feministiese temas. Ferreira se woordkeuses

bewerkstellig moontlik feministiese effekte, hoewel die oorleg wat hierdie keuses onderlê het, soms meer pragmaties as ideologies van aard was.

Vertalings vir die verhoog is verder onderskeibaar van vertalings van prosatekste in dié opsig: prosatekste kan herhaaldelik gelees word. Vertalings van opvoertekste word nie noodwendig gepubliseer nie. Die vertaalde dialoog en/of libretto word daarom meestal slegs eenmaal gehoor. Indien vertalers vir die verhoog hierop ag slaan, wend hulle ook taal aan wat na hul mening duidelik en helder is.

Daar word ook in ag geneem dat vertalersinisiatief by die vertaling van 'n operalibretto ontleed moet word met inagneming van die feit dat (soos met die vertaling van alle streng metriese tekste) 'n woord-vir-woord-vertaling onprakties is. Die vertaling van arias en duette met vaste metrum en rymskemas noop die vertaler om die retoriese inhoud parafraserend binne die bronteks se metriese templaar te omskep. Vir die vertaalnavorsers is dit goeie nuus: Die parafraseringsimperatief dwing vertalers om hulle uitleg van die bronteks (minstens ten dele) eksplisiet te maak. Dit waarborg inisiatiewe wat dit uitleen tot ooglopende interpretasie en in hierdie geval lewer dit ryke stof op.

4. Ferreira en feminisme

In my (2021: 77) bespreking van Ferreira se vertaling van Astrid Lindgren se Pippie Langkous-reeks betuig ek dat ek Ferreira se vertaalkeuses en ganse vertaaloeuvre nie tot die politieke dimensie daarvan wil reduseer nie. In hierdie artikel handhaaf ek 'n soortgelyke benadering: Die feministiese dimensies van Ferreira se vertaling van *Weiber* as *Vroue* word ondersoek sonder om Ferreira se algehele vertaalpoëtika as uitsluitlik en/of selfbewustelik feministies te beskryf.

Luidens kennis, kollegas, vriende en familielede (Stander, 2020a; Stander, 2020b; Stander, 2021c; Stander, 2021d) was Ferreira regdeur haar loopbaan uitgesproke oor haar beskouings van rasse-integrasie, geslagsgelykheid, en die gelykwaardigheid van queer, gender en seksuele identiteitsuitdrukkings, maar sy was in die geheel nie aangetrokke tot formele of dogmatiese politieke diskoers nie (Stander, 2020b).

In reaksie op die vraag na Ferreira se standpunt oor vroueregte het haar seun, Anton Ferreira (Stander, 2020b) soos volg gereageer: “Sy was nie 'n feminis gewees nie. Dit, vir haar, was 'n ander godsdiens.” Ferreira beklemtoon buitendien vroeër in dieselfde onderhoud dat sy ma nie georganiseerde godsdiens aangehang het nie.

In 'n onderhoud met Pieter de Vos (Stander 2020a), Ferreira se susterskind na wie sy volgens (Anton) Ferreira verwys het as een van haar “drie geesgenote” (Stander, 2020b), bring hy aspekte van Ferreira se houding teenoor feminisme aan die lig:

Oor feminisme – Nerina het haar hoegenaamd nie daaraan gesteur nie. [...] En Nerina het voor haar dood dit vir my só gestel: “Mammie was so lief daarvoor om in ’n groep onder ’n vlag te loop.” En die feminisme [...] was ’n vlag waarmee jy jousef byna kon laat karakteriseer (beslis deur buitelanders). [...] Ook: Sy het nie ’n sin van sosiale veronregting gehad nie – nooit nie, en glad nie. [...] Maar sy het sterk simpatie gehad.

Só ’n simpatie kom aan bod in ’n publisiteitsbiljet vir “Nerina: ’n Teateraanbieding vir die Foxwoodfees” waarin De Vos (2020) soos volg oor Ferreira skryf:

Sy het dikwels gespot dat sy tale aangeleer het om met haar talryke minnaars te kon kommunikeer, sommige van hulle in vlietende oomblikke van liefde oornag. Maar die waarheid was dat sy haar verzet het teen die stereotipering van die ou nasionale konsep van Vrou en Moeder, voorbeeldig in diens van ander.

Vanuit De Vos se eerste opmerking kan dit afgelei word dat (luidens De Vos) Ferreira haarself en haar werk nie wou afplat tot die identiteitsmerkers van die een of ander politieke drukgroep nie. Tog het ek dit nie so sterk ten doel om Ferreira se ongemak met die benaming “feminis” sosio-sielkundig te diagnoseer nie. Om haar weersin in hierdie politieke vaandel outomaties te interpreteer as ’n blindelinge omarming van patriargale waardes sou ahistories, engdenkend en ongenueanseerd wees.

My beskrywing van Ferreira se vertalersingrepe hier as *feministies* getuig ook nie van ’n poging om haar toe te eien as ’n selfaangestelde pionier in die geskiedenis van (Suid-) Afrikaanse feministiese vertalers nie, al is my eie navorsing ten sterkste op ’n feministiese uitgangspunt gegrond. My aanwending hier van die term *feministies* dui bloot op handeling wat die (sosio-ekonomiese) ontmagtiging van vroue krities blootlê, iets wat ek voorts sal betoeg Ferreira se vertaling van *Weiber* inderdaad in die hand werk.

5. Feministiese impulse in *The merry wives of Windsor*

Dit is redeneerbaar dat *Wives* een van Shakespeare se gunstigste uitbeeldings van vroue is. Tog is dit tans een van sy mins gevierde toneelstukke (Rackin, 2005: 51). Phyllis Rackin (2005: 64) skryf die huidige ongewildheid van *Wives* in opvoedkundige curricula, op teaterverhoë en in die kanon van Shakespeare-filmverwerkings toe aan wat sy beskou as ’n steeds heersende patriargale kuratorskop van Shakespeare se oeuvre. *Wives* is ’n uitbeelding van vroue wat, onafhanklik en in teenstelling met (hulle gades en ander) mans, agentskap oor hulle lotsbestemming, hulle sosiale status en die bevrediging van hulle eie begeertes en behoeftes uitoefen.

Boonop is die hoofslagoffer in *Wives Falstaff*, 'n karakter wie se misbruik van karakters verteenwoordigend van vroue en die werkersklas in die *Henrias* (*Henry IV Part 1 en 2*) beswaarlik in daardie tweeluik daarvoor gestraf word. In *Wives* word hy verneder aan die hand van middelklasvroue wat nie sy sjarme, spitsvondigheid en hedonisme behaaglik vind nie.

Wat Falstaff se vernedering deur die titelkarakters in terme van feministiese literatuurkritiek en historiografie veral noemenswaardig maak, is dat dit in 'n chronotoop geskied wat die bestaansorde van Shakespeare se plaaslike middelklastydgenote wil weerspieël. Falstaff funksioneer as 'n vreemde anachronisme in hierdie komedie, die enigste Shakespeare-toneelstuk wat (volledig) in sy plaaslike hede afspeel, omdat die ander twee dramas waarin Shakespeare Falstaff uitbeeld, omstreeks twee eeue tevore geplaas is. Teen die tyd dat Shakespeare se modelgehoor hom in *Wives* teëkom is hy reeds aan hulle bekend gestel as die weerbarstige vyftiende-eeuse ridder van die *Henrias*. In sy pogings om (in Shakespeare se tyd) kontemporêre, middeljarige, middelklashuisvroue met sy pierewaaierige vertoon uit te buit, hou hy nie rekening met die vroue se intellek, wêreldwysheid, vernuf en vindingrykheid nie. Mevrouw Page en mevrou Ford is die enigste twee protagoniste in die Shakespeare-kanon wat vroue in Shakespeare se kontemporêre kultuur verteenwoordig. In hierdie skaarse voorbeeld van Shakespeare se voorstelling van sy plaaslike (middelklas-) tydgenote, word die leser/gehoorlid met 'n dramaturg gekonfronteer wat die intellektuele en morele gelykwaardigheid van tydgenootlike vroue vier en vereer.

Natuurlik poog ek nie met die laasgenoemde stelling om alle uitbeeldings van vroue, mans, genderkonstruksies en gendergebaseerde magsverhoudings in Shakespeare se oeuvre (asook in *Wives*) voor te hou as bestand teen enige feministiese perspektief nie. Feminisme kan buitendien, in die woorde van Mary Eagleton (1991: 2), beskryf word as, "a broad church with a number of co-operating and competing approaches". Ek stel eerder voor dat Mosenthal se verwerking van *Wives* nie antipatriargale neigings in die Shakespeariaanse bronteks verflou nie, maar eerder die betrokke identifiseerbare profeministiese temas probeer uitbrei en beklemtoon.

6. Feministiese impulse in *The merry wives of Windsor*

'n Bespreking van die feministiese implikasies van Mosenthal se *Wives*-verwerking kan 'n volledige essay op sigself beslaan. Dit sluit in: die wyse waarop Mosenthal meer verhoogtyd aan die titelkarakters toestaan, hulle perspektiewe bevoordeel, sy herkarakterisering van mevrou Ford (as mevrou Fluth) en sy

herdefiniëring van vrolikheid ('merriness') soos dit in *Wives* voorkom. Ter wille van woordgetalbeperkings bepaal ek my by die laasgenoemde ingreep.

Wives se bekendste reël (waaruit dié blyspel ook waarskynlik sy titel ontleen) is mevrou Page se stelling, "Wives may be merry, and yet honest too" (Shakespeare, 2004: 4.2.48). Mevrou Page sê dit terwyl sy en mevrou Ford hulle verlustig in die poets wat hulle terselfdertyd op Falstaff en hulle mans bak: mevrou Ford lok Falstaff uit, mevrou Page verseker dat meneer Ford van Falstaff se afspraak met sy vrou te hore kom en dan vermom die vroue Falstaff as 'n waarsegster van Brainford ('n buurdorp), 'n vrou wat meneer Ford toegang tot sy huis verbied het. Mevrou Page sinspeel natuurlik daarop dat Falstaff en meneer Ford verwaand is om haar en mevrou Ford se vrolikheid ('merriness') met seksuele losbandigheid te verwar. Die plesier wat hulle uit hierdie en ander poetse put, verklaar haar bewering. Die eerlikheid ter sprake is dus sinoniem met getrouheid aan hulle gades.

Mosenthal verwerk hierdie stelling soos volg: "Gewiss, ein Weib kann schlau und fein/Und doch dabei stets ehrlich sein!" (Mosenthal, 2021) en Ferreira vertaal dit min of meer getrou: "Al is 'n vrou ook slu verby/kan sy nog altyd eerlik bly" (1982: 21). Die 'merriness'/'lustigheid'/'vrolikheid' van die titel word dus nie hier beklemtoon nie. Mosenthal omskep hierdie aanhaling in 'n retories-verwikkelder bewering, naamlik dat geslepenheid en eerlikheid nie onversoerbare begrippe is nie. Eerlikheid dui hier ook waarskynlik op getrouheid, maar sluheid verwys na die ontroue listigheid wat deur meneer Ford/Fluth as kenmerkend van die vroulike geslag daargestel word (Shakespeare, 2004: 2.2.277-84; Mosenthal, 2021).⁸

Mosenthal se verwerking van *Wives* se motto-aanhaling stem in meer as een opsig ooreen met my uitleg van die retoriese effekte van Ferreira se vertaling van *Weiber* aangaande genderbepalings in Mosenthal se teks. Mosenthal se modelgehoorlid sal waarskynlik die Shakespeariaanse bronteks ken en mevrou Page se stelling herroep terwyl mevrou Fluth en mevrou Reich (Mevrou Page se eweknie in *Weiber* en *Vroue*) hierdie stelling in 'n duo saam deklameer.

In die eerste plek bewerk die palimpsitiese vervanging van "merry" met "schlau und fein" myns insiens die volgende uitkoms: Dit suggereer dat die titelkarakters se 'vrolikheid' in die vrugte van hulle slinksheid en dus ook hulle intellek gesetel is. Ferreira se vertaling beklemtoon dan ook die vroue se intellektuele selfwaarde. Tweedens kan die vroue se bevestiging van hulle sogenaamd kenmerkende sluheid (as vroue) getuig van 'n moedswillige inspelings op die seksistiese vooroordele wat deur meneer Fluth op hulle afgestempel word. Meneer Fluth in *Vroue* vestig immers meer uitdruklike aandag op mevrou Fluth se status as vrou as in die Duitse bronteks. Ferreira intensiveer dus meneer Fluth se seksisme. Sy pas dan ook mevrou Fluth se dialoog subtiel aan om haar (mevrou Fluth) se reaksie op haar man se irrasionele vrouchaat af te rond. Sodoende bied Ferreira se

vertaling van *Weiber* ’n geskakeerde analise van die sielkundige uitwerking van ’n patriargale bestel op ’n heteroseksuele huwelik waarin die man vatbaar is vir die seksistiese ondertone van die stelsel wat op ’n hiërargiese gendertweespalt berus.

7. Mevrouw Fluth se intellektuele selfbeeld in *Vroue*

Ferreira se beklemtoning van die titelkarakters se instelling op hulle intellektuele gelykwaardigheid aan mans skemer reeds in *Vroue* se eerste toneel deur. In *Weiber* onderstreep mevrou Fluth en mevrou Reich hulle vrees vir die gevare wat Falstaff se toenadering vir hulle morele reputasies inhou: “Welch ein Frevel! Zweien Frauen/Stellt der alte Sünder nach!/Mich ergreift Entsetzen,/Grauen, überdenk ich mir die Schmach!” (Mosenthal, 2021). In *Vroue* word mevrou Fluth en mevrou Reich van hierdie vrees gestroop en spruit hulle verontwaardiging voort uit hulle gevolgtrekking dat Falstaff hulle intelligensie onderskat. Ferreira (1982: 4) vertaal die vroue se uitroep soos volg: “Hy verbeel hom, daai ou snoeshaan/ons is albei ewe dom!/Foei, ek voel my hart gaan stilstaan,/as hy naby kom!” Ferreira skakel dus Fluth en Reich se “grauen” en “entsetzen” vir “schmach” uit en verklaar dat die “Frevel” daarin gesetel is dat Falstaff hulle as “dom” ag.

Ferreira voer hierdie klemverskuiwing van morele reputasieskending na ’n ingesteldheid op intellektuele respek deur in haar vertaling van die toneel ná meneer Fluth uiteindelik tot sy sinne kom en sy wanopvattinge aangaande mevrou Fluth se promiskuïteit besef en erken. Nadat meneer en mevrou Fluth vrede maak, verklaar meneer Reich: “Seht, zu dieser Aufklärung und Versöhnung habe ich Euch eigentlich bei mir versammelt!” (Mosenthal, 2021). Daarby kondig hy sy inisiatief aan om Falstaff finaal te straf. Ferreira brei hierdie spreekbeurt uit met meneer Reich wat die vroue vir hulle intelligensie toejuig en dit wil inspan in sy genoemde onderneming: “Nou ja, dis baie gaaf. En julle is twee slim vrouetjies” (1982: 53). Die vroue het hulle mans uitoorlê, maar hulle het ook hulself bewys as waardige bondgenote in ’n stryd teen die verwaande Falstaff. In *Vroue* het die titelkarakters dus nie slegs daarin geslaag om Falstaff af te weer, hulle morele eer te herstel en meneer Fluth se jaloesie te besweer nie; hulle palm ook hulle mans se intellektuele agting in.

8. Meneer Fluth se behepthed met genderstatus in *Vroue*

Dit is redeneerbaar dat Ferreira meneer Fluth se seksisme in vertaling aandraai ten einde mevrou Fluth se vasberadenheid om hom saam met Falstaff te straf toe te lig (Shakespeare, 2004: 3.3.173-175; Mosenthal, 2021; 1982: 11, 64).⁹ Met die klimaks van meneer Fluth se jaloesie teenoor sy vrou, beklemtoon hy herhaaldelik,

in Ferreira se vertaling, sy en mevrou Fluth se genderstatusse. Wanneer mevrou Fluth hom toegang tot die huis weier omdat hy dit vir tekens van Falstaff se teenwoordigheid wil deursoek, reageer hy in die bronteks soos volg, “Das sagst du mir ins gesicht?” (Mosenthal, 2021). Ferreira vertaal dit as “Dit staan sê jy vir jou *man?!!*” (1982: 45, my kursief). Ferreira voeg boonop twee uitroepetekens by om sy verontwaardiging te beklemtoon. Sy vertaal vervolgens sy aandrang om die huis binne te gaan, “Lasse mich! Oder ich ... ich .../sich losreisend/ich morde dich!” (Mosenthal, 2021) as “Los my voor ek jou doodmaak, *vrou*” (1982: 46, my kursief). Ferreira herhaal hierdie patroon in haar vertaling van meneer Fluth se dialoog só dat “vrou” mettertyd bykans as ’n skelnaam begin aandoen: “Warte nur, lache nur! Flasche, warte nur! Schlange, lache nur!” (Mosenthal, 2021) word vertaal as “Wag maar *vrou*, lag maar *vrou*! O wee, wag maar *vrou*! Ja-nee, lag” (1982: 46, my kursief).

In *Vroue* laat mevrou Fluth vervolgens meneer Fluth se behepthed met haar status as vrou (en as *sy* vrou) teen hom tel. Hoe meer hy haar gender-identiteit beklemtoon, hoe meer laat geld sy dit tot sy nadeel. Wanneer hy agterdogtig na die wasgoedmandjie (waarin Falstaff wegstroop) vra, antwoord mevrou Fluth in *Weiber* uitdagend, “Was gehn dich meine Körbe an?” (Mosenthal, 2021), maar Ferreira vertaal hierdie vraag as ’n selfgeldende stelling: “Wasgoed is ’n *vrou* se werk” (1982: 19, my kursief). Later, wanneer meneer Fluth die huis wil binnedring, gaan mevrou Fluth hom teë: “Ich bin die Frau, ich leid es nicht” (Mosenthal, 2021). Ferreira versterk mevrou Fluth se ferm aandrang op haar sosiale rol as huishoudster: “Wel ek’s die *vrou*, my woord is wet” (1982: 48, my kursief). Hierdie verweer is des te treffender nadat meneer Fluth haar so herhaaldelik as “vrou” aangespreek het. As hy van haar verwag om haar spreekwoordelike plek te ken, moet hy ook die gesag wat sy oor daardie gebied (die huishoudelike sfeer) uitoefen respekteer. Dit raak ironies genoeg dan ’n imperatief wat die ontmanliking versterk wat hy reeds deur sy oortuiging van haar ontrouheid ervaar. Idiomatics gesproke slaag Ferreira se mevrou Fluth hier daarin om haar man op sy eie voorwaardes te uitoorlê.

9. Mevrou Fluth as vreesloser in *Vroue*

Met haar verskerping van meneer Fluth se seksisme neem Ferreira dit skynbaar in ag dat mevrou Fluth ook in vertaling sielkundig herskep sal moet word om ewewig aan haar man se gedrag te bied – veral ten einde die vrolikheid wat die titel aan haar en mevrou Reich toeskryf te laat geld. Ten einde die donker tematiese premis van hierdie blyspel in te span as stof tot komedie, skep Ferreira, deur vertaling, ’n hardvotiger vrou om ’n man se ongegronde vooroordele komieklikerwys te

oorwin. Ferreira omskep *Weiber* se mevrou Fluth na 'n karakter met 'n sterker sin van eiewaarde en met 'n vreesloosheid vir haar manlike opponente – hetsy haar man of Falstaff.

Ferreira se omvorming van mevrou Fluth na 'n aggressiewer en selfversekerder karakter as haar voorganger in *Weiber* word vroeg in *Vroue* reeds duidelik in haar (Ferreira se) vertaling van mevrou Fluth se deklamering: “Aber unsere Weibehre/Soll sich rächen, guter Freund!” (Mosenthal, 2010) as “Ons gekrenkte vroue-eer en vrouetrots die skree om wraak!” (1982: 4). In die mond van Ferreira se mevrou Fluth word “Weibehre” uitgebrei na “vroue-eer” en “vrouetrots”, en die vertaling van “sich rächen” (om wraak te neem) na “skree om wraak” maak die aggressie waarmee hierdie verdediging geskied uitdrukliker. Dit word onder meer weerspieël in die vertaling van die skelwoorde waarmee mevrou Fluth Falstaff toesnou: “Grobian” word “ydeltuit”, “schlauch” word “gek” (1982: 2) en “sünder” word “snoeshaan” (1982: 4). Sodoende word Falstaff se gevaarlikheid en onsedelikheid minder krediet gegee as mevrou Fluth se gevolgtrekking dat hy sy eie charisma oorskakel en haar en mevrou Reich se wêreldwysheid en intellek onderskat.

In *Vroue* openbaar mevrou Fluth hierdie verkleinerende houding ook teenoor haar man. Wanneer meneer Fluth haar die tweede maal van owerspel beskuldig, verwys *Vroue* se mevrou Fluth, na hom as 'n “stoute man” (1982: 59), teenoor “Schlimmer mann” (Mosenthal, 2021), en verkinderlik sy sodoende sy jaloesie. In *Weiber* reageer mevrou Fluth, briesend, op hierdie herhalende aantygings, “Hör doch auf, um Gottes willen,/Toller, eifersücht'ger Mann!” (Mosenthal, 2021), maar in Ferreira se vertalershand is sy (Mevrou Fluth) bedoord-sarkasties, “Hou ek aldag onderonsies?/Foei tog, jou jaloerse vent” (1982: 45). Nie net word die dringende bevel in die Duits omskep in 'n sardoniese vraag gevolg deur 'n neerhalende aanmerking nie; mevrou Fluth se beskrywing van meneer Fluth as 'n imposante figuur, (“Toller, eifersücht'ger Mann”) word verflou na 'n belediging van hom as 'n bejammerenswaardige pateet. Mevrou Fluth, soos Ferreira haar voorstel, is nog minder met haar man se geweld en dreigemente beïndruk as haar voorganger in *Weiber*.

10. Waansin en wildheid in *Vroue*, *Wives* en *The shrew*

Keer op keer neem mevrou Fluth se aantygings van Falstaff en haar man die volgende vorm in *Vroue* aan: Die klem op beskrywings van hulle morele en fisieke gevaarlikheid in *Weiber* word in *Vroue* verskuif na sielkundige kritiek. In *Vroue* dui Fluth se beledigings van Falstaff (“ydeltuit” en “snoeshaan”) op haar beskouing van hom as lydender aan hoogmoedswaan, en daarom “gek” (Ferreira, 1982: 2).

In daardie trant vertaal Ferreira (1982: 45) mevrou Fluth se toesnoeiing van haar man as monsteragtig (sy noem hom 'n “Ungeheuer”) as “verbete” en “besete”. Sy beskryf hom, met ander woorde, as waansinnig en dit herinner aan 'n soortgelyke uitbeelding van meneer Fluth as meneer Ford in *Wives*. In Bedryf 4, Toneel 2, haas mevrou Page haar na mevrou Ford met die volgende waarskuwing:

“Why, woman, your husband is in his old lunes again. He so takes on yonder with my husband; so rails against all married mankind; so curses all Eve’s daughters, of what complexion soever; and so buffets himself on the forehead, crying ‘Peer out, peer out!’ that any *madness* I ever yet beheld seemed but *tameness*, civility, and patience, to this his distemper he is in now.”
(Shakespeare, 2004: 94.2.20, my kursief)

Mevrou Page oordryf nie met haar getuienis nie. By die aanhoor van Falstaff se tweede afspraak met mevrou Ford proklameer hy: “Though what I am I cannot avoid. Yet to be what I would not, shall not make me *tame*; if I have horns to make one *mad*, let the proverb go with me; I’ll be horn-*mad*” (Shakespeare, 2004: 3.5.35-6, my kursief). In beide hierdie aanhalings word meneer Fluth se vermeende waansin met sy onttembaarheid in verband gebring. In besprekings van Shakespeare se komedies oor gender, herinner die tema van onttembaarheid oombliklik aan *The shrew* en Ferreira roep ook hierdie teks deur middel van bepaalde vertaalbesluite in *Vroue* op.

11. Makmaak- en tugmetafore in *Vroue* en *The shrew*

Die duidelikste evokasie van *The shrew* in *Vroue* geskied in Ferreira se vertaling van mevrou Fluth se postulering, “Weiber setzen sich zur Wehre, / List und Rache sei vereint!” in die vertaling daarvan as “Vroue kan hulle ook verweer/en leer om sondaars *mak te maak*” (1982: 4, my kursief). Boonop word die laaste sinsnede refreinmatig weer en weer herhaal en sodoende word hierdie uitspraak (wat noemenswaardig afwyk van die aanhaling in die bronteks) deur Ferreira as *Vroue* se hooftema daargestel.

Die enigste spraakhandeling in *Vroue* waar daar, soos in *The shrew*, deur mans na die makmaak van 'n vrou verwys word, geskied by monde van meneer Fluth. Vermom as 'n ene meneer Bach koop hy Falstaff om om mevrou Fluth namens hom te verlei: “My goeie heer, kyk, hierdie vrou’tjie jak my altyd af; nou smeek ek u om haar gou mak te maak” (1983: 32). Die Duitse ekwivalent vir hierdie spreekbeurt is egter, weer eens, ontdaan van makmaakmetafore: “Mein teurer Sir, weil dieses Weibchen mich durchaus versschmät, so bitt ich Euch, probiert bei ihr das Glück” (Mosenthal, 2021). Die herhaaldelike inwewing van hierdie

makmaakmetafoor wek by my die vermoede dat Ferreira haar vertaling van *Weiber* doelbewus in gesprek wil sit met *The shrew* wat sy direk na *Vroue* vertaal.

Ferreira versterk met haar *Weiber*-vertaling die intertekstuele bande daarvan met *The shrew* ook met die inbring van beeldspraak verwant aan opvoedkundige tug. In *The shrew* verwys Tranio na Petruchio se huis as “the taming school”, ’n plek waar Petruchio die “master” is wat “tricks eleven and twenty long” leer “to tame a shrew and charm her chattering tongue” (Shakespeare, 2004: 4.2.5-8). Katherina word dus voorgestel as ’n wederstrewige skooldogter in verhouding met Petruchio, haar man en metaforiese skoolmeester. In *The shrew* word makmaak, met ander woorde as ’n pedantiese projek gedramatiseer wat met streng en pynlike dissiplinerende gepaard gaan.

In hierdie trant vertaal Ferreira mevrou Fluth se strydverklaring teen Falstaff, “Alter nimm dich jetzt zusammen, wir ersinnen feinen Scherz, ja, wir kühlen deine Flammen, wir kurieren dir das Herz!” (Mosenthal, 2021) as “Pas nou op, hoor, want vandag nog gaan ons jou ’n les laat leer!” (1982: 5) en sy herhaal dit later uitbreidend as “Wel, jy gaan leer om my te vrees! O, ja!” (1982: 11, my kursief), ’n vrye vertaling van “De Frevel sollt ich nie verzeign, nein, nie“ (Mosenthal, 2021). Die eersgenoemde aanhaling uit die Duitse bronteks is saghandiger: Daar word van genesing eerder as van dissiplinerende gepraat, en boonop word die laasgenoemde deur speelse metodes bewerkstellig. In *Vroue* verskuif die klem na aggressiewe dissiplinerende. Die tugtema word herhaal in die reeds genoemde voorbeeld van “schlimmer Mann” (Mosenthal, 2021) wat vertaal word as “stoute man” (1982: 59) (wat dus gestraf moet word), asook in die omskakeling van “Solche Kniffe, Solche Pfiffe/Sollst du nimmer wieder wagen!” (Mosenthal, 2021) na “Mans wat laf word,/moet gestraf word” (1982: 64).

Ferreira demonstreer die pynlike tug waardeur hierdie pedantiese lesse geleer gaan word met die volgende vertaalbesluite: Mevrou Fluth se aandrang, “Das ist ein Volk, so schlecht sind sie,/dass man sie gar genug quälen kann” (Mosenthal, 2021) word in Ferreira se vertalershand “Mans is so sleg, so sleg is hul/dat mens hul nooit genoeg kan straf nie, sien!” (1982: 11, my kursief).¹⁰ Hierdie formulering word ge-eggo in Ferreira se omskakeling van “Solche Kniffe, Solche Pfiffe/Sollst du nimmer wieder wagen!” (Mosenthal, 2021) na “Mans wat laf word,/moet gestraf word” (1982: 64, my kursief). Ferreira smokkel ook die beeld van die tugroede in met haar vertaling van “Wie der Eifersucht den Mann, doch so ganz verwirren kann” (Mosenthal, 2021) as “Jaloesie sny net ’n lat vir ’n man se eie blad” (1982: 46).

Met hierdie invoeging van makmaak- en tugmetafore in *Vroue* om die vernedering van ’n karakter van ’n bepaalde geslag aan die hand van ’n karakter van die teenoorgestelde geslag te illustreer, belig Ferreira die verwantskap tussen

Wives en *The shrew* waarop talle Shakespeare-navorsers al gewys het (Dash, 2015: 228; McCall, 2015: 147; Rackin en Gajowski, 2015: 14): Dit is die enigste twee toneelstukke in sy kanon waar die titels na vroue verwys; die enigste twee toneelstukke wat gender (veral vroulikheidskonstruksies) as hoofemas daarstel; die enigste twee toneelstukke wat min of meer in die dramaturg se plaaslike hede afspeel (en dus leidrade tot Elizabethaanse middelklas-genderuitdrukkings bied) en dit boonop in 'n komedie wat, volgens Rackin (2005: 51), die genre is waarin gender en vroulikheid, in Shakespeare se konteks, die gereeldste ondersoek is.

12. *Vroue se Fluth en 'n Feeks se Katherina*

Benewens Ferreira se vermoedelik doelbewuste verbandlegging van *Wives* met *The shrew* deur haar brosjering van *The shrew* se metaforika op haar vertaling van *Weiber* as *Vroue*, skemer daar in *Vroue* ook subtieler weerklanke tussen *Vroue* en 'n *Feeks* deur wanneer die twee vertalings met mekaar vergelyk word. Dit geskied meestal in die ooreenkomste tussen die woordeskat van sekere karakters in *Vroue* met sekere karakters in 'n *Feeks*. Die volgende brokkie agtergrondkennis in 'n koerantonderhoud met Ferreira aangaande haar vertaalprosedure verskaf leidrade vir 'n biokrities besinning hieroor.

Ferreira herroep die eerste dekades ná die verampteliking van Afrikaans tydens haar jeug en die impak wat dit later op haar as 'n Afrikaanse vertaler sou hê:

'Afrikaans was 'n splinternuwe taal. *Sy kom met die sekelmaan* was die opwindendste leesstof wat jy jou kon voorstel!' Nerina het elke onbekende Afrikaanse woord gretig neergeskryf. Dit was die begin van die boekies wat deur jare van vertaling van onskatbare waarde was en waarin sy vandag nog nuwe woorde skryf. As sy byvoorbeeld Shakespeare se Engels moet vertaal, soos *The taming of the shrew* waaruit sy *Die vasvat van 'n feeks* geskep het, lees sy eers al haar boekies om elke woord wat moontlik gebruik kan word in rooi te merk. Dan, nadat sy alles gelees het wat sy oor Shakespeare se tyd in die hande kon kry, wette, gewoontes, gedrag, wat ook al, gaan sy terug na die boekies om spesifieke woorde vir spesifieke karakters te soek. (Booyens, 2002: 4).

Met hierdie inligting in gedagte, word dit afleibaar dat in Ferreira se interpretasie van *Weiber* se mevrou Fluth en *The shrew* se Katherina, die twee karakters, uit haar (Ferreira se perspektief) sielkundig op mekaar trek. Ek bespreek slegs twee voorbeelde.

In Bedryf 2, Toneel 1 van *The shrew*, martel Katherina haar jonger suster Bianca om 'n bekentenis uit haar te ryg aangaande watter man onder al haar (Bianca se) vryers sy die sterkste as gade oorweeg. Teenoor Katherina se opstandige eerlikheid, veins Bianca insiklikheid en verswyg sy haar ware gevoelens – gedrag

wat Katherina skynbaar verraderlik vind en wat sy beskou as bekragtigend van die patriargale stelsel waarvan sy (Katherina) haarself as 'n slagoffer ervaar. Daarom proklameer Katherina, met verwysing na Bianca: “Her silence flouts me, and I'll be revenged” (Shakespeare, 2014: 2.1.29). Ferreira vertaal dit as “Haar stilte *krenk* my en ek soek nou *wraak*” (1983: 33, my kursief). Hoewel dit nie 'n verbatim-herhaling is nie, stem dit noemenswaardig ooreen met *Vroue* se mevrou Fluth se reeds aangehaalde kreet: “Ons *gekrenkte* vroue-eer en vrouetrots die skree om *wraak!*” (1982: 4, my kursief). Soos in *Vroue* word hierdie proklamasie betreklik vroeg in die (vertaalde) toneelstuk gemaak, sodat dit – soos in die geval van mevrou Fluth in *Vroue* – as die vroulike protagonis se superobjektief geles kan word.

Die sentrale debat onder kenners van *The shrew* sentreer op die vraag aangaande die letterlikheid van die titel: Word die “shrew” in die titel, met ander woorde in der waarheid “getem”, of moet die titel ontleed word as ironies in aard? Dit bly (natuurlik) 'n ope vraag. Die leksikale eggo's tussen Ferreira se mevrou Fluth en haar (Ferreira se) Katherina besleg nie noodwendig hierdie twispunt nie, maar dit suggereer minstens die volgende: Beide karakters (volgens Ferreira se vertaling-as-uitleg) triomfeer in hulle wraakvoornemens op karakters wat, uit hulle perspektief, die gevaarlikste kwaliteite van die patriargie beliggaam.

Die eerste voorbeeld hierbo dui op die krygshaftigheid en -kundigheid wat mevrou Fluth en Katherina deel. Hierdie teken van 'n gedeelde karaktereenskap wat in Ferreira se vertalings toegelig word, word in nog minstens een leksikale weerklank van *Vroue* in 'n *Feeks* bevestig.

Sowel Ferreira se weergawes van mevrou Fluth en Katherina, bestempel (vroeg in beide toneelstukke) hulle manlike opponente as verwaand – 'n vertalersingreep wat nie 'n volmaakte weerspieëling van die brontekstweergawes van hierdie karakters se uitsprake is nie. Een voorbeeld hiervan kan aan die hand van die Ferreira se vertaling van Bedryf 2, Toneel 1 van *The shrew* bespreek word. Wanneer Katherina Petruchio ontmoet en hy begin vlerksleep, gee sy hom 'n oorveeg, 'n handeling wat as katalisator van die volgende spreekbeurt dien (Shakespeare, 2014: 2.1.216-21):

Petruchio:	I swear I'll cuff you if you strike again.
Kate:	So may you lose your arms. If you strike me, you are no gentleman, And if no gentleman, why then no arms.
Petruchio:	A herald, Kate? O put me in thy books.
Kate:	What is your crest, a coxcomb?

Ferreira (1983: 40) vertaal dit soos volg (my kursief):

Petruchio: Ek sweer ek kwint jou as jy my weer slaan.
 Kate: En dan is jy jou wapen kwyt.
 As jy my slaan is jy geen eed'le man:
 G'n edelman beteken ook g'n wapen nie.
 Petruchio: Jy's wapenkundig! Skryf my in jou boek!.
 Kate: En wat's jou helmteken, heer? 'n *Snoeshaan*?

“Coxcomb” sou natuurlik juister met “narrekap” vertaal kon word as met “snoeshaan”, maar Ferreira se keuse van hierdie woord – “snoeshaan” – bemoontlik minstens die spitsvondige woordspel van Petruchio se daaropvolgende spreekbeurt: “'n Haan wat snoesig is as Kate my hen sal wees” (1983: 40), 'n innoverende herhaling, indien nie letterlik nie, maar van die bronteks se spitsvondige, “A combless cock, so Kate will be my hen” (Shakespeare, 2014: 2.1222). In breë trekke insinueer Shakespeare se Katherina wel dat Petruchio windmaker is, maar nie in hierdie spreekbeurt nie. Interessant genoeg dui die narrekap natuurlik op die subteks dat hy, volgens Katherina, besig is om 'n gek van homself te maak – en Ferreira se Fluth beskryf juis Falstaff as 'n “gek” (1982: 2) om presies dieselfde redes.

Katherina se bewysvoering in hierdie aangehaalde dialooggreep herinner ook aan die retoriese taktieke wat *Vroue* se mevrou Fluth teen meneer Fluth inspan: Katherina, soos mevrou Fluth, maak aanspraak op die uitgelegde genderrolle (wat sy duidelik nie opreg ag nie) ten einde haar manlike antagonis wat daarop aanspraak maak, te kelder.

Uiteraard roep Katherina se beskrywing van Petruchio (wat soos Falstaff 'n bombastiese indringer in haar gemeenskap is) mevrou Fluth se benaming van Falstaff in *Vroue* op. Die verskille tussen Petruchio en (*Wives, Weiber* en *Vroue* se) Falstaff kan nie oorbeklemtoon word nie, maar in beide gevalle (*Vroue* en '*n Feeks*) gee die woordkeuse van die belediging meer omtrent die vloeker as die vervloekte weer: Dit is redeneerbaar dat, volgens Ferreira se uitleg van *Weiber* en *A shrew*, mevrou Fluth en Katherina sensitief is vir mans wat hulself oorskakel omdat die patriargie só 'n meerderwaardige beeld by hulle inburger – minstens volgens mevrou Fluth en Katherina se ervarings.

Selfs in die onwaarskynlike geval waar gehoorlede wat die KRUIK-produksie van *Vroue* gesien het en ook die TRUK-produksie sou bywoon, word hier nie aangeneem dat hierdie leksikale weerklanke tussen mevrou Fluth en Katherina se dialoog bemerk sou word nie. Daar word nie eens beweer dat Ferreira só 'n verbandlegging doelmatig in die hand probeer werk het nie. Ferreira se toeligting van haar vertaalmetodologie hierbo maak dit egter moontlik om spekulatief af te lei dat sy 'n gedeeltelike identifisering van die twee karakters met mekaar op

'n minstens onderbewustelike vlak gemaak het, so veel as wat die twee karakters van mekaar verskil.

Mevrou Fluth en Katherina se maatskaplike verstekposisies en lotsbestemmings stem in talle opsigte nie ooreen nie. Om maar enkele gegewens op te noem: By die aanvang van die onderskeie tekste is mevrou Fluth getroud en Katherina ongetroud; mevrou Fluth het 'n vroulike bondgenoot, maar Katherina het geen vermelde vriendinne nie; mevrou Fluth is die inisierder van rollespel en misleiding ten koste van haar man en van Falstaff, terwyl Katherina, teen die tyd dat sy uiteindelik met Petruchio in die huwelik bevestig is, deur hom in hierdie sosiale spel ingelyf word. Op 'n ooglopende vlak sou hierdie twee karakters mekaar ook binne die metaforika van Ferreira se vertalings soos volg kon kontrasteer: Mevrou Fluth is 'n temmer van mans, maar Katherina word deur 'n man getem – minstens op sigwaarde. Indien die weerklanke tussen die twee se dialoog egter daarop dui dat Ferreira hulle as sielkundige genante beskou het, word die verwantskappe tussen *Vroue* en 'n *Feeks* wat Ferreira reeds deur haar inwewing van 'n *Feeks* se makmaakmetafoor in *Vroue* bewerkstellig het, nóg merkbaarder.

Ten spyte van die genoemde verskille tussen mevrou Fluth en Katherina, stem hulle inderdaad in vele opsigte ooreen. Beide is intelligente vrouekarakters wat krities is teenoor die patriargale bestel waarin hulle hulself bevind. Beide het sterk persoonlikhede en spreek hulle vreesloos uit teen die stelsels en agente daarvan wat hulle op grond van hulle geslag wil muilband. Dit is hierdie karaktereenskappe wat Ferreira dan ook, op grond van bogaande besprekings, deur vertaling uitlig.

Ten slotte kan daar nog een ooreenkoms tussen Ferreira se vertaalaanslag in *Vroue* en 'n *Feeks* vermeld word. My primêre argument in my bespreking van Ferreira se vertaling van *The shrew* is dat die beledigings deur manlike karakters teen Katherina en ander vrouekarakters “so geïntensiver [word] ten einde simpatie vir Katherina by die modelgehoor te wek” (2021: 45). Indien Ferreira mevrou Fluth en Katherina, soos in die bespreking van die laasgenoemde aanhalings, só vertaal dat hulle respek inpalm, sluit dit ook aan by die vroeëre bespreking van die wyse waarop Ferreira meneer Fluth uitdrukliker seksisties maak. Ferreira bring die versoenbaarheid van hierdie twee vroulike protagoniste só na die oppervlak (wanneer hierdie twee tekste met mekaar vergelyk word) dat daar inderdaad 'n bindende diskursiewe vertalersteenwoordigheid afgelei kan word wat beskryfbaar is as 'n vertalerstem.

13. Slot

Nerina Ferreira se 1982-vertaling van Hermann von Mosenthal se operalibretto van *Die lustige weiber von Windsor* as *Die vrolike vroue van Windsor* dien as 'n bruikbare proefsteen van haar vertalerstem, indien dit intensief vergelyk word met die ander

Shakespeare-verwante teks wat sy direk daarna vertaal, naamlik William Shakespeare se *The taming of the shrew* as *Die vasvat van 'n feeke* (1983). Hierdie vergelyking toon aan dat sy haar vertaling van 'n Shakespeare-verwerking kaats teen 'n terugkeer na die Shakespeariaanse bronteks tesame met 'n verbandlegging daarvan met 'n susterteks. Haar herkarakterisering van die vroulike protagoniste en die manlike antagonist skep by my ook die indruk dat sy moontlik die profeministiese subteks van al die brontekste ter sprake bevorder het, hoe weerstandig sy ook al was teen gestandaardiseerde en verpolitiseerde feminisme, soos sy dit verstaan het.

Ek sluit af met 'n aanhaling uit Shakespeare se *Anthony and Cleopatra*, die Shakespeare-tragedie wat sy belangrikste tragiese heldin bevat:

Cleopatra: Now Iras, what think'st thou?
 Thou an Egyptian puppet shall be shown
 In Rome as well as I [...] and I shall see
 Some squeaking Cleopatra boy my greatness
 I' th' posture of a whore

(Shakespeare, 1983: 5.2.212-7)

Uit hoofde van Shakespeariaanse genderstudies is heelwat kritiese ink al verspil met verwysing na hierdie passasie. Hoe dan anders? Dit raak so treffend aan kwessies van verteenwoordiging, vertolking, performance en die figuurlike buiksprekery van 'n vrou deur 'n man. Ek kan self nie help om in my mou te giggel by die gedagte aan die seunsakteur wat hierdie woorde in die Globe-teater moes voordra nie. Op 'n ernstiger noot – dit rym so digterlik met my eie gemoeidheid met die vertalerstem, veral binne die konteks van Afrikaanse feministiese vertaalstudies en -geskiedskrywing.

Ek voeg my stem by Andrew Piper (2006:120) s'n in sy uitlating oor die geskiedskrywing van vrouevertalers: "The more we uncover about women's writing and the important position that translation has played as both a practice and an idea within it, the more translation becomes a space to recover, not lose, women's voices".¹¹

Universiteit Stellenbosch

Bronnelys

- Anoniem.** 1976. 'n Lewende toring van Babel. Bylae tot *Rapport*, 4 April:1-2.
Anoniem. 1982. Vertaler het al 13 tale gepak. *Die Burger*.

- Baker, Mona.** 2006. *Translation and conflict: A narrative account*. Londen en New York: Routledge.
- Baines, Roger, Marinetti, Cristina en Perteghella, Manuela (reds.).** 2011. *Staging and performing translation: Text and theatre practice*. Londen: Palgrave Macmillan.
- Beauvoir, Simone de.** 1956. *The second sex*. Parshley, H. M. (vertaler). Londen: Jonathan Cape.
- Booyens, Hannelie.** 2002. Formidabele Nerina se lewe lees soos 'n roman. *Die Burger*, 10 Augustus: 2.
- Butler, Judith.** 1999. *Gender trouble: Feminism and the subversion of identity*. New York en Londen: Routledge.
- Callaghan, Dympna (red.).** 2016a. *A feminist companion to Shakespeare*. 2de uitgawe. Sussex: John Wiley & Sons, Ltd.
- Callaghan, Dympna.** 2016b. Preface to the second edition. In Callaghan, Dympna (red.). *A feminist companion to Shakespeare*. 2de uitgawe. Sussex: John Wiley & Sons, Ltd.
- Coelsch-Foisner, Sabine en Klein, Holger (reds.).** 2004. *Drama translation and theatre practice*. Salzburg: Peter Lang.
- Dash, Irene G.** 2015. Theatrical afterlives. In Gajowski, Evelyn en Rackin, Phyllis (reds.). *The merry wives of Windsor: New critical essays*. Oxford: Routledge.
- Dent, Edward J.** 1979. *Selected essays*. Cambridge: Cambridge University Press.
- De Vos, Pieter.** 2020. Nerina: 'n Teateraanbieding vir die Foxwoodfees.
- Eagleton, Mary.** 1991. *Feminist literary criticism*. Londen en New York: Longman.
- Edo, Miquel.** 2017. The intrusive "I" in translations of Italian librettos. *Comparative Literature Studies* 54(3) (2017): 641-66.
- ESAT** (Encyclopaedia of South African theatre, film, media and performance). s.a. Dramas waarna verwys word. https://esat.sun.ac.za/index.php/Main_Page. (Datum van gebruik: 26 Julie 2020).
- Gajowski, Evelyn en Rackin, Phyllis (reds.).** 2015. *The merry wives of Windsor: New critical essays*. Oxford: Routledge.
- Hale, Terry and Upton, Carole-Anne.** 2000. Introduction. In Upton, Carole-Anne (red.). *Moving target: Theatre translation and cultural relocation*. Londen en New York.
- Hermans, Theo.** 1996. The translator's voice in translated narrative. *Target: International Journal of Translation Studies* 8(1): 23-48.
- Keuris, Marisa.** 2020. Die veranderende wêreld van Afrikaanse dramavertalings en verwerkings: Enkele opmerkings/The changing world of Afrikaans drama translations and adaptations: A few remarks. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 60(1): 3-15.

- Jacobs, Arthur.** 1961. On translating opera. *The Musical Times* 102(1415): 23-25.
- Jiang, Chengzhi.** 2012. Rethinking the translator's voice. *Neohelicon* 39: 365-381.
- Johnston, David.** 2004. Securing the performability of the play in translation. In Coelsch-Foisner, Sabine en Klein, Holger (reds.). *Drama translation and theatre practice*. Salzburg: Peter Lang.
- Kraft, Helga en McCarthy, Maggie (reds.).** 2006. *Women in German Yearbook* 22. Lincoln: University of Nebraska.
- Kuhiwczak, Piotr en Littau, Karin (reds.).** 2007. *A companion to Translation Studies*. Clevedon: Multilingual Matters.
- McCall, Jessica.** 2015. Hysterical Shakespeare: Celebrations of merry sexuality. In Gajowski, Evelyn en Rackin, Phyllis (reds.). *The merry wives of Windsor: New critical essays*. Oxford: Routledge.
- McIntyre, Dan.** 2006. *Point of view in plays: A cognitive stylistic approach to viewpoint in drama and other text-types*. Amsterdam/Philadelphia: John Benjamins Publishing Company.
- Mosenthal, Hermann von.** 1982. *Die vrolike vroue van Windsor*. Ferreira, Nerina (vertaler). Afrikaanse Kontemporêre Drama-argief. <https://akda.co.za/die-vrolike-vroue-van-windsor-die-lustige-weiber-von-windsor-deur-otto-nicolai-uit-frans-vertaal-deur-nerina-ferreira/>. (Datum van gebruik: 24 Augustus 2021).
- Mosenthal, Hermann von.** 2021. *Libretto: Die lustige weiber von Windsor*. Opera Guide. <https://opera-guide.ch/en/operas/die+lustigen+weiber+von+windsor/libretto/de/>. (Datum van gebruik: 24 Augustus 2021).
- Munday, Jeremy.** 2008. *Style and ideology in translation: Latin American writing in English*. New York: Routledge.
- Nigro, Kirsten.** 2000. Getting the word out: Issues in the translation of Latin American theatre for US Audiences. In Carole-Anne Upton (red.). *Moving target: Theatre translation and cultural relocation*. Londen en New York.
- Piper, Andrew.** 2006. The making of transnational textual communities: German women translators, 1800–1850. In Kraft, Helga en McCarthy, Maggie (reds.). *Women in German Yearbook* 22. Lincoln: University of Nebraska.
- Rackin, Phyllis.** 2005. *Shakespeare and women*. Oxford: Oxford University Press.
- Rackin, Phyllis en Gajowski, Evelyn.** 2015. Introduction: A historical survey. In Gajowski, Evelyn en Rackin, Phyllis (reds.). *The merry wives of Windsor: New critical essays*. Oxford: Routledge.
- Rich, Adrienne.** 1971. When we dead awaken: Writing as re-vision. *College English* 34(1):18-30.
- Shakespeare, William.** 1983. *Antony and Cleopatra*. Londen: Penguïn.
- Shakespeare, William.** 1983. *Die vasvat van 'n feeks*. Ferreira, Nerina (vertaler).

- Afrikaanse Kontemporêre Drama-argief. <https://akda.co.za/die-vasvat-van-n-feeks-the-taming-of-the-shrew-deur-william-shakespeare-uit-die-oorspronklike-engels-vertaal-deur-nerina-ferreira/>. (Datum van gebruik: 24 Augustus 2021).
- Shakespeare, William.** 2004. *The merry wives of Windsor*. New York: Simon & Schuster.
- Shakespeare, William.** 2014. *The taming of the shrew*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Snell-Hornby, Mary.** 2007. Theatre and opera translation. In Kuhlwezak, Piotr en Littau, Karin. (reds.). *A companion to Translation Studies*. Clevedon: Multilingual Matters.
- Stander, Danie.** 2020a. Onderhoud met Pieter de Vos. 3 Mei.
- Stander, Danie.** 2020b. Onderhoud met Anton Ferreira. 1 Oktober.
- Stander, Danie.** 2021a. “Wat ’n mens nie is nie, kan ’n mens altyd word’: ’n Spel met ouderdom en gender in Nerina Ferreira se vertaling van Astrid Lindgren se Pippie Langkous-reeks. *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans* 27(1): 74-98.
- Stander, Danie.** 2021b. “Darling, ek is onrondneukbaar”: Intertalige en intersemiotiese vertaling in TRUK se 1983-produksie van Nerina Ferreira se Afrikaanse vertaling van William Shakespeare se *The taming of the shrew* as *Die vasvat van ’n feeks*. *LitNet Akademies* 18(3): 24-58.
- Stander, Danie.** 2021c. Onderhoud met Pieter Fourie. 16 Junie.
- Stander, Danie.** 2021d. Onderhoud met Kobus Geldenhuys. 22 Junie.
- Qun-xing, Zhang.** 2016. Translator’s voice in translated texts. *Journal of literature and art studies* 6(2): 178-185.
- Upton, Carole-Anne (red.).** 2000. *Moving target: Theatre translation and cultural relocation*. Londen en New York: Routledge.
- Venuti, Lawrence.** 1995. *The translator’s invisibility: A history of translation*. Londen en New York: Routledge.
- Zuber, Ortrun (red.).** 1980. *The languages of theatre: Problems in the translation and transposition of drama*. Oxford, New York, Toronto, Sydney, Parys, Frankfurt: Pergamon Press.
- Zuber, Ortrun.** 1980. Introduction. In Zuber, Ortrun (red.). *The languages of theatre: Problems in the translation and transposition of drama*. Oxford, New York, Toronto, Sydney, Parys, Frankfurt: Pergamon Press.

Note

1. Die titel word voorts afgekort as *Weiber*.
2. Die titel word voorts afgekort as *Vroue*.
3. Die titel word voorts afgekort as *Wives*.
4. Die titel word voorts afgekort as *The shrew*.
5. Die titel word voorts afgekort as 'n *Feeks*.
6. Dit is nie binne die bestek van hierdie artikel om aandag aan al die definisies te skenk nie.
7. Hierdie klem op die noodsaaklikheid van vertaalde dialoog se uitspreekbaarheid is dalk minder toepaslik op die potensiele vertaling van kasdramas ('closet plays') – toneelstukke wat nooit vir opvoering bestem is nie. Soos vermeld, bepaal ek my egter by 'vertaling vir die verhoog'.
8. In *Wives* verklaar Ford: "Page is an ass, a secure ass; he will trust his wife, he will not be jealous: I will rather trust a Fleming with my butter, Parson Hugh the Welshman with my cheese, an Irishman with my aqua-vitae bottle, or a thief to walk my ambling gelding, than my wife with herself ... Then she plots, then she ruminates, then she devises: and what they think in their hearts they may effect, they will break their hearts but they will effect" (2.2.277-84). In *Weiber* kritiseer meneer Fluth meneer Reich vir die vertrouwe wat hy in mevrou Reich het en die onafhanklikheid wat hy haar gun: "Und Ihr werdet Eurem Weibe so lange alles durch die Finger sehen, bis Ihr den allerschönsten Hauptschrauck herumtragen werdet! – O die Weiber, die Weiber!" (Mosenthal, 2021).
9. In *Wives* beken mevrou Ford aan mevrou Page, nadat hulle saam besluit het om Falstaff met poetse te verneder, eerder as om die minnebriewe wat hy aan hulle gestuur het aan hul mans te rapporteer: "I know not which pleases me better, that my husband is deceived, or Sir John" (Shakespeare, 2004: 3.3.173-5). Mevrou Ford beskou dit dus as 'n geleentheid om gelykertyd Falstaff vir sy beledigende voorbarigheid en haar man vir sy ongegronde jaloesie te straf. In *Weiber* word hierdie deklamerings soos volg in Mevrou Fluth se dialoog verwerk: "Dast ist ein volk, so schlecht sind sie, / dass mann sie gar genug nicht quälen kann" (Mosenthal, 2021) wat Ferreira vertaal as "Mans is so sleg, so sleg is hul / dat mens hul nooit genoeg kan straf nie, sien!" (1982: 11). Die feit dat mevrou Fluth se konklinge op so wel haar man as op Falstaff gerig is, is minder uitdruklik in hierdie aanhalings uit *Weiber* en *Vroue*, maar met die meervoudigheid van beoogde slagoffers wat deur "volk" en "mans" gesuggereer word, word hierdie twee karakters saamgekamp in haar uitsprake.
10. Dit is opmerkenswaardig dat Ferreira hier die woord "mens" eerder as "vroue" in mevrou Fluth se mond lê. Deur in een sin "mans" en "mens" as opponerende subjekposisies daar te stel, met "mens" aan die bevoorregde pool, degradeer mevrou Fluth mans na die posisie van, in Simone de Beauvoir (1956) se bewoording, 'die sekondêre geslag' ("le deuxième sexe"), die geslag wat meer dikwels *benoem* moet word teenoor manlikheid wat merendeels as die neutrale, rasionele perspektiefbemiddelaar instaan. Judith Butler wys daarop dat hierdie 'n punt is wat Beauvoir so wel as Monique Wittig voorhou (1999: 15). Ferreira se mevrou Fluth keer die konvensies

waardeer sy (mevrou Fluth) in haar moedertaal (soos in talle ander tale) op 'n grammatikale vlak reeds sosiosiaal ontmagtig word, dus in haar eie diksie op sy kop (teenoor die skrywer van hierdie sin, met my gebruik van "sy"). Sy werk die fenomeen tee wat Judith Butler soos volg beskryf: "[G]ender itself is naturalized through grammatical norms" (1999: xix) en mevrou Fluth bied sodoende weerstand teen wat Butler (1999: 12) as 'n "common linguistic restriction on thought" noem.

Hierdie sensitiwiteit tot die be- of ontmagtigende potensiaal van die gebruik van naamwoorde en voornaamwoorde word in nog twee van Ferreira se vertaalbesluite in *Vroue* weerspieël:

Die twee vroue spreek mekaar as "man" aan – byvoorbeeld, "Wat is dit, man?" (1982: 15) – en "mens" – byvoorbeeld, "Ag mens, ek voel nou skoon gedaan!" – spraaggewoontes wat betreklik alledaags was onder vroue van Ferreira se tydgenootlike teikengehoor, so wel as in kontemporêre Afrikaanse taalgemeenskappe. Tog, is dit ewe gebruiklik vir vroue in beide genoemde taalgemeenskappe om mekaar op geslagtelike voornaamwoorde soos "vrou", "meisie" en "suster" aan te spreek en, in daardie trant, spreek *Weiber* se titelkarakters mekaar regdeur die teks meestal as "Frau" aan. Dit bemoontlik die afleiding dat Ferreira, gegewe die titel van die (bron- en doelteks), hierdie vertaalbesluit nie lukraakgewys gemaak het nie. Ek poncer dat Ferreira, met hierdie vertaalstrategie, *Weiber* se protagoniste herskep tot vrouekarakters wat hulself taalkundig laat geld deur die verbale magstekens (in hierdie geval uitgedruk as "mens" en "man") van hul moedertaal, ideolekties, aan hulself vasspeld.

Laastens bedink Ferreira voorname vir mevrou Fluth en Reich: Babs (Fluth) en Bet (Reich) (1982: 15), 'n nominale en individualiserende erkenning wat die titelkarakters nie in *Weiber* geniet nie. Sodoende maak Ferreira, (bewustelik of nie, maar) in pas met die chronotoop van so wel *Wives* en *Weiber*, die hoofkarakters ook genante van twee Renaissance-koninginne: Barbara Dziwitt (1520/23-1551) van Pole en Elizabeth I (1533-1603) van Engeland. *Wives* word immers, aan die hand van apokriewe (maar gewilde en invloedryke) legendes verbind met Elizabeth I se voorgedyskap van Shakespeare se teatergeselskap: Die legende lei dat sy Shakespeare opdrag gegee het om *Wives* te skryf te einde Falstaff, haar (volgens hierdie legende) gunstelingkarakter uit sy oeuvre (op daardie stadium) te huldig (Gajowski en Rackin, 2015: 9).

11. Die finansiële bydraes van die Ton en Anet Vosloo-leerstoel word met dank erken.

Essay

Die taalkunde as loopbaan: Hoe eet 'n mens 'n olifant?

WAM Carstens

1. Inleidend¹

We staan allemaal op de schouders van onze voorgangers, onze schaduw valt over hen heen en verbergt hen voor het gezicht van onze tijdgenoten.²

– Jo Daan, 1994

As 'n mens aan die einde van 'n lang loopbaan kom, is jy geneig om terug te kyk na hoe jou loopbaan verloop het, in die besonder na die hoogte- en laagtepunte wat jou loopbaan gekenmerk het. Dit bied ook 'n geleentheid om weg te staan van jou persoonlike pad in die akademie en aan die hand daarvan te besin oor dit wat jy graag aan die volgende geslag sou wou nalaat. Wel nie net nalaat as konkrete produkte nie, maar ook hoe jy op grond van jou eie ervaring(s) kan leiding gee om vir die volgende geslag dinge makliker te maak.

'n Mens kan die uitsette van jou loopbaan *nalaat* (dit wil sê “oorgee of laat oorbly om te behou, in stand te hou, of in die toekoms te gebruik” (eWAT, 2022)). Dit raak jou eie studieloopbaan (voor- en nagraads) en dit wat hierop volg, soos jou lys publikasies (boeke, artikels, hoofstukke in vakboeke), jou betrokkenheid by organisasies wat verband hou met jou vak, jou deelname aan kongresse/konferensies/colloquiums en selfs werksinkels rakende jou vak, nagraadse studente, doseerwerk aan studente op 'n verskeidenheid vlakke, ens. Op die webblad van die *Linguistic Society of America* (LSA)³ word die verloop van 'n loopbaan – in hierdie geval in taalkunde – soos volg saamgevat:

Professional linguists work in a number of fields and engage in a range of successful and fulfilling careers. Individuals with degrees in linguistics tend to specialize in particular areas within the field and build their careers around those areas.^{4,5}

Academia is a common path for linguists. Academic linguists devote themselves to a life of science, and after much training often become university professors. They share their love of linguistics with like-minded graduate and undergraduate students and conduct research that is essential to the field, *sharing their results with the scientific community through publications, lectures, and conferences.*

Vir mense wat 'n loopbaan in die taalkunde⁶ deurloop het, is dit 'n bekende beskrywing van die aard en omvang van die werk en verpligtinge tydens so 'n loopbaan. Dit is ook die soort inligting wat gedetailleerd in individue se CV's opgeneem word en wat geordend uitlig hoe 'n besige loopbaan met talle aktiwiteite, verpligtinge en – veral – uitsette oor 'n lang tyd verloop het. Die produkte of resultate hiervan kan 'in die toekoms gebruik word' om die vordering en stand van sake met jou vak aan te dui omdat jou uitsette gehelp het om tot die huidige insigte oor die vak te kom. So deel uittredende akademici “their results with the scientific community”. So kan byvoorbeeld van jou vakartikels of vakkundige boeke gebruik word om aan ander die toepaslike inligting oor 'n aspek van jou vakgebied te gee. Jy laat dus *idees* en *inhoud* oor jou bydraes en selfs prestasies in jou vakgebied agter vir die volgende geslag. Dit alleen is al 'n kosbare en nuttige nalatenskap.

Daar is egter ook 'n ander nalatenskap moontlik. Dit is naamlik die deurleefde *ervarings* wat jy tydens jou loopbaan opgedoen het terwyl jy stap vir stap en fase vir fase die loopbaan deurgegaan het: “van deur *ondervinding* te leer; *verwerwing* van *kennis* of *bedrewenheid* deur dinge te *doen*, te *sien*, te *belewe*; ... kennis deur waarneming verkry” (eWAT, 2022, eie kursiverings). Hierdie beskrywing lig 'n hele aantal tersaaklike aspekte uit wat aktiewe deelname oor 'n lang tyd verg: leer uit foute en suksesse (ondervinding), en dit word gedoen deur “dinge te *doen*, te *sien*, te *belewe*”. In hierdie leerproses brei jou kennis oor die vak en die bestuur van 'n loopbaan uit en word jy meer bedrewe in dit wat jy verrig tydens die loopbaan. Jou kennis oor jou vak en die aanpak en deurvoer van 'n loopbaan is derhalwe beduidend meer as aan die begin van 'n loopbaan. Jy word wyser en slimmer. Maar jy is ook meer bewus van jou suksesse en mislukkings. Dit is die soort insigte wat 'n mens moeisam en oor 'n lang tyd opgedoen het – dit is kosbaar as die insigte hieroor aan ander oorgedra kan word. Die waarde lê in die byeenbring van hierdie ervarings op 'n gegewe plek sodat dit as riglyne (wenke, lesse) deur die volgende geslag deelnemers aan die vak gebruik kan word. Om dit kort te stel: hoe daardie *ervarings* wat jy as praktiserende akademikus opgedoen het aan jonger kollegas oorgedra kan word ten einde aan hulle (a) wenke na te laat oor hoe die onderskeie fase van 'n loopbaan beplan en bestuur kan word, en (b) die identifiseer van daardie slaggate wat 'n mens op die loopbaanpad behoort te vermy.

Hierdie bydrae fokus op die laasgenoemde nalatenskap en het ten doel om hoofsaaklik die ervaring van 'n lang loopbaan van ongeveer 50 jaar in die Afrikaanse taalkunde saam te vat en met die volgende geslag akademici te deel. Die hoop is dat hulle ook hieruit kan leer, onder meer hoe een mens se ervarings ander kan help om self 'n eie loopbaan aan die gang te kry, te bestuur en deur te voer. En natuurlik hoe om slaggate te systap. Die hoop is dat die 'volgende geslag'

aan die einde van hulle eie loopbaan ook weer hulle ervarings sal deel. Dit maak sin as geslagte by mekaar leer. Die Nederlandse taalkundige prof Jo Daan het by geleentheid gesê dat die een geslag op die skouers van die vorige geslag staan en dat hulle skadu oor die volgende geslag val. (Sien weer die aanhaling hieroor aan die begin van die bydrae.) Dit is wat hier uitgelig word: watter lesse uit die vorige geslag se ervarings (skouers) geleer en oorgedra kan word (skadu wat val).

Uiteraard is dit wat hier opgeneem word nie 'n resep vir 'n suksesvolle loopbaan in die taalkunde (of selfs letterkunde) nie, want dit is iets wat 'n mens moeilik sal kan gee. Resepte sal naamlik van persoon tot persoon verskil. Maar dit wat verder in hierdie bydrae aan bod kom, word aangebied met die hoop dat dit iemand kan help om met minder moeite self 'n eie loopbaan te bou én deur te voer. Dit is natuurlik ook so dat van die jonger geslag nie altyd die nut van sodanige ervarings (wil) insien nie en hulle eie pad wil loop omdat hulle in 'n ander tydsgewrig lewe. Hulle wil hulle eie foute maak en oordeel hulle hoef nie te leer by ouer gesagsfigure se ervarings nie. Dit is goed en reg so, maar om willens en wetens goeie loopbaanadvies te ignoreer as jy 'n akademiese loopbaan wil aanpak, is waarskynlik kortsigtig. Waarom alles self met moeite ervaar as jy wel hier en daar vinniger deur die fases kan gaan? Dit is egter hulle goeie reg om dit te doen. Geen geslag kan werklik vir die volgende geslag voorskryf nie, maar enige mens kan wel baat uit lesse oor ander se suksesse en mislukkings.

Die bydrae word verder soos volg aangepak: eers 'n kort oorsig oor my loopbaan (juis om die ervarings te illustreer) en dan word 'n aantal wenke (lesse, advies), juis na aanleiding van my loopbaan, oorgedra wat van nut kan wees vir die volgende geslag. Dit is dus nie 'n bydrae wat ten doel het om – soos dit die gebruik is in hierdie soort publikasies – 'n taalkundige probleem uit te lig en dan aan die hand van 'n teoretiese benadering 'n oplossing daarvoor te soek nie. Dit fokus eerder op die nalatenskap van vorige generasies.

2. Die loopbaan van 'n taalkundige

Elke akademikus se loopbaan verloop op 'n eiesoortige wyse. Dikwels werk loopbaanplanne goed uit, maar in ander gevalle is dit maar toeval wat bepaal hoe die pad verloop. Toeval het ook in my loopbaan 'n groot rol gespeel en ek het vroegtydig geleer om geleenthede te benut wat na my kant toe gekom het. Hier onder gee ek 'n kort oorsig oor hoe my eie loopbaan verloop het omdat dit die agtergrond bied vir die advies wat ek in afdeling 3 gee. So 'n loopbaan behels tradisioneel die keuse en uitvoer van studie (voor- en nagraads), die onderskeie fases van 'n loopbaan (instansies waar gewerk, posvlakke), publikasies, en die betrokkenheid by die vak (soos konferensies) en by verenigings of instansies

wat met die vak op die breë akademie verband hou. En dan ook enige iets wat daarmee gepaard gaan.

Ek het in 1970 aan die Hoërskool Jan Möhr in Windhoek, Namibië gematrikuleer. Soos soveel ander voornemende studente het ek 'n onderwysbeurs (van die destydse SWA Onderwysdepartement) aanvaar om te gaan studeer. Stellenbosch en in die besonder die Universiteit van Stellenbosch was daarna vir nege jaar my tuiste. Ek het my BA-graad in 1973 aan die Universiteit van Stellenbosch verwerf, en daarna vervolgens die BA Hons en MA in Afrikaans en Nederlands (1977) en tussenin ook my Hoër Onderwysdiploma (HOD). Teen die einde van my MA-studie is ek ingelig dat ek in Julie 1977 in Keetmanshoop, Namibië moes aanmeld om my lank uitgestelde onderwysloopbaan te begin. Van 'n akademiese loopbaan was daar geen sprake nie.

Dit is waar *toeval* ter sprake gekom het. Dr (later prof) Henning Snyman van US het in April 1977 'n pos aan die Universiteit van Kaapstad aanvaar en toevallig was ek beskikbaar (ek was besig met die afrond van my MA) om die res van die jaar in sy pos (doseer van Afrikaanse taalkunde op voorgraadse vlak) waar te neem. Ek was bloot die regte tyd op die regte plek. Die waarneem het uiteindelik 2,75 jare geduur. Dit het spoedig vir my duidelik geword dit is wat ek die res van my lewe sou wou doen. Maar poste was destyds (soos vandag) ook skaars en die mededinging om poste straf. Ek was nie suksesvol met my aansoek om die pos permanent aan US te beklee nie (vandag weet ek wel hoekom nie) en moes dringend 'n plan maak om werk te kry. Ek het al aan doktorsale studie begin dink en wou inskryf by prof Meyer de Villiers. Hy het egter aan die einde van 1978 afgetree en prof Fritz Ponelis is in sy plek aangestel. Hy het toe ook my studieleier geword. Die onderwys het op die horison gewink en ek moes my daarmee versoen. Maar toe gaan poste skielik oop aan Unisa en ook aan die Universiteit van Kaapstad. Ek was suksesvol met beide aansoeke, maar besluit op die Universiteit van Kaapstad weens gesinsredes. Dit het 'n loopbaan van 11,5 jaar aan die UK ingelui (1980-Junie 1991).

Die UK is die plek waar ek akademies en professioneel gevorm is. Harde werk het gevolg, talle kursusse is voor- en nagraads aangebied, en ek kon eksperimenteer met inhoude en het so algaande die fokus van my belangstelling ontdek – nie beskrywende taalkunde nie, maar eerder die makrolinguistiek (sosiolinguistiek, historiese taalkunde, taalpraktyk). Die werk was uitdagend, maar dit het ook my nuuskierigheid gewek. Daar was soveel wat ek nie geweet het nie en moes inhaal. Ek het spoedig my swakpunte besef – dat die doseer van sintaksis en morfologie nie vir my was nie – en ek moes my deeglik inwerk op ander terreine. Leiding deur senior taalkundiges soos prof Roy Pheiffer en dr Hester Waher het my doseer- en navorsingsvaardighede geslyp en my geleer om nougeset en toegewyd my kant

as personeellid van die Departement Afrikaans en Nederlands te bring. Daar was nie kans vir lyf wegsteek nie omdat ons net twee voltydse taalkundiges was en elkeen moes optimaal funksioneer. Die belang van spanwerk het na vore gekom, wat 'n uiters belangrike les in my loopbaanpad was. Ek het wel ook geleer hoe om politieke en godsdienskonflik te bestuur met die multikulturele samestelling van die kampus. 'n Mens het verder geleer om twee keer te dink voor jy 'n mening lug oor kontroversiële kwessies (politiek, godsdiens – en ook oor Afrikaans in die lig van die geskiedenis gekoppel aan die taal), juis omdat die land in 'n oorgang na 'n nuwe bedeling was.

Ek het in 1985 my D.Litt. aan US voltooi, my eerste boek (*Norme vir Afrikaans*) in 1989 gepubliseer (ook hier het toeval 'n rol gespeel toe 'n uitgewer die departement besoek het en gevra het of een van ons nie 'dalk' 'n manuskrip het nie – toevallig het ek pas 'n kursus in normatiewe taalkunde klaar ontwikkel), talle artikels gepubliseer en jaarliks nasionale vakkongresse bygewoon om verslag te doen oor my navorsing. En natuurlik baie doseerwerk gedoen. Daar was dus voldoende ruimte vir my om my uit te leef in 'n stimulerende akademiese omgewing.

My akademiese loopbaan het derhalwe begin vorm aangeneem (dat ek op die akademiese leer sou klim), maar ek moes self die inhoud (uitsette op talle vlakke) hieraan gee. Internasionale reise was ons in daardie tyd weens die akademiese en kulturele boikot⁷ teen Suid-Afrika nie beskore nie en ons het gedroom van kongresse in die buiteland. Voortvloeiend uit my doktorsale studie het ek my in die tekslinguistiek ingewerk en 'n boek hieroor vir die Afrikaanse mark beplan.

'n Bepalende gebeurtenis was egter toe ek in Julie 1989 die driejaarlikse somerskool van die Linguistic Society of America (LSA) in 'n uiters warm Tucson, Arizona bygewoon het. My eerste buitelandse besoek en nogal een van vyf maande. Die blootstelling aan soveel 'groot name' en die geleentheid om te kan lees en in te neem was vir my loopbaan 'n waterskeidingsomblik, juis weens die blootstelling aan ander invloede as die Suid-Afrikaanse konteks. Maar hier is netwerke gesluit wat my hele loopbaan gehou het. Ek het na afloop van die somerskool tyd (vier maande) aan twee universiteite (Santa Barbara, Kalifornië asook Austin, Texas) deurgebring om te begin werk aan die beplande boek oor tekslinguistiek. Spoedig het dit opnuut geblyk dat boekskryf groot opofferings verg en beslis nie so maklik is nie. Slegs drie van die beplande 14 hoofstukke is uiteindelik voltooi. Daar moes derhalwe nog heelwat gedoen word in die komende jare. Ek het ook geleer dat 'n lang navorsingsverblyf (sonder gesin) in die buiteland sy eie uitdagings het ('n tekort aan fondse, bekommernis oor 'n jong gesin in Suid-Afrika, eensaamheid), maar dit was ook 'n groei- en skryftyd. Netwerkgewys was dit goed om in hierdie tydperk gaslesings aan verskeie universiteite (UCLA, Texas, Las Vegas) te kon gee.

Aan die einde van 1990 het ek 'n aanbod as medeprofessor in Afrikaanse taalkunde van die voormalige Potchefstroomse Universiteit vir CHO (deesdae Noordwes-Universiteit) gekry en ons as gesin het op 1 Julie 1991 inwoners van Potchefstroom geword. Ek is met groot spyt by UK weg, juis omdat ek so baie daar geleer het. Maar dit was ook tyd vir 'n volgende fase in my loopbaan. Daar is lang trane gehuil oor die skuif uit die suide na die onbekende noorde. Aan die einde van 2017 moes ek aftree nadat ek gevorder het tot professor in die Afrikaanse taalkunde. In die 26,5 jaar as personeellid aan hierdie universiteit (waartydens die oorgang van die 'ou' na die 'nuwe' Suid-Afrika meegemaak is en daar gevorder is van die voormalige Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys na die hedendaagse Noordwes-Universiteit) het ek 'n stewige loopbaan deurloop op beide bestuurs- en akademiese vlakke, danksy die talle geleenthede wat na my kant gekom het en ook danksy die universiteit se filosofie (en konkrete steun) om personeel optimaal te ontwikkel. Ek het hoof van die departement Afrikaans en Nederlands geword en was daarna vir 16 jaar lank die Direkteur van die PU vir CHO/NWU se Skool vir Tale. Die ondervinding as bestuurder was goud werd, maar dit was ook 'n stewige leerkurwe. Die belang van die beplan van personeellede, veral jonger kollegas, se loopbane was voor die hand liggend.

Op akademiese vlak het ek vier verdere boeke gepubliseer (as alleenouteur of saam met ander medewerkers – sien hieroor die bronnelys), elkeen nuut op die terrein: *Afrikaanse Tekslinguistiek* (1997), *Teksredaksie* (2010, 2012), *Text Editing* (2012) en deel 1 van *Die storie van Afrikaans: uit Europa en van Afrika* (2017). Sedertdien het deel 2 ook verskyn (2019). Verder was ek ook betrokke as redakteur of gasredakteur by die uitgee van talle bundels oor taalkundige onderwerpe, soos vier geleentheidsbundels oor tekslinguistiek (Carstens en Hubbard, 1993, 2000; Hubbard en Carstens, 1994), die standaardhandboek oor Afrikaanse taalkunde aan SA universiteite te wete *Kontemporêre Afrikaanse Taalkunde* [KAT] (2014, 2017),⁸ *Ons kom van vêr* (2016, 2019) en ook *Toegepaste taalkunde in Afrikaans* (2022). Verskeie van hierdie boeke is deur my geïnisieer omdat ek 'n leemte in die veld raakgesien het en ek iets daaraan wou doen. Elke boek of bundel het 'n gaping oor een of ander aspek van die Afrikaanse taalkunde gevul, wat natuurlik hoogs bevredigend was. Dit was duidelik dat daar 'n groot ruimte was vir navorsing oor en in Afrikaans – daar was naamlik groot gapings in ons kennis oor Afrikaans en enige bydrae op hierdie terreine was op sigself belangrik. Vir my was dit ideaal omdat ek nie bang was om nuwe terreine te verken nie. Van my publikasies in hierdie terreine het baanbrekersboeke geword. Dat ek mense kon motiveer om deel te neem aan hierdie projekte, was die resultaat van 'n uitgebreide akademiese en persoonlike netwerk wat oor lang jare gevorm is. Boeke soos *Kontemporêre*

Afrikaanse Taalkunde, Ons kom van vêr en ook die onlangse *Toegepaste taalkunde in Afrikaans* is voorbeelde hiervan.

Met verloop van tyd het my loopbaan sy eie ritme aangeneem, en het ek ‘sigbaar’ geword op verskeie vlakke: as skrywer van bykans 50 artikels oor die Afrikaanse taalkunde in tydskrifte nasionaal en internasionaal, as skrywer van etlike hoofstukke in vakkundige boeke, as iemand wat gereeld referate gelewer het tydens nasionale kongresse (tot in die vroeë 1990’s kon ons nie in die buiteland referate lewer nie en moes op nasionale bydraes fokus), as iemand wat ook referate tydens talle internasionaal kongresse of byeenkomste gelewer het, as iemand wat etlike kere as hoofreferent (‘plenaries’) op kongresse opgetree het, as keurder van talle artikels vir tydskrifte nasionaal en internasionaal, as redaksielid van etlike tydskrifte nasionaal en internasionaal, as interne en eksterne eksaminator van bykans 40 nagraadse studies, as studieleier van ’n aantal nagraadse studies (MA en PhD), as moderator en evalueerder van talle kursusse en programme aan Suid-Afrikaanse universiteite, as iemand wat leierskapsposisies beklee het in verskeie nasionale organisasies en verenigings (o.m. die Afrikaanse Taalraad, SA Akademie vir Wetenskap en Kuns, Buro van die WAT, Afrikaanse Taalmuseum en -monument), as iemand wat verskeie projekte nasionaal en internasionaal geïnisieer het, as iemand wat etlike kere toekennings ontvang het vir sy werk in die taalkunde. Afgesien hiervan het ek ook bykans 2,5 jaar in die buiteland deurgebring tydens navorsingsreise met die oog op die bywoon van kongresse en die skryf van boeke, opgetree as gasdosent aan verskeie buitelandse universiteite, en kon ek ’n uitgebreide binnelandse en buitelandse netwerk opbou (as gevolg waarvan talle uitruil- en samewerkingsooreenkomste met universiteite in die buiteland tot stand gekom het, en wat ook tot samewerking op ander vlakke gelei het).

Danksy konstante produksie en deelname aan akademiese aktiwiteite was ek sedert 2003 ’n NNS⁹-gegradeerde navorser. Dit verg op sigself baie harde werk en toewyding aan ’n akademiese lewenswyse en instelling. Die aanvanklike wortel om aan hierdie komplekse en uiters mededingende proses deel te neem, te wete jaarlikse finansiële steun, het mettertyd verdwyn, maar ongeag die afgeskaalde finansiële steun en die moeisame aansoekproses, is daar steeds voordele aan verbonde om ’n gegradeerde navorser te wees, soos toegang tot bevondsing van die NNS, bevorderingsmoontlikhede aan die eie instansie (sommige universiteite vereis NNS-gradering om tot senior vlakke bevorder te kan word), en natuurlik ook erkenning as ’n gerekende navorser.

My formele loopbaan (1977-2017) het oor meer as 40 jaar sy loop geneem en ’n eie vorm aangeneem soos ek my kwalifikasies verbeter het (’n PhD is ongetwyfeld ’n minimum vereiste – ek het wel ’n D.Litt. verwerf) en aktief geword het by die normale fases en stappe van ’n loopbaan in die akademie, dit wil sê publiseer,

woon kongresse by, onderneem reise, raak betrokke by vakorganisasies en vaktydskrifte, beklee bestuursposte waar ter sake, laat evalueer jou kundigheid en bydrae. So 'n loopbaan slurp 'n mens letterlik op, die verg uiterste toewyding en laat min tyd en ruimte vir ander aktiwiteite. Maar as 'n mens kies om dit te doen, durf daar nie oor die implikasies gekla te word nie.

En dan breek daar op 'n dag die onvermydelike aftrede (op die ouderdom van 65) aan, wanneer jou formele loopbaan tot 'n einde loop. Vir baie is dit 'n trauma omdat 'n mens dan op die vlak is waar jou kundigheid optimaal is. Hier het 'n mens egter 'n keuse: hou aan met werk aan dit wat jou interesseer en vir jou lekker is (soms kry 'n mens 'n kontrak as navorsingsgenoot) of tree finaal af en ook uit die akademie. Ek het die eersgenoemde gekies en juis daarom reken ek dat ek voldoende toegerus is om die advies te gee in die volgende afdeling.

3. Hoe bou 'n mens aan 'n loopbaan: wenke, advies

Advies kan in twee kategorieë ingedeel word: akademiese advies en praktykgerigte advies. Onder elkeen van hierdie kategorieë word vervolgens wenke opgeneem wat gebaseer is op my ervaring as akademiese bestuurder en as akademikus.¹⁰ Waar nodig sal aan die hand van anekdotiese inligting uitgebrei word om besondere aspekte duideliker te maak.

3.1 Akademiese advies

1. Voltooi jou studie (tot op doktorsale vlak) so gou as wat jy kan. As jy kies om 'n loopbaan in die taalkunde (of letterkunde) te volg, is dit ononderhandelbaar. Sonder ten minste 'n PhD in taalkunde (of letterkunde) sal jy altyd die gevoel hê dat jy nie voldoende opgelei is vir jou werk nie. Die werklikheid is dat jy ook nie verder as 'n lektor sal kan vorder sonder 'n PhD nie. Dus: "PhD, stupid, PhD" na aanleiding van oudpresident Bill Clinton van die VSA se spreuk tydens sy presidentsveldtog: "It's the economy, stupid".¹¹
2. Moet nie bang wees om jou instink en entoesiasme vir die taalkunde te volg nie. As jy tuis voel in die taalkunde, gebruik die geleentheid wat na jou kant toe kom. [Dit het vir my gewerk toe ek in 1977 die kans gekry het om 'n tydelike pos aan die US te vul. En ook toe latere geleentheid opgeduik het.]
3. Lees, lees en nogmaals lees so wyd as wat jy kan aan die begin van jou loopbaan. Dit help jou om 'n ingeligte keuse te maak oor jou werklike belangstellings in die taalkunde: op watter terreine is jy goed en voel jy tuis en op watter terreine nie. So kan jy ook vroegtydig jou sterk- en swakpunte identifiseer. Dit is iets waarvoor jy vroegtydig duidelikheid moet hê.

4. Soek die gapings in jou gekose terrein en maak dan seker dat jy met verloop van tyd deur jou publikasies dié deskundige word rakende daardie besondere gaping. [Dit is waar my boeke oor normatiewe taalkunde, tekslinguistiek en teksredaksie vandaan kom.]
5. Moet nooit bang wees om iets nuut aan te pak nie. Wees dapper en waagmoedig. Lê inisiatief aan die dag as jy ’n leemte identifiseer. [Ek het die boeke *Kontemporêre Afrikaanse taalkunde* (2014; met Nerina Bosman as mederedakteur),¹² *Ons kom van vêr* (2016; met Michael le Cordeur as mederedakteur),¹³ *Toegepaste taalkunde in Afrikaans* (2022; met Tobie van Dyk as mederedakteur),¹⁴ *Afrikaans Linguistics: Contemporary Perspectives* (2023; met Bosman (en aanvanklik Theresa Biberauer) as)¹⁵ geïnisieer omdat ek gapings in die veld raakgesien het, met kollegas daarvoor gekonsulteer het en dit toe aangepak het.]
6. Moet nie bang wees om jou instink oor probleme in jou veld te volg nie. Dit lei nie noodwendig tot sukses nie, maar hoe sal jy weet as jy nie bereid is om te verken en te eksperimenteer nie? [Weer eens: Dit is waar my boeke oor normatiewe taalkunde, tekslinguistiek en teksredaksie vandaan kom. Ook die boeke waarvan ek redakteur of mederedakteur was, soos hier bo aangedui. Maar ook *Die storie van Afrikaans*, dele 1 en 2 (met prof Edith Raidt as medeskrywer) is die gevolg van die raaksien van ’n gaping – dat daar naamlik nie ’n resente omvattende bygewerkte bron oor die geskiedenis van Afrikaans bestaan nie.]¹⁶
7. Dit maak geen sin om presies te doen wat iemand reeds gedoen het nie. Om byvoorbeeld ’n boek oor sintaksis in Afrikaans aan te pak en dit op dieselfde wyse as Ponelis in *Afrikaanse sintaksis* (1979) te doen, sal nie ’n bydrae tot die insig en kennis oor sintaksis in Afrikaans wees nie. Dit is net herhaling en nie iets nuuts oor sintaksis nie. Dit geld alle ander dissiplines ook. As jy terugkyk oor jou loopbaan, sal jy kan sê: “Ek het regtig ’n verskil met my bydraes tot die veld gemaak”? Dit is die toets wat ’n loopbaan moet deurstaan.
8. Onthou dat elke geslag op die skouers van die vorige geslag staan. Om dit prakties te maak: die kennis van een geslag word gebruik om die volgende geslag mee op te lei. Dit hou in dat ’n mens die bydraes van die vorige geslag kan en mag gebruik as vertrekpunt vir jou eie werk. As jy byvoorbeeld nie met Ponelis se benadering tot die sintaksis van Afrikaans saamstem nie, gebruik jy nog steeds sy raamwerk waarteen jy jou eie bydrae evalueer en lewer. Alle kennis bou voort van een geslag na ’n ander. Telkens word daar aan die hand van nuwe insigte klein verstellings in die bestaande kennis gemaak. So word kennis oor ’n dissipline stelselmatig verfyn. Moet ook nie huiwer om werk van die vorige geslag te kritiseer nie. Maar doen dit gefundeerd en kom met

die nodige bewyse na vore. Onthou dat hierdie geslag hulle bydrae gelewer het in die tyd toe hulle aktief wees en in die lig van die insigte van die tyd. Ons mag dalk verskil van JP du Scholtz se bevindings in die 1930's tot 1960's oor die herkoms van Afrikaans, maar dit was gebaseer op die inligting wat hy in daardie tydsgewrig uit argiewe tot sy beskikking gehad het.¹⁷ In die moderner tyd van die 2020's sal daar meer bronne wees en daarom kan bevindings begin verskil. Maar dan word dit gedoen met die hulp van nuwer teoretiese insigte en desnoods rekenaartegnologie. [Dit was die geval in my eie loopbaan toe van my studente van my werk gekritiseer het, byvoorbeeld oor konjunksiemerkers in tekslinguistiek. Ek het in die skryf van *Tekslinguistiek* (1997) 'n tabel met konjunksiemerkers saamgestel aan die hand van inligting wat ek toe (in 1996) tot my beskikking gehad het. Sedertdien het 'n paar nagraadse studente (soos Meintjes, 2016; en ook Fouché e.a., 2017) die tabel gekritiseer, maar dit ook verbeter met 'n artikel oor “Carstens se raamwerk van Afrikaanse konjunksie-merkers: 'n akkurater en vollediger weergawe”. Dit het vir my baie beteken omdat (a) die oudstudente my werk goed genoeg gevind het om dit te wil kritiseer, (b) dit gehelp het om die kennis oor die betrokke onderwerp te verfyn aan die hand van nuwer insigte en metodes, en (c) dit duidelik was dat die oudstudente die vrymoedigheid gehad het om hulle oudsudent te werk te kritiseer.]

9. Doen besondere moeite om 'n goeie en wye netwerk (van vriende, kennisse, kollegas in ander lande en aan ander instellings as joune) oor jou dissipline en in die besonder oor jou spesialisveld te vestig en met verloop van tyd te behou en selfs nog uit te brei. Geen akademikus kan funksioneer sonder 'n behoorlike netwerk nie. Dit gebeur egter nie somer net so nie, dit verg harde werk en toewyding om dit reg te kry. En dit verg moeite in besige programme. Dit is jy wat die netwerk wil vestig en jy moet so optree dat mense jou deel van hulle netwerk wil maak. Reik daarom uit na ander mense wat in dieselfde omgewing as jy funksioneer. Kongresse is die ideale beginpunt hiervoor. 'n Koppie koffie saam met 'n vakgenoot in 'n ander land kan die begin van 'n lang vriendskap wees. [In die tyd toe daar 'n kulturele en akademiese boikot teen Suid-Afrika was (voor 1994), kon ek via my netwerk in ander lande wel toegang tot bronne oor die tekslinguistiek kry wat andersins nie moontlik sou gewees het nie.]
10. Gevestigde netwerke kan tot samewerking op talle vlakke lei. As daar 'n persoonlike netwerk is waar mense mekaar ken en vertrou, kan dit lei tot samewerkings- en uitruilooreenkomste wat jou vak beduidend kan baat. [Werk aan die Digitale Bibliografie van die Afrikaanse Taalkunde (DBAT)¹⁸ het sedert 1993 stadig gevorder, maar danksy die hulp van kontakte (aangevul

met gereelde koppies koffie en 'n broodjie of lekkerny) by die Koninklijke Biblioteek (KB)¹⁹ en die Digitale Bibliotheek voor de Nederlandse Letteren (DBNL)²⁰ in Den Haag, Nederland kon ek met verloop van tyd wel 'n werkbare formaat en inhoudsbasis vir die DBAT ontwikkel – en vandag word die DBAT wêreldwyd gebruik waar Afrikaanse taalkunde bestudeer word.²¹ Op grond van persoonlike netwerke kon ek fasiliteer dat talle ooreenkomste gesluit is: sedert 2006 word Afrikaans as vak aan die Universiteit van Antwerpen aangebied, kon ek help om die 'Gents Centrum voor het studie van Afrikaans en de studie van Zuid-Afrika' aan die Universiteit Gent gestig te kry (2014 – sien Carstens en T'Sjoen, 2017; T'Sjoen, 2017) en hieruit sou 'n tweede leerstoel vir Afrikaans in Europa tot stand kom,²² en kon ek in 2013 help om die ooreenkoms tussen die Universiteit Leiden en die SA Vereniging vir Neerlandistiek (SAVN)²³ te sluit waarvolgens Afrikaans sedert 2015 as vak aan Leiden aangebied word.²⁴ Maar ek kon ook help om op grond van my breë netwerk van die onderhandelingswerk agter die skerms te doen wat in 1998 tot die totstandkoming van die Ernst van Heerden-versameling van Afrikaanse poësie by die Poëziecentrum in Gent, België, sou lei;²⁵ tot die stigting van die Virtuele Instituut vir Afrikaans (VivA)²⁶ sou lei; kon ek in die tydperk 2011-2012 fondse help vind om Zuid-Afrika-Huis in Amsterdam te restoureer;²⁷ kon ek help om die Internasionale Vereniging vir Afrikaans (IVA) te konseptualiseer;²⁸ kon ek help met die sluit van 'n amptelike ooreenkoms tussen die (Nederlandse) Taalunie²⁹ en die Afrikaanse Taalraad in 2020 (sien Van Heerden en Van de Poel, 2020). Die waarde van 'n netwerk is derhalwe 'priceless'. Dat dit grootliks verval aan die einde van 'n loopbaan is wel betreuenswaardig.]

11. As die kans sou opduik om tyd in die buiteland deur te bring, doen dit terstond. Dit mag wees vir studie of vir 'n navorsingsverblyf, of selfs as post doc. Die blootstelling aan invloede buite die bekende verbreed 'n mens se uitkyk op sake. Netwerke maak dit moontlik dat so iets kan gebeur. Dit bied ook weer die geleentheid vir die uitbrei van die netwerk. 'n Buitelandse verblyf behoort akademiese uitsette te lewer (afgeronde studie, publikasies, saamwerk aan projekte. So 'n verblyf is nie 'n vakansie nie, maar 'n geleentheid om buite jou gemaksone nuwe kennis op te doen. Gebruik die geleenthede na behore. [Danksy navorsingstydperke om aan boeke te werk, soos in die VSA, Nederland, België, asook die bywoon van kongresse in etlike lande kon ek bykans 2,5 jaar in die buiteland vertoef. Dit het altyd deurgewerk in my akademiese produkte (publikasies).]
12. Deel inligting oor jou vak en jou belangstellings met jou netwerk. Dit sluit in inligting oor nuwe boeke, interessante artikels, moontlike kongresse nasionaal en internasionaal, ensovoorts. wat jy raakgesien het en wat jy dink jou netwerk

sal kan gebruik. Sodoende bou jy voortdurend aan jou netwerk. Omdat jy jou inligting maklik deel, gee dit jou die vrymoedigheid om van die lede van jou netwerk te vra om die eerste weergawes van 'n moontlike publikasie te lees. Wees daarom eerder 'n deler as 'n parasiet (wat net opneem en nie deel nie). [Tydens my loopbaan en selfs nou in my aftrede stuur ek op 'n daaglikse basis steeds inligting oor taalkundige bronne en moontlike kongresse aan my netwerk. Ek het toegang tot verskeie bronne (onder meer Linguist List, Neerlandistiek.nl, nuusbriewe van instansies, Netwerk24, News24, LitNet) en deel graag wat ek sien. Ek het oor jare 'n aanduiding gekry waarin mense belangstel en as ek iets teenkom wat volgens my oordeel dalk vir bepaalde individue baat, verg dit min moeite om dit via e-pos aan te stuur. Dit staan altyd die ontvanger vry om dit te ignoreer of dadelik te skrap, maar in talle gevalle het dit kollegas al boeke en artikels laat lees en ook internasionale kongresse laat bywoon.]

13. Woon gereeld nasionale en waar moontlik ook internasionale kongresse/konferensies/colloquiums/werkswinkels oor jou vakgebied en ook oor jou spesialisveld(e) by. Andersins sal niemand weet wat jy doen nie. Dit is veral vroeg in jou loopbaan nodig om sigbaar te word. Gaan doen verslag oor die navorsing wat vir jou MA of PhD gedoen is – so neem mense kennis van jou navorsing en ook van jou as jong navorser. Dit is nie altyd nodig om 'n bydrae (referaat) te lewer nie. Maar om 'n kongres by te woon, bied die geleentheid om te sien wie is die leidende navorsers in die veld en met hulle kennis te maak. Die grootste waarde van die bywoon van kongresse is wel die beleef van die wêreld van taalkunde. Gaan luister daarom na referate so wyd as wat jy kan, selfs van terreine wat jou nie interesseer nie – dit gee jou wel 'n aanduiding van wie werk in welke veld aan watter onderwerp of tema. Kongresbywoning moet daarom 'n deel van jou jaarlikse beplanning wees. [My eerste nasionale LVSA-kongres was in 1977 in Bloemfontein waar ek oor my MA-navorsing gepraat het. Ek het behoorlik gestotter toe van die groot name, soos proff. Fritz Ponelis, Hans du Plessis en Christo van Rensburg, die lokaal binnegestap het om te kom luister. Maar omdat ek bereid was om verslag oor my navorsing te doen, het ander kom luister na wat ek te sê het. En uit hulle terugvoer kon ek leer om beter te word.]
14. Neem 'n visitekartjie saam na hierdie kongresse. Die kaartjie moet gekoppel wees aan jou instelling en jou kontakbesonderhede (veral e-posadres) bevat. Deel dit uit aan mense met wie jy kontak maak tydens die kongresse as daar 'n geleentheid opduik. As jy tuis kom, maak dan kontak met die mense wie se kaartjies jy ook gekry het. So begin jy bou aan 'n groter netwerk. Dit verg moeite en dit kos geld om so 'n kaartjie te maak. Maar die dividende is op die lang termyn groot.

15. Moenie skroom om in jou eie taal aan kongresse deel te neem nie. Taalkundiges in SA lewer al hoe meer hulle referate in Engels, maar dan ontwikkel die vakkundige terminologie in die eie taal (in hierdie geval Afrikaans) nie. Dit raak die volhoubaarheid van 'n Afrikaanse taalkundige vaktaal. Die jonger geslag Afrikaanse taalkundiges is in die posisie om dit te verander en die hoop is dat hulle dit wel sal waar maak.³⁰
16. Publiseer in internasionale tydskrifte as jy kan, maar beslis ook in nasionale vaktydskrifte. Jou bydrae help om die plaaslike tydskrifbedryf aan die gang te hou en selfs uit te brei. Aan die begin van jou loopbaan is dit nodig om jou naam 'in druk' te sien en dit gebeur die spoedigste in die nasionale tydskrifte. 'n Eerste artikel is meestal gebaseer op navorsing gedoen vir 'n MA.
17. Publiseer in toepaslike tydskrifte, in die besonder die erkende tydskrifte in jou vakdissipline. In SA raak dit tydskrifte soos *South African Linguistics and Applied Language Studies*,³¹ *Language Matters*,³² *Literator*,³³ *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans*,³⁴ *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*,³⁵ *Stellenbosch Papers in Linguistics (SPIL)*,³⁶ e.a. Daar is tans betreklik min Afrikaanse tydskrifte om in te publiseer. Vermy wel baie beslis die sogenaamde "predatory journals" wat voorgee om akademiese artikels te publiseer wat aan die gestelde vereistes voldoen, maar dit egter nie doen nie.³⁷ Hierdie tydskrifte gee voor dat hulle 'n portuurevalueringsstelsel en selfs 'n redaksionele raad het, maar dit is nie waar nie. Die hoofdoel van hierdie tydskrifte is om geld te maak onder valse voorwendsels. Die artikels in hierdie tydskrifte is waardeloos vir die opbou van 'n akademiese profiel. As jy twyfel oor die toepaslikheid van 'n tydskrif, kan jou universiteit se navorsingskantoor jou help om dit te kontroleer.
18. Elke Suid-Afrikaanse taalkundige het 'n verantwoordelikheid om die veld te help ontwikkel deur in die plaaslike tydskrifte te publiseer. Afrikaanse taalkundiges het egter 'n dubbele verantwoordelikheid: publiseer plaaslik in jou dissipline, maar publiseer ook in die taal (Afrikaans) waarin jy jou loopbaan bedryf. Hiermee word nie bedoel dat daar n et in Afrikaans gepubliseer word nie, maar dat daar  ok in Afrikaans gepubliseer moet word ter wille van die behoud en uitbou van Afrikaans as akademiese taal.
19. Moet nie huiwer om in jou eie taal te publiseer nie. Engels is nie die enigste taal van wetenskap nie. Publiseer wel ook in Engels omdat dit wyer as plaaslik gelees kan word. So word jou werk ook verder bekend gestel. Die destydse Linguistevereniging van Suider-Afrika (LVSA) se tydskrif *SA Tydskrif vir Taalkunde* wat tot in 1999 bestaan het³⁸ asook die SA Vereniging vir Taalonderrig se *Tydskrif vir Taalonderrig (SAVTO)*, het dit moontlik gemaak dat maklik in Afrikaans oor die Afrikaanse taalkunde gepubliseer kon word na afloop van die jaarlikse vakkongresse. Die geleentheid het egter beduidend

minder geword met die totstandkoming van die plaasvervangende *South African Linguistics and Applied Language Studies*, en vandag word daar betreklik min in Afrikaans in hierdie tydskrif gepubliseer.

20. Dit is nie nodig dat jy die belangrikste internasionale taalkundige ooit moet wees nie. As dit sou gebeur, sal dit 'n bonus wees. Daar kan van min taalkundiges dit gesê word. 'n Loopbaan sal oordeel of dit wel die geval is – dan aan die einde van die loopbaan. Dit is wel belangrik om 'n erkende nasionale kundige oor 'n aspek van die taalkunde te wees in jou eie konteks omdat dit is waar jy werk en funksioneer. Ponelis word wyd erken as dié kundige in Afrikaans oor sintaksis, Combrink as die kundige oor Afrikaanse morfologie, Raidt as die kundige oor Afrikaanse historiese taalkunde. Dit is wel ouer bronne. Wie is die hedendaagse kundiges op hierdie gebiede in Afrikaans? Dit is 'n ruimte wat wag om opgeneem te word.
21. As jou werk as goed genoeg of as uitstaande geoordeel word as jy in Afrikaans werk, kan dit in Engels vertaal word. Dit is ook moontlik dat 'n besondere publikasie van die begin af in Engels geskryf word, soos met Ponelis se *The development of Afrikaans* (1993). Dit het al gebeur en sal ook weer gebeur.
22. Woon ten minste een keer in jou loopbaan die somerskool (bekend as die LSA Institute)³⁹ van die Linguistic Society of America by, en hoe vroeër in jou loopbaan hoe beter. Twee somerskole is selfs nog beter. So 'n somerskool duur van 4-6 weke en dit word driejaarliks aangebied. Dit maak jou oë oop om uit 'n wyer hoek na taal in die algemeen en na taalkunde in die besonder te kyk. Woon van die kursusse oor 'n verskeidenheid onderwerpe by en sosialiseer behoorlik ter wille van jou netwerk. Die somerskool word met reg beskryf as 'n “intellectual summer camp for linguists”.⁴⁰ Deel visitekaartjies uit en benut die netwerkgeleentheid ten volle. [In my eie loopbaan was dit 'n bepalende gebeurtenis toe ek in Julie 1989 die somerskool bygewoon het. Dit was toe ek begin het om *Afrikaanse tekslinguistiek* te skryf juis omdat ek daar soveel inligting kon opspoor vir latere gebruik.]
23. Die lees van Linguist List (LL) se aankondigings en uitnodigings moet 'n deel van elke taalkundige se daaglikse ritueel wees. Teken daarom – gratis – in op die LL om die daaglikse inligting te kan ontvang. Die omvang van die inligting is omvattend omdat dit jou aandag vestig op kongresse in jou vakgebied, nuwe boeke wat jou navorsing sal bevorder, moontlike werksgeleenthede. Ek kan my kwalik 'n tyd indink voor die LL toe ons net afhanklik was van tydskrifte wat in biblioteke beskikbaar was. Die tegnologie van die 21ste eeu maak taalkundebeoefening vandag baie makliker as voor 1995. Die LL het my op soveel maniere gebaat – ek lys dit hier onder.
 - a) Dit het gehelp slyp aan my eie vaardighede en vermoëns oor taalkunde

as 'n dissipline, maar ook oor besondere aspekte van die taalkunde, soos oor diskoersanalise, sintaksis, semantiek, ensovoorts.

- b) Dit het my ingelig oor kongresse waarvan ek andersins nie sou geweet het nie. Dit het dit vir my moontlik gemaak om kongresse wêreldwyd by te woon (VSA, Finland, Nederland, België, Duitsland, Switserland).
 - c) Dit het my ingelig oor publikasies (boeke, artikels) waarvan ek andersins nie sou geweet het nie. Ek kon boeke bestel vir die universiteitsbiblioteek wat ek van kennis geneem het en sodoende het dit bygedra tot die opbou van 'n betroubare versameling bronne oor die taalkunde in die universiteit se biblioteek.
 - d) Die opgeboude biblioteek het my in staat gestel om meer van my veld te lees.
 - e) Die LL stel my in staat om met vrymoedigheid inligting (ook debatte, kongresse, boeke, tydskrifte) te deel met kollegas elders in die land of in die wêreld oor sake van gemeenskaplike belang. Op hierdie wyse kon my netwerk baat by my inspanning. Maar omdat ek inligting gedeel het, het ek op my beurt weer van kollegas elders ook berigte ontvang. Op hierdie wyse was dit 'n wedersydse wins vir beide partye.
 - f) Ek was lank 'n bestuurder in die akademie en een van my take was om 'n nuwe geslag akademici op te lei en voor te berei vir 'n loopbaan. Die inligting wat ek van die LL verkry het, was hier van groot waarde vir die jonger geslag akademici – ek kon hulle wys op belangrike vormende kongresse in hulle spesialiteite en hulle selfs daarheen stuur, ek kon belangrike nuwe boeke vir hulle laat aankoop, ek kon hulle help om onderwerpe vir navorsingsprojekte te bepaal. Ek glo dus aan die waarde van die LL.
24. Maak in jou jaarlikse akademiese begroting voorsiening vir 'n finansiële bydrae tot die instandhouding van die LL. Sonder fondse kan die LL nie voortbestaan nie. Of maak seker dat jou instelling 'n jaarlikse bydrae tot die LL maak. Daarsonder sal 'n mens in 'n 'taalkundige duisternis' wees. In die taalkunde kan 'n mens praat van voor-LL en ná-LL. Die jonger geslag kan hulself gelukkig ag dat hulle in die ná-LL-tyd lewe. Geniet die voordele van die lys.

3.2 *Praktykgerigte wenke*

1. Toeval speel dikwels in rol in die vind van 'n akademiese pos. Wees gereed om die geleentheid wat kom na behore te benut. Moet dus nie te kieskeurig wees nie.
2. Maak jou deur jou bydraes onmisbaar in jou werksomgewing.

3. Wees betrokke by die bestuur van jou universiteit in soverre dit haalbaar is: dien op komitees, wees beskikbaar vir studente en hulle projekte.
4. Wees sigbaar op jou kampus deur die aard van jou bydraes as personeellid.
5. Wees 'n gewillige deelnemer van die Suid-Afrikaanse akademiese gemeenskap
6. Wees gewillig om te leer en wel soveel as moontlik – oor jou vak, oor die manier waarop jou instansie bestuur word (administrasie).
7. Aanvaar dat ander meer van jou veld of van die universiteit waar jy is, kan weet.
8. Stel jou oop vir raad en advies deur jou hoofde, deur seniors in jou veld. 'n Mens weet nie alles nie, maar in die loop van jou loopbaan leer jy wel baie. Gebruik senior personelede as mentors vir jou loopbaan.
9. Moet nie dink jy is die spil waarom alles in jou departement draai nie. Dit mag dalk in die toekoms die geval word, maar beslis nie van die begin af nie. Wees nederig en begin om van die onderkant van die akademiese leer jou pad na bo te klim – stap vir stap. So eet 'n mens uiteindelik 'n olifant op.
10. Wees 'n spanlid en nie 'n spanopbreker nie. In 'n akademiese omgewing het elkeen 'n rol in die groter prentjie van die toepaslike werksomgewing, ook jy. Vra jou af wat jy doen om die span beter te maak en maak dit dan praktyk.
11. Aan die einde van jou loopbaan neem jy die rol van mentor oor en deel jou geleerde lesse met die volgende geslag. Dra dus jou vaardighede en kennis oor.

4. Samevatting

In hierdie bydrae word daar terugvoer gegee oor die waarde daarvan om te leer uit die suksesse en mislukkings van vorige geslagte, uit die positiewe en negatiewe ervarings wat deurleef is tydens 'n lang loopbaan in die akademie. In hierdie geval was my eie loopbaan as Afrikaanse taalkundige van bykans 50 jaar die vertrekpunt. Die les hieruit is waarskynlik dat daar steeds baie te leer is uit voorafgaande geslagte se manier van doen, derhalwe uit die 'wysheid van die grysheid'. Dit is parate kundigheid wat ingespan kan word ter bevordering van die eie loopbaan. Elke geslag wil dinge op hulle manier doen, maar soms is 'n oomblik se stilstaan om kennis te neem van ander se ervarings tog die moeite werd.⁴¹ Doen dit gerus.

Noordwes-Universiteit

Bronnelys

- Breed, C.A., Carstens, W.A.M. en Olivier, J.A.K.** 2016. Die DBAT: 'n Onbekende digitale taalkundemuseum. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 56 (2-1): 391-409.

- Carstens, W.A.M.** 1989 (2018: 6de hersiene uitgawe). *Norme vir Afrikaans. Enkele riglyne by die gebruik van Afrikaans*. Kaapstad/Pretoria: Academica.
- Carstens, W.A.M.** 1997. *Afrikaanse tekslinguistiek. 'n Inleiding*. Pretoria: J.L. van Schaik Akademies.
- Carstens, W.A.M.** 2018. (6de hersiene uitgawe). *Norme vir Afrikaans. Moderne Standaardafrikaans*. Pretoria: Van Schaik.
- Carstens, W.A.M.** 2019a. Op reis vir Afrikaans – Europa bied oneindige moontlikhede. LitNet. 27 September 2019. <https://www.litnet.co.za/op-reis-vir-afrikaans-europa-bied-oneindige-moontlikhede/>. (Datum van gebruik: 28 Julie 2022)
- Carstens, W.A.M.** 2019b. Geskiedskrywing en beskrywing van Afrikaans: Wat is daar nog te sê oor Afrikaans? In: Van Niekerk, A., e.a. (reds.). 2019. *J.C. Steyn en Afrikaans – 'n Viering*. Bloemfontein: SUN Media Bloem.
- Carstens, W.A.M. en Enslin, L.** 2017. Poel van kundigheid ten bate van Afrikaanse onderrig, 'n onderhoud met Wannie Carstens. LitNet. 14 Maart 2017. <http://www.litnet.co.za/poel-van-kundigheid-ten-bate-van-afrikaanse-onderrig-n-onderhoud-met-wannie-carstens/>. (Datum van gebruik: 21 April 2022)
- Carstens, W.A.M. en Raidt, E.H.** 2017. *Die storie van Afrikaans: van Europa tot Afrika. Biografie van 'n taal*. Deel 1 (Die Europese geskiedenis van Afrikaans). Pretoria: Protea.
- Carstens, W.A.M. en Raidt, E.H.** 2019. *Die storie van Afrikaans: van Europa tot Afrika. Biografie van 'n taal*. Deel 2 (Die Afrikageskiedenis van Afrikaans). Pretoria: Protea.
- Carstens, W.A.M. en Van de Poel, K.** 2010, 2012. *Teksredaksie*. Stellenbosch: SUN Media.
- Carstens, W.A.M. en T'Sjoen, Y.** 2017. België gee Afrikaans 'n kans. *Beeld* 16 September: 17.
- Carstens, W.A.M. en Hubbard, E.H. (reds.)**. 1993. *Tekslinguistiek/Text Linguistics. SA Tydskrif vir Taalkunde Supplement* 15, Mei.
- Carstens, W.A.M. en Hubbard, E.H. (reds.)**. 2000. *Tekslinguistiek/Text Linguistics III. SA Tydskrif vir Taalkunde Supplement* 37, Desember.
- Carstens, W.A.M. en Bosman, N. (reds.)**. 2014, 2017. *Kontemporêre Afrikaanse Taalkunde*. Pretoria: Van Schaik.
- Carstens, W.A.M. en Le Cordeur, M. (reds.)**. 2016, 2019. *Ons kom van vêr – bydraes oor bruin Afrikaanssprekendes se rol in die ontwikkeling van Afrikaans*. Kaapstad: Naledi Online.
- Carstens, W.A.M. en Van Dyk, T.J. (reds.)**. 2022. *Toegepaste Taalkunde in Afrikaans*. Pretoria: J.L. van Schaik.

- Carstens, W.A.M., Bosman, N. en Biberauer, T. (reds.)** [2023]. *Afrikaans Linguistics: Contemporary perspectives*. Stellenbosch: African SUN Media (in publikasieproses).
- De Vries, W. en Keltjens, R.** 2018. DBNL het 'n groeiende versameling ryk aan tekste, bande en moontlikhede. Voertaal. 16 Augustus. <https://voertaal.nu/dbnl-het-n-groeiende-versameling-ryk-aan-tekste-bande-en-moontlikhede/> (Datum van gebruik: 28 September 2018)
- Elmore, S.A. en Weston E.H.** 2020. Predatory Journals: What They Are and How to Avoid Them. *Toxicologic Pathology* 48(4): 607-610.
- Fouché, N., Van den Berg, R. en Olivier, J.** 2017. Carstens se raamwerk van Afrikaanse konjunksie-merkers: 'n akkurate en volledige weergawe. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 57(3): 814-836.
- Hubbard, E.H. en Carstens, W.A.M. (reds.)**. 1994. *Tekslinguistiek/Text Linguistics II. SA Tydskrif vir Taalkunde* Supplement 22, Desember.
- Lubbe, J.** 2002. Die aard van bydraes van *Taalfasette* en *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Taalkunde*, 1965 tot en met Desember 1999 / The nature of contributions in *Taalfasette* and *South African Journal of Linguistics*, 1965 to December 1999. *Southern African Linguistics and Applied Language Studies* 20 (1-2): 65-90.
- Meintjes, Z.** 2016. Konjunksiemerkers: 'n Indeling in Afrikaans vir die gebruik in geskrewe akademiese argumente op universiteit. *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans* 23(1): 81-102.
- Ponelis, F.A.** 1979. *Afrikaanse sintaksis*. Pretoria: J.L. van Schaik.
- Ponelis, F.A.** 1993. *The Development of Afrikaans*. Frankfurt/Berlin/Bern/New York/Parys/Wien: Peter Lang.
- Scholtz, J. du P.** 1941. *Uit die geskiedenis van die naamgewing aan plante en diere in Afrikaans*. Kaapstad: Nasou.
- Scholtz, J. du P.** 1950. *Oor die herkoms van Afrikaans*. Kaapstad: Universiteit van Kaapstad.
- Scholtz, J. du P.** 1963. *Taalhistoriese opstelle: Voorstudies tot 'n geskiedenis van Afrikaans*. Kaapstad: Tafelberg.
- Scholtz, J. du P.** 1965. *Afrikaans uit die Vroeë Tyd. Studies oor die Afrikaanse taal en literêre volkskultuur van voor 1875*. Kaapstad: Nasou.
- Scholtz, J. du P.** 1972. *Afrikaans-Hollands in die agtiende eeu*. Kaapstad: Nasou.
- Stehle, R.** 2018. Wannie woeker vir Afrikaans. *Beeld* 21 April. <https://www.netwerk24.com/Stemme/Aktueel/wannie-woeker-vir-afrikaans-20180420> (Datum van gebruik: 28 Julie 2022)
- Terblanche, H.O.** 2014. Die Nederlandse kulturele boikot teen Suid-Afrika: 'n Ontleding. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 54(1) 37-55.
- Terblanche, H.O.** 2016. Die Nederlandse akademiese boikot teen Suid-Afrika:

- 'n Ontleding – Navorsings- en oorsigartikels (2). *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 56(4). 1113-1127.
- T'Sjoen, Y.** 2014. “Gent se torings skemer ver deur” – Vyftien jaar Ernst van Heerden-collectie in Poëziecentrum. Versindaba. 14 Oktober. <https://versindaba.co.za/tag/gent-poeziecentrum/> (Datum van gebruik: 28 Julie 2022)
- T'Sjoen, Y.** 2017. Leerstoel Zuid-Afrika aan de Universiteit Gent. 6 Julie. <http://www.litnet.co.za/leerstoel-zuid-afrika-aan-de-universiteit-gent/> (Datum van gebruik: 30 Augustus 2022)
- Van den Berg, G.** 2014a. Het Zuid-Afrikahuis is gered. 2 Maart. <http://www.maandbladzuidafrika.nl/>. (Datum van gebruik: 25 April 2014).
- Van den Berg, G.** 2014b. Overeenkomst Zuid-Afrika-huis Amsterdam en *Die Burger* Kaapstad. 29 Maart. <http://www.litnet.co.za/Article/overeenkomst-zuid-afrikahuis-amsterdam-en-die-burger-kaapstad>. (Datum van gebruik: 21 April 2014).
- Van de Poel, K., Linnegar, J. en Carstens, W.A.M.** 2012. *Text editing. A Handbook for students and practitioners*. Antwerpen: ASP.
- Van der Sijs, N.** 2013. “Op de schouders van onze voorgangers”. *Jo Daan en het Amerikaans-Nederlands. Nieuw Letterkundig Magazijn* 31(1): 30-34.
- Van Heerden, M. en Van de Poel, K.** 2020. Samewerkingsooreenkoms met die Afrikaanse Taalraad: 'n onderhoud met Kris van der Poel (Nederlandse Taalunie). Voertaal. 16 April. <https://voertaal.nu/samewerkingsooreenkoms-met-die-afrikaanse-taalraad-n-onderhoud-met-kris-van-der-poel-nederlandse-taalunie/> (Datum van gebruik: 20 Junie 2022)
- Woordeboek van die Afrikaanse Taal (eWat)**. Stellenbosch: Buro van die WAT.

Note

1. Hierdie bydrae word met graagte aan *TN&A* verskaf om te plaas in 'n uitgawe wat die eeufeesviering van die Universiteit van Stellenbosch (US) se Departement Afrikaans en Nederlands herdenk. Ek het my eie kwalifikasies aan die US verwerf en selfs my loopbaan as dosent hier begin. Dit maak daarom sin om dit wat volg ook te plaas in 'n US-gekoppele publikasie. Dit is nie die gewone akademiese bydrae nie, maar eerder die besinning oor 'n loopbaan waartydens baie lesse geleer is uit suksesse wat beleef is, maar ook uit foute wat gemaak is. Die hoop is dat dit wat hierna na vore kom vir veral jonger akademiërië sal gee oor hoe die akademie betree kan word en ook hoe 'n loopbaan gebou kan word.
2. Opmerking van prof Jo Daan uit 1994 (in Van der Sijs, 2013: 30).
3. <https://www.linguisticsociety.org/resource/linguistics-profession>.
4. Vergelyk ook onder meer die volgende webblaaie vir meer inligting oor die beroepsgeleentehede wat opleiding in taalkunde moontlik maak: <https://www.linguisticsociety.org/resource/>

- linguistics-profession, <https://www.academicinvest.com/arts-careers/linguistics-careers>, <https://uk.indeed.com/career-advice/finding-a-job/jobs-in-linguistics>, <https://www.topuniversities.com/student-info/careers-advice/7-jobs-graduates-linguistics-degree>, https://www.glassdoor.com/Career/how-to-become-linguist_KO14,22.htm.
5. Vergelyk onder meer die volgende webblaaie oor hoe om 'n suksesvolle loopbaan te bou. Die gee generiese wenke. <https://www.becomeopedia.com/linguist/>, <https://www.linkedin.com/pulse/7-keys-building-successful-career-path-aghogho-akporido-mba--1/>, <https://www.thebalancemoney.com/career-pathing-1918080#>, <https://www.careeraddict.com/planning-career-get-started>. Uiteraard is daar heelwat meer inligting beskikbaar as wat hier aangedui word.
 6. Die wenke wat hier gegee word, is ook van toepassing op die letterkunde. Of ook ander dissiplines. Die beginsels bly dieselfde.
 7. Vir meer hieroor vergelyk Terblanche (2014; 2016).
 8. 'n Derde, hersiene uitgawe van KAT word vir 2024 beplan.
 9. NNS: Nasionale Navorsingstigting; National Research Foundation. <https://www.nrf.ac.za/>.
 10. Ek was by geleentheid in 2018 'n 'featured linguist' van die LinguistList en het toe 'n lys sake neergestig wat myns insiens die volgende geslag kan baat by die beplan van hulle eie loopbane: <https://blog.linguistlist.org/fund-drive/featured-linguist-wannie-carstens/>.
 11. https://en.wikipedia.org/wiki/It%27s_the_economy,_stupid.
 12. *Kontemporêre Afrikaanse taalkunde* (2014; hersien in 2017; met Nerina Bosman as mederedakteur) – in die algemeen bekend as KAT – is die uitkoms van talle gesprekke oor 'n lang tyd tydens kongresse van die destydse LVSA oor die behoefte aan 'n bron wat gebruik kan word om voorgraadse studente in die Afrikaanse taalkunde op 'n ooreenstemmende vlak te kry. Dit was aanvanklik beplan as 'n hersiening van die bekende *Inleiding in die Afrikaanse taalkunde* (1984; 1989; met TJR Botha as koördinerende redakteur), maar dit het geblyk dat daar eerder 'n bygewerkte nuwe bron moet kom. Prof Alf Jenkinson van UV sou as mederedakteur optree, maar toe hy onverwags in 2012 oorlede is, is besluit dat prof Nerina Bosman van UP sy rol moes oorneem. Daar is met alle departemente Afrikaans (en Nederlands) gekonsulteer oor wat hulle van so 'n boek verwag en aan die hand hiervan is op die inhoud en medewerkers besluit.
 13. Hierdie boek volg uit 'n leemte wat raakgesien is terwyl daar aan *Die storie van Afrikaans*, deel 2 gewerk is. Ek wou probeer om 'n inklusiewe weergawe van die geskiedenis van Afrikaans te produseer, maar dit het geblyk daar is uiters min bronne oor die bydrae wat bruin mense gespeel het in die ontwikkeling van Afrikaans. Prof Michael le Cordeur van US is genader om te help om wel inligting hieroor te versamel. Uiteindelik het die boek 36 hoofstukke beslaan en in talle van die hoofstukke het daar meer inligting na vore gekom oor wat nodig was om met werk aan *Die storie van Afrikaans* voort te gaan. Daar is wel 'n behoefte aan nog sodanige bydraes.
 14. *Toegepaste taalkunde in Afrikaans* (2022; saam met Tobie van Dyk as mederedakteur) het gespruit uit navrae van studente oor hoekom daar nie 'n boek oor toegepaste taalkunde in Afrikaans is nie. As daar nie een is nie, dan maak ons een, was my oordeel. Die boekproses het wel agt jaar

beslaan (konseptualiseer, beplan van inhoud, vind van gewillige medewerkers, vind van fondse om die boek te publiseer), maar die resultaat is nou daar vir gebruik.

15. *Afrikaans Linguistics: Contemporary Perspectives* (2023; saam met Nerina Bosman en aanvanklik Theresa Biberauer as mederedakteurs) is die gevolg van navrae tydens 'n Europese lesingtoer in 2019 (sien Carstens, 2019a se verslag oor hierdie reis). Daar was 'n uitgesproke behoefte aan 'n boek in Engels oor die huidige stand van die Afrikaanse taalkunde – so is die studie van Afrikaans meer toeganklik vir nie-Afrikaanssprekendes.
16. Sien Carstens (2019b) vir 'n uiteensetting waarom die boeke geskryf is.
17. Vergelyk Scholtz (1941; 1950; 1963; 1965; 1972).
18. DBAT: <https://collections.nwu.ac.za/dbtw-wpd/textbases/bibliografie-afrikaans/dbat.html>.
19. <https://www.kb.nl/>.
20. <https://www.dbnl.org/>. Sien ook De Vries en Keltjens (2018).
21. Sien Breed e.a. (2016) asook Wierenga en Carstens (2022) vir 'n oorsig hieroor.
22. Vergelyk: <https://www.afrikaans.ugent.be/> vir meer inligting oor die Centrum se werk.
23. <https://www.suiderafrikaanseverenigingvirneerlandistiek.org/>
24. Sien hieroor Stehle (2018).
25. <http://www.poeziecentrum.be/collectie/zuid-afrikaanse-poëzie-de-collectie-ernst-van-heerden>. Sien ook T'Sjoen (2014) oor die eerste 15 jaar van die versameling.
26. <https://viva-afrikaans.org/>.
27. Vergelyk hieroor Van den Berg (2014a; 2014b). Sien <https://www.zuidafrikahuis.nl/> vir meer oor die huis.
28. Sien Carstens en Enslin (2017).
29. <https://taalunie.org/over-de-taalunie>.
30. Tydens die kongres van SALALS in Junie 2022 op Potchefstroom was daar uit die magdom referate slegs vier in Afrikaans. Dit is kommerwekkend dat 'n organisasie wat in 1965 uit 'n primêr Afrikaanse omgewing deur Afrikaanse taalkundiges ontwikkel is (sien <https://www.tandfonline.com/doi/abs/10.2989/16073610209486299>), tot op hierdie punt gekom het dat Afrikaans kwalik figureer by die jaarkongres. Die vraag is of die ontwikkeling van die Afrikaanse taalkunde op hierdie wyse gedien word. Diepe besinning is hier nodig.
31. <https://salals.org.za/journal/> In 2000 het die *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Taalkunde* en die *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Toegepaste Taalstudies* saamgesmelt. Sien ook: <https://www.tandfonline.com/doi/abs/10.2989/16073610209486299>.
32. <https://journals.co.za/journal/langmat>.
33. <https://journals.co.za/journal/literat>
34. <https://www.savn.org.za/index.php/tydskrif-vir-nederlands-en-afrikaans>
35. <https://www.akademie.co.za/projekte/vaktydskrifte>
36. <https://spilplus.journals.ac.za/pub>
37. “Predatory journals—also called fraudulent, deceptive, or pseudo-journals—are publications that claim to be legitimate scholarly journals but misrepresent their publishing practices. Some

common forms of predatory publishing practices include falsely claiming to provide peer review, hiding information about article processing charges, misrepresenting members of the journal's editorial board, and other violations of copyright or scholarly ethics" en "these predatory publishers are dishonest and lack transparency. They aim to dupe researchers, especially those inexperienced in scholarly communication" – vgl. Elmore en Weston (2020). Vir meer hieroor sien ook https://www.up.ac.za/departement-of-library-services/news/post_3111375-academic-integrity-series-5.-predatory-journals en <https://www.openaccessjournal.com/blog/predatory-journals-list/> vir 'n lys van sodanige tydskrifte.

38. Vergelyk Lubbe (2002) vir 'n oorsig oor die belang van hierdie tydskrif vir die Afrikaanse taalkunde.
39. Sien <https://www.linguisticsociety.org/content/lsas-linguistic-institutes> vir meer oor die somerskool.
40. "The LSA Institute is nothing less than an intellectual summer camp for linguists. The friendly, informal atmosphere makes it easy to meet people, exchange ideas, and explore new directions – not to mention the chance to get to know major scholars as real people over breakfast or in a walk across campus. Both as a graduate student attending past Institutes and as a faculty member teaching classes, I've made *lifelong friends*, gained *supportive mentors*, been exposed to *cutting-edge research in other subfields*, and *learned much* more about my own specialization. Every student and faculty member in linguistics should take advantage of the opportunity to attend the LSA Institute." (Mary Bucholtz, Professor, Department of Linguistics, University of California, Santa Barbara) <https://www.linguisticsociety.org/content/lsas-linguistic-institutes>.
41. Sien Carstens en Enslin (2017) oor die totstandkoming van die Internasionale Vereniging vir Afrikaans (IVA).

Essay

Die afwesige dog aanwesige mentor: D.J. Opperman en kreatiewe skryfwerk

Joan Hambidge

Poetry is a love affair with language.

Ottone M. Riccio

1. I¹

We staan allemaal op de schouders van onze voorgangers, onze schaduw valt over hen heen en verbergt hen voor het gezicht van onze tijdgenoten.²

– Jo Daan, 1994

Opperman die kanoniseerder, Opperman die digter, Opperman die eerste Afrikaanse postmodernis met *Kuns-mis* (1964), Opperman die kreatiewe begeleier in sy letterkundige laboratorium waar ek indertyd bygesit het, nie as digter nie, maar as jong kritikus. Die invloed van Opperman op my digkuns en my werk as dosent in kreatiewe skryfwerk is onmeetbaar groot.

Daar is al dikwels geskryf oor sy werk in die letterkundige laboratorium en die invloed wat hy op vele digters gehad het soos Lina Spies, Fanie Olivier, Charles Fryer, Rika Cilliers, Marlene van Niekerk, Betsie van Niekerk, e.a. wat hierdie skrywer dan weer terugneem na die rol van die mentor.

Ek debuteer in 1985 met *Hartskrif* en ongelukkig het Opperman nooit my gedigte gelees nie. Ek het hom wel in 1980 besoek, maar my gedigte het eers ná sy dood uitgebloei. Daar was net kortverhale en kritiese werk wat hy van my gelees het. Tog het hy, soos Van Wyk Louw, 'n beduidende invloed op my vorming as digter en kritikus gehad.

Ons sou dan kon verwys na die afwesige/aanwesige mentor: die digter wat deur sy of haar tekste jou kreatiewe skryfwerk beïnvloed. Ek was sy assistent en in toevallige gesprekke het hy 'n vormende invloed gehad op my denke. Hy het my verwys na die digkuns van Wallace Stevens, die groot modernistiese digter. Ek onthou die blou hardebanduitgawe in die Carnegie, en Opperman was toe besig om sý magnum opus *Komas uit 'n bamboesstok* (1979) te skryf. Ek het onder andere Italo Calvino se *Invisible cities* (1972/1974) vir hom uitgeneem wat 'n bepalende invloed het op die struktuur van sy laaste digbundel.

Die gesprek tussen Marco Polo en Kublai Khan

Calvino se teks beslaan 55 prosaverse oor stede wat as meditasies oor kos, kultuur en gewoontes beskou kan word. Opperman se antwoord op hierdie dertiende-eeuse reisverslag met tyd op alle vlakke en veral verbeelde tyd is hier van belang. Tyd wat siklies verloop:

Penwortel

Dit gaan hier net om eerste dinge,
begin my vader sy *Herinneringe*:
Moeder het vertel – ek was nog jonk –
Oupa ly aan kanker van die tong.

In sy geselskap word ek daaglik groot
as getuie van bedienings uit die dood:
hoe hy, omdat hy nie kon praat,
met griffel op 'n lei moes tekens maak.

Toe onse kos nie meer kon binnekom,
het sy oorle moeder hom –
toe daar reeds strepies was van bloed –
met melk en brood van Anderkant gevoed.

Moeder het sy woorde uitgespel
en sy drie susters dit herhaal, indelibel.
Ek mog ook soms sy lei skoon spons,
maar ewig woon sy woorde tussen ons.

Hy het geskryf oor daardie Stad van Goud,
oor Dorings en die Kruis van Doringhout.
By sy begrafnis – selfs van oorkant die rivier,
het almal saamgesing, ook die populier.

Opperman se “Penwortel” aktiveer die skryfproses (indelibel, dus onuitwisbaar) en die digter kyk na die familieverhouding van die stom Oupa tot by die begrafnis. Die dooies sing hier saam met die treurende populier en die spreker huldig die vader se memoir wat die geskiedenis neerskryf van die familie. Siekte (stomheid) word deur die skryfproses opgehef: die griffel op die lei (van die Oupa), die vader

wat alles opteken en die spreker (Opperman) wat sy siektetoestand oorwin het en 'n bundel kon skryf.

Die gedig verwys ook na die verbeelde stad, Vigi Magna, die hoofstad van die goudland Monomotapa, iewers in Afrika volgens sestiende eeuse kaarte. In *Negester oor Ninevé* (1947) skryf Opperman 'n gedig oor hierdie stad.

Die geskiedenis van Jesus en die metafisiese word in hierdie gedig betrek: van die kruisiging tot 'n Simbool van Geloof. Grootvader, vader en kleinseun (wat in die slot die Vader, Seun en Heilige Gees betrek) vind ons hier. Die Anderkant (die ruimte waar die dooies hul bevind) word simbolies gelai deur 'n hoofletter. 'n Penwortel ('taproot', 'main root') is letterlik die belangrikste anker van 'n boom, maar verwys hier ook na die skryfproses.

maar ewig woon die woord tussen ons

Hierdie gedig uit *Komas uit 'n bamboesstok* word só beantwoord in my bundel *Nomadiese sterre* (2021):

Bome

Oor bome, treurende bome, soos 'n wilger,
 'n sipres, 'n bloekom op die walle van 'n rivier,
 staan opgeteken in die familieboom van my gedigte.
 Die jaarringe van my gedigbome verklap
 'n lewenshouding van voortvarend tot bloeiend.
 Hoe het die lewe my nie blindweg gesnoei nie?
 My weerbarstige, selfgerigte takke is afgekap
 tot vuurhout vir kritiese en ongevraagde lesers.
 Nou is dit net die bome, treurende bome, 'n wilger,
 'n sipres, 'n bloekom op die walle van 'n rivier
 wat nog staan vóór die finale inspit in 'n dennehoutkis

Die praat van die Anderkant is 'n tema in hierdie bundel waar briewe van die afgestorwe ouers lank na hul vertrek in gedigte verander word:

Brief van my pa

Gepos op Sondag 5 Maart 1995,
 hierdie brief van my pa in 'n koevert
 versend met 'n 50c-seël maak korte mette

van alle aanpaksels rondom ons verbintenis:
 jy die vader wat knipsels versend,
 my bedank vir moeder se Kaapse besoek ...

“Ek is altyd so bly om jou stem te hoor.
 So trots op jou en bid elke dag vir ons almal.
 Kyk na *Beeld* se *Kalender* van 2 Maart 1995.”

Gelees weer op Maandag 29 Junie 2020,
 wonder ek hoé jou gebede nou sou klink
 in hierdie tyd van ’n virale oorlog onbeklink?

Brief van my ma

3 Februarie 1996

Ons beplan om met vakansie te vertrek;
 ’n duisend dankies vir ál jou ondersteuning.

Hier gaan dit ou stryk; ons lees jou graag.
 Pa sal vanaand jou resensies aanstuur

hier uit ons Weltevrede-meenthuis digby
 die Vaalrivier met sy groen wilgerbome.

Gelukkig geen oorstromings meer;
 Pa werk by die inkomstekantoor

ná sy aftrede en gee raad oor boekhou
 en hoe om al die syfers te laat klop.

Saans speel ons brug en weet jy,
 hy kan steeds raai wanneer ons bluf.

O voor ek vergeet! Dankie vir die pak
 kaarte in Singapore aangekoop en versend.

Die posdiens deesdae uiters traag;
 daardie lieflike seël het Pa só behaag.

Die gesprek van die Anderkant in “Penwortel” aktiveer die Freudiaanse Unheimliche, maar ook die wete dat daar ’n verbintenis is tussen die lewendes en reeds vertrekkendes. Snyman (1983: 217) wys in *Mirakel en muse* op die tydspek in “Dennebol” waar lewe en gedig stol in ’n *tydlose toestand*. In “Dennebol” (uit *Dolasse*, 1972) se slot lees ons:

Ek gee aan hom wat rus in die doderyk
volkome wat die kiepersol betref gelyk.

In hierdie gedig kan dié leser die digter se belangstelling in die paranormale sien wat uiteraard ook in “Penwortel” weer na vore kom. Die werklike digter of mentor word die begeleier en só word geantwoord op sy “Ballade van die grysland” (uit *Negester oor Ninevé* van 1947):

Ballade van die grysland

Die vroegre boere-paradijs
is nou één molshoop, groot en grijs.
Totius (*Trekkerswee*)

I

Uit tunnels van die nag tuur ek
oor die landskap van ysterspore,
die vele bundels wat ná u vertrek

hul opwagting maak, die nuwe Edms. OnBpk.
met vele digters en diskoerse,
in die Afrikaanse taal se vele bottelnekke.

Deesdae kap ons slote op die internet,
FaceBook en ’n kollektiewe Versindaba;
die digkuns ’n blote visum by verstek.

Hier is dikwels ’n gezoem om ’n heuningkoek
oor wie mag parlando of katalekteer;
soms word stilte opgeskort; ander kere opgedoek.

Daar is draaisac en gille van polemiek
 – sonder om die bundel te lees –
 ook herbesoeke met 'n enkele klik.

Daar word steeds valse syfers neergekrap,
 oneerlike resensies uitgekletter,
 selfs van 'n eggenoot oor 'n bedmaarskalk.

II

Na tuine van die nag, waar neonligte blom,
 moes ek dikwels vlug oor 'n gedig
 van 'n herkenbare minnares, 'n liefdesbom.

Maar die vrees as u, die rekenmeester,
 nou moes lees of skerp takseer?
 Hoeveel van ons sou by u, o leermeester

'n heilige bees, 'n strak negester
 of 'n *Joernaal van Jorik* kon prakseer?
 “Wees veral versigtig met cendagsterre!”

Die nag breek grou: 'op tafelblad'
 links in my smalle kamer
 'staan leë bottels in hul nat'.

Ek sukkel steeds om hierdie gedig
 in balans met u en Totius tuis te bring.
 O my vrees wat die kritiek mag aanrig.

III

Die laptop is wit-gevlak en koel
 soos die dubbelskots deur my vloei ...
 tot ek die vrees weer lyflik voel.

O as u, die rekenmeester kom,
 wat sal u maak van hierdie pastiche?
 Ek erken my reëls uit u bron

in die onthouboek, digterlike dinamika:
 die ware digter, so leer u ons,
 weet geen snars van metafisika.

“En metafiksie?”, wou ek vra?
 Die tralies wat hierdie vers omsluit
 – huldeblyk gewis en waar, ja –

laat my krukkig gryp na ’n psigoanalise:
 Lacan en Žižek, daardie ou spoegbek,
 óm en óm . . . die dun spil van die siel.

(Hambidge, 2014)

En die volgende antwoord is geskryf op Opperman se “Met apologie” (*Kuns-mis*, 1964) en is opgeneem in *Indeks* (2016). In hierdie antwoord word die parodie, pastiche, persiflage en palinode ondersoek. Postmodernistiese stylfigure. Die send-up teenoor die mislukte parodie; die bitsige antwoord teenoor die voltooiing. Inderdaad minder behendig as Opperman se naatlose verse:

Met groot apologie: ’n Dubbeldoor

Op ’n Sondagmiddag loop die weduwee Viljee
 in swart geklee
 met twee kollyhonde langs die see
D.J. Opperman

Johann de Lange

Op ’n Sondagmiddag so tevreë
 met my twee katte hooggeteel,
 voel ek newelig en momenteel,
 die weerlig van meneer Viljee.

Daniel Hugo

Met my takelwerk
 hier takel daar takel
 en woerts op jou merkie
 'n lettergreep blerts oor haar skêrtjie

buite grom die honde vir 'n strandjut
 oor die wel-en-wee van 'n versmade kut.
 oor die wel-en-wee van 'n strandkut.

Antjie Krog

Twee honde? Een weduwee?
 Aggenee?
 Gee een vir die armes
 een vir Miesies Viljee
 laat ons rykdom verdeel:
 Een weduwee plus twee honde
 is gewoon uit-byt-ing.

Lina Spies

Met my twee brakke,
 die Kerk en die Holokaust
 slaan ek op my trom
 deur die strate van Stellenbom
 digby vérgenoeg

verby die Eersterivier
 tot by Mentoors se huis om te sien
 wie is tuis, Jorik of Kristien?

T. T. Cloete

Die honde en die weduwee
 in jukstaposisie
 met die see

twee honde een weduwee
 die hoek van my oog in presisie
 'n wiskundige boog

Breyten Breytenbach

Op 'n Sondagmiddag boulevardeer
 ek met my twee maskers
 : Buiteblaf en Binneblaf
 langs die Seine weg van die auberge
 daardie bórdienghuis met geel pampoene
 in my ma se Wellington.
 Om verby la veuve noire,
 'n swetende ysterkoci,
 teen ontkenning
 van die moederspeen te skel.

Petra Müller

Sulke brakke verdien
 nie die aandag van my oë
 en hier moet ek nou
 met 'n skoppertjie en besem
 opvee, alom die gedagte van geel

Wilma Stockenström

Op hierdie Sondagmiddag
 aan die Kaap geskryf
 is die twee honde saam aan die wandel
 langs die see wat guds en borrel.

En ek die weduwee, onunieks
 en o so lydsaam, wys my tandjies en verkas.

Marlene van Niekerk

O plaas my op 'n kaar
 met twee stoetse, troue
 kaniene diere
 waar ek op my stontol
 speel en die stratus
 'n stralekrans vorm
 om my stootblok.

Gilbert Gibson

weduwee; [honde]

ek; [beminuslaaf] u.sal...twee
 ek; [beminuslaaf] ... see) honde /
 ek; [beminuslaaf] toe.u. DJO
 ek; [beminuslaaf] .. soos ... 'n .. slaaf

Charl-Pierre Naudé

Apriori
 die weduwee
 post-partum
 die dood van my wewenaar
 ja, hy wat beweer
 ek kan nie Montesquieu
 spel:
 ek die dienaar
 hy die Heer
 en nou net die twee honde
 vir wie ek saans so on-filosofies
 my twee tent-flappe wys

Johann Lodewyk Marais

My ondernemende koning
regeer my met 'n sweep

en behou vanuit die Dood
sy onbarmhartige greep
oor my en ons twee honde,
Canus en Angelicus.

Danie Marais

Solank verlange die sweep swaai
oor my wewenaar se verraad
om my te verlaat
stap ek met my twee kollies
Leonard Cohen en Tom Waits
langs die see op patrollie
soms gee ek hul 'n raps-odie op die boud
as hulle wil wegdraf
en my saamsleep as ek verbrou
amper na die buitenste ruim
daar in die verste ver
maar vanaand blaas ek my kop oop
en luister na die songs
waarop ons eens getongsoen het
my ou vryerige Meneer Viljee, die Boss.

Loftus Marais

Staan in die algemeen
nader aan my
mevrou Viljee,
'n sex change
by die KFC
kry ek jou by die gewone plek

vir 'n uitbundige C

Die leser moet self besluit waar dit bitsig of speels is . . .

De Lange in 'n kwatryn, Loftus Marais omgekeer in 'n persiflage. Char-Pierre Naudé se filosofiese aanslag word geparodieer, nes Danie Marais se musiekkrubrieke. Gilbert Gibson se taalspel word gedekonstrueer, soos Marlene van Niekerk se spel met taal in Kaar.

Hierdie gedigte is duimnaelsketse. *Duimnaelsketse* (2020) heet 'n bundel kwatryne van De Lange wat 'n “opvolg” is van *Weerlig van die ongelooft* wat in 2011 verskyn het. Hierdie is mini-verse – 'n duimnaelskets is immers 'n vinnige skets sonder korreksie. En 'n mankement wys uiteraard sterker op in so 'n kort gedig. Die titel is egter misleidend, want die digter is wel besig met afgeronde verse, daardie “dinamiek van die gees”, soos wat Opperman, self 'n voortreflike beoefenaar van die kwatryn, opgemerk het in *Standpunte 9*.

Die kriptiese waarneming, sentensieuse en epigrammatiese aard van hierdie gedig, soos Opperman beklemtoon, is alombekend. Ook die gebruik van die “spaarste woord”. Waarneming én kommentaar geregistreer in vier reëls met verskillende rymskemas. I.D. du Plessis, Uys Krige, Opperman, S.J. Pretorius en Daniel Hugo is bekende beoefenaars van hierdie vorm in Afrikaans (kyk Hambidge, 2020).

II

In *En skielik is dit aand* (2005) staan daar 'n vers wat die invloed van Opperman verder bevestig:

Wallace Stevens aan Elsie: 'n ongeposte brief

Geliefde Bo-peep,
 muse, leser:
 vergeef my die versending van my verse.
 Ek weet jy voel
 dat die verse net aan ons behoort,
 dat ek hierdeur,
 met die uitstuur van die verse na ander oë
 die heilige kommunie van ons liefde óphéf.
 Hierdie proses – soos 'n poskaart van die vulkaan –
 is self-kommunie, self-gesprek, self-verloëning.
 Ek is sakeman én digter, kibbelaar én knoeier;
 tog weet niemand van hierdie bedryf
 wanneer eise oor ongelukke en versekering

op my finale oordeel, beslissing wag.
 Hoe word die glasstukke van 'n ongeluk
 nie in 'n derdeparty-eis weggeskryf? Hoe
 breekbaar 'n lewe, hoe grusaam die noodlot?
 Poësie, 'n gekibbel met die self, kry net lewe
 wanneer dit gelees, beoordeel, selfs veroordeel
 word deur letterkundige eksekuteurs, weet ek,
 'n naweek-digter, 'n wandelaar verby 'n huis
 waar iemand toonlere oefen, 'n swart voël sing
 in die berkebome. Niks wat nie daar is nie,
 en wat ook daar is. Die eenvoud van die alledaagse.
 Nie eenmaal nie, maar dertien keer sal ek inkyk,
 afloer, opteken, skrap in die winterlandskap
 wanneer versreëls soos sneeuvlokkies val,
 die ys soos 'n lang baard aan die junipers hang.
 Eens het ek daaglik my gedigte na jou gestuur,
 net na jou, jou oorgewen, jou deel van my gemaak
 in klein linne-kladboeke vol bottende oureole.
 Nou wag ons op *Harmonium*, op beoordeling,
 op die uitbetaling van 'n andersoortige polis:
 ek plaas my gedig soos 'n fles in Tennessee
 op 'n heuwel sonder singende voëls . . .

Wallace Stevens (1879–1955) het na homself as 'n naweekdigter verwys. Hierdie gedig aktiveer gesprekke na sy bekendste verse soos “Thirteen Ways of Looking at a Blackbird”² en “Anecdote of the Jar”³. Die gedig gee 'n gesprek met sy vrou weer. By hierdie modernistiese digter gaan dit om die “craft of poetry”. Vir ons doeleindes is dit 'n digter wat ook gesprekke voer met die Anderkant:

The River of Rivers in Connecticut

There is a great river this side of Stygia
 Before one comes to the first black cataracts
 And trees that lack the intelligence of trees.

In that river, far this side of Stygia,
 The mere flowing of the water is a gayety,
 Flashing and flashing in the sun. On its banks,

No shadow walks. The river is fateful,
 Like the last one. But there is no ferryman.
 He could not bend against its propelling force.

It is not be seen beneath the appearances
 That tell of it. The steeple at Farmington
 Stand glistening and Haddam shines and sways.

It is the third commonness with light and air,
 A curriculum, a vigor, a local abstraction . . .
 Call it, one more, a river, an unnamed flowing,

Space-filled, reflecting the seasons, the folk-lore
 Of each of the senses; call it, again and again,
 The river that flows nowhere, like a sea.

(Poemhunter.com, 2003)

Hartskrif (1985) het ontstaan in New Haven tydens 'n navorsingsbesoek aan die VSA (Desember 1984–Januarie 1985) in die ruimte waar Wallace Stevens sy beroemde “An Ordinary Evening in New Haven” geskryf het:

XII

The poem is the cry of its occasion,
 Part of the res itself and not about it.
 The poet speaks the poem as it is,

Not as it was: part of the reverberation
 Of a windy night as it is, when the marble statues
 Are like newspapers blown by the wind. [...]

(The Poetic Quotidian, 2006)

Tydens hierdie besoek het ek Harold Bloom en Geoffrey H. Hartman ontmoet en hul boeiende lesings bygewoon.

Oor Stevens se “Anecdote of the jar” het vele teoretici al 'n analise gemaak, soos Derrida, Bloom, en Barbara Johnson in Imre Salusinszky se bekende *Criticism in Society* van 1987.

“And trees that lack the intelligence of trees”, skryf Stevens deur Opperman se “Penwortel” tot in my “Bome”. Die gesprek van hier tot aan die Anderkant. In die woorde van ’n teoretikus oor die modernisme, James McFarlane, in *The Mind of Modernism* wat beweer: “Not only literature but all art of the period seemed to be intent on stretching the mind beyond the very limits of human understanding” (1978: 72).

En dis wat die digkuns doen. Die digkuns as revisie (in Harold Bloom se terme) waarin die anatomie van die digkuns (om Marjorie Boulton te betrek) telkens die grein van die stem ondersoek (Roland Barthes).

Opperman, die digterlike mentor het gewaarsku oor die gevare van filosofie. Hierdie digter oortree met teoretiese besinnings en essays oor literêre teorie hierdie waarskuwing.

*Joan Hambidge Emeritus Professor
Senior Navorsers en Genoot, Universiteit van Kaapstad*

Bronnelys

- Barthes, Roland.** 1985. *The grain of the voice: Interviews 1962–1980*. Londen: Jonathan Cape.
- Bloom, Harold.** 1982. *Agon: Towards a Theory of Revisionism*. Londen: Oxford University Press.
- Boulton, Marjorie.** 1953. *The anatomy of poetry*. Londen: Routledge & Kegan Paul.
- Calvino, Italo.** 1972(1974). *Invisible cities. (Le città invisibili)*. Londen: Harcourt Brace Jovanovich.
- Chetwynd, Tom.** 1982. *A dictionary of symbols*. Londen: Paladin.
- De Lange, Johann.** 2020. *Duimnaelsketse*. Kaapstad: Naledi.
- Eliot, T.S.** 1920. *The Sacred Wood*. Londen: Methuen.
- Grové, A.P.** 1984. (vierde druk). *Woord en wonder*. Pretoria: Nasou.
- Hambidge, Joan.** 1985. *Hartskrif*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Hambidge, Joan.** 2014. Huldiging: DJO 100. Woorde wat weeg. 24 September. <http://joanhambidge.blogspot.com/2014/09/huldiging-djo-100.html>. (Datum van gebruik: 11 Mei 2022).
- Hambidge, Joan.** 2016. *Indeks*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Hambidge, Joan.** 2005. *En skielik is dit aand*. Pretoria: Protea.
- Hambidge, Joan.** 2020. Resensie: *Die meeste sterre is lankal dood, Duimnaelsketse, en Oopkardoes* (2020). Woorde wat weeg. 6 September. <http://joanhambidge.blogspot.com/2020/09/resensie-die-meeste-sterre-is-lankal.html> (Datum van gebruik: 23 Mei 2022).

- Hambidge, Joan.** 2021. *Nomadiese sterre*. Pretoria: Protea.
- Interestingliterature.com.** 2016. A Short Analysis of Wallace Stevens's 'Anecdote of the Jar'. <https://interestingliterature.com/2016/08/a-short-analysis-of-wallace-stevenss-anecdote-of-the-jar/> (Datum van gebruik: 21 Mei 2022).
- Jung, C.G.** 1964. *Man and his symbols*. Londen: Dell.
- Kannemeyer, J.C.** 1986. *D.J. Opperman – 'n biografie*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- McFarlane, James.** 1978. *Modernism: A Guide to European Literature 1890-1930*. Londen: Penguin.
- Opperman, D.J.** 1987. *Versamelde poësie*. Kaapstad: Tafelberg/Human & Rousseau.
- Paglia, Camille.** 2005. *Break. Blow. Burn*. New York: Pantheon Books.
- Poemhunter.com.** 2003. The River Of Rivers In Connecticut Poem by Wallace Stevens. 3 Januarie. <https://www.poemhunter.com/poem/the-river-of-rivers-in-connecticut/>. (Datum van gebruik: 21 Mei 2022).
- Poetryfoundation.org.** 2022. Thirteen Ways of Looking at a Blackbird by Wallace Stevens. <https://www.poetryfoundation.org/poems/45236/thirteen-ways-of-looking-at-a-blackbird> (Datum van gebruik: 21 Mei 2022).
- Riccio, Ottone, M.** 1980. *The intimate art of writing poetry*. Londen: Prentice Hall.
- Salusinszky, Imre.** 1987. *Criticism in Society : interviews with Jacques Derrida, Northrop Frye, Harold Bloom, Geoffrey Hartman, Frank Kermode, Edward Said, Barbara Johnson, Frank Lentricchia and J. Hillis Miller*. Londen: Methuen.
- Shumaker, Wayne.** 1965. *An approach to poetry*. Londen: Prentice Hall.
- Snyman, Henning.** 1983. *Mirakel en muse*. Johannesburg: Perskor.
- Stevens, Wallace.** 1954. *The Collected Poems of Wallace Stevens*. Londen: Alfred A. Knopf.
- The Poetic Quotidian.** 2006. 5 Desember. Wallace Stevens, from "An Ordinary Evening in New Haven. <http://thepoeticquotidian.blogspot.com/2006/12/wallace-stevens-from-ordinary-evening.html> (Datum van gebruik: 22 Mei 2022).
- Van Rooyen, Ian.** 2009. *A metaphorical characterization of D.J. Opperman's Komas uit 'n bamboesstok in terms of relevance theory and the contemporary theory of metaphor*. Ongepubliseerde doktorsale proefskrif. Universiteit van Kaapstad.

Note

1. My dank aan my kollega Ian van Rooyen vir al ons gesprekke oor D.J. Opperman en die metafoer. Beide van ons het onder H.J. Snyman studeer, 'n Opperman-kenner.

2. **Thirteen Ways of Looking at a Blackbird**

I

Among twenty snowy mountains,
The only moving thing
Was the eye of the blackbird.

II

I was of three minds,
Like a tree
In which there are three blackbirds.

III

The blackbird whirled in the autumn winds.
It was a small part of the pantomime.

IV

A man and a woman
Are one.
A man and a woman and a blackbird
Are one.

V

I do not know which to prefer,
The beauty of inflections
Or the beauty of innuendoes,
The blackbird whistling
Or just after.

VI

Icicles filled the long window
With barbaric glass.
The shadow of the blackbird
Crossed it, to and fro.
The mood
Traced in the shadow
An indecipherable cause.

VII

O thin men of Haddam,
Why do you imagine golden birds?
Do you not see how the blackbird
Walks around the feet
Of the women about you?

VIII

I know noble accents
And lucid, inescapable rhythms;
But I know, too,
That the blackbird is involved
In what I know.

IX

When the blackbird flew out of sight,
It marked the edge
Of one of many circles.

X

At the sight of blackbirds
Flying in a green light,
Even the bawds of euphony
Would cry out sharply.

XI

He rode over Connecticut
In a glass coach.
Once, a fear pierced him,
In that he mistook
The shadow of his equipage
For blackbirds.

XII

The river is moving.
The blackbird must be flying.

XIII

It was evening all afternoon.

It was snowing
And it was going to snow.
The blackbird sat
In the cedar-limbs.

(Poetryfoundation.org, 2022)

3. **Anecdote of the Jar**

I placed a jar in Tennessee,
And round it was, upon a hill.
It made the slovenly wilderness
Surround that hill.

The wilderness rose up to it,
And sprawled around, no longer wild.
The jar was round upon the ground
And tall and of a port in air.

It took dominion everywhere.
The jar was gray and bare.
It did not give of bird or bush,
Like nothing else in Tennessee.

(Interestingliterature.com, 2016)

Resensie

Nagouers deur Saskia de Coster, Naledi, 2022

Vertaler: Wium van Zyl

Christo de Kock

1. Die outeur

Saskia de Coster, gebore 1976, is 'n Belgiese outeur en publiseer gedurende haar skrywersloopbaan agt romans, waaronder *Nachtouders* (2019, in Afrikaans vertaal as *Nagouers*, 2022), *Wat alleen wij horen* (2015), en haar topverkoper *Wij en ik* (2014) waarvan 50 000 eksemplare verkoop is. *Nachtouders* word in 2020 genomineer vir die *Libris Literatuur Prijs*, wat die heel belangrikste literêre prys in Nederland is. In die akademiese jaar van 2020 tot 2021 word De Coster die allereerste residentskrywer aan die Katholieke Universiteit Leuven waar sy ook kreatiewe skryfwerk as vak doseer.

2. Die titel

In 'n onderhoud in *Trouw* verskaf De Coster insig oor die titel van *Nachtouders* (*Nagouers*): “Het eerste jaar van het ouderschap speelt zich grotendeels 's nachts af. Je moet steeds opstaan, om doodmoe voor een krijsend wezentje te gaan zorgen. Soms daalt dan de vraag neer: Wat overkomt me, wat ben ik aan het doen? De nacht is een periode van overgang van de ene dag naar de andere, tijdloos en existensieel. [...] *Nachtouders* zijn wankelende ouders, die soms twijfelen en falen.”

3. Inleidende opmerkings

Nagouers maak die leser bewus van die komplikasies wat nie-biologiese ouerskap inhou en hoe die woord “moeder” as titel slegs vir sommiges gereserveerd is. De Coster hou die lesers op hul tone met spanningsbouende geheime en illustreer die besmetlikheid van 'n beskuldiging. Sy illustreer die geweldige impak wat ouerskap op 'n nie-biologiese ouer kan hê en spreek die kwessie van eensaamheid en vervreemding in romantiese sowel as familieverhoudings aan.

Seksualiteit speel ook 'n groot rol in De Coster se roman. Die leser sien hoe seksualiteit – of eerder ander se reaksie daarop – 'n permanente invloed op 'n individu se lewe kan hê. Die roman vestig ook lesers se aandag op die verwagtinge

wat rondom ouerskap en seksualiteit kan ontstaan. De Coster illustreer hoe 'n wankelende verhouding tussen kinders en hul ouers bepalende faktore in 'n individu se ontwikkeling is. Die leser sien hoe die wankelende basis op 'n latere stadium 'n individu se verhoudings met ander mense kan affekteer.

4. Outobiografiese elemente

Hoewel *Nagouers* nie 'n volledige outobiografiese vertelling is nie, is daar wel enkele outobiografiese elemente in die roman. Die hoofkarakter Saskia deel 'n naam met die outeur en beide die hoofkarakter en outeur is in 'n lesbiese verhouding. Op die agterblad van die boek skryf De Coster: "Dit is mijn verhaal, maar het is, denk ik, ook het verhaal van iedere ouder die wel eens gewankeld heeft." (Die vertaling op die agterblad van die Afrikaanse weergawe lui: "Dit is my verhaal, maar dit is ook die storie van elke ouer wat al 'n keer gestruikel het.") Hierdie openbaring laat die leser toe om die hoofkarakter en outeur met mekaar te vereenselwig.

5. Agtergrond

5.1 *Op die eiland*

Nagouers is 'n verhaal oor 'n lesbiese paartjie, Saskia en Juli, wat saam met hul eenjarige seuntjie Saul 'n wêreldreis wil onderneem. Hulle reis na Portes, 'n geïsoleerde hippie-eiland aan die Kanadese Weskus, om Karl Olsen en sy familie te besoek. Portes is onder andere die eiland waar Karl, die biologiese pa van Saul, grootgeword het. (Saskia en Juli het besluit om nie van 'n anonieme skenker gebruik te maak nie.) Die paartjie neem hul voor om na hul besoek aan die Olsens na Alaska te reis. Hulle word hartlik op die eiland verwelkom en Molly, Karl se ma, ontferm haar oor haar nuwe kleinkind, maar alles op die eiland is nie heeltemal maanskyn en rose nie. Op die hippie-eiland kom die paartjie voor al hoe meer geheime te staan. Die rede waarom Karl onverwags die eiland verlaat het, bly vir lank 'n raaisel. Boonop is daar 'n storie oor 'n brand, en daar is twee Olsens wat die paartjie nie mag sien nie – dit alles onverklaarbaar. Eers op hul veertigste nag op die eiland ontbloot Molly in 'n lang monoloog wat die kap agter die eiland se geheimsinnige byle is.

5.2 *Saskia se worstelinge*

In die roman merk die leser Saskia se soeke na haarself. Sy wonder hoe sy moeder kan word en hoe om moederskap met haar skryfwerk te verenig. Sy het

'n soeke na die betekenis van moederskap waar die biologiese band ontbreek. Weens die manier waarop sy grootgeword het, ervaar Saskia die konsep “nie-biologiese moeder” as 'n absurde term. Omdat haar liggaam nie deel van die swangerskapproses was nie, het sy nie 'n hormonale drang en instink wat deur Saul gewek word nie. Die liggaamlike verbinding met 'n babatjie is iets wat by Saskia ontbreek.

Verder voel Saskia vasgevang en eensaam op die eiland en daar gebeur dinge wat maak dat sy haar genoodsaak voel om die eiland te verlaat. Nadat Karl die eiland verlaat het, verneem Saskia by 'n kluisenaar dat Karl beskuldig word van pedofilie. Bykomend gebeur daar dinge wat Saul se gesondheid en veiligheid op die eiland in gedrang bring. Saskia sien hoe 'n arend 'n hoendertjie van die grond af pluk terwyl sy besef dat die arend ook vir haar klein Saul 'n bedreiging is. Daarbenewens het Saul sy tong met die skerp deksel van 'n tunablikkie oopgesny, maar Saskia se dringende poging om 'n mediese dokter of farmaseutiese medisyne op die eiland in die hande te kry, is tevergeefs. Haar dringende versoek om die eiland vir die beswil van Saul se gesondheid te verlaat, word blatant ignoreer. Sy dring daarop aan dat hulle hul reis na Alaska voortsit, maar Juli is onwillig om te vertrek.

5.3 Verwydering tussen Saskia en haar liefdes

Sedert die geboorte van Saul word die verwydering tussen Saskia en Juli steeds groter. Omdat Saskia nie aan Saul geboorte geskenk het nie, voel sy nie asof sy die rol van 'n moeder inneem nie. Sy is nie in staat om in haar nuwe rol in te groei nie. Haar onsekerheid in haar rol as moeder stel haar verhouding met Juli, haar vriendskap met Karl en haar skryfwerk in gevaar. Saskia voel uitgesluit en asof Saul tussen haar en Juli te staan kom, wat verder bydra tot haar gevoel van eensaamheid. Dit lyk of sy nie meer saak maak nie en dus probeer sy haar eensaamheid vul met 'n owerspelige verhouding met 'n minnares, X. Vandat hulle op die eiland arriveer, is sy egter buite die bereik van selfoonopvangs en kan sy nie met haar minnares korrespondeer nie. Sy raak selfs meer verwyderd van Juli wanneer sy die wedersydse aangetrokkenheid tussen Juli en 'n mooi eilandvrou met die naam Tammy sien.

6. Die drie narratiewe

Nagouers volg 'n unieke struktuur wat in drie afwisselende narratiewe opgedeel is: Saskia se daaglikse bekommernisse, notaboekinskrywings, en gesprekke wat saans in die bed plaasvind. In die eerste narratief doen Saskia verslag oor die daaglikse gebeure van hul reis. Die leser sien die gebeure wat plaasvind gedurende

die reis vanuit die perspektief van Saskia sowel as haar daaglikse bekommernisse wat daarmee gepaard gaan. In die notaboekinskrywings reflekteer Saskia op die gebeurtenisse en ontwikkeling wat gedurende die reis plaasvind. Sy begin die eerste twee sinne van die inskrywing in die eerste persoon, maar gaan daarna oor na die derde persoon om afstand tussen haar en die gebeure te skep: “Kyk hier gee ek my oor aan die voue van die papier en kruip ek daaruit as derde persoon. So kry mens meer afstand. Papier is geduldig, sê Saskia se ma altyd.” Sy sluit hierdie narratief af deur terug te keer na die eerste persoon om haar ontwikkeling as mens en as moeder aan te dui: “Liewe Saul, uiteindelik kruip ek uit die derde persoon uit, uit onder my ou vel.” De Coster skryf die nagtelike gesprekke tussen Saskia en Juli in die formaat van ’n teaterdialog. Gedurende hierdie narratief observeer die leser die alleengesprekke tussen die paartjie vanuit die derdepersoonperspektief. Tydens hul gesprekke kan die leser onder andere die konflik tussen hulle sien. Die bed en aand is ook die plek en die tyd om bekommernisse aan te spreek, vrae te beantwoord, insigte te deel, en onsekerhede uit die weg te ruim.

7. Vertaling

De Coster se werk is reeds in meer as tien tale vertaal, onder andere in Afrikaans. Die Afrikaanse publikasie van *Nachtouders* is deur Wium van Zyl vertaal onder die titel *Nagouers*. Van Zyl was onder andere eindredakteur van die vaktydskrif *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans* en het vir 32 jaar lank aan die Universiteit van Wes-Kaapland doseer. In 2013 tree hy uit as senior professor, hoewel hy steeds by die Universiteit as emeritus-professor aktief is. Van Zyl was ook oor die jare dosent in die buiteland, onder andere in Nederland aan die Vrije Universiteit Amsterdam. Die doelteks is idiomaties Afrikaans en lees nie soos ’n gedwonge vertaling nie. Daar is egter enkele gedeeltes wat die Nederlandse oorsprong van die teks as vertaling verklap. Die vertaler neem ‘homo’ – die algemene Nederlandse benaming vir ’n homoseksuele man of vrou – direk in die doelteks aan, in stede daarvan om die algemeen bekende term ‘gay’ te gebruik. Dieselfde geld vir die term “hetero’s”. Die Afrikaanse leser sou meer bekend wees met die term “straight mans/vroue”. Hoewel die vertaler die geografiese inhoud oordra na die doelteks, is ’n domestikerende benadering gevolg om die woord “barbecue-vlees”¹ te vertaal. Dit is as “braaivleis” vertaal, maar sou eerder meer neutraal as “gebraaide vleis” vertaal kon word, aangesien “braaivleis” ’n spesifieke kulturele konnotasie het wat nie deel vorm van die Vlaamse kultuur nie.

In die bronteks is dit duidelik dat die notaboekinskrywings na ’n vertelling van gebeure in die verlede verwys. Hierdie hoofstukke is in die onvoltooide verlede tyd geskryf en staan in kontras met die res van die vertelling wat in die

onvoltooide teenwoordige tyd geskryf is. Die Afrikaanse doelteks maak regdeur gebruik van die voltooide teenwoordige tyd. Die vertaler kon die doelteks by hierdie Afrikaanse konvensie aanpas en dit steeds duidelik maak dat daar in die notaboekinskrywings na gebeure in die verlede verwys word.

Die vertaling is oor die algemeen 'n geslaagde Afrikaanse teks en die vertaler het kreatief te werk gegaan om die doelteks so bes moontlik as 'n volwaardige Afrikaanse teks te laat lees met die outeur se stem wat steeds behoue bly.

Universiteit Stellenbosch

Note

1. Die Nederlandse woord 'vlees' kan dien as vertaalekwivalent vir die Afrikaanse woorde 'vleis' sowel as 'vlees'. In hierdie konteks verwys dit dus na vleis en nie die menslike vlees nie.

Resensie

Literary Prizes and Cultural Transfer. Studies on Cultural Transfer and Transmission, Volume 9 (Barkhuis, 2021)

Redakteurs: Petra Broomans, Mathijs Sanders, Jeanette den Toonder en Elise Bijl

Marni Bonthuys

In *Literary Prizes and Cultural Transfer* kom die verdelende onderwerp van literêre pryse aan bod. As dit by die hiërargisering van kuns kom, is daar uiteraard 'n subjektiewe element betrokke. Twee kundiges met dieselfde opleiding en agtergrond¹ kan byvoorbeeld 'n kunswerk of 'n literêre teks heeltemal verskillend beoordeel. Boonop is daar histories 'n versigtigheid vir hierdie navorsingsterrein omdat dit bepaalde vooroordele aangaande die gewaande subjektiewe, onwetenskaplike aard van navorsing binne die sosiale- of geesteswetenskappe sou bevestig. Dit wil egter voorkom asof laasgenoemde sentiment aan die verander is en literatuursosioloë 'n toenemende belangstelling in bekronings toon.

James English maak in sy seminale teks oor kultuurpryse, *The Economy of Prestige* (2005), herhaaldelik die punt dat navorsers wat belangstel in die funksionering van die literêre veld, pryse móét verstaan, aangesien die tradisionele vorme van literêre kritiek en hekwagtery besig is om te verander. Reeds in die inleiding (“Preface”) van *Literary Prizes and Cultural Transfer* vermeld die redakteurs van die boek dan ook dat English se studie steeds een van die “few scholarly studies on this topic” (7) is en byna elke bydrae steun uitgebreid op English se werk. Die eerste bydrae in die boek (geskryf deur drie van die redakteurs) (9) bespreek spesifiek teoretiese en metodologiese aspekte van die studie van literatuurpryse en kulturele oordrag. Naas English, word ook Pierre Bourdieu² se veldteorie hier – en telkens in die res van die boek – betrek as gereedskap om die verskynsel van pryse en die impak daarvan op sosiale, kulturele en simboliese kapitaal te verklaar.

Dit is dus met hierdie agtergrond in gedagte wat bydraers tot die insiggewende *Literary Prizes and Cultural Transfer* literêre pryse bespreek. Die bron is byeengebring onder redakteurskap van Petra Broomans, Mathijs Sanders, Jeanette den Toonder en Elise Bijl. Dié volume oor literêre pryse is die negende in 'n reeks oor “Studies on Cultural Transfer and Transmission” onder die oorkoepelende redakteurskap van Petra Broomans, akademikus verbonde

aan Universiteit Gent en Universiteit Groningen. Nege bydraes word in die boek aangebied naas die inleidende voorwoord. Op 'n enkele uitsondering na, is al die outeurs wie se bydraes gebundel is, werksaam aan Belgiese en/of Nederlandse universiteite, vernameamlik Gent en Groningen soos Broomans self. Die literêre pryse en verskynsels wat as voorbeelde betrek word, kom dan ook dikwels uit die Nederlandstalige literêre veld wat die teks veral tersaaklik maak vir die lesers van *TN&A*. Een artikel oor literatuurpryse in Suid-Afrika word voorts ingesluit.

Broomans (17) se bydrae, een van die eerstes in die boek, ontgin veral die onderwerp wat sentraal staan in die hele akademiese reeks wat onder haar redakteurskap verskyn, naamlik kulturele oordrag en kulturele bemiddeling. In die konteks van transnasionale en komparatiewe studies wat veral benut word deur navorsers wat vergelykend met Afrikaans en Nederlands werk, is hierdie teoretiese uitgangspunte waardevol. Wat literatuurpryse betref, wys sy op die rol van vertalingpryse in kulturele bemiddeling. Sy dui daarop dat 'n goeie vertaling van 'n outeur se werk nie alleen 'n waarborg is dat daar van die outeur kennis geneem sal word in die literêre veld van die doeltaal nie. Gebreke ten opsigte van boekverspreiding, -verkope en -resensies kan veroorsaak dat die bemiddelingsproses onsuksesvol is. Dit is hier waar vertalingpryse 'n rol speel, aangesien literêre pryse meer aandag vir 'n teks (kan) genereer. Broomans betrek ook 'n aantal voorbeelde binne die Nederlandse literêre veld en illustreer byvoorbeeld hoe die Kanadese skrywer Alice Munro redelik onbekend in die Nederlandstalige literêre veld was totdat sy die Nobelprys in 2013 gewen het en verskeie Nederlandse vertalings daarna van haar werk onderneem is. Nog 'n bydraer, Stella Linn, skryf spesifiek oor vertaalpryse – hier die Martinus Nijhoff Prijs vir vertaalde werk (187). Dié prys word as die belangrikste vertaalprys in Nederland en Vlaandere beskou. Linn bespreek die Martinus Nijhoff Prijs met betrekking tot aspekte soos die rol van die vertaler, die beoordelingskriteria van die prys, die vorige bekroonde asook kwessies soos gender en diversiteit met betrekking tot bekroonde vertalers en beoordelaars.

Die Nederlandse akademikus, Jos Joosten, bekend vir sy navorsing oor literêre kritiek, skryf oor die geskiedenis van die bekroning van literatuur in Nederland (45). Joosten verskaf interessante detail hier wat moeilik elders te vinde is (veral vir die Suid-Afrikaanse navorser). Hy vermeld onder meer 'n fassinerende geval in 1984 toe die Nederlandse Minister van Kultuur nie die beoordelingspaneel van die belangrike P.C. Hooftprys se aanbeveling vir 'n pryswenner wou aanvaar nie as gevolg van die betrokke outeur se politieke uitsprake (60). Die konflik rondom nie-bekronings van skrywers soos Adam Small, André P. Brink en Breyten Breytenbach in dieselfde tyd (ook 'n dekade

of wat vroeër) binne die Afrikaanse literêre veld, is 'n interessante vergelyking om hier te trek.

Die artikel van Mathijs Sanders oor die Europese Literatuurprys (67) asook Lore de Greve en Gunther Martens (85) se artikel oor die impak van bekronings op die beoordeling van boeke op sosiale media, is twee besonder knap bydraes. Sanders voer die argument dat die “European Prize for Literature” (in Nederlands: Europese Literatuurprijs) soos die titel van sy bydrae aandui, 'n venster bied op die Europese kontinent. Dit is relatief onlangs gevestig (in 2011) en “awarded to the author of a novel written in a language of a country that belongs to the European Council as well as to the Dutch translator or translators of that novel” (67). Sanders ondersoek die prys vanuit drie invalshoeke of asse wat hy by English (2005) oorneem, naamlik die sosiale as, die institusionele as en die ideologiese as. Veral sy bespreking van laasgenoemde, waar hy fokus op wat hy “diplomatic capital” (77) noem, is verhelderend.

De Greve en Martens (85) ondersoek 'n uiters relevante onderwerp waaraan die meeste akademici min aandag skenk, naamlik die rol van sosiale media in die beoordeling van literatuur. Die oordeel van die gewone leser met betrekking tot kortlyste van die beroemde Engelstalige Booker-prys, die Nederlandstalige Fintro Literatuurprijs, die Ingeborg-Bachmann-Preis en die Not the Booker Prize word gemeet aan die hand van graderings op die gewilde boekwebtuiste Goodreads. Enigeen kan 'n boek 'n punt uit vyf op Goodreads gee en De Greve en Martens vergelyk die graderings wat boeke op kortlyste kry teenoor die boek wat uiteindelik deur die professionele beoordelingspaneel bekroon word. Veral 'n unieke geval is die Fintro Literatuurprijs wat twee kategorieë het – naas die prys uitgereik deur die beoordelaars, is daar ook 'n “audience award”, die Fintro Publiksprijs. Dié publikstoekening se wenners word dus vergelyk met dié bekroon deur die beoordelingspaneel én die graderings op Goodreads. Ek het hierdie data, vervat in volledige addenda vir die periode tussen 2007/9 en 2017, asook die interpretasie daarvan, besonder interessant gevind. Die navorser sou heelwat insigte kon verwerf uit hierdie soort studies van sosiale media aangaande die verskuivende rol van hekwagters binne die literêre veld sowel as die voorkeure van gewone lesers teenoor dié van professionele beoordelaars en letterkundiges.

Die bydraes van Margriet van der Waal, Jeanette den Toonder en Jana Rüegg hanteer spesifieke gevallestudies. In die geval van Van der Waal (131), Suid-Afrikaanse literêre pryse voor en ná die oorgang van 1994. Sy ondersoek pryse binne die komplekse multitalige Suid-Afrikaanse literêre landskap. Den Toonder (159) kyk na inklusiwiteit en diversiteit met betrekking tot literêre pryse in Frankryk. Sy fokus op die mees beroemde Franse literêre prys, die

Prix Goncourt wat in 1903 geskep is, teenoor die Prix Femina wat 'n jaar na die ontstaan van eersgenoemde prys in reaksie op die Prix Goncourt se “misogynistic attitude towards female authors” (159) gestig is. Rüegg (211) fokus op die trajekte van Nobel-prysweners in letterkunde tussen 1970 en 2016. By haar, soos telkens elders in hierdie bron, kom die kwessie van vertaling ook ter sprake.

Dit is uit die staanspoor opvallend dat *Literary Prizes and Cultural Transfer* onderneem om voort te bou op bestaande navorsing, maar vanuit nuwe invalshoeke en met nuwe gevallestudies as toevoeging. Dit poog nie om die wiel weer uit te vind nie, maar wil bydra tot 'n korpus navorsing wat nog wêreldwyd beperk is. Die boek behoort nie net vir literêre navorsers en diegene wat in die terrein van kulturele oordrag belangstel van nut te wees nie, maar ook vir vertaalkundiges, aangesien verskeie van die bydraes op die kardinale rol van vertaling in kulturele bemiddeling in die lettere wys.

Universiteit van Wes-Kaapland

Bronnelys

- Bourdieu, P.** 1993. *The Field of Cultural Production*. Onder redakteurskap van R. Johnson. Cambridge: Polity Press.
- Bourdieu, P.** 1995. *The Rules of Art. Genesis and Structure of the Literary Field*. Vertaal deur Susan Emanuel. Stanford: Polity Press.
- English, J.F.** 2005. *The Economy of Prestige: Prizes, Awards, and the Circulation of Cultural Value*. Cambridge: Harvard University Press.

Note

1. *Habitus* is die term wat die Pierre Bourdieu in sy sosiologiese navorsing gebruik om rolspelers se sosiale oorsprong met betrekking tot die literêre veld te beskryf.
2. Daar bestaan verskeie bronne waarin Bourdieu se navorsing oor die kultuurveld, en spesifiek die literêre veld, vervat is. *The Field of Cultural Production* (1993) en *The Rules of Art* (1995) word dikwels in *Literary Prizes and Cultural Transfer* benut.



Titel:

Prof.	Dr.	Ds.	Mnr.	Mev.	Me.
-------	-----	-----	------	------	-----

Voorletters en van:

Adres:

.....

..... **Kode:**

Tel. (W): **(H):** **(Sel):**

E-pos:

Besonderhede vir inbetaling:

Betaal u rekening elektronies in die bank of oor die internet in,

- naamlik op die volgende rekening:
SAVN
Banknaam: ABSA
Bankrekeningnommer: 1190 154 676
Taknaam: Ben Swartstraat, Wonderboom-Suid
Takkode: 334 645 (nie nodig vir elektroniese betalings nie)
Verwysingnommer: U van en voorletters
- E-pos of pos daarna die bewys van u betaling aan die SAVN se penningmeester,
Gonneke Groenen, by die onderstaande e-posadres:
Gonneke.Groenen@nwu.ac.za of kobie.dekamper@gmail.com

Gaan ook na die SAVN webwerf, www.savn.org.za, vir inligting.

Kantoorgebruik			
Lidnr.	Datum aangesluit	Kwitansienr.	Faktuurnr.

